

**Die regsposisie van die Gereformeerde predikant in die
godsdienstneutrale staat van Suid-Afrika – 'n
Gereformeerde-kerkregtelike studie**

Johannes Smit

(B.A., Th.B., Hons.B.A., Th.M.)

**Die regsposisie van die Gereformeerde predikant in die godsdiensneutrale
staat van Suid-Afrika – 'n Gereformeerde-kerkregtelike studie**

Johannes Smit
(B.A., Th.B., Hons.B.A., Th.M.)

Proefskrif voorgelê ter nakoming van die vereistes vir die graad
Philosophiae Doctor in Kerkreg aan die Fakulteit Teologie van die
Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus

Promotor: Prof. dr. A. le R. du Plooy
Hulppromotor: Prof. dr. G. Robbers

November 2005
POTCHEFSTROOM

Unbestreitbar richtig ist, dass der kirchliche Dienst nicht staatlicher Dienst, auch nicht mittelbar staatliche Dienst, sein kann und staatlicher Regelungskompetenz nicht unterliegt (Frank, 1976:20).

BEDANKINGS

Eerstens – alle dank en eer aan God, ons Verlosser deur Christus, ons Here. Hy het die werklus, moontlikhede en insig geskenk om hierdie studie te kon voltooi.

My dank aan prof. Andries du Plooy – 'n prinsipiële denker by uitnemendheid; iemand wat die vermoë het om probleme vir die kerk in 'n nuwe kerk-staatkonteks logies en duidelik vanuit die grondslae van die Gereformeerde Kerkreg te beredeneer.

'n Besondere woord van dank aan prof. Gerhard Robbers. Met sy hulp was dit moontlik om vir 'n tyd lank in Duitsland navorsing te doen. Sy hulp om probleme oor die hedendaagse kerk-staatverhouding binne die raamwerk van die tema van hierdie studie te plaas was van groot waarde.

'n Woord van dank aan die volgende persone vir hulle insigte en bydraes om my gedagtes te help vorm (in alfabetiese volgorde): proff. L.M. du Plessis (Stellenbosch), G. Pienaar (Potchefstroom), J.D. van der Vyver (Emory, Atlanta), C.F.C. van der Walt (Potchefstroom).

My ouers was onmisbare steunpilare gedurende die afgelope elf jaar se studie. Pa Neels se insig in die kerkreg, sy uitsonderlike taalvaardigheid en sy ondersteuning was pitkos vir die studie én vir die lewe. Ma Hettie – iemand in wie se teenwoordigheid die son nooit ondergaan nie – op wie se advies ek altyd kon reken.

Baie dankie aan my skoonouers (Pa Jos en Ma Tina) vir hulle ondersteuning. Dit word opreg waardeer.

My vrou, Tina, vir jou opofferings en aanmoediging – baie dankie! In die pylvak van hierdie studie was jou daarwees 'n inspirasie. Jou entoesiasme vir die lewe én jou lus om altyd konstruktief besig te wees het soos suurdeeg na my toe deurgewerk!

Hiermee word ook erkenning gegee aan die *Deutsche Akademische Austauschdienst* (DAAD) vir hulle finansiële ondersteuning.

Johannes Smit
Potchefstroom
November 2005

OPSOMMING

Die verskeidenheid teenstrydige benaderings oor die regsposisie van predikante in Suid-Afrika wat uit hofuitsprake, teologiese diskoerse en vanuit die kerklike praktyk blyk, dui op onduidelikheid, selfs verwarring oor 'n aangeleentheid wat vir die ordelike funksionering van die kerk as die liggaam van Christus op aarde van kardinale belang is. Op grond van hierdie staatsregtelike sowel as kerklike verwarring blyk die aktualiteit – trouens, die onteenseglike noodsaaklikheid – van navorsing oor die regsposisie van predikante.

Die aktualiteit van die navorsing word in Hoofstuk 1 aangetoon deur te verwys na hofsake (voor en na 1996), teologiese diskoerse en die kerklike praktyk. Die sentrale navorsingsvraag van die studie is soos volg geformuleer: Wat is die regsposisie van die Gereformeerde predikant in Suid-Afrika – 'n godsdienstneutrale staat – beoordeel vanuit die Gereformeerde Kerkreg en teen die agtergrond van die kerk-staatkonteks in Suid-Afrika ná 1996?

Die sentrale teoretiese argument van die studie is dat die regsposisie van 'n predikant 'n andersoortige verbintenis (*alius generis*) is en 'n verbintenis wat deur die kerk as eiesoortige gemeenskap (*sui generis*) in die wêreld gereël moet word. In Suid-Afrika behoort howe die regsposisie van Gereformeerde predikante te erken en te beoordeel as 'n interne kerklike aangeleentheid, wat buite die reëlingsfeer van 'n godsdienstneutrale staat se arbeidswetgewing val. Hierdie erkenning behoort gegrond te word op die reg dat die kerk homself en sy ampte moet definieer.

In Hoofstuk 2 word die verwarring wat tans in Suid-Afrika oor die regsposisie van predikante heers, verder ondersoek. Verskeie standpunte word nagegaan, byvoorbeeld dat predikante 'werknemers' van kerk(rade) is, dat 'n predikant se regsposisie as dié van 'n onafhanklike kontrakteur beoordeel moet word én die standpunt dat predikante deur 'n eiesoortige verbintenis met die kerk verbind is.

Die wyse waarop die regsposisie van die die Woordbedienaar in Duitsland beoordeel word, word in Hoofstuk 3 nagegaan. Die fokus val onder meer op die betekenis van godsdienstvryheid, staatsneutraliteit, grondwetlike bepalinge oor die verhouding

tussen staat en kerk én die wyse waarop predikante se regsposisie in die lig van die Duitse staat-kerkkonteks gereël word.

Die wyse waarop die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die regsposisie van die Gereformeerde predikant as interne kerklike aangeleentheid definieer en reël, word in Hoofstuk 4 ondersoek. In hierdie hoofstuk word toegespits op die volgende aspekte: die orde wat geld vir die predikant se regsposisie volgens die Gereformeerde kerkreg, soos dit in die kerkorde uitdrukking vind, die betekenis van die predikant se verbintenis met die plaaslike kerk vir sy regsposisie én die eiesoortige aard van die predikant se regsposisie volgens relevante kerkordelike bepalings.

Die bevindings, aanbevelings en die samevattende gevolgtrekking van die studie word in Hoofstuk 5 gestel. Die samevattende gevolgtrekking van die studie is dat 'n geheelindruk van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se reëling van die predikant se regsposisie dié perspektief bied: die Here stel die kerk en die predikant in 'n eiesoortige verbintenis. Hierdie verbintenis moet by wyse van die kerk se geloofsorde gereël word, omdat die kerkorde inherent voorsiening maak vir die reëling van hierdie eiesoortige verbintenis. Gesien binne die breë konteks van dié studie mag die staat nie beheer oor predikante se regsposisie uitoefen nie, omdat predikante 'n godsdiensbepaalde opdrag en taak vervul.

Sluitelbegrippe

predikant

Woordbedienaar

regsposisie van die predikant

godsdiensvryheid

staatsneutraliteit

kerkorde

godsdiensbepaalde verbintenis

kontrak

ABSTRACT

The variety of contradictory approaches to the legal position of ministers of religion in South Africa as are apparent from court findings, theological discourse and church practice are indicative of a lack of clarity, and even confusion, regarding a matter that is of cardinal importance to the orderly functioning of the church as the body of Christ on earth. From this confusion in constitutional law as well as in the church, the topicality – actually, the undeniable necessity – of research into the legal position of ministers of religion has become quite apparent.

The topicality of the research is indicated in Chapter 1 by reference to court cases (before and after 1996), theological discourse and church practice. The central research question of the study is formulated as follows: What is the legal position of Reformed ministers in South Africa – a religiously neutral state – considered on the basis of Reformed Church polity and against the background of the church-state context in South Africa after 1996?

The central theoretical argument of the study is that the legal position of a minister of religion is a unique kind of relationship (*alius generis*), a relationship / association / connection / obligation that has to be regulated by the church as a unique community (*sui generis*) in the world. In South Africa courts should recognise and deem the legal position of Reformed ministers to be an internal church matter that falls outside the sphere of regulation of a religiously neutral state's labour legislation. This recognition should be based on the right of the church to define itself and its offices.

In Chapter 2 the current confusion in South Africa regarding the legal position of ministers of religion is investigated further. Various points of view are discussed, for example that ministers are 'employees' of churches (church councils), that a minister's legal position has to be regarded as that of an independent contractor and the point of view that ministers are connected to the church by a unique relationship.

The way in which the legal position of ministers of the Gospel is regarded in Germany is discussed in Chapter 3. The focus is inter alia on the meaning of religious freedom, neutrality of the state, constitutional provisions regarding the

relationship between the state and the church, and the way in which the legal position of ministers of religion is regulated in the light of the German state-church context.

The way in which the Reformed Churches in South Africa define and regulate the legal position of Reformed ministers as an internal church matter is investigated in Chapter 4. In this chapter the focus is on the following aspects: the order of the church that applies to the legal position of ministers in terms of Reformed church polity, as expressed in the church order, the meaning of a minister's relationship with the local church as regards his legal position, and the unique nature of a minister's legal position in terms of the relevant provisions of the church ordinances.

The findings, recommendations and summary conclusion of the study are given in Chapter 5. The summary conclusion of the study is that an overall impression of the regulation of ministers' positions by the Reformed Churches in South Africa offers the following perspective: the Lord places the church and its ministers in a unique relationship. This relationship must be regulated by means of the church because the church ordinances inherently make provision for the regulation of this unique relationship. Regarded within the broad context of this study, the state may not exercise control over the legal position of ministers of religion because these ministers fulfil a religiously determined command and task.

Key concepts

minister of religion

minister of the Gospel

legal position of minister of religion

religious freedom

neutrality of the state

church ordinances

religiously determined relationship

contract

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

OPSOMMING	i
------------------------	---

ABSTRACT	iii
-----------------------	-----

Hoofstuk 1

VERANTWOORDING

1.1	Aktualiteit	1
1.1.1	Inleiding	1
1.1.2	Regspraak voor 1996.....	1
1.1.3	Regspraak ná 1996	3
1.2	Teologiese diskoerse ná 1996	4
1.3	Kerklike praktyk ná 1996.....	5
1.4	Sentrale navorsingsvraag	5
1.5	Sentrale teoretiese argument.....	6
1.6	Doelstelling en doelwitte	7
1.6.1	Oorkoepelende doelstelling	7
1.6.2	Doelwitte	7
1.7	Metode.....	7
1.8	Uitgangspunt: kerkreg en reg, kontekstualisering en begrensing	8

Hoofstuk 2

DIE PREDIKANT SE REGSPOSISIE MET VERWYSING NA DIE

STAATSREGTELIKE BESKOUING DAAROO IN SUID-AFRIKA NÁ 1996

2.1	Inleiding	9
2.2	Oorsigtelike vooruitskouing	9
2.3	Uitgangspunte waarvolgens howe predikante se regsposisie ná 1996 beoordeel.....	11
2.3.1	Hofgesag wat die predikant se regsposisie ondergeskik stel aan staatsregtelike bepalings	11
2.3.1.1	Die predikant is 'n werknemer van 'n kerkraad	11
2.3.1.2	Die kerk is 'n vrywillige vereniging	12

2.3.1.3	Die verhouding tussen die predikant en die kerk is 'n kontraktuele diensverhouding	14
2.3.1.4	Die salaris, taak en posisie van die predikant konstitueer 'n werkgewer-werknemerverhouding	16
2.3.1.5	Die regte en pligte van die predikant ontstaan op grond van 'n arbeidskontrak	18
2.3.2	Hofgesag wat predikante se regsposisie bepaal as onderhewig aan kerkregtelike bepalings	20
2.3.2.1	Die predikant staan in 'n godsdienzbepaalde verbintenis ten opsigte van die kerk	20
2.3.2.2	Die ordeningsprosedure bevestig 'n godsdienzbepaalde verbintenis	21
2.3.2.3	Die verhouding tussen die predikant en die kerk berus op interne kerklike bepalings	22
2.3.2.4	Die predikant se regte en pligte word nie op grond van 'n arbeidskontrak verkry nie	24
2.3.3	Merkers	24
2.4	Navorsers se bevindings soos weerspieël in relevante vakliteratuur	25
2.4.1	Die predikant as werknemer van 'n kerkraad	25
2.4.2	Die predikant as onafhanklike kontrakteur	27
2.4.3	Predikantsdiens in 'n kerkregtelik-godsdienzbepaalde verbintenis	28
2.4.4	Die predikant se regsposisie volgens kerklike definiëring	29
2.4.5	Merkers	30
2.5	Arbeidswetgewing oor 'n predikant se regsposisie	31
2.5.1	Agtergrond	31
2.5.2	Die begrip 'arbeidskontrak' en 'werknemer'	32
2.5.3	Algemene bepalings van die arbeidsreg	35
2.5.4	Spesifieke arbeidswetgewing	36
2.5.5	Die doel van tersaaklike arbeidswette	36
2.5.6	Toepassing van tersaaklike wette	39
2.5.7	Toetse om 'n werkgewer-werknemerverhouding te bepaal	41
2.6	Merkers	43
2.7	Gevolgtrekkings	44

Hoofstuk 3

PREDIKANTE SE REGSPOSISIE BELIG VANUIT DIE DUITSE KERK- STAATKONTEKS

3.1	Inleiding	45
3.2	Oorsigtelike vooruitskouing.....	47
3.3	Kort oorsig oor die historiese konteks	49
3.3.1	Die reëling van die Woordbedienaar se regsposisie	49
3.3.2	Oor die onderskeid tussen kerkreg en staatskerkreg.....	50
3.3.3	Die wisselwerking tussen kerk en staat	51
3.4	Die 'bronne van die wette oor godsdienste' (sources of the law on religion): betekenis vir die regsposisie van die Woordbedienaar	51
3.4.1	Godsdienstvryheid	51
3.4.1.1	Die kerk se vryheid om sy eie kerkregtelike bepalings daar te stel en te onderhou	51
3.4.1.2	Die vryheid van die kerk om sy godsdienstbepaalde opdrag en taak te reël.....	53
3.4.1.2.1	Reëlingsbevoegdheid van die hedendaagse staat	54
3.4.1.2.2	Die sfeer van kerklike reëlingsbevoegdheid.....	55
3.4.1.3	Staatserkenning van die kerk se vryheid	57
3.4.1.4	Kerklike vryheid en bevoegdheid om Woordbedienars se regsposisie te reël.....	58
3.4.1.4.1	Kerke in die Evangeliese tradisie.....	58
3.4.1.4.2	Die Rooms-Katolieke Kerk.....	60
3.4.2	Staatsneutraliteit	60
3.4.2.1	Die staat se godsdienstneutrale uitgangspunt – grondwetlike bepalings	60
3.4.2.1.1	Staatsverpligtinge op grond van 'n neutrale uitgangspunt	61
3.4.2.1.2	Neutraliteit en die Woordbedienaar se regsposisie.....	62
3.4.2.2	Staatsneutraliteit begrens die staat se regsbevoegdheid ten opsigte van die kerk.....	63
3.4.2.3	Negatiewe en positiewe staatsneutrale uitgangspunte	64
3.4.2.3.1	'n Negatief-neutrale uitgangspunt.....	65

3.4.2.3.2	'n Neutrale uitgangspunt wat wel elemente soos respek en versorging insluit.....	65
3.4.2.4	Staatsneutraliteit as grondslag om die kerk se reëlins-bevoegdheid te erken	66
3.4.3	Merkers.....	68
3.5	Grondwetlike bepalings binne die Duitse kerk-staatkonteks insake die Woordbedienaar se regsposisie	70
3.5.1	Grondwetlike bepalings oor godsdienstvryheid.....	70
3.5.2	Spesifieke grondwetlike bepalings oor die kerk-staatverhouding.....	71
3.5.3	Spesifieke grondwetlike bepalings insake die Woordbedienaar se regsposisie.....	73
3.5.3.1	Die kerk se reg om die Woordbedienaar se regsposisie te reël en te bestuur (orden en verwalten)	74
3.5.3.2	Die kerk se reg as publiekregtelike korporasie (Körperschaft des öffentlichen Rechts) om die Woordbedienaar se regsposisie te reël.....	77
3.5.3.2.1	Betekenis van die Körperschaft-status van kerke	77
3.5.3.2.2	Korporasiestatus gee die kerk die reg om kerklike beamptes te hê (Dienstherrnfähigkeit).....	79
3.5.3.3	Grondwetlik verskanste selfbeskikkingsreg waarborg die kerk se reëlinsbevoegdheid	80
3.5.3.3.1	Die verband tussen kerklike selfbeskikkingsreg en die Woordbedienaar se regsposisie	80
3.5.3.3.2	Selfbeskikkingsreg en kerklike selfstandigheid	81
3.5.3.4	Reëling van die Woordbedienaar se regsposisie binne die grense van geldende wette.....	83
3.5.3.5	Die beginsel van Drittwirkung en die reëling van die regsposisie	84
3.5.3.5.1	Begripsbepaling	84
3.5.3.5.2	Unmittelbare Drittwirkung.....	84
3.5.3.5.3	Mittelbare Drittwirkung	85
3.5.4	Merkers.....	88
3.6	Woordbedienaars se regsposisie in Duitsland en probleemareas in die Suid-Afrikaanse konteks.....	90
3.6.1	Oorsigtelik: probleemareas in Suid-Afrika.....	90

3.6.2	Kerklike of staatsbevoegdheid: drie teorieë	91
3.6.2.1	Sfeerteorie	91
3.6.2.2	Everyone clause	92
3.6.2.3	Funksionele koördinerings.....	93
3.6.2.4	Staatsdiskresie as beoordelingsmaatstaf?.....	94
3.6.2.5	Objektiewe maatstaf?	95
3.6.2.6	Kerklike selfdefiniëring as 'n antwoord.....	97
3.6.2.6.1	Beslissing van die Konstitusionele Hof oor kerklike selfdefiniëring.....	97
3.6.2.6.2	Hof se taak met betrekking tot kerklike selfdefiniëring	98
3.6.2.6.3	Kerklike selfdefiniëring, die Woordbedienaar en die vakbondwese	99
3.6.3	Die Woordbedienaar se regsposisie op grond van sy verbintenis aan die kerk	100
3.6.3.1	Eenheid tussen die kerk, die gemeente en die amp	100
3.6.3.2	Opdrag en taak van die Woordbedienaar	101
3.6.3.3	Die ordening van die Woordbedienaar as begronding van sy opdrag	101
3.6.3.3.1	Die kerkregtelike betekenis van ordening	102
3.6.3.3.2	Die juridiese betekenis van ordening	103
3.6.3.3.3	Die intensie van die partye (die kerk en die Woordbedienaar) tydens die ordening	103
3.6.3.3.4	Regte en pligte van die Woordbedienaar.....	104
3.6.3.4	Aard van die verbintenis tussen Woordbedienaar en kerk.....	105
3.6.4	Regsbeskerming vir die Woordbedienaar	106
3.6.4.1	Spesifieke probleemareas insake die juridiese beskerming van die Woordbedienaar se regsposisie	107
3.6.4.2	Howe se benadering van die beskerming van die Woordbedienaar se regsposisie	108
3.6.4.3	Probleemareas insake die beskerming van die Woordbedienaar se regsposisie	110
3.6.5	Merkers.....	110
3.7	Gevolgtrekkings	112

Hoofstuk 4

DIE PREDIKANT SE REGSPOSISIE VOLGENS DIE GEREFORMEERDE KERKORDE

4.1	Inleiding	116
4.2	Oorsigtelike vooruitskouing.....	117
4.3	Die Gereformeerde kerkregbegrip volgens die Gereformeerde Kerkorde	121
4.3.1	Oorsigtelike beskouing van die regsposisie in die lig van die Kerkorde	121
4.3.2	Regsposisie in die lig van die aard en doel van 'n kerkorde	122
4.3.2.1	Formele omyning van die konsep 'kerkorde'	122
4.3.2.2	Die Skriftuurlike betekenis van orde	124
4.3.2.3	Die kerkregtelik-konstitutiewe betekenis van die Kerkorde	125
4.3.3	Regsbegrip van die Kerkorde	128
4.3.3.1	Bronne vir die Kerkorde en hulle betekenis	128
4.3.3.1.1	Betekenis van die Skrif vir die reëling van die regsposisie.....	128
4.3.3.1.2	Betekenis van die belydenis vir die predikant se regsposisie.....	129
4.3.3.2	Kerkorde en staatswet	131
4.3.3.3	Die kerkorde as <i>ius constitutum</i>	133
4.3.4	Plek van die predikantsdiens in die kerkorde.....	133
4.3.5	Merkers.....	135
4.4	Bepalings oor die predikant se verbintenisse.....	136
4.4.1	Kerkordelike bepalinge.....	136
4.4.1.1	Die verbintenis tussen Christus en die predikant.....	138
4.4.1.1.1	Roeping, beroeping en bevestiging	138
4.4.1.1.2	Roeping: Twee herders.....	139
4.4.1.1.3	Beroeping	141
4.4.1.1.4	Bevestiging van die predikant	142
4.4.1.1.4.1	"Formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord"	143
4.4.1.1.4.2	Taak van die predikant volgens die Formulier	144
4.4.1.1.4.3	Die belofte van die Formulier waarop die predikant antwoord	144
4.4.1.1.4.4	Regte en pligte van die Gereformeerde predikant	147
4.4.1.2	Die verbintenis tussen Christus en die plaaslike kerk	149

4.4.3	Die verbintenis tussen die predikant en die plaaslike kerk.....	151
4.4.4	Merkers.....	151
4.5	Eiesoortige posisie van die predikant	152
4.5.1	Begripsbepaling	152
4.5.2	Band tussen die predikant en die plaaslike kerk	153
4.5.2.1	Die kerk se bevoegdheid om die predikant se regsposisie te reël.....	154
4.5.2.2	Die bediening van die sleutels van die Koninkryk	155
4.5.2.3	Die bedienaars van die sleutels van die koninkryk van die hemel	157
4.5.3	Het die kerkraad gesag oor die predikant?	157
4.5.3.1	Kerkordelike bepalings.....	157
4.5.3.2	Oorsprong van die kerklike dienste.....	158
4.5.3.3	Eenheid en gelykheid van die dienste	158
4.5.3.4	Betekenis van Artikel 31 van die Kerkorde vir die predikant se regsposisie	159
4.5.4	Taakaanduiding en taakvervulling van die predikant	160
4.5.4.1	Kerkordelike bepalings.....	160
4.5.4.2	Opdraggewer van die predikant.....	160
4.6	Versorging van die predikant	161
4.6.1	Kerkordelike bepalings.....	161
4.6.2	Skrifbepalings oor die versorging van die predikant	161
4.6.3	Die aard van die predikant se versorging.....	164
4.6.4	Behoorlike onderhoud.....	166
4.6.5	Beroepsbrief	167
4.6.5.1	Kerkorde en beroepsbrief	167
4.6.5.2	Bylae by die beroepsbrief	170
4.6.6	Tugbepalings	172
4.6.6.1	Kerkordelike bepalings.....	172
4.6.6.2	Wedersydse toesig	173
4.6.7	Beskerming vir die predikant.....	173
4.6.7.1	Kerkordelike bepalings.....	173
4.6.7.2	Tydens die beroeping	174
4.6.7.3	Deurlopende beskerming.....	175
4.6.7.4	Ontslag van die predikant	176

4.6.7.5	Skorsing en afsetting van die predikant	177
4.6.7.6	Kerklike prosedure tydens ontslag of afsetting van 'n predikant	179
4.6.8	Kerkregtelike verwoording van die predikant se eiesoortige verbintenis	180
4.7	Merkers	181
4.8	Gevolgtrekkings	183

Hoofstuk 5

BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

5.1	Kontekstualisering en konkretisering	186
5.2	Bevindings en aanbevelings	186
5.2.1	Godsdiensvryheid en die predikant se regsposisie	186
5.2.2	Staatsneutraliteit en die predikant se regsposisie	189
5.2.3	Kerk-staatteorieë en die predikant se regsposisie	190
5.2.4	Die kerk se reg om homself en sy ampte te definieer	191
5.2.5	Die toepassing van fundamentele regte op die predikant se regsposisie	191
5.2.6	Die kerk se regspersoonlikheid en die predikant se regsposisie	192
5.2.7	Die selfdefiniëring van die kerk en die predikant se regsposisie	194
5.2.8	Die regsbeskerming van die predikant se regsposisie	195
5.2.9	Die beroepsbrief en die predikant se regsposisie	195
5.2.10	Kerklike visitasie en die predikant se regsposisie	196
5.3	Kerngevolgtrekking aangaande die predikant se regsposisie	197
5.3.1	Gevolgtrekkings aangaande die predikant se regsposisie in Suid-Afrika – 'n godsdiensneutrale staat	197
5.4	Gevolgtrekkings aangaande die predikant se regsposisie volgens die selfdefiniëring van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika	199
5.5	Samevattende gevolgtrekking	201

BIBLIOGRAFIE	203
---------------------------	------------

Hoofstuk 1

VERANTWOORDING

1.1 Aktualiteit

1.1.1 Inleiding

Die verskeidenheid teenstrydige benaderings oor die regsposisie van predikante in Suid-Afrika wat uit hofuitsprake, teologiese diskoerse en vanuit die kerklike praktyk blyk (vgl. 1.1-1.4), dui op onduidelikheid, selfs verwarring oor 'n aangeleentheid wat vir die ordelike funksionering van die kerk as die liggaam van Christus op aarde van kardinale belang is. Op grond van hierdie staatsregtelike sowel as kerklike verwarring blyk die aktualiteit – trouens, die onteenseglike noodsaaklikheid – van navorsing oor die regsposisie van predikante. Voortspruitend uit sodanige navorsing kan gevolglik 'n prinsipieel-Skriftuurlike bydrae gemaak word om die probleemstelling te beantwoord. Hoewel regsaspekte noodwendig in die navorsing in ag geneem sal moet word, is die uitgangspunt en uitkoms van die studie gebaseer op 'n Gereformeerd-kerkregtelike benadering.

1.1.2 Regspraak voor 1996

Voor die aanvaarding van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996¹) in 1996 was daar aanduidings dat hoewel die regsposisie van predikante met betrekking tot arbeidswetgewing op verskillende maniere sou benader.

Ten opsigte van kerke van gereformeerde² belydenis het die hoewel kerklike sake, soos die regsposisie van predikante, beoordeel vanuit die uitgangspunt dat 'n kerk 'n vrywillige vereniging (*societas*) is wat op 'n kontrak berus. Die volgende hofsake dien as voorbeelde:

¹ Hierna word na die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) verwys as die Grondwet (afgekort as GW).

² Die volgende skryfwyse word in hierdie proefskrif gebruik: "gereformeer" (met 'n kleinletter) wanneer bedoel word "binne die breër Reformatoriese tradisie" en "Gereformeer" (met 'n hoofletter) wanneer spesifiek verwys word na die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

- *Theron v Ring van Wellington, N.G. Sendingkerk in S.A.* 1976 2 SA 1 (A) op 25;
- *Van Vuuren v Kerkraad Môreilig Gemeente, NG Kerk* 1979 4 SA 548 (0) op 557;
- *Long v Bishop of Cape Town* 1963 4 Searle 162 op 176;
- *Du Plessis v the Synod of the DR Church* 1930 CPD 403 op 414, 417;
- *Odendaal v Van Loggerenberg en andere* 1961 1 SA 712 (0) op 717;
- *De Vos v Die Ringskommissie van die Ring van die NGK, Bloemfontein* 1952 2 SA 83 (0) op 93; e.a.

Die regsbeginsele wat vir 'n vrywillige vereniging geld, word hiervolgens van toepassing gemaak op die interne reëlings van kerke, waaronder die regsposisie van predikante. In die *Theron*-saak gaan regter Jansen van dié standpunt uit en wys in sy beredenering daarop dat die verhouding tussen die predikant en die kerkraad as 'n arbeidskontrak beoordeel moet word:

...aangesien dit duidelik is dat die appellant, as leeraar (sic), 'n dienskontrak aangegaan het, wat onderhewig aan die kerkorde gelees moet word, en dat wesentlik sy eis daarop neerkom dat die bepalings van daardie kontrak afgedwing moet word (Theron v Ring van Wellington, N.G. Sendingkerk in S.A. 1976 2 SA 1 (A) op 26).

Volgens dié beredenering moet die regsposisie van 'n predikant geïnterpreteer word as dié van 'n werknemer teenoor 'n werkgewer. Op grond van bostaande uitspraak blyk dat hoewel nie noodwendig die bevoegdheid van kerke erken het om die regsposisie van predikante te reël nie. Gereformeerde kerke (d.w.s. kerke in die Reformatoriese tradisie) se beskouing dat hulle die regsposisie van predikante kon reël, het eerder berus op 'n staatsvergunning aan kerke (Smit, 2001(a):78).

Die beredenering van regter Jansen is egter nie konsekwent deur Suid-Afrikaanse hoër nagevolg nie. In 1985 het die hof bevind dat die regsposisie van 'n predikant/priester met betrekking tot 'n gemeente 'n kerkregtelike ooreenkoms is wat nie op 'n arbeidskontrak berus nie:

The picture which emerges is not one of employment. Rather, it is a picture of a spiritual relationship, commencing in formal terms with the applicant taking an oath of canonical obedience to the Bishop, being vested with the spiritual office of a priest, being licensed to officiate as a priest and authorized to administer the sacraments and perform various other ministrations and duties in accordance with the canons of the church ... (GG Paxton v The Church of the Province of Southern Africa (ongerapporteerde saak NH1 1/2/1985 (PE)); vgl. Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & Others 2001 11 BLLR 1213 op 1226/7).

1.1.3 Regspraak ná 1996

Die aktualiteit van die navorsing wat onderneem is, word beklemtoon deurdat Suid-Afrikaanse howe ná 1996 die regsposisie van predikante met betrekking tot arbeidswetgewing steeds op verskillende wyses benader. Twee resente hofuitsprake beklemtoon die verskillende benaderings van howe ten opsigte van dié aspek. In 1999 het regter Basson in die *Schreuder*-saak, op grond van dieselfde beredenering as regter Jansen in die *Theron*-saak, bevind dat 'n predikant 'n werknemer van 'n kerkraad is:

'n Predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is dus die werknemer van die gemeente waarin hy of sy diens doen en voor Oktober 1998 het so 'n predikant ook nog sekondêre werkgewers gehad, dit wil sê, die betrokke ring en die betrokke sinode (tot 'n mindere mate) (Schreuder v Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others 1999 20 ILJ 1936 op 1942; kyk ook 40, 41).

Hierdie uitspraak hou in dat die regsposisie van 'n predikant gereël moet word met die volledige inagneming van bestaande arbeidswetgewing (Olivier, 2001:11). Met die *Schreuder*-saak het die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) sy kerkorde so gewysig dat predikante voortaan as werknemers van die "gemeente of kerkverband (ring, sinode of Algemene Sinode)" optree (KBR van die NGK, 1999: Art. 12). Hierdie veranderinge is aangebring voordat regter Basson uitspraak gelewer het. Die verandering van die NG Kerk se kerkorde het ongetwyfeld bygedra tot die hof se bevinding dat die predikant (ds. Schreuder) 'n werknemer van die kerkraad is. Daar is ook aangevoer dat die predikant (ds. Schreuder) se regsposisie gesien moet word as dié van 'n werknemer van die kerkraad Wilgespruit (*Schreuder v Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others 1999 20 ILJ 1936 op 1941*).

In 2001 het regter Wagley in die volgende saak, *Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town)*, bevind dat daar nie 'n arbeidsverhouding tussen 'n predikant en 'n kerkraad bestaan nie. Sy bevinding was in ooreenstemming met die uitspraak in *GG Paxton v The Church of the Province of Southern Africa*:

...I am satisfied that there was in fact no intention ... to enter into a legally enforceable employment contract.

Since I have found that a contract of employment is necessary for purposes of establishing an employment relationship and that there was no legally enforceable contract of employment between the applicant and the third respondent, the parties are not an employer and employee as defined by the LRA and consequently the first respondent has no jurisdiction to entertain the alleged dispute referred to it by the third respondent (Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & Others 2001 11 BLLR 1213 op 1227).

Volgens die Kaapse Arbeidshof is die regsposisie van 'n priester/predikant 'n kerkregtelike verbintenis³. Dié verbintenis word deur die Anglikaanse Kerk by wyse van dié kerkgemeenskap se konstitusie kerklik gereël. Hierdie reëling word getref binne die raamwerk van godsdienstvryheid wat deur die Grondwet gewaarborg word (*Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & Others* 2001 11 BLLR 1213 op 1213).

1.2 Teologiese diskoerse ná 1996

Benewens hofuitsprake word die aktualiteit van hierdie studie ook belig deur teologiese diskoerse oor die regsposisie van predikante met betrekking tot arbeidswetgewing. Tydens kongresse oor die tema "Kerk en staat" wat in 2000 en 2001 deur die Fakulteit Teologie in Stellenbosch gereël is, is die internasionale omvang van dié kwessie beklemtoon. Die vraag of arbeidswetgewing toegepas behoort te word op die regsposisie van predikante, is ook in lande soos Australië, Engeland, Nederland en Nieu-Seeland in die howe bereg (Olivier, 2001:3-9; Smit, 2004:95 e.v.). Die verskillende beskouings wat teoloë en regsgeleerdes handhaaf oor die regsposisie van 'n predikant met betrekking tot arbeidswetgewing, is by dié

³ Die begrip *kerkregtelike verbintenis* dui op die bronne van die verbintenis, naamlik die Skrif, die belydenis en die Kerkorde, sowel as die predikant se persoonlike verbintenis met God. In die studie gaan dit juis om die verbintenis waarin God die predikant in sy gemeente stel én oor die wyse waarop dié verbintenis deur die Kerkorde gereël word.

kongresse belig. Daar is teoloë en juriste wat meen dat die regsposisie van 'n predikant by wyse van arbeidswetgewing gereël behoort te word (vgl. Scholtz, 2000:1 e.v.; Klopper, 2002:12). In teenstelling met hierdie standpunt is die beskouing gehuldig dat die regsposisie van 'n predikant 'n uitsluitlik kerklike aangeleentheid is wat op grond van godsdiensvryheid deur kerke gereël en deur die staat erken behoort te word (vgl. Smit, 2004:95, 96; vgl. Smit, 2001(a):78).

1.3 Kerklike praktyk ná 1996

Die aktualiteit van die sentrale fokus van hierdie studie word eweneens vanuit die kerklike praktyk beklemtoon. Gedurende 2001 en 2002 is daar tydens die byeenkoms van die Konvent van Reformatoriese Kerke in Suid-Afrika en vanweë 'n spesiale opdrag aan afgevaardigdes, gefokus op die betekenis van godsdiensvryheid en die konsekwensies van arbeidswetgewing vir kerke. Volgens Coertzen (2001:151 e.v.) het kerke self die verantwoordelikheid om die beginsels van godsdiensvryheid wat in die Grondwet gewaarborg word, binne die nuwe grondwetlike bedeling uit te werk. Du Plooy (2002:3 e.v.; vgl. Pienaar, 1986:17; 32 e.v.) wys daarop dat kerke die bevoegdheid het om die regsposisie van predikante te reël in ooreenstemming met Skrifopdragte wat in die belydenisskrifte uitdrukking vind. Hiervolgens het kerke die reg om die regsposisie van predikante te bepaal binne die raamwerk van godsdiensvryheid wat deur die Grondwet gewaarborg word.

1.4 Sentrale navorsingsvraag

In die Suid-Afrikaanse regspraak, juridiese en teologiese diskoerse én die kerklike praktyk bestaan daar onsekerheid oor die wyse waarop kerke van gereformeerde belydenis die regsposisie van 'n predikant binne die raamwerk van Suid-Afrikaanse arbeidswetgewing moet reël (vgl. 1.1.2; 1.1.3). Die onderwerp van hierdie studie, naamlik "Die regsposisie van die Gereformeerde predikant in die godsdiensneutrale staat van Suid-Afrika – 'n Gereformeerde-kerkregtelike studie" veronderstel navorsing oor die regsposisie van Gereformeerde predikante in Suid-Afrika vanuit 'n Gereformeerde-kerkregtelike uitgangspunt. Hierdie navorsing word dus onderneem met inagneming van die realiteit van Suid-Afrikaanse arbeidswetgewing. Die

spesifiek Suid-Afrikaanse arbeidswetgewing het dus onvermydelik relevansie vir die probleemstelling.

Die sentrale navorsingsvraag word soos volg geformuleer:

Wat is die regsposisie van die Gereformeerde predikant in Suid-Afrika – 'n godsdiensneutrale staat – beoordeel vanuit die Gereformeerde Kerkreg en teen die agtergrond van die kerk-staatkonteks in Suid-Afrika ná 1996?

Dié sentrale navorsingsvraag word breër uitgewerk deur middel van die volgende afsonderlike navorsingsvrae:

- Hoe word die predikant se regsposisie beoordeel met verwysing na die staatsregtelike beskouing daarvoor in Suid-Afrika ná 1996?
- Hoe word kernaspekte van die Woordbedienaar se regsposisie belig vanuit die Duitse kerk-staatkonteks?
- Watter betekenis het die Gereformeerde Kerkreg, soos dit by wyse van die kerkregering deur die Kerkorde bepaal word, vir die predikant se regsposisie?

1.5 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die regsposisie van 'n predikant 'n andersoortige verbintenis (*alius generis*) is, en 'n verbintenis wat deur die kerk as eiesoortige gemeenskap (*sui generis*) in die wêreld gereël moet word. In Suid-Afrika behoort houe die regsposisie van Gereformeerde predikante te erken en te beoordeel as 'n interne kerklike aangeleentheid, wat buite die reëlingsfeer van 'n godsdiensneutrale staat se arbeidswetgewing val. Hierdie erkenning behoort gegrond te word op die reg dat die kerk homself en sy ampte moet definieer.

1.6 Doelstelling en doelwitte

1.6.1 Oorkoepelende doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is die volgende:

- Om aan te toon dat die regsposisie van Gereformeerde predikante 'n eiesoortige verbintenis is wat deur die kerk as 'n eiesoortige gemeenskap in die wêreld gereël moet word.

In Suid-Afrika behoort hoewe die regsposisie van Gereformeerde predikante te erken en te beoordeel as 'n interne kerklike aangeleentheid, wat buite die reëlingsfeer van 'n godsdienneutrale staat se arbeidswetgewing val. Hierdie beskouing word gegrond op die feit dat 'n kerk die reg het om homself en sy ampte te definieer.

1.6.2 Doelwitte

Die doelwitte van hierdie studie spruit voort uit die probleemstelling, die sentrale teoretiese argument en die oorkoepende doelstelling. Die spesifieke doelwitte wat in hierdie studie nagevors word, is die volgende:

- Om te ondersoek hoe predikante se regsposisie beoordeel word met verwysing na die staatsregtelike beskouing daarvan in Suid-Afrika ná 1996.
- Om na te gaan hoe kernaspekte van predikante se regsposisie vanuit die Duitse kerk-staatkonteks belig word.
- Om na te vors hoe predikante se regsposisie, soos dit in die kerkreg bepaal word, deur die Gereformeerde Kerkorde gedefinieer en gereël word.

1.7 Metode

Die uitgangspunt, wat die metode vir hierdie studie oor die regsposisie van die predikant met betrekking tot arbeidswetgewing bepaal, is die volgende: die Heilige Skrif is die Woord van God en Christus regeer sy kerk deur die Woord en Gees én die besondere dienste, volgens die instelling van Christus (NGB Artt. 3, 5, 7; vgl.

NGB Artt. 30, 31; vgl. Van Rooy, 2001:45 e.v.; Kaiser & Silva, 1994:63, 64; Coetzee, 1988:19-38). Daar word van die volgende metodes gebruik gemaak:

- Om na te gaan hoe predikante se regsposisie beoordeel word met verwysing na die staatsregtelike beskouing daaroor in Suid-Afrika ná 1996, word tersaaklike vakliteratuur aangaande resente regspraak bestudeer, geanaliseer en beoordeel.
- Om na te vors hoe kernaspekte van predikante se regsposisie vanuit die Duitse kerk-staatkonteks belig word, word tersaaklike vakliteratuur en regspraak vanuit die Duitse kerk-staatkonteks geanaliseer en geëvalueer.
- Om te ondersoek hoe Gereformeerde predikante se regsposisie, soos dit in die kerkreg bepaal word, deur die Gereformeerde Kerkorde gedefinieer word, word tersaaklike eksegetiese, kerkregtelike en dogmatiese vakliteratuur bestudeer, geanaliseer en geëvalueer.

1.8 Uitgangspunt: kerkreg en reg, kontekstualisering en begrening

Die uitgangspunt van hierdie studie word gevind in die Gereformeerde kerkreg en kerkregering, soos dit in die tema, die sentrale navorsingsvraag (vgl. 2.2), die doelstelling en doelwitte (vgl. 2.4) en die metode (vgl. 2.5) gestel word. Soos reeds gestel is, is dit vanweë die tema van die studie noodsaaklik om die regskonteks in die navorsing in ag te neem. Die studie word egter begrens deurdat nie gepoog word om antwoorde te bied op spesifieke regsprobleme wat verband hou met die sentrale tema nie.

Hoofstuk 2

DIE PREDIKANT SE REGSPOSISIE MET VERWYSING NA DIE STAATSREGTELIKE BESKOUING DAAROOR IN SUID-AFRIKA NÁ 1996

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word sekere uitgangspunte waarvolgens predikante se regsposisie in Suid-Afrika beoordeel word, ondersoek. Op grond van die navorsing word *eerstens* bepaal watter uitgangspunte howe gehandhaaf het in die beoordeling van predikante se regsposisie. *Tweedens* word tersaaklike navorsing oor predikante se regsposisie in relevante vakliteratuur geëvalueer. *Derdens* word bepaal wat die wetgewer se doel is met arbeidswetgewing oor predikante se regsposisie. Die navorsing/hoofstuk wat uit hierdie probleemstelling voortvloei, is die volgende:

Hoe word die predikant se regsposisie beoordeel met verwysing na die staatsregtelike beskouing in Suid-Afrika ná 1996?

Dié navorsingsvraag word breër uitgewerk aan die hand van die volgende kernvrae:

- Volgens watter uitgangspunte beoordeel howe die predikant se regsposisie ná 1996?
- Hoe beoordeel navorsers die predikant se regsposisie in relevante vakliteratuur?
- Het arbeidswetgewing betekenis vir die predikant se regsposisie?

2.2 Oorsigtelike vooruitskouing

In hierdie vooruitskouing word die navorsing oor die beginsels waarvolgens howe predikante se regsposisie beoordeel, geplaas binne die konteks van die neutraliteitsbeginsel van 'n regstaat. Die neutraliteitsbeginsel van 'n regstaat behels onder meer die volgende:

- die Grondwet is die hoogste juridiese gesag in die Suid-Afrikaanse *Rechtstaat* (GW Art. 1(c); GW Art. 2; vgl. Du Plessis, 1997:182-183; vgl. Wiechers, 1998:625-634);
- die skeiding tussen kerk en staat word in Suid-Afrika gehandhaaf (vgl. Gildenhuys [2001:221 e.v.] se bespreking van *Ryland v Edross* 1997 (1) SA 690 (C) 702 G oor die skeiding tussen kerk en staat);
- die reg van godsdienstvryheid én die reg tot onverhinderde uitlewing van godsdienste word grondwetlik gewaarborg (GW Art. 15; vgl. Art 31; vgl. Gildenhuys, 2001:158 e.v.; 192, 197 e.v.; Van der Vyver, 1999:665, 667 oor die interne kerklike sfeer); en
- die staat is verplig om alle godsdienstige en ideologiese groepe op grond van die beginsel van gelykberegtiging te beoordeel (GW Art. 15(1); vgl. Gildenhuys 2001:172 e.v.). Laasgenoemde verpligting impliseer dat die staat homself by wyse van die onafhanklike regbank as 'n onafhanklike derde party stel vir die beoordeling van alle konfliktevalle – ook met betrekking tot kerklike aangeleenthede.

Op grond van hierdie beginsels word die staat se neutraliteit ten aansien van alle kerke en godsdienstgroepe sedert 1996 afgelei (vgl. Schlaich, 1972:28 e.v. oor die ontwikkeling van die staat se neutraliteitsstandpunt; vgl. Von Campenhausen, 1994:77 e.v.; Van der Vyver, 2000(a):3 e.v.; Vorster, 1997:79-91 en Vorster, 1999; krities oor die staat se neutraliteitsstandpunt Coetzee, 2002:197-206; Van der Westhuizen, 1994:5).

Twee kenmerke van 'n godsdienstneutrale staat het direk betrekking op die reëling van 'n predikant se regsposisie. Hierdie kenmerke is die volgende:

- 'n Godsdienstneutrale staat doen nie afstand van sy verpligting om al sy landsburgers te beskerm nie⁴. Dit beteken dat houe verplig is om predikante

⁴ Vir die doeleindes van hierdie studie word aanvaar dat die staat 'n positief-neutrale uitgangspunt teenoor kerke en ander godsdienstgroepe handhaaf (vgl. *Christian Education South Africa v Minister of Education* 2000 (10) BCLR 1051 (CC) par. 33-35). 'n Negatief-neutrale uitgangspunt sou beteken dat die staat godsdienste as 'n privaat saak beoordeel – iets wat in die individu se binnekamer beoefen word. Dié standpunt beteken dat kerke uitgeskuif word tot die randsfeer van die samelewing (vgl. Hoofstuk 3).

se juridiese belang te beskerm, ondanks die feit dat predikante 'n taak uitvoer wat godsdiensooreenkomstig is.

- Terselfdertyd moet 'n godsdiensooreenkomstige staat, vanweë sy neutrale uitgangspunt, noodwendig ruimte laat vir kerke om hulle interne kerklike aangeleenthede selfstandig te reël (vgl. Van der Vyver, 2000(b):845 e.v.; Du Plooy, 2002:2).

2.3 Uitgangspunte waarvolgens hoër predikante se regsposisie ná 1996 beoordeel

2.3.1 Hofgesag wat die predikant se regsposisie ondergeskik stel aan staatsregtelike bepalings

2.3.1.1 Die predikant is 'n werknemer van 'n kerkraad

Die *Schreuder*-saak is 'n voorbeeld waarvolgens die hof 'n predikant se regsposisie interpreteer as dié van 'n werknemer van 'n kerkraad. Die feite van die saak word kortliks soos volg weergegee: Schreuder is beroep van 'n plattelandse gemeente na 'n makrogemeente, die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit. In Wilgespruit is Schreuder as die vyfde predikant bevestig. Saam met die verkondiging van die Woord is verskillende ander take aan die predikante opgedra. Schreuder was verantwoordelik vir die portefeuljes van toerusting en bemanning. Sy taak het saam met die verkondiging van die Woord die volgende ingesluit: die reëling van onderrig en opleiding, die vestiging van Bybelstudiegroepe en die opstel van die gemeentebrief. Schreuder is as 'n goeie prediker beskou en sy bydrae het die gehalte van die gemeentebrief verhoog.

Tog het daar onmin tussen Schreuder en die ander predikante ontstaan. Volgens die ander predikante het Schreuder te veel tyd aan onbenullighede bestee en het hy nie op sy pastorale take gefokus nie. Schreuder is gevolglik ontslaan op grond van Artikel 12 van die NG Kerk se Kerkorde, wat die volgende bepaal:

Indien 'n leraar nie sy gemeente verder tot stigting kan dien nie, mag die ring na ondersoek, waarin beide die kerkraad en die betrokke leraar aangehoor word, die band tussen die leraar en die gemeente losmaak indien daar, volgens die oordeel van die ring, billike voorsiening vir die leraar gemaak is.

Schreuder het die kerkraad van Wilgespruit gedagvaar op grond van onbillike ontslag. Die tweede respondent was die Ring van Roodepoort van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die derde respondent was die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Wes-Transvaal.

Die hof het die verweer van die Nederduitse Gereformeerde Kerk verwerp, naamlik dat die posisie van die predikant nie geïnterpreteer moet word as dié van 'n werknemer van die kerkraad nie, maar as dié van 'n onafhanklike kontrakteur (Scholtz, 2001:187). Dié uitspraak van die hof berus op spesialiteitsgetuienis en relevante kerklike dokumente, soos die kerkorde en die beroepsbrief (*Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a.* 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 14-27). Die hof het bevind dat Schreuder in diens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit was en dat Schreuder nog sekondêre werkgewers gehad het, naamlik die Ring (van Roodepoort) en die Sinode (van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Wes-Transvaal) (*Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a.* 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 27).

'n Belangrike aanduiding dat dié kerkgemeenskap 'n predikant se regsposisie as dié van 'n werknemer van 'n kerkraad definieer en interpreteer, was die feit dat die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk die kerkorde tydens die Schreuder-saak verander het om 'n werkgewer-werknemerverhouding tussen 'n kerkraad en 'n predikant te reël (*Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a.* 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 25).

2.3.1.2 *Die kerk is 'n vrywillige vereniging*

Die uitspraak van die hof dat die regsposisie van 'n predikant geïnterpreteer moet word as dié van 'n werknemer van 'n kerk, berus onder meer op die getuienis dat 'n kerk 'n vrywillige vereniging is. Volgens dié spesialiteitsgetuienis mag mense dink dat hulle met heilige dinge besig is, maar dit ... *verander nie aan die feit nie dat hulle 'n sosiale sisteem vorm wat volgens sy eie reëls funksioneer soos enige ander sosiale sisteem ...* (*Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a.* 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 23). Hierdie interpretasie beteken dat 'n kerk as 'n vrywillige organisasie bloot 'n menslike organisasie is (*Schreuder v die Nederduitse*

Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a. 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 22). Volgens dié siening moet 'n kerk soos enige ander organisasie beoordeel word – ongeag die feit dat die kerk 'n 'missionêre doel' het (*Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a.* 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 22).

In die *Schreuder*-saak het die getuienis oor wat die begrip *kerk* impliseer, ooreengestem met 'n gevestigde regstradisie in Suid-Afrika, naamlik dat 'n kerk as 'n vrywillige vereniging beoordeel word. Die volgende hofsake staaf hierdie siening:

- *Theron v Ring van Wellington, N.G. Sendingkerk in S.A.* 1976 2 SA 1 (A) op 25;
- *Van Vuuren v Kerkraad Môrelië Gemeente, NG Kerk* 1979 4 SA 548 (0) op 557;
- *Long v Bishop of Cape Town* 1963 4 Searle 162 op 176;
- *Du Plessis v the Synod of the DR Church* 1930 CPD 403 op 414, 417;
- *Odendaal v Van Loggerenberg en andere* 1961 1 SA 712 (0) op 717;
- *De Vos v die Ringskommissie van die Ring van die NGK, Bloemfontein* 1952 2 SA 83 (0) op 93.

Volgens appèlregter Jansen is kerke in Suid-Afrika nog altyd as vrywillige verenigings beoordeel (*Theron v Ring van Wellington, NG Sendingkerk in SA* 1976 2 SA 1 (A) op 25). Pienaar (1986:8 e.v.) het aangetoon dat hierdie uitspraak van die hof nie korrek is nie. In *Venter e.a. v Den Kerkeraad der Gereformeerde Kerk te Bethulie* 1879 OVS 4 op p. 6 het die hof bevind dat 'n kerk 'n korporasie of gemeenregtelike regspersoon is (vgl. Pienaar, 1986:8-9). Vergelyk in hierdie verband ook die volgende hofsake:

- *Louvis e.a. v Oikonomos e.a.* 1917. TPA 465 op 476;
- *Peach and Co v the Jewish Congregation of Johannesburg* 1894 1 OFF Rep 345;
- *Prinsloo and others v Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Church* 1889-1890 3 Barber 220 op 223 (vgl. Raath en De Freitas, 2002:278 e.v.).

Die interpretasie van die begrip *kerk* as 'n vrywillige vereniging met regspersoonlikheid is reeds deur verskeie kerkregtelikes en regsgeleerdes gekritiseer (vgl. Pienaar, 1986:17; Gildenhuys, 2001:226 e.v.; Fourie, 1973:132; Van der Linde, 1965:19; Spoelstra, 1977:50). Juriste wys onder meer daarop dat plaaslike Gereformeerde Kerke eerder beskryf moet word as gemeenregtelike regspersone – 'n regsposisie wat dus nie op 'n kontrak berus nie, maar op interne verbandsreg (Pienaar, 1986:17). Volgens Pienaar ontstaan praktiese onhoudbaarhede, wat nie met kerkregtelike beginsels versoen kan word, indien die toe- en uittrede van kerklidmate aan die hand van kontraktuele beginsels beskryf word (Pienaar, 1986:18). Verder word die eksegeties-dogmaties bepaalde begronding van die oorsprong, wese en doel van 'n kerk én interne kerklike verhoudings, soos 'n predikant se regsposisie, nie deur dié verkontraktualiseerde beskouing van kerk in ag geneem nie (vgl. Coertzen, 2001:122; O'Brien Geldenhuys, 1945:349; Fourie, 1973:132; Van der Linde, 1965:19; Spoelstra, 1977:50).

Coertzen (2001:121-122) stel voor dat kerkregtelikes en regsgeleerdes gesamentlik die regsposisie van die kerk in Suid-Afrika op voetspoor van die Nederlandse reg moet herdefinieer. Volgens die Nederlandse reg word die 'eie' posisie van kerke deur die reg erken. Vanweë die erkenning van die kerk se 'eie' posisie in die reg word bepalinge van die arbeidsreg nie toegepas op predikante se regsposisie nie. Die moontlikheid bestaan wel dat predikante se regsposisie in sommige gevalle beoordeel kan word as 'n arbeidsregtelike ooreenkoms (Coertzen, 2001:121; 115-121).

2.3.1.3 Die verhouding tussen die predikant en die kerk is 'n kontraktuele diensverhouding

In die *Schreuder*-saak het die hof bevind dat 'n beroepsbrief 'n dienskontrak tussen 'n predikant en 'n kerkraad impliseer. Hierdie bevinding het as motivering gedien om die posisie van dié betrokke predikant te interpreteer as dié van 'n werknemer van 'n spesifieke kerkraad (d.i. die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit).

Die broepsbrief is dus die dienskontrak tussen die predikant en die kerkraad (gemeente) (Schreuder v Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others 1999 20 ILJ 1936 par. 18).

Dit is gevolglik duidelik dat die verhouding tussen 'n predikant en die betrokke gemeente of kerkverband 'n kontraktuele diensverhouding is (Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a. 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 25).

Volgens Coertzen (1999:6) is 'n beroepsbrief 'n dienskontrak soos die dienskontrakte van byvoorbeeld 'n skriba, kassier, orrelis, sekretaresse, bode, skoonmaker en tuinier. *Ek is oortuig daarvan dat alle van hulle hulle werk, net soos die dominee, as 'n roeping en diens aan die Here en sy gemeente sien* (Coertzen, 1999:6). Vir hierdie siening dien 1 Timoteus 5:17-18 as 'n voorbeeld dat goeie diens- of arbeidsverhoudings nie vreemd aan die kerk is nie (Coertzen, 1999:6).

In bogenoemde standpunt word belangrike Skrifgegewens oor die aard van 'n predikant se verbintenis aan die kerk – 'n aspek wat bepalend is vir die beoordeling van predikante se regsposisie – nie in ag geneem nie (vgl. Deut. 18:1 e.v., Matt. 10:10, Gal. 6:6-8 en 1 Kor. 9:1-14; vgl. Pel e.a., 1991:15). Volgens genoemde standpunt word 'n predikant se roeping gesien as 'n juridies bepaalde arbeidsregtelike verhouding. Hierdie interpretasie impliseer dat 'n predikant se roeping as 'n kontrak beoordeel word. Sodanige siening sou ook kon beteken dat die roeping 'n tweede element inhou, naamlik die konstituering van 'n juridies bepaalde kontrak (Klopper, 2001:1 e.v.).

Die standpunt dat 'n predikant 'n werknemer van 'n kerkraad is, word hoofsaaklik gebaseer op hofuitsprake en nie op eksegeties-kerkregtelike bevindings nie (Klopper, 2001:1 e.v.; Scholtz, 2001:187; vgl. Coertzen, 1999:6). Sodoende word die reg as basis vir die definiëring van 'n predikant se regsposisie geneem (vgl. byvoorbeeld Klopper se verkontraktualiseerde beskouing van 'n predikant se regsposisie).

Britz (1999:4) is van mening dat bogenoemde benadering 'n verskuiwing in die gereformeerde kerkreg teweegbring. In die gereformeerde kerkreg val die fokus nog altyd op die Woord van die Here as die oriënteringspunt vir die reëling van die kerklike diens. Met betrekking tot die posisie van die predikant beklemtoon die gereformeerde kerkreg dat die Here van die kerk mense tot sy diens roep. Die

vermenging van die staatsreg (arbeidsreg) met die kerkreg bring 'iets' in gedrang: *Die Here as Hoof van die kerk wat roep en die opdrag gee (dus die eintlike 'Werkgewer') raak uit fokus* (vgl. Britz, 1999:4).

2.3.1.4 *Die salaris, taak en posisie van die predikant konstitueer 'n werkgewer-werknemerverhouding*

Die uitspraak van die hof in die *Schreuder*-saak trek in drie kernbevindings saam:

- 'n predikant ontvang 'n salaris van 'n kerkraad;
- 'n predikant help om die 'besigheid' of kerntake van die kerk voort te sit of te bedryf; en
- 'n predikant verrig sy diens onder die gesag van 'n kerkraad:

Verder voldoen 'n predikant aan die omskrywing van ... hierdie definisie deurdat 'n predikant geregtig is om besoldiging te ontvang (en dit inderdaad ontvang) van die kerklike organisasie in wie se diens die predikant staan (Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a. 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 26).

Die woord 'traktement' word gebruik om besoldiging te beteken en en daar word met ander aangeleenthede soos verlof, diensbonus reistoelae ... gehandel. Daar is gevolglik volgens dr. Scholtz 'n plig op die predikant om sy ampspligte soos uiteengesit te vervul. Die predikant kry aan die ander kant hiervoor weer 'n salaris en verlof- en pensioenvoordele asook lidmaatskap van 'n mediese fonds en assuransie-dekking (Schreuder vs Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others 1999 20 ILJ 1936 op 1940-1941, 1942; vgl. Fourie, 1973:182, 184).

'n Predikant voldoen klaarblyklik ook aan die omskrywing ... van die definisie van 'n werknemer as iemand wat op enige wyse help om die besigheid van 'n werkgewer voort te sit of te bedryf'. Daar was naamlik deskundige getuienis dat die besigheid van die kerk as organisasie die verkondiging van die evangelie is. 'n Predikant is duidelik primêr hiermee besig ook waar hy of sy in diens staan van die ander kerkstrukture ... (Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a. 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 26).

Die bevindings van die hof is hoofsaaklik bepaal deur die spesialiteitsgetuienis wat voor die hof gedien het (kyk *Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a. 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 14-28*). Dié getuienis berus op die aanname dat die roeping van 'n predikant nie bepalend is vir sy regsposisie nie (*Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a. 1999 20 ILJ 1936*

(LC) par. 26) én dat die begrip *traktement* in die gereformeerde kerkreg as 'n sinoniem vir *salaris* gebruik word.

Volgens dié uitspraak van die hof is 'n predikant se roeping nie bepalend vir sy regsposisie nie omdat 'n predikant besig is *om die besigheid van die werkgewer (kerkraad) voort te sit of te bedryf*. Hierdie bevinding van die hof is gegrond op spesialiteitsgetuienis wat voor die hof gedien het, naamlik dat die roeping nie bepalend is vir 'n predikant se regsposisie nie (*Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a.* 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 19). Hiervolgens verskaf 'n kerk, soos enige ander werknemer, aan 'n predikant werk – ongeag die roeping van 'n predikant. Vanweë die getuienis voor die hof het die hof nie rekening gehou met die verreikende betekenis van die roeping van 'n predikant nie.

Salaris beteken volgens die HAT (1994:892) die volgende: ... *betaling, soldy vir gelewerde dienste deur 'n werknemer, veral besoldiging wat 'n amptenaar volgens 'n vasgestelde skaal op gereelde tye, meestal maandeliks ontvang*. Volgens hierdie omskrywing van die betekenis van die woord *salaris* is die verhuring van dienste en die ontvang van vergoeding daarvoor (*salaris*) (vgl. Brassey, 1998:E1:6, 7) *de facto* deur die getuienis voorgehou as deel van 'n kerk se interne werkswyse aangaande die reëling van 'n predikant se regsposisie.

Die hof het verder bevind dat 'n predikant sy diens onder die gesag van 'n kerkraad uitvoer. Dié standpunt word nie deur alle regsgeleerdes gehandhaaf nie. Met inagneming van bepalinge in die Dordtse Kerkorde (KO Art 81) wys Pienaar (1986:39) byvoorbeeld daarop dat die gesagsverhouding tussen 'n kerkraad en 'n Gereformeerde predikant nie die aard van 'n juridies bepaalde arbeidsverhouding het nie⁵. 'n Kerkraad hou nie alleen toesig oor 'n predikant se leer en lewe nie, maar 'n predikant het ook die verantwoordelikheid om as mede-regeerouderling saam oor die ander ouderlinge toesig te hou (vgl. Pienaar, 1986:39). Dié verhouding weerspieël beslis nie die aard van 'n werkgewer-werknemerverhouding nie (Pienaar, 1986:39).

⁵ Artikel 81 van die Kerkorde bepaal die volgende: *Die bedienaars van die Woord, die ouderlinge en die diakens moet onder mekaar die Christelike sensuur uitoefen en mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik vermaan. Vergelyk artikel 84 van die Kerkorde wat die volgende bepaal: Geen kerk mag oor ander kerke, geen bedienaar van die Woord oor ander bedienaars van die Woord, geen ouderling oor ander ouderlinge en geen diaken oor ander diakens enige heerskappy voer nie.* Kyk Hoofstuk 4).

2.3.1.5 *Die regte en pligte van die predikant ontstaan op grond van 'n arbeidskontrak*

Volgens genoemde hofuitspraak word die regte en pligte van predikante op grond van 'n arbeidskontrak verkry:

Dit is gevolglik duidelik dat die verhouding tussen 'n predikant en die betrokke gemeente of kerkverband 'n kontraktuele diensverhouding is (Schreuder v die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a. 1999 20 ILJ 1936 (LC) par. 25).

Klopper (2001:5 e.v.) meen dat die regte van predikante wel in die Skrif, belydenis en kerkorde uiteengesit word. Predikante verkry hierdie regte egter op grond van 'n arbeidskontrak wat tussen 'n kerkraad en 'n predikant gesluit word⁶. Klopper (2001:5) meen dat die volgende regte wat predikante toekom, op Skrifgronde beredeneer kan word:

- 'n predikant moet in 'n gemeente ontvang word as boodskapper van God (vgl. Gal. 4:14; Fil. 2:29);
- 'n gemeente moet sy gehoorsaamheid betoon (vgl. 2 Tess. 3:4);
- 'n gemeente moet 'n predikant se voorbeeld navolg (vgl. 2 Tess. 3:7);
- 'n gemeente moet eerbied en agting aan 'n predikant betoon (vgl. 1 Kor. 16:18; Fil. 2:29; 1 Tess. 5:12);
- 'n gemeente moet liefde aan 'n predikant betoon en voorbidding vir hom doen (vgl. 1 Kor. 9:11-14; Gal. 6:6; 1 Tim. 5:17-18); en
- 'n gemeente moet sy predikant versorg.

Verder is Klopper (2001:5 e.v.) van mening dat die *belydenisskrifte* die volgende regte aan predikante verleen:

- die reg om aan die kerkregering deel te neem en om lid van die kerkraad te wees (NGB Art. 30);

⁶ Die aanduiding van regte as godsdiensbepaalde en arbeidsregtelike regte word spesifiek in die opsomming, bladsye 18 en 19 van Klopper se referaat gevind.

- die reg op die verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente (NGB Art 30);
- die reg op gelyke status (mag en gesag) as alle ander bedienaars van die Woord (NGB Art 31);
- die reg op die agting van die gemeente (NGB Art 31);
- die reg op die toepassing van die tug saam met die kerkraad (NGB Art. 32) en
- die reg op die bediening van die Nagmaal (HK vr. & antw. 75).

Op grond van die *Dordtse Kerkorde* identifiseer Klopper die volgende regte van predikante:

- die reg op lewensonderhoud (Art. XI);
- die reg op die *eere ende Name eens Dienaars* (Art. XIII);
- die reg op versorging van die kerk na die aanvaarding van emeritaat (Art. XIII);
- die reg om die volgende take te verrig: die bediening van die Woord en die gebede; die bediening van die sakramente, uitoefening van die tug en die kerkregering (Art. XVI); die reg om op die kerkraad te dien en daarvan voorsitter te wees (Art. XXXVII);
- die reg om na meerdere vergaderings afgevaardig te word (Art. XLII) en
- die reg om te verwag dat die kerk aan sy belydenisgrondslag getrou sal bly (Art. LIII).

Bogenoemde regte wat berus op die Skrif, belydenis en kerkorde, moet volgens Klopper deur 'n arbeidskontrak regsgeldig geaktiveer word. Hierdie siening stel die kerkregtelike beginsels wat in die kerk geld afhanklik van die arbeidsreg. Op hierdie wyse word die staatsowerheid *de facto* in beheer van die kerk gestel wat predikante regsposisie betref.

2.3.2 Hofgesag wat predikante se regsposisie bepaal as onderhewig aan kerkregtelike bepalings

2.3.2.1 Die predikant staan in 'n godsdiensooreenkomstige verbintenis ten opsigte van die kerk

Die volgende saak, naamlik *Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC) is 'n voorbeeld waarvolgens die hof 'n predikant se regsposisie nie beskou as dié van 'n werknemer van 'n kerkraad nie, maar as 'n interne kerklike aangeleentheid onder die reëlingsbevoegdheid van die kerk. In dié saak het die Anglikaanse Kerk (appellant) hulle op die Hooggeregshof beroep op grond van die konstitusionele reg van godsdiensooreenkomstigheid nadat 'n kommissaris (tweede respondent) van die Commission for Conciliation, Mediation and Arbitration (CCMA) bevind het dat 'n priester (derde respondent) 'n werknemer van dié kerk is. Die gegewens aangaande genoemde saak word kortliks soos volg weergegee: 'n Priester van die Anglikaanse Kerk⁷ is ná 'n dissiplinêre verhoor uit die priesterdiens geskors. Die priester het die saak na die CCMA verwys. Die Kommissaris van die CCMA het die verweer van die Anglikaanse Kerk verwerp, naamlik dat daar nie 'n geldige arbeidskontrak tussen dié priester en dié kerk was nie. Die Anglikaanse Kerk het na die Hooggeregshof geappelleer op grond daarvan dat hulle grondwetlik gewaarborgde reg van godsdiensooreenkomstigheid deur die CCMA geskend is.

Nadat die bevindings deur die hof hersien is, is bevind dat die Kommissaris van die CCMA se bevinding berus op die aanname dat daar 'n geldige arbeidskontrak tussen die Anglikaanse Kerk en die betrokke priester was. Die hof het verder bevind dat die wet vir die CCMA en die hof ruimte laat om te bepaal of 'n persoon 'n werknemer is. Tog wys die hof ook daarop dat hof nie die bevoegdheid het om 'n arbeidsverhouding tussen twee partye te skep nie. Aangesien dit nie die bedoeling van die Anglikaanse Kerk was om 'n juridies bepaalde arbeidsooreenkomst te skep nie, het daar nie 'n arbeidskontrak tussen dié kerk en die betrokke priester tot stand gekom nie. Priesters van die Anglikaanse Kerk kan dus nie as werknemers van dié

⁷ In die saak van 'n betrokke priester se verbintenis aan die Anglikaanse kerk word van dieselfde beginsels in die hofuitspraak gestel wat vir die verbintenis van die predikant aan 'n gereformeerde kerk geld. Derhalwe word in die opskrifte van 2.2.3.1, 2.2.3.2, 2.2.3.3 en 2.2.3.4 ook verwys na 'n predikant.

kerk beskou word nie. Verder wys die hof daarop dat die verhouding tussen 'n kerk en 'n predikant godsdiensooreenkomstig (*religious*) is. Die Anglikaanse Kerk bied 'n priester die geleentheid om sy roeping uit te leef. 'n Verbintenis om 'siele te versorg' (*cure souls*) kan egter nie die basis vir 'n arbeidskontrak vorm nie.

2.3.2.2 *Die ordeningsprosedure bevestig 'n godsdiensooreenkomstige verbintenis*

In *Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC) was die prosedure waardeur die roeping van 'n priester bepaal is, deurslaggewend vir die hof se bevinding dat 'n priester (of predikant) nie 'n werknemer van die kerk is nie. Die kerklike proses waardeur 'n kandidaat as priester bevestig of georden word, is daarop gerig om vas te stel of 'n priester deur God geroep is én om uitvoering aan die roeping te gee. Hierdie proses loop daarop uit dat 'n priester (asook 'n predikant) in die diens bevestig word en 'n ampseed aflê. Volgens die appêl van die Anglikaanse Kerk word 'n priester nie ingevolge 'n kontrak aangestel nie, maar moet die ooreenkoms tussen die partye as 'n *spiritual agreement* beskou word. Dié kerk se getuienis is op die volgende beredenering gegrond:

- (a) *no person can enter the priesthood within applicant's communion without being called by God, which calling is tested by the Church;*
- (b) *that ordination does not guarantee office, yet an oath of obedience is required before ordination;*
- (c) *the licensing was ritualistic and merely confirmed, yet again, the oath taken when admitted to priesthood ...entrusted the priest with the 'cure of souls' in respect of the licensed area;*
- (d) *the rights, duties and obligations as contained in the constitution and canons, while regulatory, did not create rights outside its confines;*
- (e) *that since the function of the priest is to spread the word of God, the priest is therefore not a 'servant' of the church, but a 'servant' of God (Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 13; vgl. Olivier, 2002:533).*

Deur dié prosedure word 'n priester in staat gestel om sy roeping wat van die Here kom in die kerk uit te leef (*Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. (13(e)). Die roeping is

dus 'n aanduiding dat die verbintenis tussen 'n predikant en 'n kerk geestelik bepaal word (*Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 22). Hierdie interpretasie beteken dat die reëling van die verbintenis tussen predikant en kerk onder die bevoegdheid van die kerk val.

2.3.2.3 *Die verhouding tussen die predikant en die kerk berus op interne kerklike bepalings*

Regter Waglay het uitvoerig aandag gegee aan die vraag of die verbintenis tussen 'n kerk en 'n priester op grond van 'n arbeidskontrak tot stand kom. Om vas te stel of daar 'n arbeidskontrak is, moes die hof eers bepaal of daar 'n geldige kontrak tussen die partye is. Volgens die hof word 'n kontrak gesluit wanneer albei partye 'vry en vrywillig' 'n ooreenkoms bereik en ten volle bewus is van die verpligtinge waarop hulle ooreengekom het (*Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 28). 'n Kontrak is geldig in soverre dit nie deur wetgewing verbied word of *contra bonos mores* is nie.

Verder wys die hof daarop dat 'n arbeidskontrak tot stand kom wanneer twee partye vrywillig ooreenkom dat een van die partye vir die ander party spesifieke of geïmpliseerde take verrig wat binne 'n vasgestelde of onbepaalde tyd afgehandel en teen vergoeding gedoen word (*Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 28). Die hof wys daarop dat aanbod en aanvaarding (*Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 33), én verpligting en verantwoordelikheid nie voldoende is vir die skep van 'n geldige juridiese kontrak nie (*Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. (13(e))). Die kernvraag is of die partye tydens die totstandkoming van die ooreenkoms die bedoeling gehad het dat 'n geldige juridiese kontrak gesluit moet word:

It is patently easier to gather whether or not there is an employer employee relationship by reference to the duties and obligations, but to do so would be to go against the very basic principle that governs our law of contract, and that is that the parties must have intended to

enter into a legally enforceable contract, because the enforceability of the duties and obligations is dependant upon it (Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 32; 24).

Die hof het bevind dat dit nie die bedoeling van dié spesifieke kerk en priester was om 'n geldige arbeidskontrak te sluit nie (*Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 39*). Die hof maak as't ware 'n kategorie-onderskeid tussen 'n juridies bepaalde regsverbintenis en 'n geloofsverbintenis. 'n Regsverbintenis, wat by wyse van kontraksluiting ontstaan, val onder die reëlingsbevoegdheid van die staat. 'n Geloofsverbintenis weer val op grond van kerklike ordebepalings onder die reëlingsbevoegdheid van die kerk. Omdat die verbintenis tussen 'n predikant en 'n kerkraad 'n godsdiensooreenkomstige aard het, word die verbintenis deur kerklike ordebepalings gereël (vgl. *Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 15*):

The very basis of the licensing process is religious: the oath, declaration and 'parting' words remove it from the realm of creating civil obligation (Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 36).

Olivier (2002:539) wys daarop dat hoewel sonder veel moeite die bedoeling om 'n arbeidskontrak te skep in die verbintenis tussen 'n predikant en 'n kerkraad kan aflei. Sodanige kontrak word veral moontlik gemaak deur die beskermende aard van arbeidswetgewing en die breë definisie van wie die staat as werknemers moet beskou (Olivier, 2002:539). Desondanks het die hof bevind dat buitekerklike instansies, soos die CCMA in hierdie geval, nie in dié besondere saak die bevoegdheid het om bepalinge oor 'n predikant se regsposisie voor te skryf nie (*Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 39-43*). Hierdie hofuitspraak gee duidelike rigting aan die siening dat die verbintenis tussen 'n predikant en 'n kerk bepaal word deur die intensie van die twee partye. In bogenoemde geval is die intensie van die partye deurslaggewend vir die siening van 'n predikant se regsposisie as 'n interne kerklike aangeleentheid.

2.3.2.4 *Die predikant se regte en pligte word nie op grond van 'n arbeidskontrak verkry nie*

Volgens die hof word die regte en pligte van priesters nie op die basis van 'n arbeidskontrak verkry nie. Die hof wys daarop dat 'n derde respondent byvoorbeeld sy reg op traktering nie in 'n burgerlike hof kan afdwing nie:

If he (third respondent) concedes (as he has) that he could not force applicant to remit the stipend to him in a court of law or the applicant enforce his performance through a secular court, how then could there be a binding employment contract between them enforceable in the secular and civil court (Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 32).

Die afleiding kan gemaak word dat 'n priester sekere regte en pligte verkry tydens die eedaflegging en/of bevestiging. Die appellant het ook daarop gewys dat die regte, pligte en verantwoordelikhede van 'n priester nie regte buite die grense van kerklike ordebepalings skep nie (*Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 13(d)). Die regte en pligte van 'n predikant word dus deur kerklike ordepalings gereël, soos dit deur die 'konstitusie' en bepalinge van 'n kerk bepaal word.

2.3.3 *Merkers*

In hierdie verband is dit opmerklik dat binne dieselfde staatsregtelike konteks en binne die bestek van drie jaar howe in Suid-Afrika predikante se regsposisie geheel en al verskillend bevind.

In hofuitspraak A is die volgende bevind:

- 'n predikant is 'n werknemer van 'n kerkraad;
- 'n kerk is 'n vrywillige vereniging;
- die verhouding tussen 'n predikant en 'n kerk is 'n kontraktuele diensverhouding;
- die salaris, taak en posisie van 'n predikant konstitueer 'n werkgewer-werknemerverhouding;

- die regte en pligte van 'n predikant ontstaan op grond van 'n arbeidskontrak.

In hofuitspraak B is die volgende bevind:

- 'n predikant staan in 'n godsdiensoepaalde verbintenis ten opsigte van 'n kerk;
- die ordenings-/bevestigingsprosedure veronderstel 'n godsdiensoepaalde verbintenis;
- die verhouding tussen 'n predikant en 'n kerk berus op interne kerklike bepalings;
- 'n predikant se regte en pligte word nie deur 'n arbeidskontrak verkry nie.

2.4 *Navorsers se bevindings soos weerspieël in relevante vakliteratuur*

2.4.1 *Die predikant as werknemer van 'n kerkraad*

Volgens Klopper (2001:3, 9) moet 'n predikant beskou word as 'n juridies bepaalde werknemer van 'n kerkraad. Dié standpunt rus hoofsaaklik op 'n bepaalde verbondsbeskouing (Klopper, 2001:7). Volgens Klopper (2001:7) moet die verbond as 'n kontraktuele verhouding tussen God en die mens beoordeel word. Dié verhouding kom tydens die belydenisaflegging van lidmate tot stand. Die voorwaardes van die kontrak tussen God en 'n lidmaat word soos volg omskryf:

Daarvolgens [die verbond] aanvaar God die individu as sy kind, skenk Hy aan hom vergifnis van sonde en belowe aan hom die ewige lewe. Op sy beurt moet die individu hom/haar bekeer en 'n lewe van dankbare diens aan God lei (Klopper, 2001:7).

Die voorwaarde om as predikant in 'n verbondsgemeenskap te dien is dat 'n predikant deel van 'n verbondsgemeenskap moet wees. In dié gemeenskap ontvang 'n predikant die roeping om as predikant te dien. Volgens Klopper (2001:8 e.v.) moet 'n predikant se roeping beskryf word as 'n geestelike kontrak met God:

Die terme van hierdie ooreenkoms lui min of meer soos volg: Die persoon ontvang van God die versekering dat hy/sy vir die evangeliebediening geroep word en dat God dit vir hom/haar moontlik sal maak om hierdie doelwit te bereik. Op sy/haar beurt moet die persoon onderneem om wel die nodige opleiding te ondergaan en daarna die werk van 'n evangeliebedienaar in diens van God en sy medemens te verrig (Klopper, 2001:8).

Nadat 'n predikantskandidaat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk beroepbaar gestel is, word die legitimeringsbelofte afgelê. Dié belofte is 'n ooreenkoms tussen 'n kandidaat en dié kerk. Met dié belofte belowe 'n kandidaat om die leer van die Kerk, soos dit in die belydenisskrifte uiteengesit word, te aanvaar, te leer en te verdedig (Klopper, 2001:8). Deur die legitimeringsbelofte af te lê proponeer 'n kandidaat en mag 'n proponent deur kerke in die kerkgemeenskap beroep word.

Indien 'n proponent 'n beroep na 'n gemeente aanvaar, word hy/sy in dié gemeente bevestig. Klopper (2001:8) meen dat die bevestiging van 'n proponent beskou moet word as diensaanvaarding in 'n gemeente, terwyl 'n beroepsbrief saam met kerkordelike bepalings en sinodebesluite as 'n wettige ooreenkoms (arbeidskontrak) dien (Scholtz, 2001:187; vgl. Coertzen, 1999:7; Coertzen, 1998:3).

Ook Coertzen (1999:6) huldig die mening dat die roeping wat van die Here uitgaan, uitdrukking vind in 'n (diens)ooreenkoms tussen 'n predikant en 'n kerkraad. Dié kontrak bied ook die basis op grond waarvan die regte en pligte van 'n predikant bepaal word (Joubert e.a., 2002:A1, punt 2; vgl. NGK Sinode 1998, Bylae A15-2, punt 1, 2.5).

Die standpunt dat 'n predikant 'n werknemer van 'n kerkraad is, word hoofsaaklik op grond van hofuitsprake nagevolg sonder om die oorsprong, wese en doel van die kerk (vgl. Coertzen, 1999:6) of die kerklike diens (Scholtz, 2001:184 e.v.) in ag te neem. Volgens dié beskouing het die kerk die bevoegdheid om 'n predikant op 'n kontraktuele basis in diens te neem (Klopper, 2001:9, 10; Coertzen, 1999:6). Sodoende word die basis geskep waarop die kerk die reëling van 'n predikant se diens aan die hand van arbeidswetgewing moet uitvoer (vgl. Joubert, 2002:235, 231 e.v.; Scholtz, 2001:188). Joubert (2002:231) stel byvoorbeeld voor dat die *Kerkorde, Bepalings en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* op die volgende punte uitgebrei behoort te word:

- Die prosedures aangaande 'n werknemer se reg tot billike hantering tydens 'n dissiplinêre verhoor moet in die Kerkorde uitgebrei word.
- Predikante word in die Kerkorde uitgesonder en die vraag ontstaan wat die posisie van ander werknemers van 'n kerkraad is.

- Wangedrag word per implikasie gelykgestel aan sonde.
- Die Kerkorde meld nie dat predikante gewaarsku moet word voordat teen hulle opgetree word nie. Ontslag word as enigste opsie genoem.
- Tugmaatreëls moet waarskynlik hersien word, omdat dit strydig is met aanvaarbare personeelpraktyk (vgl. Joubert, 2002:231).

Genoemde veranderinge impliseer onder meer dat die kerkordes van gereformeerde kerke die aard en aanslag van kerkwette moet verkry om aan die vereistes van arbeidswetgewing te voldoen. Soos in die *Schreuder*-saak rus dié beoordeling van predikante se regsposisie hoofsaaklik op die siening dat die kerk 'n vrywillige vereniging (*societas*) is waarvan die kerkorde as grondwet dien (vgl. Coertzen, 1999:6). In ooreenstemming met hierdie siening ontvang howe die bevoegdheid om as hoogste juridiese gesag kerke se kerkordes ('as grondwet') te interpreteer. Sodoende word die reëling en beoordeling van predikante se regsposisie ten volle aan die staat oorgedra. Die arbeidsreg kan immers nie gedeeltelik toegepas word op die reëling van predikante se regsposisie nie, maar die bepalings van die arbeidsreg geld volgens dié beskouing ten volle vir predikante se diens (Scholtz, 2001:187; vgl. Grant, 2003:162).

2.4.2 *Die predikant as onafhanklike kontrakteur*

Fourie (2002:111) is 'n voorstander van die beskouing dat 'n predikant se posisie geïnterpreteer moet word as dié van 'n onafhanklike kontrakteur. Dié standpunt van Fourie (2002:108, 111) word soos volg gemotiveer:

By sy werk plaas die werknemer hom in onderhorigheid slegs ten opsigte van die uitvoering van sy pligte, en gee hy/sy nie toestemming om sy/haar persoonlike vryheid op te offer nie. In daardie opsig verskil die predikant se situasie dus wesenlik en fundamenteel van die van 'n gewone werknemer (Fourie, 2002:108).

Hierdie tipe beskouing word gemotiveer deur *kerk* te tipeer as geestelike samelewingsverband waarin predikante se regsposisie bepaal word deur die roeping wat van die Here uitgaan (Fourie, 2002:111). Omdat 'n predikant deur sy roeping in diens van die Here staan, beskryf Fourie (2002:111, 112) 'n predikant se diens as 'n

soort a-tipiese werk. Hierdie siening beteken dat predikante se diens nie voldoen aan die vereistes vir die definisie van 'n werkgewer-werknemerverhouding nie. Predikante moet derhalwe ... *vanuit juridiese oogpunt ... as onafhanklike kontrakteurs, [wat] hulle dienste aan die kerk kontrakteer*, beoordeel word (Fourie, 2002:112). Op hierdie wyse kan predikante hulle steeds beroep op howe vir juridiese beskerming sonder dat die bepalinge van die arbeidsreg op die reëling van hulle regsposisie toegepas word. Deur 'n predikant as onafhanklike kontrakteur te beskou trag Fourie (2002:113 e.v.) om 'n regsposisie te skep om te voorkom dat predikante aan die willekeur van kerkrade oorgelewer word.

2.4.3 Predikantsdiens in 'n kerkregtelik-godsdiensooreenkomste

Volgens Grant (2003:161) behoort 'n predikant nie as 'n werknemer van 'n kerkraad beskou te word nie. Dié standpunt word gegrond op 'n predikant se regsposisie wat nie deur 'n juridies bepaalde kontrak ontstaan nie. Hiervolgens word 'n predikant se regsposisie beskou as 'n godsdiensooreenkomste (*religious relationship*) wat deur roeping bepaal word. Sodanige ooreenkomste voldoen nie aan vereistes van 'n werkgewer-werknemerverhouding nie:

... the true relationship between a priest and the church is a religious relationship. It differs in material ways from an employment contract between an employer and employee. In the case of an employee (or an independent contractor) the basis of the relationship is the provision of service for economic gain. In circumstances where a priest engages in the service to the church on the basis of religious calling, it is incongruous to subsequently argue that the basis of the relationship is one of service for economic gain. The priest joins the church to give effect to that calling for spiritual reasons. A priest, once having accepted a religious or spiritual basis as the reason for providing pastoral service, cannot ... later claim that the intention of the parties was to create a secular, employment contract. Furthermore, the mere provision of benefits that resemble an employment contract cannot alone lead to the conclusion that the relationship falls within the ambit of employment legislation (Grant, 2003:161).

Dié standpunt sluit aan by die hofuitspraak in die saak van die *Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town)* deur 'n duidelike kategorie-onderskeid te veronderstel tussen 'n regsposisie wat op 'n juridies bepaalde kontrak berus en 'n godsdiensooreenkomste waarvoor die kerk die

reëlinsbevoegdheid het. Indien die bepaling van die arbeidsreg op predikante se regsposisie toegepas word, word die kategorieë vermeng. So 'n vermenging van staatsregtelike en kerkregtelike kategorieë skep praktiese onhoudbaarhede. Arbeidswetgewing gee aan predikante die reg om aan vakbonde te behoort, om werksure te handhaaf, om te staak, om aan te dring op addisionele betaling of voordele vir dienste gelewer op Sondae, ná gewone werksure en op vakansiedae – insluitend op Paasfees en Kersfees (vgl. Grant, 2003:162). Verder wys Grant daarop dat die regte en pligte van 'n predikant nie kontraktueel of juridies afdwingbaar is nie. Dié verbintenis behoort deur kerke gereël te word.

2.4.4 Die predikant se regsposisie volgens kerklike definiëring

Gildenhuys (2001:241 e.v.) wys daarop dat een van die kenmerke van godsdienstvryheid is dat kerke die reg het om predikante se regsposisie te definieer:

... it is an essential feature of religious freedom that the power to define religious institutions, including the office of the minister, lies with the religious body only (Gildenhuys, 2001:242).

Met verwysing na die *Schreuder*-saak toon Gildenhuys (2001:242) dat die hof die bevoegdheid het om te bevind dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk prosedurefoute gemaak het of in stryd met sy kerkorde opgetree het. Indien die hof so 'n bevinding maak, behoort die saak terugverwys te word na die relevante kerklike bevoegdheid (Gildenhuys, 2001:242). Staatshowe het nie die bevoegdheid om hulle uit te spreek oor 'n predikant se vermoë of tekortkominge vir die uitvoering van sy pastorale taak nie (Gildenhuys, 2001:242):

To assume such jurisdiction and to define the ambit of a minister's responsibilities and moreover, to measure and to pronounce on his conduct or competence would be unacceptable in view of the principles of religious freedom. It could even be that, in terms of the specific religious doctrine, the minister is not in the 'employ' of any of the respondents (Gildenhuys, 2001:242).

Volgens Olivier (2001:541) is daar nog nie finaal uitsluitel gegee oor hoe predikante se regsposisie beoordeel moet word nie. Olivier beskou die reëling van predikante se regsposisie as 'n interne kerklike aangeleentheid. Daar moet aanvaar word dat

predikante hulle dienste nie op kontraktuele basis aan kerke verhuur nie, maar op grond van 'n godsdiensooreenkomst (spiritueel) verbintenis (Olivier, 2001:541). Hiervolgens word die diens van 'n predikant deur die kerkreg gereël. Sodoende is die kerkordes van kerkgemeenskappe die hoofbron waarin die regte van 'n predikant teenoor dié van 'n kerkraad en *vice versa* gevind word (Olivier, 2001:541).

Volgens Olivier (2001:541) kan kerke om praktiese en pragmatiese redes moontlik van sekere arbeidsregtelike beginsels gebruik maak om die predikantsdiens te reël. Sodanige reëling hoef nie te beteken dat arbeidsregtelike beginsels op predikante se regsposisie toegepas word nie. Kerke behou die verantwoordelikheid om aan te toon of predikante se regsposisie by wyse van arbeidswetgewing gereël behoort te word al dan nie (Olivier, 2001:541). Deur die reëling van predikante se regsposisie in Suid-Afrika te vergelyk met die posisie in ander lande (jurisdiksies), kan moontlik 'n blywende oplossing vir die probleem gevind word (Olivier, 2001:541).

2.4.5 Merkers

Die volgende merkers kan op grond van die voorafgaande beredenering aangetoon word:

- Verskeie navorsers neem die staatsreg as maatstaf vir die kerkreg. Hiervolgens moet die kerkreg aan die bepalings van die staatsreg (arbeidsreg) beantwoord. Hierdie standpunt berus hoofsaaklik op die uitgangspunt dat 'n kerk beskou word as 'n vrywillige vereniging, waarvan die relevante kerkorde die grondwet is.
- Howe het die bevoegdheid om as hoogste juridiese gesag kerke se kerkordes te interpreteer. Sodoende word die definiëringsbevoegdheid van 'n predikant se regsposisie direk aan die howe opgedra.
- Sommige navorsers meen dat kerkregering nie (voldoende) beskerming aan predikante bied nie. Op grond van hierdie siening behoort 'n predikant se regsposisie juridies gedefinieer te word om 'n basis vir regsbeskerming te skep.
- Ander navorsers handhaaf die standpunt dat 'n kerk die reg het om homself en sy ampte te definieer. Die staatsreg behoort dus aan kerke die geleentheid

te bied om die predikant se regsposisie volgens die interne kerklike reg te definieer.

- Ook word die standpunt gestel dat die grondwetlike reg van godsdienstvryheid aan die kerke die reg gee om kerklike ampte te definieer en sodoende predikante se regsposisie te bepaal.

2.5 *Arbeidswetgewing oor 'n predikant se regsposisie*

2.5.1 *Agtergrond*

Die verhouding tussen werkgewer en werknemer kan herlei word na die praktyk van *locatio conductio* (huur en verhuring) van die Romeinse reg. Arbeidsreg het in die Romeinse tyd nie noemenswaardige ontwikkeling ondergaan nie. Slawe is as eiendom gekoop en het dus nie die reg gehad om kontraktuele beskerming te geniet nie. Tot in die agtiende en negentiende eeu was werknemers steeds in diens van huishoudings en het die reg op arbeidsregtelike beskerming nie bestaan nie. In dié tyd is die arbeidsreg as deel van die familiereg beskou (vgl. De Villiers, 1997:159, 160).

As gevolg van die Industriële Rewolusie het mense op groot skaal in fabriekse gewerk. In hierdie omstandighede het litigasie tussen werkgewers en werknemers al hoe meer voorgekom. Vanweë die skraal ontwikkeling in die Romeins-Hollandse arbeidsreg is allerweë in arbeidsregspraak veral gesteun op die regsgesag in Engeland. Die gevolg was 'n amalgamasie tussen die Romeins-Hollandse en Engelse reg ten opsigte van arbeidswetgewing. Op grond van hierdie amalgamasie het nuwe beginsels vir die arbeidsreg ontstaan (Grogan, 2000:3; Jordaan & Rycroft, 1994:34 voetnoot 183).

Die partye wat in die *locatio conductio* betrokke is, is die *locator* en die *conductor*. Die *locator* is die persoon wat iets moet gee, beweeglik of onbeweeglik, of wat sy diens aan 'n ander persoon of instansie beskikbaar stel (*locator ist qui locat*). Die *conductor* is die huurder, die persoon wat 'n ander se dienste huur (*is qui conducit rem, opus, operas*) (Berger, 1953:567).

In die reg word onderskei tussen drie soorte *locatio conductio*, naamlik *locatio conductio rei*, *locatio conductio operis* en *locatio conductio operarum* (vgl. Grogan, 2000:2, 3; 3 voetnoot 2; Berger, 1953:568, 567; Jordaan & Rycroft, 1994:43). Die *locatio conductio rei* dui op die huur of verhuur van iets met geldelike vergoeding as deel van die ooreenkoms. Die begrip *locatio conductio operis* is die voorganger van die begrip van die hedendaagse onafhanklike kontrakteur, terwyl die *locatio conductio operarum* dui op die huur of verhuur van persoonlike diens teen vergoeding (*remuneration*).

Die sentrale lyn, wat deur die onderskeie vorms van *locatio conductio* loop, is dat 'n ding of iets gehuur en/of verhuur word (Grogan, 2003:2 e.v.; 19). Die begrip van 'n arbeidsverhouding het ontwikkel uit die *locatio conductio operarum* (vgl. Grogan, 2003:2 e.v.). Dié verbintenis ontstaan wanneer 'n persoon sy dienste teen vergoeding aan 'n ander persoon of instansie verhuur én sy diens onder die toesig van dié werkgever verrig (vgl. Grogan, 2003:16). So 'n reëling beteken dat die sentrale vraag vir die definiëring van 'n predikant se regsposisie die volgende is: Huur 'n kerk die dienste van 'n predikant en/of verhuur 'n predikant sy dienste aan 'n kerk? Indien die aksie van huur of verhuring tussen 'n kerkraad en 'n predikant plaasvind, moet verder nagevors word of 'n predikant moontlik optree as werknemer van 'n kerkraad en/of as onafhanklike kontrakteur (vgl. Hoofstuk 4).

2.5.2 Die begrip 'arbeidskontrak' en 'werknemer'

'n Werkgever-werknemerverhouding kan slegs ontstaan wanneer 'n kontrak tussen partye gesluit word (vgl. Grogan, 2003:2 e.v.). Sodoende bied 'n arbeidskontrak die basis waarop 'n werkgever-werknemerverhouding ontstaan (vgl. De Wet & Van Wyk, 1992:3 e.v. oor 'n kontrak as bron van die verbintenis). 'n Arbeidskontrak word tradisioneel soos volg gedefinieer:

a contract between two persons, the master (employer) and the servant (employee), for the letting and hiring of the latter's services for reward, the master being able to supervise and control the servant's work (Grogan, 2003:15).

Voortspruitend uit hierdie definisie ontstaan verskeie vrae, soos byvoorbeeld die volgende: Hoeveel kontrole moet 'n werkgewer oor 'n werknemer uitoefen om te onderskei tussen 'n werknemer en 'n onafhanklike kontrakteur? Wat is die status van 'n persoon wat gehuur word om 'n taak te voltooi? Hoe, wanneer en in watter vorm moet 'n persoon se salaris gelewes word (Grogan, 2003:15)?

Die statutêre definisie van 'n 'werknemer' bied nie meer duidelikheid as die genoemde gemeenregtelike definisie oor wie almal as werknemers gedefinieer moet word nie. 'n Werknemer word in die *Basic Conditions of Employment Act* (BCEA) 75 of 1997 en die *Labour Relations Act* (LRA) 66 of 1995 soos volg gedefinieer:

'employee' means any person other than an independent contractor who –

- (a) works for another person or for the State and who receives, or is entitled to receive, any remuneration; and*
- (b) in any manner assists in carrying on or conducting the business of an employer, and 'employed' and 'employment' have corresponding meanings.*

Verder is dit belangrik om Artikel 200(a) van die LRA in ag te neem. In hierdie seksie word bepaal dat *...a person who works for, or renders services to any other person is presumed, regardless of the contract, to be an employee ...* Volgens hierdie omskrywing berus die bewyslas dus nie meer slegs op 'n werknemer om te bewys dat hy in diens van 'n werkgewer is nie. Met betrekking tot predikante se regsposisie beteken dit dat die bewyslas veral by 'n kerkraad berus om aan te toon dat die predikant nie 'n werknemer van die kerkraad is nie. Vanweë die verskeidenheid van denominasies en die verskillende beklemtonings in kerk- en ampsbegrip, behoort elke kerkgemeenskap se beskouing deurslaggewend te wees om predikante se regsposisie in daardie kerk te bepaal.

Die naam wat aan 'n kontrak gegee word, is nie deurslaggewend vir die beoordeling daarvan nie. 'n Kontrak verkry betekenis op grond van die verhouding tussen die partye; die aard van 'n kontrak word dus bepaal deur die verhouding tussen die partye (vgl. *Opperman v Research Survey (Pty) Ltd* 1997 6 BLLR 807 (CCMA) 810A; vgl. Grant, 2003:161). Die take en verantwoordelikhede wat tussen partye ontstaan, is derhalwe nie bepalend om die aard van die verhouding te bepaal nie. Regter Waglay wys daarop dat 'n kerk en 'n predikant in die eerste plek die bedoeling

(*intention*) moet hê om 'n juridies afdwingbare kontrak te sluit. Die afdwingbaarheid van die partye se take en verantwoordelikhede berus immers op die *intensie* dat die onderskeie regte en pligte juridies afgedwing kan word. Sonder hierdie uitdruklike *intensie* kan 'n kontrak nie tot stand kom nie (vgl. *Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 23; vgl. Olivier, 2002:538):

... an offer, acceptance and consideration are not sufficient to create a contractual relationship giving rise to a legally enforceable obligation – offer, acceptance and consideration must be accompanied by an intention to create a contractible relationship giving rise to enforceable obligation (Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 33).

In die Suid-Afrikaanse reg is dit 'n gevestigde gebruik dat howe wyer as die bepalings van 'n kontrak oordeel om die ware verhouding tussen partye te bepaal. Die hof kan dus bevind dat 'n arbeidskontrak tussen twee partye bestaan sonder dat die partye die ooreenkoms so benoem het. Die hof mag egter nie 'n arbeidsooreenkoms tussen partye skep nie; daarom moet die hof die *...very basis of that relationship* in ag neem om 'n predikant se posisie te beoordeel (Grant, 2003:160). Met betrekking tot 'n predikant se regsposisie moet howe dus die basis van die intensionele verbintenis tussen 'n predikant en 'n kerk in ag neem om vas te stel of die predikant as werknemer van die kerkraad optree (vgl. Grant, 2003:160). In Hoofstuk 3 en 4 word verder gefokus op die basis van die intensionele verbintenis tussen 'n predikant en 'n kerkraad.

Op grond van die getuienis in die *Schreuder*-saak het die hof bevind dat dié statutêre definisie van 'n werknemer toegepas kan word op predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Op grond van die voorafgaande beredenering kan die volgende vereistes gestel word waaraan die verbintenis tussen 'n predikant en 'n kerkraad moet voldoen om as arbeidsverhouding beoordeel te word:

- die basis van die verbintenis tussen 'n predikant en 'n kerkraad moet 'n arbeidskontrak wees, of minstens kontraktueel van aard wees;

- 'n ooreenkoms om dienste te huur of te verhuur moet tussen 'n predikant en 'n kerkraad bestaan;
- die huur en/of verhuring van diens moet in 'n geldige arbeidskontrak tussen 'n kerkraad en die predikant as voorwaarde gestel word om 'n arbeidsverhouding te bewerkstellig;
- 'n predikant moet 'n salaris of vergoeding van 'n kerkraad ontvang vir die dienste wat hy lewer;
- 'n predikant moet sy diens uitvoer onder die gesag, of minstens die kontrole van die kerkraad en
- 'n predikant moet op alle wyses help om die kerntake (*business*) van sy werkgewer (kerk) voort te sit of te bedryf.

In Hoofstuk 4 van die studie word nagevors of die regsposisie van Gereformeerde predikante voldoen aan bogenoemde vereistes vir die totstandkoming van 'n juridies bepaalde arbeidsverhouding. Verder word nagegaan of dit die *intensie* van die partye (kerk en predikant) is om met die bevestiging van Gereformeerde predikante 'n geldige kontraktuele verhouding tot stand te bring al dan nie (*Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC); vgl. Grant, 2003:161).

2.5.3 Algemene bepalings van die arbeidsreg

Die Grondwet (Art. 23) waarborg die regte van werkgewers én werknemers redelik breedvoerig (vgl. Du Plessis, 1997:25). Die eerste reg wat deur Artikel 23 gewaarborg word, is dat elkeen die reg op billike arbeidspraktyke het (GW Art. 23(1)). Die belangrikste regte van werknemers is om vakbonde te stig (GW Art. 23 (2) a), daarby aan te sluit (GW Art. 23(2) b) en om aan die bedrywighede van sulke organisasies deel te neem (GW Art. 23, (2) b, vgl. (2) c). Die belangrikste regte van werkgewers is om werkgewersorganisasies (eie organisasies) te stig, by sulke organisasies aan te sluit en aan die bedrywighede daarvan deel te neem. Werkgewers en werknemers het albei die grondwetlike reg om kollektief te beding (GW 23 (5); vgl. Du Plessis, 1997:25).

Volgens Scholtz (2001:187) het predikante al dié genoemde regte van werknemers. Verder ontvang predikante ook die reg om te staak, om nie onbillik ontslaan te word nie, om nie diskriminasie te verduur nie en om hulle op die CCMA te beroep in die geval van arbeidsgeskille. Scholtz (2001:187) wys ook daarop dat predikante 'n geldige dienskontrak moet hê en geregtig is op vergoeding vir die dienste wat deur hulle gelewer word. Met 'n predikant se ontslag is kerke verplig om rekening te hou met Hoofstuk 8 en Bylae 8 van die *Wet op Arbeidsverhoudinge van 1995* (Scholtz, 2001:187). Hierdie inagneming van aspekte van die *Wet op Arbeidsverhoudinge* beteken dat predikante se werksprestasie op gepaste wyse geëvalueer moet word en dat hulle die nodige begeleiding, berading en hulp moet ontvang om moontlike swak werksprestasie te verbeter voordat hulle uit die diens ontslaan mag word (Scholtz, 2001:187). Volgens Scholtz (2001:187) moet in ag geneem word dat predikante 'n godsdienzbepaalde taak verrig en moet hulle werk aan die gehalte daarvan beoordeel word en nie *aan statistieke* nie. Scholtz dui nie aan watter maatstawwe deur 'n godsdienzneutrale staat geskep moet word om die uitvoering en inhoud van predikante se godsdienzbepaalde taak te beoordeel nie.

2.5.4 Spesifieke arbeidswetgewing

Die *Labour Relations Act* (LRA) 66 of 1995, die *Basic Conditions of Employment Act* (BCEA) 75 of 1997 en die *Employment Equity Act* (EEA) 55 of 1998 weerspieël die grootste statutêre inisiatiewe met betrekking tot arbeidsreg in Suid-Afrika sedert 1994 (vgl. Grogan, 2003:2). Hierdie tipe wetgewing het 'n nuwe era vir arbeidsverhoudings ingelui. Indien die bepalings van die arbeidsreg toegepas word op predikante se regsposisie, is die gees en bepalings van dié wetgewing voortaan die maatstaf waarvolgens kerke predikante se posisie moet reël. Vervolgens word 'n seleksie van tersaaklike arbeidswetgewing ondersoek om te bepaal wat die doel en toepassingsveld van die verskillende wette is.

2.5.5 Die doel van tersaaklike arbeidswette

Die doel van die *Labour Relations Act* 66 of 1995 is om ekonomiese ontwikkeling, sosiale geregtigheid, werksvrede en die demokratisering van die werkplek te

bevorder (*Labour Relations Act* 66 of 1995 hoofstuk 1 s. 1). Die primêre doelwitte van die Wet word soos volg geformuleer:

- (a) *to give effect to and regulate the fundamental rights conferred by section 27 of the Constitution;*
- (b) *to give effect to obligations incurred by the Republic as a member state of the International Labour Organisation;*
- (c) *to provide a framework within which employees and their trade unions, employers and employers organisations can –*
 - (i) *collectively bargain to determine wages, terms and conditions of employment and other matters of mutual interest; and*
 - (ii) *formulate industrial policy; and*
- (d) *to promote –*
 - (i) *orderly collective bargaining;*
 - (ii) *collective bargaining at sectoral level;*
 - (iii) *employee participation in decision-making in the workplace; and*
 - (iv) *the effective resolution of labour disputes.*

Die LRA bevat bepalings wat kollektiewe bedinging en die oplossing van dispute aanmoedig. Ook bepaal die LRA spesifieke reëls en regte wat deur die CCMA of die howe bereg kan word indien teenstrydighede ontstaan of beperkings daarop toegepas word. Vir hierdie bepaling van reëls en wette word die gesag van die forums wat vir dié doel daargestel is, uitgebrei. Die CCMA vervang effektief die Industriële Hof, 'n gespesifiseerde arbeidshof of enige versoeningsraad wat deur die Departement van Arbeid aangestel is. Die CCMA het die bevoegdheid van bemiddeling en arbitrasie. Indien 'n dispuut nie deur bemiddeling opgelos word nie, word die saak na die Kommisaris van die CCMA, of afhangende van die aard van die dispuut, na die Arbeidshof verwys. Verder gee die LRA onder meer die reg aan werknemers om te staak. Ook die posisie van vakbonde en werkplekforums word deur die LRA bepaal.

Die doel van die *Basic Conditions of Employment Act* 75 of 1997 (BCEA) is om ekonomiese ontwikkeling en sosiale geregtigheid te bevorder deur aan die volgende primêre doelwitte van die Wet uitvoering te gee:

- (a) *to give effect to and regulate the right to fair labour practices conferred by section 23 (1) of the Constitution –*
 - (i) *by establishing and enforcing basic conditions of employment; and*
 - (ii) *by regulating the variation of basic conditions of employment;*
- (b) *to give effect to obligations incurred by the Republic as a member state of the International Labour Organisation.*

Die BCEA bevat bepalings oor diensvoorwaardes wat die wetgewer beskou as van fundamentele belang. Hierdie diensvoorwaardebepalings sluit bepalings in oor onder meer werksure, voldoende pouses tydens die werkdag, siekteverlof, voorskrifte oor ekstra betaling, ensovoorts. Die BCEA stel ook 'n diensvoorwaardekommissie daar met die opdrag om advies aan die minister te gee. 'n Werkinspeksie-afdeling weer, is verantwoordelik om dispute in ooreenstemming met die Wet te hanteer. Verder gee die BCEA die minister die bevoegdheid om *sectoral determinations* te maak, soos byvoorbeeld die bepaling van minimum lone. Die BCEA bepaal ook dat slegs die Arbeidshof jurisdiksie het oor aangeleenthede met betrekking tot die wet.

Die doel van die *Employment Equity Act* (EEA) 55 of 1998 is om diskriminasie uit te wis en gelykheid in die werkplek te bevorder deur die volgende maatreëls toe te pas:

- (a) *promoting equal opportunity and fair treatment in employment through the elimination of unfair discrimination; and*
- (b) *implementing affirmative action measures to redress the disadvantages in employment experienced by designated groups, in order to ensure their equitable representation in all occupational categories and levels in the workforce.*

Sleutelbegrippe in dié arbeidswetgewing is *ekonomiese ontwikkeling, sosiale geregtigheid, werksvrede en demokratisering van die werkplek*. Met die beklemtoning van hierdie kernvereistes van arbeidswetgewing poog die staat om die 'onregte van die verlede' in die arbeidsektor reg te stel, nuwe ontwikkelinge in die arbeidsreg te akkommodeer en die moontlikheid van 'n beter toekoms vir alle Suid-Afrikaners te skep (vgl. Grogan, 2003:7; 6 e.v.). Met hierdie aspekte van arbeidswetgewing word ook gepoog om die verhouding van mag en ondergeskiktheid wat tussen 'n

werkgewer en 'n werknemer mag bestaan, uit te skakel⁸. Volgens die tradisionele werkgewer-werknemerbeskouing het 'n werkgewer die verpligting om aan 'n werknemer sy loon te betaal, terwyl 'n werknemer nie op veel meer aanspraak kan maak nie. 'n Werknemer is gewoonlik nie in 'n posisie om voor te skryf wanneer die verhouding bepaal word nie (Jordaan & Rycroft, 1994:21, 23-26).

Wanneer die oogmerke van die arbeidswetgewing verreken word, ontstaan verskeie vrae oor 'n predikant se regsposisie:

- By wie berus die gesag in 'n kerk? Is daar op grond van die gereformeerde gesagsbeskouing 'n juridies bepaalde gesagsverhouding tussen 'n kerkraad en 'n predikant?
- Is die kerk op grond van sy oorsprong, wese en doel 'n demokratiese instelling (soos byvoorbeeld 'n *societas*), waarin die beginsels van die demokrasie bepalend is vir die kerkregering en vir die reëling van 'n predikant se regsposisie?
- Kan die doel van 'kerk'-wees bereik word met die reëling van predikante se regsposisie as 'n interne kerklike aangeleentheid, indien die bepalinge van arbeidswetgewing vir die reëling van dié posisie geld?
- Het 'n godsdiensneutrale staat die reg om deur sy (arbeids)wetgewing heersend op die kerk as 'n geloofsgemeenskap in te werk? (Arbeidswetgewing word immers ingestel met die doel om die werkplek demokratiserend te beïnvloed.)
- Het 'n godsdiensneutrale staat die reg om 'n predikant se regsposisie te interpreteer volgens kerklike verhoudings en aan die hand van arbeidsregtelike maatstawwe te definieer?

2.5.6 Toepassing van tersaaklike wette

Die *Labour Relations Act* (LRA) 66 of 1995, die *Basic Conditions of Employment Act* (BCEA) 75 of 1997 en die *Employment Equity Act* (EEA) 55 of 1998 word op alle

⁸ Dit is algemeen bekend dat dié gesagsverhouding as kenmerk van 'n werkgewer-werknemerverbintenis nie meer deur alle navorsers aanvaar word nie. Vir die doeleindes van hierdie studie word aanvaar dat daar altyd 'n mate van gesag deur 'n werkgewer oor 'n werknemer uitgeoefen word.

werkgewer-werknemerverhoudings toegepas. Die volgende instansies word as uitsonderings konsekwent deur die wetgewer gehandhaaf:

- die Nasionale Weermag;
- die Nasionale Intelligensie Agentskap;
- die Suid-Afrikaanse Geheime Diens; en
- die Suid-Afrikaanse Akademie van Intelligensie

Olivier (2002:537) wys daarop dat mense wat nie volgens die wetlike definisie as werknemers beskou word nie, steeds die regte in Artikel 23 van die Grondwet kan ontvang. In *South African National Defence Union v Minister of Defence* 1999 BCLR 713 (LC) het die Konstitusionele Hof beslis dat lede van die Nasionale Weermag as werkers beskou moet word (*South African National Defence Union v Minister of Defence* 1999 BCLR 713 (LC) par. 24-29). Die Konstitusionele Hof het die betekenis van die begrip *werknemer* in arbeidswetgewing op grond van internasionale arbeidsregtelike bepalings uitgebrei om lede van die Nasionale Weermag te akkommodeer onder Artikel 23 van die Grondwet (*South African National Defence Union v Minister of Defence* 1999 BCLR 713 (LC) par. 24-29).

Die moontlikheid bestaan dus dat howe ook met betrekking tot predikante se regsposisie die betekenis van die begrip *werknemer* kan uitbrei en op predikante kan toepas. Na my beste wete is daar nie internasionale regsbepalings oor 'n predikant se regsposisie nie. Dié aangeleentheid word deur verskillende lande hanteer onder grondwetlike bepalings oor godsdienstvryheid. Uit die *Schreuder*-saak en die *Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town)*-saak is dit duidelik dat howe hulle hoofsaaklik deur kerklike dokumente en spesialiteitsgetuienis laat lei het om predikante se regsposisie te beoordeel. Die kernvraag wat dus in hierdie opsig ontstaan, word in Hoofstuk 4 ondersoek:

- Hoe definieer die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die regsposisie van die Gereformeerde predikant?

2.5.7 Toetse om 'n werkgewer-werknemerverhouding te bepaal

Howe het verskillende toetse ontwikkel om te bepaal of 'n werkgewer-werknemerverhouding tussen partye bestaan, naamlik die *kontroletoeets*, die *organisasietoets*, die *ekonomiese toets* en die *dominante-indruktoets*. Die *kontroletoeets* fokus op die mate van kontrole wat 'n werkgewer oor 'n werknemer uitoefen. 'n Hoogs gespesialiseerde arbeidsmark, waarin werknemers meer vryheid as voorheen het om hulle werk te verrig, het die *kontroletoeets* grootliks gerelativeer. Aangesien hoeveel tans 'n mate van kontrole voldoende ag vir die totstandkoming van 'n arbeidsverhouding, kan die toets moeilik in isolasie toegepas word (Grogan, 2003:17). Indien die arbeidsregtelike *kontroletoeets* toegepas word op predikante se regsposisie, ontstaan die kernvraag of die staatsowerheid nie daardeur die ampsbeskouing en derhalwe die gesagsbeskouing van die kerk vir die kerk definieer nie.

Die *organisasietoets* impliseer dat die hof moet bepaal of werkers hulle taak in die strukture van die maatskappy uitgevoer het én of hulle lede van die organisasie was. Dié toets is deur die Appèlhof verwerp omdat dit meer vrae as antwoorde skep en is dus nie meer relevant vir die beoordeling van 'n predikant se regsposisie nie (Grogan, 2003:17).

Die *ekonomiese toets* behels die volgende vraag: ... *'whose business it is' i.e. whether the party performing the work or rendering the service is carrying on the business for himself or herself and on his or her own behalf and not merely for another* (Grogan, 2003:20). Indien die toets op 'n predikant se regsposisie toegepas word, is dit van fundamentele belang om die volgende te bepaal: In wie se diens tree 'n predikant op? Staan 'n kerkraad en 'n predikant in 'n huur- of verhuringsverhouding met mekaar? Wie trek voordeel uit die diens van 'n predikant? Indien iemand voordeel trek uit die diens van 'n predikant, kan dié voordeel met ekonomiese maatstawwe bereken word?

Die *dominante-indruktoets* is toegepas op die predikant se regsposisie in die saak van *Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 38). Volgens dié toets maak die hof 'n

gevolgtrekking uit die geheelbeeld van die tersaaklike verhouding (Grogan, 2003:18). Om 'n geheelbeeld van die verhouding te kry, doen die hof onder meer die volgende:

- die kontrak, of die grond van die verbintenis tussen die partye, word ontleed;
- die metode waarop betaling plaasvind, word in ag geneem;
- die voorsiening van finansiële bates word in ag geneem; en
- by skorsing en ontslag word die regte van 'n werkgewer én 'n werknemer in ag geneem (Grogan, 2003:18).

Dié toets is deur regter Waglay op 'n predikant se regsposisie toegepas in die saak van *Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town)*, met direkte verwysing na die uitspraak in *GG Paxton v The Church of the Province of Southern Africa, Diocese of Port Elizabeth* (unreported case NH11/2/1985 (PE)):

The picture which emerges both from a study of the relevant provisions of the constitution and canons, the acts, and, the actual features of the relationship between the parties, is not one of employment. Rather, it is a picture of a spiritual relationship, commencing in formal terms with the applicant taking an oath of canonical obedience to the Bishop, being vested with the spiritual office of a priest, being licensed to officiate as a priest and authorized to administer the sacraments and perform various other ministrations and duties in accordance with the canons of the church. Certainly the applicant was subject to the authority and discipline of the respondent, but such authority are derived not from any employment relationship between the parties, but from ecclesiastical authority of the respondent, as exercised by its institutions and office-bearers in positions of ecclesiastical superiority in relation to the applicant.

Hoewel die toepassing van die *dominante-indruktoets* deur die hof tot 'n kerklik aanvaarbare uitspraak gelei het, ontstaan dié vraag oor die metode waarop die betrokke toets aangewend word:

- Het die regspraak in 'n godsdienstneutrale staat die bevoegdheid om kerklik-godsdienstbepaalde verhoudings aan die hand van die genoemde toets(e) te analiseer en te benoem?

2.6 Merkers

Die volgende merkers kan op grond van die voorafgaande bespreking aangetoon word:

- Arbeidswetgewing het in die algemeen die billike en regverdige reëling van werkgewers en werknemers se posisie in die werkplek ten doel. Die vraag wat met hierdie studie beantwoord moet word, is of die kerk die werkgewer van 'n predikant is én of predikante werknemers van die kerk is. Verder moet ook vasgestel word of die Gereformeerde Kerkorde op grond van Skrifbeginsels die diens van predikante regverdig en billik reël.
- Arbeidswetgewing beoog om die ongelykheid tussen 'n werkgewer en 'n werknemer uit die weg te ruim; daarom kan arbeidswetgewing nie losgemaak word van die strydbeginsel tussen werkgewer en werknemer, wat kenmerkend van die arbeidsreg is nie. Die vraag ontstaan derhalwe of interne kerklike verhoudings berus op 'n strydbeginsel of op onderlinge liefde.
- Die huur of verhuur van dienste is deurslaggewend om te bepaal of 'n verbintenis onder die kategorie *locatio conductio* val. Die vraag of huur en/of verhuring van dienste deel uitmaak in die ooreenkoms tussen 'n predikant en 'n kerkraad, moet derhalwe beantwoord word.
- 'n Geldige kontrak, ongeag hoe die kontrak deur die partye benoem word, is bepalend om 'n arbeidsverhouding te konstitueer. Die vraag moet dus gevra word of daar 'n kontraktuele verhouding tussen 'n Gereformeerde predikant en 'n kerkraad is.
- Die toetse waardeur die hof bepaal of 'n predikant 'n werknemer van 'n kerkraad is, is nie ontwerp om die komplekse samestelling van eksegeties-dogmaties bepaalde verhoudings, soos die predikant se regsposisie, te ontleed nie. Genoemde toetse is op die verwesenliking van ekonomiese harmonie gerig en kan nie gebruik word as maatstaf vir predikante se regsposisie nie.

2.7 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings word op grond van die beredering van die navorsingsgegewens in dié hoofstuk gemaak:

- Die teenstrydigheid tussen hofuitsprake oor predikante se regsposisie bring die regsekerheid van die kerk en predikante in die gedrang. Die bevindings van die hofuitsprake wat bespreek is, skep 'n situasie waarin onsekerheid oor die verhouding tussen kerk en staat én die reëling van predikante se regsposisie veroorsaak word.
- Op dieselfde vlak as genoemde teenstrydige hofuitsprake vind 'n mens navorsers se verskillende sienings van die probleem: Enersyds word predikante se regsposisie beskou as afhanklik van die staat en deur middel van arbeidswetgewing afdwingbaar op 'n kerkregeringstelsel. Andersyds word 'n kerk self verantwoordelik gemaak vir die bepaling van predikante se regsposisie.
- Deur arbeidswetgewing beoog die staat om 'n demokratiese werksomgewing te skep tot voordeel van werkgewer en werknemer. Die vraag bly egter steeds geld of die kerk 'n predikant se diens steeds effektief kan reël indien arbeidswetgewingsbepalings in die plek van die kerk se regeringstelsel toegepas word.
- Dit is opvallend dat die howe grondwetlike bepalinge oor kerke se posisie in Suid-Afrika, 'n godsdienstneutrale staat, nie toegepas het op die beoordeling van predikante se regsposisie nie. Dit kan inderdaad gevra word of die toepassing van grondwetlike bepalinge nie die teenoorstaande posisie van kerk en staat sodanig definieer dat kerk én staat se bevoegdheid om predikante se regsposisie te reël duidelik omlyn word nie.
- Die opvallende teenstrydighede tussen die bespreekte hofuitsprake oor predikante se regsposisie, sowel as die teenstrydighede wat op grond van die bevindings van navorsers na vore kom, noodsaak die verdere navorsing van 'n ander regstelsel wat ook voldoen aan dieselfde beginsels as dié van 'n neutrale staat.

Hoofstuk 3

PREDIKANTE SE REGSPOSISIE BELIG VANUIT DIE DUITSE KERK-STAATKONTEKS

3.1 Inleiding

Regspraak oor predikante se regsposisie in Suid-Afrika, waarin na buitelandse regspraak verwys word, sluit hoofsaaklik aan by die regstradisie van Engeland en die Statebond (Common Wealth)⁹ (vgl. byvoorbeeld *Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC) waarin die hof op die volgende buitelandse uitsprake gesteun het:

- *Davies v Presbyterian Church of Wales* [1986] 1 All ER 705 (HL);
- *Diocese of Southwark v Coker* [1998] 1CR 140 (CA);
- *President of Methodist Conference v Parfitt* [1984] 1CR 176;
- in Australië: *Greek Orthodox Community of SA Inc v Ermougenus* SCGRC 99-653 (2000) SASC 329; en *Knowles v The Anglican Church Property Trust, Diocese of Bathurst* (1999) 89 IR 47;
- in Nieu Seeland: *Mabon v Conference of the Methodist Church of New Zealand* [1998] 3 NZLR 513)).

Volgens hierdie tradisie is die reëling van predikante se regsposisie 'n interne kerklike aangeleentheid. Die verbintenis tussen 'n predikant en 'n kerk word as 'n godsdienstverbintenis beoordeel waarop die staat nie invloed mag uitoefen nie.

⁹ Vgl. *Regent v Chief Rabbi of the United Hebrew Congregations of Great Britain and the Commonwealth (Ex parte Wachmann)* [1993] 2 All ER 249 (QB) oor die posisie van 'n Joodse rabbi. Die hof het bevind dat 'n rabbi nie 'n werknemer van die Joodse geloofsgemeenskap is nie. Die hof moes ook vasstel of die reëls van natuurlike geregtigheid waarop die rabbi hom beroep het, van toepassing is in 'n tugverhoor van die Joodse geloofsgemeenskap. Die hof het bevind dat dié reëls nie op die Joodse geloofsgemeenskap afgedwing mag word nie. [*Plaintiff would be prepared to rely solely upon the common law concept of natural justice [to overturn the decision of the chief rabbi]. But it would not always be easy to separate out procedural complaints from consideration of substantive principles of Jewish law which may underlie them*] (vgl. Broyde, 1996:225 e.v.). Indien so 'n saak in Suid-Afrika deur die hof beoordeel moet word, kan gevra word of 'n (Joodse) geloofsgemeenskap se interne reg, in die lig van uitvoerige grondwetlike bepalings oor administratiewe geregtigheid in die Grondwet, bo die kerkreg gehandhaaf sal word. Broyde (1996:225) wys daarop dat hoewel nie die bevoegdheid het om die uitsluiting van 'n persoon uit kerklike dienste of uit 'n geloofsgemeenskap te repudieer nie. Indien 'n kontrak tussen partye verbreek, of die ekonomiese regte van 'n Woordbedienaar/rabbi geskend word, het die hof wel die bevoegdheid om die regte en pligte van die persoon te beskerm.

In hierdie hoofstuk word 'n snit uit die Duitse staatskerkreg gemaak van hoe 'n Woordbedienaar (*der Pfarrer*) se regsposisie in die hedendaagse Duitsland beskou word – Duitsland is ook 'n godsdienstrale staat (vgl. Richardi, 2004:1 e.v.). Die beginsels van 'n godsdienstrale staat (vgl. 2.2) met betrekking tot die regsposisie van Woordbedienars en ander geestelikes is in tersaaklike Duitse vakliteratuur en regspraak deeglik nagevors. Hierdie beginsels is as 'n inherente deel van die Duitse kerk-staatverhouding toegepas op Woordbedienars se regsposisie¹⁰.

Die navorsing oor die regsposisie van Woordbedienars word in dié hoofstuk aan die hand van die grondbeginsels van die Duitse staatskerkreg gedoen (vgl. Richardi, 2004:1 e.v.). Sodoende word die moontlikheid geskep om terselfdertyd 'n breër perspektief op die Duitse staatskerkreg te bied as wat dusver in die Gereformeerde kerkreg in Suid-Afrika aangebied is. Die perspektief op die Duitse staatskerkreg is tot dusver in Suid-Afrika hoofsaaklik tot 'n historiese oorsig beperk. Hierdeur is die indruk geskep dat die standpunt van Rudolph Sohm (1970:1), naamlik dat die kerk en die reg met mekaar in stryd is, steeds bepalend is vir die verhouding tussen kerk en staat in Duitsland (vgl. Smit, 1985:269 e.v.; Coertzen, 1991:12 e.v.). In werklikheid bied die Duitse staatskerkreg teenswoordig gesofistikeerde antwoorde op die hedendaagse staat-kerkproblematiek. In die soeke na antwoorde op dié gebied in Suid-Afrika behoort sterk aansluiting by die Duitse staatskerkreg gevind te word.

In hierdie hoofstuk word *eerstens* ondersoek wat die 'bronne van die wette oor godsdienstrale' (*sources of the law on religion*) in Duitsland – 'n neutrale regstaat – inhou vir die reëling van Woordbedienars se regsposisie (vgl. Robbers, 2001:646).

Tweedens word ondersoek wat die spesifieke grondwetlike bepalings in die Grondwet van Duitsland vir die reëling van Woordbedienars se regsposisie inhou. In hierdie proses word nagegaan hoe Duitsland, 'n godsdienstrale staat en binne

¹⁰ Daar is ook aanduidings dat godsdienstraliteit in Suid-Afrika, soos in Duitsland, primêr as 'n 'vryheidsreg' (*freedom-centred right*) geïnterpreteer word (vgl. Du Plessis, 1996:451; Heckel, 1968:27 e.v.). Verder word die horisontale werking van die Suid-Afrikaanse Grondwet (vgl. Art. 8) hoofsaaklik gegrond op die Duitse beskouing van *Drittwirkung* (vgl. byvoorbeeld Visser, 1997:96-302; Olivier, 1995:83; Olivier, 2003:486-494; De Wet, 1995:610-619; De Wet, 1996:577-596; Van der Vyver, 1994:378-395; Pienaar, 2003:583; Rautenbach, 2001:617-642; vgl. *Du Plessis and Others v De Klerk and Another* 1996 (5) BCLR 658 (CC); vgl. *Potgieter en 'n Ander v Kilian* 1995 (11) BCLR 1498 (N)).

die regsfeer van 'n *Rechtstaat*, die kerk die vryheid bied om Woordbedienaars se regsposisie te reël.

Derdens word ondersoek op watter wyse spesifieke probleemareas aangaande predikante se regsposisie in Suid-Afrika vanuit die Duitse kerk-staatkonteks beoordeel kan word. Die navorsingsvraag wat in dié hoofstuk behandel word, is die volgende:

- *Hoe word kernaspekte van 'n Woordbedienaar se regsposisie belig vanuit die Duitse kerk-staatkonteks?*

Dié navorsingsvraag word breër uitgewerk aan die hand van die volgende kernvrae:

- Wat hou die 'bronne van die wette oor godsdienste' (*sources of the law on religion*) volgens die staatskerkreg in Duitsland in vir die reëling van Woordbedienaars se regsposisie?
- Wat hou spesifieke grondwetlike bepalings in die Duitse kerk-staatkonteks in vir die reëling van Woordbedienaars se regsposisie?
- Hoe word probleemareas aangaande die predikant se regsposisie in Suid-Afrika belig vanuit die Duitse konteks?

Die noodsaaklikheid van genoemde toespitsingspunte in die navorsing lê daarin dat relevante staatsregtelike beginsels, soos godsdienstvryheid, staatsneutraliteit en gelykberegtiging (vgl. Durham, 1996:44) nog nie in Suid-Afrika op die regsposisie van predikante toegepas word nie (vgl. 2.2).

3.2 Oorsigtelike vooruitskouing

Die bronne van die wette oor godsdienste is gegrond op die *Freiheits-, Neutralitäts- en Gleichberechtigungsprinzipien* (vgl. Robbers, 2001:646). Op grond van hierdie prinsipes word dit duidelik dat 'n godsdienstneutrale staat as 'n 'onwillige party' geag behoort te word vir die verantwoordelikheid om Woordbedienaars se regsposisie en dié van alle ander geestelikes te reël (vgl. 2.5.7). Hierdie siening beteken dat die

staat Woordbedienaars se regsposisie slegs sal reël indien die kerk dit aan die staat oorlaat.

Die fokus in hierdie hoofstuk val hoofsaaklik op die betekenis van genoemde beginsels van godsdienstvryheid en staatsneutraliteit vir die reëling van Woordbedienaars se regsposisie. Die beginsel van gelykberegtiging kom in die pluralistiese Duitse gemeenskap konkreet tot uitdrukking in die *Körperschaft*-status, wat aan kerke en geloofsgemeenskappe toegeken word (vgl. Schlaich, 1972:181, 186 e.v., 233 e.v., 259 e.v.). Op hierdie wyse word in Duitsland 'n 'regsveralgemening' geskep op grond waarvan alle godsdienste beoordeel word as gelykwaardig voor die reg (Von Campenhausen, 1994:75-77). Die beginsel van gelykberegtiging beteken dat die reëling van Woordbedienaars en ander geestelikes se regsposisie nie eenders gereël moet word nie, maar volgens die spesifieke beskouing van die betrokke geloofsgemeenskap:

... the idea of equal rights makes possible a system of adequate attribution of positions. Equality does not mean identity, but adequacy, i.e., appropriate rights and positions. From the perspective of equality differences are possible as long as they are legitimate (Robbers, 2001:656).

Hierdie beginsel van gelyke regte word verder in 3.4 onder die loep geneem. Eers word egter gefokus op die betekenis van godsdienstvryheid en staatsneutraliteit vir die regsposisie van Woordbedienaars en word veral aandag geskenk aan die volgende vrae:

- Wat hou die beginsel van *godsdienstvryheid* vir 'n Woordbedienaar se regsposisie in?
- Wat hou die beginsel van *staatsneutraliteit* vir die regsposisie van 'n Woordbedienaar in?

3.3 Kort oorsig oor die historiese konteks

3.3.1 Die reëling van die Woordbedienaars se regsposisie

In hierdie onderafdeling word in voëlvlug 'n enkele lyn getrek insake die reëling van Woordbedienaars se regsposisie in Duitsland (kyk Frank, 1976).

In die era van die staatskerk (voor 1919) is kerklike ampsdraers hoofsaaklik as staatsbeamptes beskou – selfs indien die kerklike amp as 'n 'geestelike amp' gekwalifiseer is (Pirson, 1995:846). Die reëling van Woordbedienaars se regsposisie in die verskillende kerke was slegs geldig op grond van die erkenning daarvan deur die staatsreg (vgl. par. 66 II 11 PreußALR; kyk Pirson, 1995:846). Hierdie praktyk hou in dat die staat ook die bevoegdheid gehad het om die kerk se reëlins aangaande Woordbedienaars se regsposisie te begrens (Pirson, 1995:846):

Das kanonische Recht war deshalb auch für die Beurteilung der Rechtsverhältnisse der Geistlichen im staatlichen Rechtsbereich maßgeblich, soweit es nicht wegen Widerspruchs zur Staatsgesetzgebung als nichtig angesehen wurde. Rechtsquelle für das Amtsrecht der evangelischen Geistlichen war die moderne staatliche Gesetzgebung wie das Preußische ALR, aber auch von dieser Gesetzgebung vorausgesetzte Tradition, welche teils im kanonischen Recht, teils in den auf landesherrlicher Autorität beruhenden nachreformatorischen Kirchenordnungen ihren Ursprung hatte (Pirson, 1995:846 voetnoot 2).

Voor 1919 is die kerk in Duitsland op 'n a-historiese en abstrakte wyse gedefinieer as 'n vrywillige vereniging (Pirson, 1994:10 e.v.). Die gevolg hiervan was dat die staat die reg gehad het om in beginsel staatswetgewing toe te pas op interne kerklike reëlins, soos 'n Woordbedenaar se regsposisie. Sedert 1919 (*Weimarer Reichsverfassung*) en gedurende 1949 (*Bonner Grundgesetz*; vgl. *Bonner Grundgesetz*, Art 140 GG i.V.m. Art. 137 Abs. 1 WRV; Von Campenhausen, 1994:77) word 'n skeiding tussen kerk en staat in Duitsland gehandhaaf (Pirson, 1995:846, 847). Dié skeiding het die vraag laat ontstaan of die staat werklik die bevoegdheid het om die regsposisie van Woordbedienaars te reël (Pirson, 1995:846 voetnoot 5). Staatsregtelike ontwikkelinge, waarop in hierdie proefskrif nie ingegaan word nie, maar wat tot hedendaagse grondwetlike bepalings in Duitsland gelei het, dui daarop dat 'n godsdienneutrale staat nie die reg het om Woordbedienaars se regsposisie namens die kerk te reël nie. Vandag word derhalwe algemeen aanvaar

dat die reëling van Woordbedienaars se regsposisie onder die reëlingsbevoegdheid van die kerk val op grond van die reg op selfbesikking soos gewaarborg deur die grondwet (BVerfGE 70, 138 (164 e.v.); vgl. Mayer-Maly, 1976(a):132).

3.3.2 Oor die onderskeid tussen kerkreg en staatskerkreg

Binne die raamwerk van die hedendaagse konstitusionele era in Duitsland word die Duitse staatskerkreg uitsluitlik as 'n juridiese vakgebied beoefen. Die staatskerkreg is verantwoordelik vir die ontwikkeling van die beginsels van die *Rechtstaat*, *Freiheit*, *Neutralität* en *Gleichberechtigung*. Dié beginsels veronderstel in 'n mindere of meerdere mate dat die kerk en die staat onafhanklik van mekaar moet funksioneer. Die fokus op hierdie beginsels rig die staat-kerkverhouding in sy geheel vanuit die Grondwet (vgl. Pirson, 1994:3 e.v.). Hiervolgens kan die hedendaagse era van die staatskerkreg as 'n 'konstitusionele' era beskryf word.

'n Gevolg van die sterk fokus op die Grondwet, waarin genoemde beginsels beskerm word, het gelei tot die besef dat die staatskerkreg en die kerkreg twee afsonderlike regsferes is wat *tota coela* van mekaar verskil (Mehlhausen, 1997:446). Die Duitse staatskerkreg erken dat die kerkregering 'n *ius sui generis* is én 'n spesifieke wyse waarop die kerk die belydenis uitleef (vgl. Mehlhausen, 1997:446; Weber, 1966:33; Robbers, 1997:484). Die kerkreg rus op die grondbeginsels van die Godsopenbaring en die kerklike belydenis daarvan. Die kerk het die selfstandige volmag om hierdie geloofsbepalings te formuleer en kerklidmate hiervolgens te rig (vgl. Wendt, 1994:21:22). Die Duitse teoloog, Karl Barth, beskryf die kerkreg inderdaad aanvaarbaar as 'n 'Geestesreg' (vgl. Dreier, 1997:196). Hiervolgens mag die bepalinge van die kerkreg en die kerkregering slegs geformuleer en toegepas word deur die kerk wat beskou word as 'n geloofsgemeenskap wat deur die Gees versamel is (vgl. Dreier, 1997:196).

In hierdie deel van die navorsing word gefokus op die uitgangspunte en beskouing in die Duitse staatskerkreg, en waar nodig, word uitgangspunte en gebruike van die kerkreg betrek.

3.3.3 *Die wisselwerking tussen kerk en staat*

In Duitsland veroorsaak die verhouding tussen kerk en staat dat albei instellings wedersyds 'n positiewe invloed op mekaar uitoefen. 'n Gevolg hiervan is dat die staatsregtelike en kerkregtelike beskouings oor kerklike en staatsamp te mekaar beïnvloed (Solte, 1994:562; vgl. Mainusch, 2002:27-29). In hierdie opsig moet gestel word dat die uitgebreide 'Beamptereg' in Duitsland nie voorsiening maak vir die reëling van kerklike amp te nie. Woordbedienaars se regsposisie word dus nie deur die Beamptereg in Duitsland gereël nie. In die Duitse stelsel mag die staat nie doelbewus invloed op kerklike amp te uitoefen nie. Die histories bepaalde wisselwerking tussen die ampsbeskouing van die kerk en die staat word uitdruklik daardeur beperk dat die kerk se selfstandigheid nie in gedrang gebring mag word nie (Pirson, 1995:847 e.v.).

Wisselwerking tussen die ampsbeskouing van die kerk en dié van die staat is egter moontlik, omdat die kerklike en die staatsamp volgens die juridiese bepalings in Duitsland verskeie ooreenkomste toon op grond waarvan 'n vergelykingsbasis geskep word:

Das Amt der Geistlichen war und ist wie ein staatliches Amt ein durch die personale Verpflichtung des Amtsträgers geprägtes Rechtsverhältnis. Nicht nur in der zentrale Bedeutung, die der Pflicht zu persönlicher Treue zukommt, sondern auch in anderen Rechtsbeziehungen ... treten Gemeinsamkeiten zwischen kirchlichem und weltlichem Amt in Erscheinung (Pirson, 1995:845).

3.4 *Die 'bronne van die wette oor godsdiens' (sources of the law on religion): betekenis vir die regsposisie van die Woordbedienaar*

3.4.1 *Godsdiensvryheid*

3.4.1.1 *Die kerk se vryheid om sy eie kerkregtelike bepalings daar te stel en te onderhou*

Die begrip *godsdiensvryheid* is wêreldwyd in gelykwaardige betekenisvorme geformuleer. Hierdie begrip het sy oorsprong hoofsaaklik in die staatsreg gehad. 'n

Internasionale regsweergawe van wat die begrip *godsdienstvryheid* impliseer, word vervolgens weergegee soos dit gestel is in 'n Kanadese hof:

Of the right to freedom of religion the following was said in S v Lawrence; S v Negal; S v Solberg 1 1997 (4) SA 1176 (CC) at 1208 in the judgment of Chaskalson P (paragraph 92): 'In the Big M Drug Mart case (R v Big M Drug Mart Ltd (1985) 13 CRR 64 at 97, a decision of the Supreme Court of Canada) Dickson CJC said:

'The essence of the concept of freedom of religion is the right to entertain such religious beliefs as a person chooses, the right to declare religious beliefs openly and without fear of hindrance or reprisal, and the right to manifest religious belief by worship and practice or by teaching and dissemination.'

I cannot offer a better definition than this of the main attributes of freedom of religion. But, as Dickson CJC went on to say, freedom of religion means more than this. In particular he stressed that freedom implies an absence of coercion or constraint and that freedom of religion may be impaired by measures that force people to act or refrain from acting in a manner contrary to their religious beliefs (Nkosi and Another v Bührmann 2002 (6) BCLR 574 (SCA)).

Vanuit 'n breër Europese raamwerk bied die *Konvention zum Schutze der Menschenrechte und Grundfreiheiten vom 4. November 1950 (Europäische Menschenrechtskonvention)* (EMRK) perspektief op die reëling van Woordbedienaars se regsposisie. Artikel 9 van die Konvensie bepaal die volgende:

- (1) Jedermann hat Anspruch auf Gedanken-, Gewissens- und Religionsfreiheit; dieses Recht umfaßt die Freiheit des Einzelnen zum Wechsel der Religion oder der Weltanschauung sowie die Freiheit, seine Religion oder Weltanschauung einzeln oder in Gemeinschaft mit anderen öffentlich oder privat, durch Gottesdienst, Unterricht, durch die Ausübung und Beachtung religiöser Gebräuche auszuüben.*
- (2) Die Religions- und Bekenntnisfreiheit darf nicht Gegenstand anderer als vom Gesetz vorgesehener Beschränkungen sein, die in einer demokratischen Gesellschaft notwendige Maßnahmen im Interesse der öffentlichen Sicherheit, der öffentlichen Ordnung, Gesundheit und Moral oder für den Schutz der Rechte und Freiheiten anderer sind.*

In Artikel 9 EMRK word die godsdienstvryheid van die individu beskerm. Naas die beskerming van die individu in hierdie opsig word ook die godsdienstvryheid van die kerk en ander geloofsgemeenskappe gewaarborg (Robbers, 1994:316). Volgens dié

gesaghebbende dokument word regte gewaarborg op grond van godsdiensvryheid waarvolgens die kerk sy eie kerkregtelike bepalings kan onderhou, solank hierdie bepalings 'binne die grense van alle geldende wette' val. In die lig van die beginsel van godsdiensvryheid én die uitlewing van godsdiensvryheid (EMRK Art. 11) is dié bepalings ook toepaslik op Woordbedienaars se regsposisie (vgl. Robbers, 1994:317, 329).

Robbers (1994:317) wys daarop dat kerke met regspersoonlikheid in Duitsland volgens Artikel 25 (EMRK) erken word as niestaatsorganisasies. Hierdie erkenning impliseer dat kerke nie in die staatsorde ingelyf word nie. Aan sulke kerke en/of geloofsgemeenskappe word die status van publiekregtelike organisasies gegee (*Körperschaft des öffentlichen Rechts*) (Robbers, 1994:317). In die kerk as 'n publiekregtelike organisasie word die reëling van kerklike ampte beoordeel as 'n 'lewensuiting' van die kerk (vgl. Richardi, 2004:1):

Die freie Ausübung von Religion in Gemeinschaft von Gläubigen setzt Eigenständigkeit in der inneren Organisation, im Ämterrecht, in der Gestaltung des Kultus und in der Bestimmung der als Glaubensgebot verstandenen Aufgaben der Gemeinschaft notwendig voraus
Robbers, 1994:317; my beklemtoning – JS).

Volgens bogenoemde siening is dit die kerk se reg om 'n Woordbedenaar se regsposisie te reël. Hierdie reg mag net ingeperk word 'vanweë dwingende gronde tot voordeel van die gemeenskap' (EMRK 1(2); vgl. Robbers, 1994:329). In Duitsland ondersteun kerke binne die Reformatoriese tradisie hierdie siening op grond van hulle positiewe beskouing van die staat as instelling van God. Die kerk se positiewe beskouing van die staat maak dit bykans onmoontlik dat die staat 'n beperking op Reformatoriese kerke sou plaas aangaande die kerk se reg om Woordbedienaars se regsposisie te reël (vgl. Heckel, 1994(a):157-208).

3.4.1.2 *Die vryheid van die kerk om sy godsdiensebepaalde opdrag en taak te reël*

In Duitsland word die kerk se reg om Woordbedienaars se regsposisie te reël direk verbind aan die volgende beginsels: dat kerk en staat geskei is en dat die reg van

godsdienstvryheid bestaan (vgl. Art. 140 GG i.V.m. Art. 137 Abs. 1 WRV; vgl. Robbers 2001:646 e.v.). Dié beginsels is inherent aan mekaar verbind. In die Duitse kerk-staatkonteks word die skeiding tussen kerk en staat gekenmerk deur 'n wedersydse, diepliggende eerbied vir elkeen se respektiewe take en terreine (kyk Heckel, 1994(a):185 se bespreking van die *Barmen Erklärung*).

Dié beskouing, veral sedert 1949, is onder meer 'n gevolg van die radikale breuk met die staatskerk-era. Vandag is daar nie meer sprake daarvan dat die Evangeliese kerke as staatskerk funksioneer nie (Badura, 1994:232, 233; vgl. Krüger, 1994:745 e.v.). In die hedendaagse kerk-staatverhouding het die fokus verskuif na die kerk en die staat se gebondenheid aan die grondwet én die vryheid wat daardeur vir albei geskep word om hulle afsonderlike take uit te voer (Art. 20 Abs. 3; Art. 1 Abs. 3 GG; Art 140 GG i.V.m. Art. 137 Abs. 3 WRV.). Hierdie fokusverskuiwing beteken dat die kerk en die staat vry van mekaar binne die grense van alle geldende wette funksioneer. Sodoende word wedersydse inmenging in die uitvoering van elkeen se afsonderlike take verbied (vgl. Heckel, 1968, Hollerbach 1968 en 1998; Von Campenhausen, 1994:67).

Die vraag wat vir die navorsing van belang is, is die volgende: Wat hou dit in dat die kerk en die staat se afsonderlike bevoegdheidsfere vir die reëling van Woordbedienaars se regsposisie uitdruklik erken word? In hierdie opsig moet twee aspekte onderskei word:

- Die hedendaagse staat se reëlingsbevoegdheid is beperk tot die immanente (tydelike, wêreldlike).
- Die kerk het vanweë die belydenismatige aard van die bepalings oor Woordbedienaar se regsposisie die bevoegdheid om reëlins wat buite die staat se bevoegdheidsfeer val, daarvoor te tref.

3.4.1.2.3 *Reëlinsbevoegdheid van die hedendaagse staat*

In Duitsland word aanvaar dat dit uitsluitlik die taak van die staat is om sosiale geregtigheid te laat geskied (Pirson, 1995:859). Om hierdie taak uit te voer word die staat beskou as *der Herr der Rechtsordnung* (Weber, 1966:19, 20, 28, 36) én duld

die staat nie inmenging in sy regeringstaak nie (Heckel, 1968:27-29). Die doel van die staat se regeringstaak is om die vryheid van sy burgers binne die regsorde te waarborg sodat hulle in vrede en welstand kan lewe (Kirchhof, 1994:651). Hierdie regeringstaak en die waarborg van vryheid, vrede en welstand beteken nie dat die godsdienstneutrale staat voorgee om 'n tipe 'staats-almagtigheid' te hê nie (Badura, 1994:222). Die regsorde waaroor die staat bevoegdheid het en gesag uitoefen, is uitsluitlik beperk tot die tydelike en die sigbare werklikheid (Heckel, 1994(b):618):

Der Staat anerkennt nämlich in der Verfassung die eigenständige Existenz der Kirchen und Religionsgemeinschaften aus eigenem Recht, er anerkennt das hohe Gut der Religions- und Kirchenfreiheit und damit, bekräftigt durch das Verbot der Staatskirche, seine eigene Selbstbegrenzung als weltliche Ordnungsmacht (Hollerbach, 1994:270).

Op hierdie wyse word die beginsel gestel dat 'n godsdienstneutrale staat nie daarop aanspraak mag maak om as 'n *heilsgemeenskap* vir staatsburgers op te tree nie (Kirchhof, 1994:651). Die staat het ook nie die verantwoordelikheid om 'n geestelike bestaansdoel vir sy burgers te gee óf te verklaar nie (Kirchhof, 1994:651). Die staat mag die evangelie dus ... *nicht hervorbringen, nicht stiften, nicht erhalten, nicht gewährleisten, erst recht: nicht erzwingen* (Hollerbach, 1998:34). Volgens die beginsel van godsdienstvryheid is die staat dus verplig om nie in te meng met die uitlewing van godsdienst nie.

3.4.1.2.2 *Die sfeer van kerklike reëlinsbevoegdheid*

Volgens die algemeen aanvaarde beskouing in Duitsland het die kerk die verantwoordelikheid om opdragte en take van die kerk uit te voer – 'n verantwoordelikheid wat volgens Hollerbach (1998:34) op 'n direkte of indirekte wyse buite die reëlinsbevoegdheid van die staat val. Binne die raamwerk van die kerk se reëlinsbevoegdheid kom die take van die Woordbedienaar ter sprake – take wat byvoorbeeld in verskillende kerklike tradisies soos volg omlyn word:

Der Dienst des Pfarrers ist bestimmt und begrenzt durch den Auftrag, den die Kirche von ihrem Herrn erhalten hat. An diesem Auftrag sind Rechte und Pflichten des Pfarrers zu messen (par. 2 PfG der VELKD)

Vergelyk in samehang met bogenoemde uitgangspunt ook par. 1 Abs. 1 PfDG der EKV waarin die vereiste van ordening gestel word as grond waarop die Woordbedienaar sy regte en pligte ontvang.

Kyk ook na die bepalings binne die raamwerk van die Rooms-Katolieke tradisie (c. 145 par. 1 CIC):

Officium ecclesiasticum est quod libet munus ordinatione sive divina sive ecclesiastica stabilius constitutum in finem spiritalem exercendum.

Die taak van die kerk, wat die opdrag van die Woordbedienaar insluit, plaas die reëling van Woordbedienaars se regsposisie buite die seggenskap van die staat (vgl. BVerfGE 70, 138 (164 e.v.)). Verder is die belydenismatige aard van bepalings oor die Woordbedienaar se regsposisie in hierdie konteks 'n deurslaggewende aanduiding dat die kerk, en nie die staat nie, Woordbedienaars se regsposisie moet reël (vgl. Richardi, 2004:5, 6). 'n Godsdienstneutrale staat mag nie enige invloed op aangeleenthede uitoefen wat deur die belydenis van die kerk gerig word nie (vgl. Pirson, 1995:846). In die Rooms-Katolieke kerkreg, die Evangeliese kerkreg én die Duitse staatskerkreg word aanvaar dat die belydenis en die regering van die kerk nie van mekaar geskei mag word nie (Richardi, 2004:5, 6). Met betrekking tot Woordbedienaars se regsposisie is daar teenswoordig 'n sterk bewustheid dat reëlins daaroor nie in stryd met die belydenis van die kerk mag wees nie. Die bepalings oor Woordbedienaars se regsposisie word derhalwe *bekenntnismäßige Verständnis prägend* opgestel (Richardi, 2004:5, 6).

Die band tussen die belydenis en die bepalings oor Woordbedienaars se regsposisie beteken dat dié aangeleentheid beoordeel moet word as 'n wyse waarop die kerk sy belydenis uitleef (vgl. *Barmen Erklärung These 2, 5*; Frank, 1976:18). Die erkenning van die belydenis en die bepalings van die regsposisie beteken nie dat dit die staat se verantwoordelikheid is om die sfeer van kerklike vryheid in so 'n mate uit te brei dat die kerk die bevoegdheid het om Woordbedienaars se regsposisie te reël nie (Pirson, 1995:847). Die kerk het volgens sy eie aard die reg om sy eie opdrag en taak kerkregtelik te reël – 'n reg waaroor die staat nie intrinsieke seggenskap het nie. In ooreenstemming met hierdie siening mag die staat slegs seggenskap hê oor

aangeleenthede wat in die sekulêr begrensde doel van die staat inpas (Pirson, 1995:847). Volgens genoemde siening mag 'n godsdienstneutrale staat, in die lig van die beginsel van godsdienstvryheid, nie uit eie oorweging of inisiatief seggenskap hê oor die reëling van Woordbedienaars se regsposisie nie (vgl. BVerfGE 42, 312 (344 e.v.):

Einwirkungen des staatlichen Rechts auf das, was dem kirchlichen Auftrag inhaltlich ausmacht, sind deshalb für ein säkulares Staatsverständnis unvorstellbar (Pirson, 1995:848).

3.4.1.3 Staatserkenning van die kerk se vryheid

In hierdie paragraaf word die bespreking gerig vanuit die hoek dat die staat die kerk se vryheid erken om Woordbedienaars se regsposisie te reël. Juis die klem op godsdienstvryheid bied die basis op grond waarvan die Duitse *Rechtsstaat* kerke die geleentheid bied om Woordbedienaars se regsposisie selfstandig te reël (vgl. Jurina, 1994:705). Dié vryheidsbeginsel moet verstaan word vanuit die perspektief van die oppergesag van die reg. As 'heer van die regsorde' bied die staat die kerk die geleentheid om in die staatshuishouding selfstandig op te tree en interne kerklike aangeleenthede selfstandig en sonder voorskrifte van die staat te reël. Die staat bied die kerk dus ook die geleentheid om die regsposisie van Woordbedienaars selfstandig te reël en die keuse om hiervan gebruik te maak berus by die kerk (vgl. Jurina, 1994:705).

Wat die reëling van die Woordbedenaar se regsposisie betref, moet die Duitse staat se posisie teenoor die kerk verstaan word as 'toekenning' en 'afstand' (Kirchhof, 1994:655). Aan die kerk word 'n posisie buite die staatsorde *toegeken* – 'n posisie van 'gelykordening' met die staat wat die reëling van interne kerklike aangeleenthede betref (Kirchhof, 1994:655). Die aspek van *afstand* kom veral na vore deurdat die staat sekere *Hoheitsrechte* van die kerk erken en ook deurdat die staat die kerk die geleentheid bied om hierdie regte uit te oefen (Kirchhof, 1994:655):

Insofern ist die Kirche eine parallel zum Staat wirkende Institution, der die Verfassung ein Bündnis zwischen verschiedenen, ihr wirken aufeinander abstimgenden Mächten anbieten (Kirchhof, 1994:655).

Die staat bied die kerk en ander geloofsgemeenskappe die reg om op grond van hulle selfdefiniëring 'n keuse uit te oefen oor die reëling van Woordbedienaars se regsposisie. Geloofsgemeenskappe met die status van *Körperschaften des öffentlichen Rechts* én geloofsgemeenskappe met privaatregtelike status het die bevoegdheid om die regsposisie van Woordbedienaars en ander geestelikes selfstandig te reël (Jurina, 1994:705). Hierdie reg is gesetel in 'n keuse wat onlosmaaklik deel van die beginsel van godsdiensvryheid is (vgl. Jurina, 1994:705):

Wie die Großen Kirchen, so sind auch die Religionsgemeinschaften mit privatrechtlichem Rechtsstatus befugt, ihre eigenen Dienste und somit auch ihre eigenes Dienst- und Arbeitsrecht als 'eigene Angelegenheit' nach ihrem Selbstverständnis entstammenden Grundsätzen selbständig zu regeln. Wo sie Religionsgemeinschaftlichen Diensten die Gestalt eines Arbeitsverhältnis geben, gelten für sie die vom Bundesverfassungsgericht hervorgehobenen rechtlichen Folgen dieser 'Rechtswahl'. Allerdings ist hier wie auch sonst bei der Anwendung der über die Schrankenklausele ins Spiel kommenden staatlichen Gesetze die Zuordnung dieser Arbeitsverhältnisse zu den eigenen religionsgemeinschaftlichen Angelegenheiten zu beachten (Jurina, 1994:705).

3.4.1.4 *Kerklike vryheid en bevoegdheid om Woordbedienaars se regsposisie te reël*

Kerke in verskillende kerklike tradisies gee op verskillende wyses uitvoer aan die keuse wat die staat die kerk bied om Woordbedienaars se regsposisie op grond van die reg van godsdiensvryheid te reël. Sodoende maak die verskillende tradisies op eiesoortige maniere van die geleentheid gebruik om Woordbedienaars se regsposisie te reël. Kerke in die Evangeliese tradisie asook die Rooms-Katolieke Kerk se reëlings in hierdie verband dien as voorbeelde.

3.4.1.4.1 *Kerke in die Evangeliese tradisie*

Kerke in die Evangeliese tradisie reël die regsposisie van Woordbedienaars by wyse van die *Pfarrerdienstrecht* in kerkordes of kerkwette (*Pfarrerdienstgesetz*). Die

bevoegdheid om Woordbedienaars se regsposisie te reël berus uitsluitlik by die onderskeie kerke¹¹. Vergelyk byvoorbeeld die volgende:

- *Lippischen Landeskirche* v 5.6.1973, GVBl. Bd. VI S. 65 zul. geänd. d. KG v. 28.11.2000., GVBl. BD. 12 S. 90;
- KG der Ev. Kirche in Hessen und Nassau über die Dienstverhältnisse der Pfarrer (Pfarrergesetz) i.d.F.d Bkm. v. 1.11.1976, KABL. S153, zul. geänd. d. KG v.5.12.1997, KABL. 1998 S. 50;
- KG über das Dienstverhältnis der Pfarrer der *Ev. Landeskirche in Württemberg*: Württembergisches Landesgesetz: i.d.F.d. Bkm. V. 2.3.1989, Abl. BD. 54 S. 38, zul. Geänd. d. KG v. 25.10.2001., Abl. BD. 59. S. 403;
- KG über die dienstrechtlichen Verhältnisse der Pfarrerinnen und Pfarrer in der Ev. Kirche der Union (Pfarrerdienstgesetz – PFDG) v. 15.6.1996, ABL. EKD S. 470, zul. geänd. d. VO vom 5.4.2001, ABL. EKD S. 253;
- KG zur Regelung der Rechtstellung der Pfarrer und Pfarrerinnen der Ev.-ref. Kirche (Synode Ev.-ref. Kirchen in Bayern und Northwestdeutschland) (Pfarrerdiensgesetz) i.d.F.d. Bkm. v. 4.5.2000, GVBL. Bd. 19 S. 266;
- KG zur Regelung des Dienstes der Pfarrer und Pfarrerinnen in der Vereinigten Ev.-Luth. Kirche Deutschlands (Pfarrergesetz – PfG) v. 17.10.1995, ABL. VELKD Bd. VI S. 274, ber. Bd. VII S. 12, zul. geänd. D. KG v. 17.11.2000, ABL. EKD S. 128).

Die historiese vervlegting van die staatsreg en die kerkreg in die Evangeliese tradisie bied die agtergrond waarteen dié kerke die keuse uitgeoefen het om Woordbedienaars se regsposisie te reël as selfstandig en gelykwaardig aan die staatsamp (vgl. 3.3). Op grond van dié kerke se keuse word hulle siening van Woordbedienaars se regsposisie beskou as 'n publiekregtelike verbintenis van diens en trou (Frank, 1976:718 e.v.; Pirson, 1995:850; Richardi, 2004:6 voetnoot 27).

¹¹ Die Evangeliese kerke se bewustheid van die Nasionaal-sosialisme (Nazi-regime) se vyandige gesindheid teenoor die kerk het daartoe gelei dat dié kerke die reg van selfstandige kerkregering en ordening vir hulleself toegeëien het. Die *Barmen Erklärung* wat tydens die *Bekennnis Synode von Barmen* in 1934 opgestel is, het hoofsaaklik as 'n basisdokument vir die verwerkliking van kerklike selfstandigheid gedien. Die Evangeliese kerke se opeis van die reg van selfstandige kerkregering en ordeling kom veral in artikels 2 en 5 van die *Barmen Erklärung* na vore.

3.4.1.4.2 *Die Rooms-Katolieke Kerk*

Die Rooms-Katolieke Kerk reël die regsposisie van Woordbedienaars en ander geestelikes op grond van bepalings in die *Codex Iuris Canonici* (cc. 145-196, 232-293, 1740-1752). Vanuit die Rooms-Katolieke tradisie word die *Codex Iuris Canonici* graag voorgehou as 'n model vir die burgerlike reg (Erler, 1983:30). Sodoende het die Rooms-Katolieke Kerk die keuse uitgeoefen om die regsposisie van geestelikes volgens die bepalings van die *Codex Iuris Canonici* te reël en nie aan die hand van die staatsreg nie. Die Rooms-Katolieke Kerk beskou die regsposisie van hulle geestelikes derhalwe nie as publiekregtelike verbintenisse van diens en trou nie (Richardi, 2004:6 voetnoot 27). Die Rooms-Katolieke Kerk oefen derhalwe die keuse uit om die kerklike amp nie as gelykwaardig aan die staatsamp te reël nie (Richardi, 2004:6 voetnoot 27). Die beginsel van godsdienstvryheid verplig kerke nie tot 'n eenderse reëling van die Woordbedenaar se regsposisie nie. In die lig van die beginsel van godsdienstvryheid het die kerk die bevoegdheid om die Woordbedenaar se regsposisie op grond van eksegetiese gegewens en dogmatiese beskouing te reël. Hierdie bevoegdheid beteken ook dat die kerk die reg het om te bepaal volgens watter regsvorm die kerklike dienste gereël en derhalwe beoordeel moet word (BVerfGE 70, 138 (164 e.v.)).

3.4.2 *Staatsneutraliteit*

3.4.2.1 *Die staat se godsdienstoneutrale uitgangspunt – grondwetlike bepalings*

Die godsdienstoneutrale uitgangspunt van die staat word nie uitdruklik omskryf in die Grondwet van Duitsland nie – soos ook nie in die Suid-Afrikaanse Grondwet nie – maar word afgelei uit verskeie verbandhoudende grondwetlike bepalings, naamlik:

- die waarborg van geloofs-, gewetens- en belydenisvryheid (Art. 4 GG),
- die verbod op 'n staatskerk (Art. 140 GG i.V.m Art. 137 Abs. 1 WRV),
- die gevolglike skeiding tussen kerk en staat, en
- die verbod teen diskriminasie op godsdienstbepaalde gronde (Von Campenhausen, 1994:77).

3.4.2.1.1 Staatsverpligtinge op grond van 'n neutrale uitgangspunt

Die neutraliteitsuitgangspunt van die staat verplig die staat om 'n 'versigtige' posisie teenoor die kerk en ander geloofsgemeenskappe in te neem (Von Campenhausen, 1994:77). Die neutraliteitsbeginsel sentreer in die nie-identifisering (*Nicht-Identifikation*) van die staat in aangeleenthede wat bepaal word deur godsdiens of ideologie (Von Campenhausen, 1994:77). Die staat se neutrale uitgangspunt fokus op die 'algemene' in die gemeenskap, en nie op die 'besondere' nie. So 'n uitgangspunt beteken dat die kerk nie noodwendig gebonde is aan staatswetgewing buiten die Grondwet nie. Sodanige staatswetgewing kan byvoorbeeld arbeidswetgewing wees wat die besonderhede van die staatsbestel reël. Die kerk reël sy eie besondere sake op grond van die kerk se vryheid in die staat én vanweë God se besondere orde vir sy kerk (vgl. Robbers, 1997:484). Die Woordbedienaar se regsposisie is deel van die 'besonderhede' of eiesoortige aard van die kerk se werking en is 'n terrein waaroor die kerk reëlingsbevoegdheid het. Dié orde moet beskou word as *geistig-geistlich, auf freiwilliger Einordnung, möglicherweise auch Unterordnung unter geistige Sanktionen basierend, nicht aber als weltliche, mit Zwang bestückte Hoheitsgewalt und nicht als öffentlichrechtliche Rechsetzungsgewalt* (vgl. Weber, 1966:33).

Indien 'n godsdiensneutrale staat sy taak uit eie oorweging sou identifiseer met 'besondere sake', soos die reëling van Woordbedienaars se regsposisie as 'n belydenisgerigte aangeleentheid, sou hierdie handeling 'n kenmerk van staatsabsolutisme weerspieël (vgl. Schlaich, 1972:236, 237):

Der Moderne Staat darf sich mit keiner Besonderheit identifizieren. Die Gesellschaft ist die Sphäre der Besonderheiten, dorthin sind sie von Staat zu verweisen, um ihnen die Wirkungsmöglichkeiten nach ihren Eigenart zu sichern. Aus dem Staat sind sie Auszuklammern; der Staat hat solchen Themen gegenüber seine Indifferenz zu erklären: Der sich identifizierende Staat ist der Totale Staat; der moderne Staat dagegen ist ein 'Gemeinwesen ohne besondere Eigenschaften'. Die 'Allgemeinheit' ist ein Wesenszug des Modernen Staates von größter Bedeutung.

So gilt: 'Was für den Bürger die qualitative Allgemeinheit ist, ist für den Staat als Ganzen das Prinzip der Nichtidentifikation'. Und: 'Nicht-Identifikation auf Seiten des Staates erweist sich damit als gleichbedeutend mit Freiheit auf der Seite des Bürgers' (Schlaich, 1972:237, 238).

3.4.2.1.2 Neutraliteit en die Woordbedienaar se regsposisie

Pirson (1995:848) verbind die feit dat die staat homself nie identifiseer met 'besondere' aspekte, soos die reëlingsbevoegdheid van Woordbedienaars se regsposisie nie, binne die konteks van die kerk en Woordbedienaars se opdrag en taak. In ooreenstemming met die aard van hierdie opdrag en taak het 'n godsdienstneutrale staat nie die reg om beheer uit te oefen op die reëling van Woordbedienaars se regsposisie nie:

Unter diesem Gesichtspunkt sind die Rechtsverhältnisse im Zusammenhang mit dem kirchlichen Amt in besonderem Maße einer Einwirkung von seiten des Staates entzogen. Denn die einem kirchlichen Amtsträger übertragene Aufgabe ist mit der generell der Kirche in der Welt übertragenen Aufgabe der Sache nach identisch. Der Amtsträger ist verpflichtet, den Auftrag der Kirche, die christliche Botschaft in Wort und Sakrament zu verkündigen, zum vorrangigen Masstab seines gesamten Handelns zu machen. Einwirkungen des staatlichen Rechts auf das, was den kirchlichen Auftrag Inhaltlich ausmacht, sind deshalb für ein säkulares Staatsverständnis unvorstellbar (Pirson, 1995:847/8).

Voortspruitend uit die neutraliteitsbeginsel volg die deurslaggewende afleiding dat die staat nie die bevoegdheid het om die regsposisie van Woordbedienaars op grond van eie oorwegings te reël nie. In werklikheid beklemtoon die neutraliteitsbeginsel dat die Woordbedienaar se godsdienstbepaalde taak buite die sfeer van die staat se immanente reëlingsbevoegdheid val (vgl. Holstein, 1927:153-208). Hierdie beklemtoning hou in dat die beginsel van godsdienstneutraliteit wat deur die grondwet gewaarborg word, én die regte wat daardeur in die staatskerkregtelike stelsel gewaarborg word, 'n spieëlbeeld van die grondwetlik bepaalde reg van godsdienstvryheid is (Badura, 1994:221). Die staat se godsdienstneutrale uitgangspunt komplementeer dus die reg van godsdienstvryheid. In werklikheid behoort die een nie sonder die ander verstaan of toegepas te word nie. Albei vorm die grondslag van die rede waarom die staat nie sy hand aan interne kerkregtelike reëlings, soos die reëling van die Woordbedienaar se regsposisie, behoort te waag nie (vgl. BVerfGE 42, 312 (334 e.v.); BVerfGE 70, 138 (164 e.v.)).

3.4.2.2 Staatsneutraliteit begrens die staat se regsbevoegdheid ten opsigte van die kerk

In BverfG, BvR 1436/02 vom 3.6.2003 moes die Duitse Konstitusionele Hof prinsipieel beslis oor die posisie van die godsdienstneutrale staat ten opsigte van die ampte van die kerk en ander godsdienstgemeenskappe:

Die dem Staat vom Grundgesetz auferlegte Pflicht zu weltanschauliche Neutralität sei keine distanzierende, abweisende im Sinne der laizistischen Nichtidentifikation mit Religion und Weltanschauungen, sondern eine respektierende, versorgende Neutralität, die den Staat verpflichte, dem Einzelnen wie auch den Religions- und Weltanschauungsgemeinschaften einen Betätigungsraum zu sichern. Die dem Staat gebotene religiös-weltanschauliche Neutralität ist indes nicht eine distanzierende im Sinne einer strikten Trennung von Staat und Kirche, aber als eine und übergreifende, die Glaubensfreiheit für alle Bekenntnisse gleichermaßen fördernde Haltung zu verstehen ... Der Staat darf lediglich keine gezielte Beeinflussung im Dienste einer bestimmten politischen, ideologischen oder weltanschaulichen Richtung betreiben oder sich durch von ihm ausgehende oder ihm zuzurechende Maßnahmen ausdrücklich oder konkludent mit einem bestimmten Glauben oder einer bestimmten Weltanschauung identifizieren und dadurch den religiösen Frieden in einer Gesellschaft von sich aus gefährden (BverfG, BvR 1436/02 vom 3.6.2003 par 10).

Die besef dat die regsprekende gesag die verantwoordelikheid het om deur 'n neutraliteitstandpunt die vrede in die gemeenskap te handhaaf, word direk verbind aan die feit dat die staat beperk word om seggenskap oor die dienste (amppte) van die kerk te hê. Die neutraliteitstandpunt van die staat is spesifiek gerig op die onderhouding van vrede in die gemeenskap. In die Franse konteks, waar die neutraliteitstandpunt van die staat oorspronklik ontwikkel is, is die uitsprake van Michel de L'Hospital en Richelieu rigtingaanduidend vir dié ontwikkeling:

Der König will nicht, das ihr um die bessere Meinung streitet; denn nicht de constituenda religione sed de constituenda republica steht hier in Frage; selbst der Exkommunizierte hört nicht auf, Staatsbürger zu sein (Michel de L'Hospital aangehaal in Schlaich, 1972:32).

Im Glauben getrennt, bleiben wir in einem Fürsten vereint (Richelieu aangehaal deur Schlaich, 1972:32; onderstreping dié van die outeur).

Die Duitse beskouing oor staatsneutraliteit lê onder meer in die besef dat die staat ook in kerklike konfliktevalle die posisie van 'n onpartydige derde party moet inneem

(Schlaich, 1972:31). Dié beskouing het eweneens 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van die *Rechtstaatsprinzip* gehad. Die *Rechtstaatsprinzip* impliseer dat die staat soewerein is met betrekking tot die reëling van die burgerlike regsfeer. Sodoende is die fokus op die teologiese waarheidsvraag prysgegee ter wille van die handhawing van die politieke orde in die staat. Op grond van die *Rechtstaatsprinzip* het die staat gekies vir 'n sekulêr-neutrale uitgangspunt:

Der Landfriede bietet eine 'Ebene politischer Neutralität'; das Friedensgesetz brachte eine offene und dauerende Abschließung des Rechts gegenüber dem Absolutätsanspruch der Theologie (Schlaich, 1972:30).

Die verantwoordelikheid van die staat om vrede te handhaaf, verhoed dat die staat identifiseer met ideologiese rigtings, kerke of godsdienstige groepe (BverfG, BvR 1436/02 vom 3.6.2003 par. 10). Die handhawing van vrede binne die geografiese grense van die staat is vir die staat van primêre belang (BverfG, BvR 1436/02 vom 3.6.2003 par. 10); daarom mag die staat nie uit eie oorweging invloed uitoefen op Woordbedienaars se regsposisie nie (BverfG, BvR 1436/02 vom 3.6.2003 par. 10). Die staat behoort hom nie op so 'n wyse te bemoei met die uitlewing van die kerk se belydenis nie – hetsy goedkeurend, hetsy afkeurend.

3.4.2.3 *Negatiewe en positiewe staatsneutrale uitgangspunte*

Staatsneutraliteit kan onderskei word ten opsigte van 'n *negatief*-neutrale en 'n *positief*-neutrale standpunt. In hierdie gedeelte word in meer besonderhede ingegaan op die teenstrydigheid tussen 'n negatiewe staatsneutrale uitgangspunt en staatsneutraliteit wat wel positiewe aspekte soos respek en versorging insluit – veral as die regsposisie van 'n predikant beoordeel word. Aan die hand van die genoemde hofuitspraak word in die hierop volgende bespreking op die volgende kwessies gefokus (BverfB, BvR 1436/02 vom 3.6.2003):

- Wat behels 'n neutrale uitgangspunt van die staat en/of 'n neutrale uitgangspunt van die staat wat wel positiewe aspekte soos respek en versorging insluit – veral wanneer die regsposisie van predikante beoordeel word?

- Watter implikasies het die feit dat die staat verplig is om godsdiensneutraliteit te waarborg vir die bepaling van Woordbedienaars se regsposisie?

3.4.2.3.1 *'n Negatief-neutrale uitgangspunt*

Die negatief-neutrale uitgangspunt van die staat beteken dat die staat se negatiewe houding teenoor die kerk die kerk devalueer tot 'n randsfeer in die samelewing. 'n Voorbeeld hiervan is die wetgewing wat op 9 Desember 1905 in Frankryk aanvaar is insake die skeiding tussen kerk en staat. Die bedoeling van dié wetgewing is om die kerk en die staat onafhanklik van mekaar te laat funksioneer. Sodanige wetgewing bring egter mee dat vanweë die negatief-neutrale uitgangspunt die staat 'n wetlike en organisatoriese skema op die kerk afdwing. Sodoende meng die staat in beginsel reeds in met interne kerklike aangeleenthede (vgl. Von Campenhausen, 1994:66-68; Heckel, 1968:27-29; Badura, 1994:225).

As die staat 'n negatief-neutrale standpunt inneem (soos in Frankryk), impliseer dit volgens die Duitse beskouing niks anders nie as 'n uitdruklike keuse vir die antitese van geloof; derhalwe vir ateïsme. Per definisie kom 'n negatief-neutrale uitgangspunt van die staat dus in werklikheid neer op skynneutraliteit (Heckel, 1968:27 e.v.). Tog lei die staat se negatief-neutrale standpunt nie daartoe dat die kerk se reëlingsbevoegdheid so beperk word dat die kerk geen seggenskap het oor die reëlings van sy interne kerklike aangeleenthede, waaronder die kerkdienaar se regsposisie nie. Die verbintenis tussen die kerk en die kerkdienaar is, gesien vanuit die kerklike voorveronderstelling van dié verhouding, volgens Basdevant-Gaudemet (1995:146) nie 'n arbeidsverhouding onderhewig aan arbeidswetgewing nie. Hoewel op 'n negatiewe wyse, bly die staat in dié geval neutraal ten opsigte van die kerk.

3.4.2.3.2 *'n Neutrale uitgangspunt wat wel elemente soos respek en versorging insluit*

In Duitsland kom die positief-neutrale uitgangspunt van die staat teenoor die kerk tot uiting by wyse van 'n tipe neutraliteit wat aspekte soos respek en versorging insluit (BverfG, BvR 1436/02 vom 3.6.2003 par 10). Hierdie tipe neutraliteit beteken dat die staat nie die kerk tot 'n randsfeer van die samelewing beperk nie. Intendeel, dit

beteken juis dat die staat kerke en godsdienstige en ideologiese groepe die geleentheid bied om godsdienste in die openbaar te beoefen in ooreenstemming met die beginsel van gelykberegtiging (Heckel, 1968:27 e.v.).

Die staat laat hom ook die sogenaamde *Wächteramt* van die kerk ten opsigte van die samelewing en die owerheid welgeval – 'n rol wat sedert die Tweede Wêreldoorlog ontwikkel het (Heckel, 1994(a):189). Hierdie 'openbare verantwoordelikheid' van die kerk ten opsigte van die gemeenskap en die staatsowerheid het vanaf 1945 'n nuwe era in die geskiedenis van die Evangeliese kerke ingelui. Die kerk aanvaar hiervolgens sekere verantwoordelikhede namens die breë gemeenskap – byvoorbeeld onderwys en opleiding. Die neutrale staat laat hom hierdie reëling welgeval en bied sodoende aan die kerk die geleentheid om vanuit sy godsdiensoortuigings ook binne die bevoegheidsfeer van die staat 'n bydrae tot opbou van die gemeenskap te lewer. Die verantwoordelikheid wat die kerk in die gemeenskap aanvaar, is vanaf 1962 deur die raad van die Evangelische Kirche Deutschland (EKD) in die kerklike *Denkschriften* verwoord. In hierdie gedenkskrifte word die posisie en die verantwoordelikheid van die kerk in en teenoor die samelewing uitgespel (vgl. Heckel, 1994(a):180 e.v.).

Ten spyte van die waardeverskil in die uitgangspunte van 'n negatief-neutrale en 'n positief-neutrale beskouing, kom albei dié benaderings neer op 'n beperking van staatsbepalings in kerklike aangeleenthede. Uit albei genoemde beskouings blyk in beginsel dat die neutraliteitsstandpunt van die staat daartoe lei dat die kerk, en nie die staat nie, die bevoegdheid het om die Woordbedienaar se regsposisie te reël (Basdevant-Gaudemet, 1995:146; Pirson, 1995:845 e.v.).

3.4.2.4 *Staatsneutraliteit as grondslag om die kerk se reëlingsbevoegdheid te erken*

In Duitsland word aanvaar dat die staat verplig is om 'n neutraleitsbenadering teenoor die kerk en ander godsdienste gemeenskappe te handhaaf (BverfG, BvR 1436/02 vom 3.6.2003 par 10). Dié neutraliteitsverpligting van die staat het belangrike gevolge vir die reëling van Woordbedienaar se regsposisie.

Eerstens word daarop gefokus dat die staat, vanweë sy godsdienstneutrale uitgangspunt, verplig is om 'n *Freiheitsraum* (vryheidsruimte) vir die kerk te skep waarbinne die kerk Woordbedienaars se regsposisie sonder staatsinmenging kan reël (Pirson, 1995:847; Robbers, 1994:321; vgl. BverfG, BvR 1436/02 vom 3.6.2003 par 10). Met inagneming van 'n *Freiheitsraum* is die staat verplig om kerke die geleentheid te bied om die regsposisie van Woordbedienaars te bepaal as deel van die ontvouing van die kerk se ordereëlins. Die aspekte van *Ordnung in Freiheit* en *Entfaltung der Freiheit in dieser Ordnung* moet in samehang met mekaar verstaan word (Heckel, 1968:41). Hierdie twee aspekte van vryheid beteken dat die regstaat die geleentheid vir die kerk skep om Woordbedienaars se regsposisie binne die grense van alle geldende wette te reël (Art 140 GG i.V.m. Art. 137 Abs. 3 WRV.).

Tweedens blyk dit dat die neutraliteitstandpunt van die staat daartoe lei dat Woordbedienaars se amp nie beskou word as 'n aangeleentheid wat verband hou met die staat se terrein nie. Die beskouing dat kerklike ampte godsdienstig-kerklik bepaal word, is hier van belang:

Unbestreitbar richtig ist, dass der kirchliche Dienst nicht staatlicher Dienst, auch nicht mittelbar staatliche Dienst, sein kann und staatlicher Regelungskompetenz nicht unterliegt (Frank, 1976:20).

Dié standpunt veronderstel dat die staat neutraal sal optree waar die kerk en die staat 'n gemeenskaplike belang by die Woordbedienaar het. Die staat kan nie van die kerk verwag om godsdienstneutraal op te tree nie, omdat die kerk volgens sy oorsprong en wese nie godsdienstneutraal kan wees nie (Robbers, s.j.:409). Die staat mag derhalwe nie 'die kerklike van die kerk' ignoreer nie; ook mag die staat die kerk nie behandel asof die kerk nie vanuit kerklike grondbepalings gerig word nie (Von Campenhausen, 1994:79).

Derdens bepaal die neutraliteitsuitgangspunt van die staat dat die staat nie die reg het om in te meng in die interne sfeer van die kerk en ander godsdienstgemeenskappe nie. Die kerk het die reg om die kerklike leer, liturgie, orde, die interne teologiese uiteensettings en die uitlewing van godsdienst aan die hand van sy eie bepalings te reël (vgl. Von Campenhausen, 1994:79). Die feit dat die staat

erken dat die kerk die reg het om Woordbedienaars se regsposisie te reël, dui noodwendig op die staat se godsdienstneutrale uitgangspunt (Von Campenhausen, 1994:79 voetnoot 75).

3.4.3 Merkers

Die volgende merkers kan aangetoon word op grond van die voorafgaande bespreking van navorsing oor godsdienstvryheid en die regsposisie van Woordbedienaars:

- Die historiese ontwikkeling na 'n vrye demokrasie in Duitsland, waarin die kerk en die staat onafhanklik van mekaar funksioneer, het tot die insig gelei dat die staat nie die bevoegdheid het om Woordbedienaars se regsposisie te reël nie.
- In die demokrasie van Duitsland het die beginsels van godsdienstvryheid en staatsneutraliteit direkte betekenis vir die reëling van Woordbedienaars se regsposisie as 'n godsdienstbepaalde aangeleentheid.
- Die beginsel van godsdienstvryheid beperk die staat se reëlingsbevoegdheid tot die wêreldlike sfeer.
- Die beginsel van godsdienstvryheid hou in dat die staat erkenning gee aan die kerk se reg om sy eie kerkregtelike bepalings daar te stel en te onderhou. Die reëling van Woordbedienaars se regsposisie word beoordeel in die lig van die beginsel van godsdienstvryheid as 'n 'lewensuiting' van die kerk.
- Die beginsel van godsdienstvryheid hou in dat die kerk die reg het om sy godsdienstbepaalde opdrag en taak sonder inmenging van die staat uit te voer. Die taak van die kerk sluit die opdrag aan die Woordbedenaar in.
- Die beginsel van godsdienstvryheid hou in dat die staat erkenning gee aan die kerk se selfstandige posisie in die samelewing. In die lig van die beginsel van godsdienstvryheid behoort die staat die kerk 'n keuse te bied om Woordbedienaars se regsposisie selfstandig te reël al dan nie.
- Die beginsel van godsdienstvryheid verplig die staat om 'n skeiding tussen die staat en die kerk se bevoegdheidsfere te handhaaf. Hierdie skeiding word deur die verskillende opdragte van die kerk en die staat bepaal. Dié skeiding is die kern van die vraag of die staat die bevoegdheid het om die

godsdienbepaalde taak van Woordbedienaars by wyse van arbeidswetgewing te reël.

Die volgende merkers kan aangetoon word op grond van die voorafgaande navorsing oor staatsneutraliteit en die regsposisie van Woordbedienaars:

- Die beginsel van staatsneutraliteit hou in dat die staat verplig is om vrede in die gemeenskap te handhaaf, ook deur nie met kerke en ander godsdien- of ideologiese groepe te identifiseer of seggenskap oor hulle interne aangeleenthede op te eis nie.
- Die beginsel van nie-identifisering hou in dat die staat op die 'algemene' ordening van die gemeenskap fokus en nie op die 'besondere' nie. Staatsidentifisering met besondere sake, soos byvoorbeeld met die kerk se belydenisbepaalde reëlings ten opsigte van Woordbedienaars se regsposisie, sou 'n kenmerk van staatsabsolutisme wees.
- Die beginsel van staatsneutraliteit verplig die staat om sy reëlingsbevoegdheid tot die wêreldlike (burgerlike) sfeer te beperk. 'n Godsdienneutrale staat mag nie beheer uitoefen oor die uitvoering van die kerk se opdrag en taak nie. Die opdrag aan die Woordbedenaar is inherent deel van die kerk se opdrag en taak.
- Die onderskeid tussen die staat se negatief-neutrale uitgangspunt en die staat se positief-neutrale uitgangspunt verander nie die feit dat die staat nie die bevoegdheid het om Woordbedienaars se regsposisie te reël nie. Binne die raamwerk van albei uitgangspunte hou staatsneutraliteit in dat die staat hom nie met die uitlewing van die kerk se belydenis mag bemoei of daarvoor beheer uitoefen nie – soos byvoorbeeld in die geval van Woordbedienaars se regsposisie.
- Die beginsel van staatsneutraliteit hou in dat die staat verplig is om 'n *Freiheitsraum* vir die kerk te skep – 'n ruimte waarbinne belydenisbepaalde aangeleenthede soos die Woordbedenaar se regsposisie gereël kan word.
- Die beginsel van staatsneutraliteit weerhou die staat daarvan om Woordbedienaars se regsposisie as direkte of as indirekte diens aan die staat

te beskou – juis op grond van die feit dat die staat se selfgedefiniëring inhou dat dit as 'n godsdiensneutrale instelling beskou word.

- Die beginsel van staatsneutraliteit behoort in Suid-Afrika gestalte te vind in die beginsel dat die staat hom nie vereenselwig of bemoei met interne aangeleenthede wat die kerk en ander godsdiensgemeenskappe raak nie. Die beginsel dat die staat nie inmeng in sodanige kwessies nie, verplig die staat om die kerk 'n keuse te bied om self die predikant se regsposisie te reël.

3.5 Grondwetlike bepalings binne die Duitse kerk-staatkonteks insake die Woordbedienaar se regsposisie

3.5.1 Grondwetlike bepalings oor godsdiensvryheid

In Duitsland word die kerk se reg om die Woordbedienaar se regsposisie te reël verbind aan die beginsel van godsdiensvryheid soos dit in die Grondwet gewaarborg word. Die reg van godsdiensvryheid word soos volg in Artikel 4 van Duitsland se Grondwet gewaarborg:

Artikel 4 [Glaubens- und Gewissensfreiheit]

- (1) Die Freiheit des Glaubens, des Gewissens und die Freiheit des religiösen und weltanschaulichen Bekenntnisses sind unverletzlich.*
- (2) Die ungestörte Religionsausübung wird gewährleistet.*
- (3) Niemand darf gegen sein Gewissen zum Kriegsdienst mit der Waffe gezwungen werden. Das Nähere regelt ein Bundesgesetz.*

In 'n beslissing van die Konstitusionele Hof in Duitsland (BVerfGE 42, 31 (315, 316 e.v.)) oor kerklike ampte (dienste) het Artikel 4(2) 'n belangrike funksie vervul:

Zur Religionsausübung im Sinne des Art. 4 Abs. 2 GG gehöre nicht nur die Gesamtheit kultischer Handlungen und religiösliturgischer Übungen und Maßnahmen, sondern auch die Regelung zentraler kirchenrechtlicher Ordnungen. Dazu zähle insbesondere das kirchliche Amt (BVerfGE 42, 31 (315, 317e.v.)).

Die kerk se reg om Woordbedienaars se regsposisie te reël is volgens die heersende beskouing in Duitsland onlosmaaklik verbind aan die grondwetlike reg van godsdiensvryheid en die uitlewing van godsdiensvryheid. In die lig van godsdiensvryheid word die kerk se reg nie beperk tot die uitlewing van kerklik-

kultiese handelinge nie. Die uitlewing van godsdiens sluit die kerk se beleving en ervaarings van die belydenis in. Die reëling van Woordbedienaars se regsposisie is integraal deel van die kerk se ordelike bestaanswyse in die wêreld, soos dit op die kerk se belydenis gegrond is.

3.5.2 Spesifieke grondwetlike bepalings oor die kerk-staatverhouding

In Duitsland word die grondwetlike bepalings oor godsdiensvryheid (Art. 4 GG) verder gekwalifiseer deur verskeie reëlings oor die verhouding tussen kerk en staat (Art. 137 Abs. 1-5 WRV i.V.m. Art. 140 GG):

Artikel 140 [Recht der Religionsgemeinschaften]

Die Bestimmungen der Artikel 136, 137, 138, 139 und 141 der deutschen Verfassung vom 11. August 1919 sind Bestandteil dieses Grundgesetzes.

Artikel 136

- (1) Die bürgerlichen und staatsbürgerlichen Rechte und Pflichten werden durch die Ausübung der Religionsfreiheit weder bedingt noch beschränkt.*
- (2) Der Genuß bürgerlicher und staatsbürgerlicher Rechte sowie die Zulassung zu öffentlichen Ämtern sind unabhängig von dem religiösen Bekenntnis.*
- (3) Niemand ist verpflichtet, seine religiöse Überzeugung zu offenbaren. Die Behörden haben nur soweit das Recht, nach der Zugehörigkeit zu einer Religionsgesellschaft zu fragen als davon Rechte und Pflichten abhängen oder eine gesetzlich angeordnete statistische Erhebung dies erfordert.*
- (4) Niemand darf zu einer kirchlichen Handlung oder Feierlichkeit oder zur Teilnahme an religiösen Übungen oder zur Benutzung einer religiösen Eidesform gezwungen werden.*

Artikel 137

- (1) Es besteht keine Staatskirche.*
- (2) Die Freiheit der Vereinigung zu Religionsgesellschaften wird gewährleistet. Der Zusammenschluß von Religionsgesellschaften innerhalb des Reichsgebiets unterliegt keinen Beschränkungen.*
- (3) Jede Religionsgesellschaft ordnet und verwaltet ihre Angelegenheiten selbständig innerhalb der Schranken des für alle geltenden Gesetzes. Sie verleiht ihre Ämter ohne Mitwirkung des Staates oder der bürgerlichen Gemeinde.*
- (4) Religionsgesellschaften erwerben die Rechtsfähigkeit nach den allgemeinen Vorschriften des bürgerlichen Rechtes.*
- (5) Die Religionsgesellschaften bleiben Körperschaften des öffentlichen Rechtes, soweit sie solche bisher waren. Anderen Religionsgesellschaften sind auf ihren Antrag gleiche Rechte zu gewähren, wenn sie durch ihre Verfassung und die Zahl ihrer Mitglieder die Gewähr der Dauer*

bieten. Schließen sich mehrere derartige öffentlich-rechtliche Religionsgesellschaften zu einem Verbandsverband zusammen, so ist auch dieser Verband eine öffentlich-rechtliche Körperschaft.

- (6) Die Religionsgesellschaften, welche Körperschaften des öffentlichen Rechtes sind, sind berechtigt, auf Grund der bürgerlichen Steuerlisten nach Maßgabe der landesrechtlichen Bestimmungen Steuern zu erheben.*
- (7) Den Religionsgesellschaften werden die Vereinigungen gleichgestellt, die sich die gemeinschaftliche Pflege einer Weltanschauung zur Aufgabe machen.*
- (8) Soweit die Durchführung dieser Bestimmungen eine weitere Regelung erfordert, liegt diese der Landesgesetzgebung ob.*

Artikel 138

- (1) Die auf Gesetz, Vertrag oder besonderen Rechtstiteln beruhenden Staatsleistungen an die Religionsgesellschaften werden durch die Landesgesetzgebung abgelöst. Die Grundsätze hierfür stellt das Reich auf.*
- (2) Das Eigentum und andere Rechte der Religionsgesellschaften und religiösen Vereine an ihren für Kultus-, Unterrichts- und Wohltätigkeitszwecke bestimmten Anstalten, Stiftungen und sonstigen Vermögen werden gewährleistet.*

Artikel 139

- (1) Der Sonntag und die staatlich anerkannten Feiertage bleiben als Tage der Arbeitsruhe und der seelischen Erhebung gesetzlich geschützt.*

Artikel 141

- (1) Soweit das Bedürfnis nach Gottesdienst und Seelsorge im Heer, in Krankenhäusern, Strafanstalten oder sonstigen öffentlichen Anstalten besteht, sind die Religionsgesellschaften zur Vornahme religiöser Handlungen zuzulassen, wobei jeder Zwang fernzuhalten ist.*

Bogenoemde bepalings in die kerk-staatverhouding stel die kerk, wat sy interne kerkregtelike reëlings betref, in geen opsig onderhewig aan staatswette nie. Die doel van hierdie bepalings is om aan die kerk vryheid in die staatshuishouding te bied. Met betrekking tot die wedersydse vryheid van die kerk en die staat vervul die grondwet 'n tweevoudige funksie.

Eerstens is die grondwet die basisdokument op grond waarvan die staat se neutraliteit afgelei word én die verpligting op die staat gelê word om 'n *Freiheitsraum* vir die kerk te skep waarbinne die kerk kan funksioneer.

Tweedens waarborg die toepassing van die grondwetlike bepalings aangaande die verhouding tussen die kerk en die staat noodwendig dat daar ruimte gelaat word vir die kerk om interne kerklike aangeleenthede selfstandig te reël (vgl 3.4.2.4).

Volgens die Duitse beskouing moet die grondwetlike bepalings oor die verhouding tussen kerk en staat dus geïnterpreteer word as 'n 'vryheidsreg', waarvolgens die kerk en die staat 'vry' van mekaar funksioneer. Dié beskouing rus op die erkenning daarvan dat die kerkreg en die staatsreg albei geïnstitutionaliseerde gesag het (vgl. Robbers, 1997:475). Die vryheidsreg van die kerk kry onder meer daarin gestalte dat die kerk die reg het om die vryheid van die kerk kerkregtelik te begrond. Verder het die kerk ook die reg om Woordbedienaars en lidmate aan die vryheid én die perke van die vryheid wat die kerk stel, gebonde te ag. *Freiheit in der Kirche ist kirchlich gebundene und gegründete Freiheit* (Robbers, 1997:484).

Die interpretasie van die Suid-Afrikaanse Grondwet aangaande die reg van godsdiensvryheid en die kerk (en geloofsgemeenskappe) se posisie ten opsigte van die staat, wat in enkele bondige reëlins weergegee word, kan daarby baat indien die Duitse grondwetlike bepalings oor dié aangeleentheid in ag geneem word (vgl. Artt. 15, 31 GW).

3.5.3 Spesifieke grondwetlike bepalings insake die Woordbedienaar se regsposisie

Deurslaggewende bepalings oor die Woordbedienaar se regsposisie wat vervat is in die Duitse Grondwet, sluit die volgende in (Richardi, 2004:1):

Jede Religionsgemeinschaft ordnet und verwaltet ihre Angelegenheiten selbständig innerhalb der Schranken des für alle geltenden Gesetzes. Sie verleiht ihre Ämter ohne Mitwirkung des Staates oder der bürgerlichen Gemeinde (Art 140 Abs 3 GG i.V.m. Art. 137 Abs. 3 WRV.).

Die Religionsgemeinschaften bleiben Körperschaften des öffentlichen Rechtes, soweit sie solche bisher waren. Anderen Religionsgemeinschaften sind auf ihren Antrag gleiche Rechte zu gewähren, wenn sie durch ihre Verfassung und die Zahl ihrer Mitglieder die Gewähr der Dauer bieten. Schließen sich mehrere derartige öffentlich-rechtliche Religionsgesellschaften zu einem Verbands zusammen, so ist auch dieser Verband eine öffentlich-rechtliche Körperschaft (Art 140 GG i.V.m. Art. 137 Abs. 5 WRV; vgl. BVerfGE (70, 138 (164 e.v.); BVerfGE 42, 312 (339 e.v.)).

Aan die hand van die volgende vrae, wat voortvloei uit bogenoemde aanhaling, word die betekenis van hierdie grondwetlike bepalings verken:

- Wat impliseer die reg van die kerk in die handling om die Woordbedienaar se regsposisie te 'reël en te bestuur' (*ordnet und verwaltet*)?
- Wat is die implikasies van die *Körperschaft des öffentlichen Rechts* (publiekregtelike korporasie) vir die reëling van die Woordbedienaar se regsposisie?
- Wat behels die grondwetlik gewaarborgde selfbeskikkingsreg van die kerk vir die reëling van die Woordbedienaar se regsposisie?
- Wat behels die reg van die kerk om die Woordbedienaar se regsposisie te reël 'binne die grense van alle geldende wette' (*innerhalb der Schranken des für alle geltenden Gesetzes*)?
- Wat hou die indirekte binding van fundamentele regte (*mittelbare Drittwirkung*) vir die reëling van die Woordbedienaar se regsposisie in?

3.5.3.1 *Die kerk se reg om die Woordbedienaar se regsposisie te reël en te bestuur (ordnen und verwalten)*

Die kerk se reg om Woordbedienaars se regsposisie te reël en te bestuur word soos volg deur die Konstitusionele Hof bepaal:

'Ordnen' und 'Verwalten' im Sinne des Art. 137 Abs. 3 Satz 1 WRV meint das Recht der Kirchen, alle eigenen Angelegenheiten gemäß den spezifischen kirchlichen Ordnungsgesichtspunkten, d. h. auf der Grundlage des kirchlichen Selbstverständnisses, rechtlich gestalten zu können (BVerfGE (70, 138 (164 e.v.)).

Hierdie reg van die kerk hou onder meer die volgende in:

*Die Religionsgemeinschaften, denen der Staat zugesteht und garantiert, ihre Angelegenheiten selbständig innerhalb der Schranken des für alle geltenden Gesetzes zu ordnen und zu verwalten, verkörpern die **gemeinschaftliche** Ausübung einer Religion in einer frei gewählten Organisation, eine Handlungsweise, die zugleich unter dem Schutz des Grundrechts der Religionsfreiheit steht. Dennoch geht die staatskirchenrechtliche Kirchenautonomie nicht in dem Schutz des Grundrechts auf. Sie verweist sich vielmehr 'als **notwendige**, wenngleich rechtlich selbständige Gewährleistung, die der Freiheit des religiösen Lebens und Wirkens der Kirchen und Religionsgemeinschaften die zur Wahrnehmung dieser Aufgaben unerlässliche Freiheit der Bestimmung über Organisation, Normsetzung und Verwaltung hinzufügt. Die Kirchenautonomie steht der Kirche für ihre körperschaftliche Organisation und ihre Ämter*

sowie für die kirchenlichen Einrichtungen und Untergliederungen zu, mit denen sie ihren selbstbestimmten Auftrag religiösen Wirkens erfüllt.

*Durch die verfassungsrechtliche Kirchenautonomie erkennt der Staat an, dass die Religionsgemeinschaften bei der Ordnung und Verwaltung ihrer Abgelegenenheiten selbständig **aufgrund eigenen Rechts** handeln und eine **selbstbestimmte kirchliche Gewalt** ausüben. Diese zum geistlichen Wesen der Kirche gehörenden 'innerkirchlichen' Handlungen, die den Schutz der Religionsfreiheit genießen folgen nicht dem staatlichen Recht und unterliegen nicht der staatlichen Gerichtsbarkeit ... (Badura, 1994:243) (Badura se beklemtoning).*

Uit die navorsingsgewens wat tot dusver bespreek is, blyk dat die Duitse staatskerkreg volledig erkenning gee aan die beginsels van godsdiensvryheid en staatsneutraliteit. Voortspruitend uit hierdie erkenning volg die beginsel van die selfstandigheid van die kerk, soos dit deur die staat erken word. In hierdie deel van die bespreking word aandag gegee aan die beginsel van selfstandigheid as die begroting van die kerk se reg om Woordbedienaars se regsposisie te reël en te bestuur. Op grond van die uitgangspunt van selfstandige *ordnen und verwalten* word die allesinsluitende omvang van die kerk se selfbeskikkingsreg beskryf (Von Campenhausen, 1983:79). Die erkenning dat die kerk sy interne aangeleenthede selfstandig reël en bestuur, beteken dat die staat erken dat die kerk oor 'n eie unieke oorsprong en wese beskik, waarvolgens dit selfstandig in die staat behoort te funksioneer (vgl. BVerfGE 18, 385 (386)).

Die eie en unieke oorsprong van die kerk word afgelei uit die eie en unieke take wat aan die kerk sy spesifieke bestaansreg gee (Badura, 1994:243). Dié take van die kerk bied die basis waarop die Duitse Konstitusionele Hof erken dat die kerk 'outentieke' gesag het (BVerfGE 18, 385 (386)) – gesag wat daarop gegrond is dat die kerk inherente gesag het wat nie van die staat afgelei word nie. Die feit dat die kerk sy eie gesag definieer, het sedert die *Barmen Erklärung* (1934) ontwikkel in ooreenstemming met die beginsel van die allesomvattende heerskappy van Jesus Christus (*Königsherrschaft Christi*) oor die kerk. Op grond van die *Barmen Erklärung* is 'n duidelike skeiding tussen die bevoegdhede van die staat en die kerk gedefinieer (vgl. Smend, 1951:9).

Die onderskeid tussen die take van die kerk en dié van die staat hoef nie noodwendig te lei tot 'n botsing tussen die kerk en die staat nie. Deurdat die

staatsowerheid die eie aard van die kerk erken, bied die staat met sy grondwet die nodige ruimte aan die kerk om sy eie take uit te voer. Hiervolgens beteken die grondwetlik gewaarborgde reg van kerklike 'selfordening' (*ordnen*) die bevoegdheid om selfstandige bepalings vir die kerk se funksionering op te stel (Hesse, 1994:535). Die waarborg van selfstandige kerklike bestuur (*verwalten*) moet ruim geïnterpreteer word. Die selfstandige proses van *verwalten* impliseer *die Verwaltung in engeren Sinne, sondern auch die Leitung der Kirchen und Religionsgemeinschaften, einschließlich der Bestimmung über die Organisation* (Hesse, 1994:537).

Die kerk se selfstandige reëlingsbevoegdheid word deur Skrif en belydenis beperk tot aangeleenthede wat deel van die wese van die kerk is en noodsaaklik is vir die voortgang van die kerk (vgl. NGB Artt. 29-31). Kerklike reëlings en kerklike regspraak het dus nie geldigheid buite die kerk nie (vgl. Hesse, 1994:537). Vanweë die kerk en die staat se binding aan die *Rechtstaatsprinzip* word die geleentheid geskep dat die kerk en die staat selfstandig van mekaar kan funksioneer sonder om mekaar se reëlingsfeer te betree of te bedreig. Hierdie wyse van funksionering bied die *Eigenständigkeitsprinzip* van die kerk in die *Rechtstaat* uitdruklik die moontlikheid om die regsposisie van Woordbedienaars selfstandig te 'reël en te bestuur'.

Hierdie beskouing wat in Duitsland ná die Tweede Wêreldoorlog inslag gekry het, verteenwoordig 'n fundamentele breuk met die beskouing van die *Aufklärung* dat die kerk as 'n vrywillige vereniging onder die gesag van die staat funksioneer. Na die *Barmen Erklärung* (1934) is die kerk se selfstandige reëlingsbevoegdheid ten opsigte van interne kerklike sake in besonderhede uitgewerk. Die kerk se reg om Woordbedienaars se regsposisie te reël, is dus 'n kerklike *Hoheitsrecht* waarop die staat nie inbreuk mag maak nie (vgl. BVerfGE 18, 385 (386); BVerfGE 66, 1 (19); BVerfGE 70, 138 (164 e.v.)).

3.5.3.2 Die kerk se reg as publiekregtelike korporasie (*Körperschaft des öffentlichen Rechts*) om die Woordbedienaar se regsposisie te reël

3.5.3.2.1 Betekenis van die *Körperschaft*-status van kerke

In Duitsland ken die staat aan sekere kerke en godsdiensgemeenskappe die status van publiekregtelike korporasies toe (*Körperschaft des öffentlichen Rechts*) (vgl.

Schlieff, 1994:347-382; Von Campenhausen, 1994:383-415; Solte, 1994:417-436; Kirchhof, 1994:651-687). Aan ander kerke, godsdiens- en ideologiese groepe word die status van privaatregtelike organisasies toegeken (Jurina, 1994:689-713). (Die spesifieke redes vir hierdie onderskeid is nie relevant vir hierdie studie nie en word derhalwe daar gelaat.) Vanuit die reg beoordeel, word Woordbedienaars se regsposisie dus gereël deur 'n publiekregtelike organisasie of 'n privaatregtelike organisasie (Pirson, 1995:845-875; Jurina, 1994:689-713).

Die belangrikste vereiste vir kerke en ander godsdiensgroepe om *Körperschaft*-status te ontvang is die beginsel van permanensie:

...wenn sie durch ihre Verfassung und die Zahl ihrer Mitglieder die Gewähr der Dauer bieten
(Art 140 GG i.V.m. Art. 137 Abs. 5 WRV).

Körperschaft-status hou verskillende voordele vir geloofsgemeenskappe in. Die belangrikste hiervan is die *Dienstherrenfähigkeit* (die reg om beamptes te hê) wat aan kerke met *Körperschaft*-status toegestaan word. Ander kerke asook godsdienstige en ideologiese groepe wat nie *Körperschaft*-status bekom nie, maar waaraan die status van privaatregtelike organisasies toegestaan word, het op grond van die godsdiensbepaalde aard van Woordbedienaars se regsposisie steeds die bevoegdheid om die regsposisie van Woordbedienaars selfstandig te reël (vgl. Jurina, 1994:705). Die onderskeid in kerke (en geloofsgroepe) se regstatus impliseer nie dat ontken word dat Woordbedienaars se regsposisie deur godsdiensbepaalde (kerkregtelike) faktore bepaal word nie (Pirson, 1995:865 voetnoot 64). In albei gevalle is die godsdiensbepaalde aard van dié verbintenis bepalend vir die bevoegdheid van die kerk om die regsposisie van Woordbedienaars te reël (vgl. Jurina, 1994:705; Pirson, 1995:865 voetnoot 64).

In die Duitse staatskerkreg word die beskouing gehandhaaf dat regspersoonlikheid as juridiese begrip vreemd is aan die kerk as geloofsgemeenskap. Veral in die Evangeliese tradisie het dié kerke nie 'n dogmatiese begronde 'leer' oor die kerk as regspersoon ontwikkel nie (vgl. Pirson, 1971:1; Pirson, 1994:1 e.v.). Tog wil die staat erkenning gee aan 'n juridiese plek vir kerke en geloofsgroepe in die samelewing. Hierdie juridiese plek word deur die bestaan van 'n regspersoonlikheid gereël. Die

aard van die regspersoonlikheid wat die staat aan kerke verleen, beklemtoon die kerk se selfstandige posisie in die samelewing. Die regspersoonlikheid wat aan die kerk verleen word, is niks meer as die toekenning van 'n posisie waar die kerk as 'n selfstandige geloofsinstelling in 'n staatsgeordende gemeenskap funksioneer nie. Die ideaal is dus dat kerke se regspersoonlikheid gestalte moet gee aan die kerk se selfstandige posisie in die samelewing sodat nie inbreuk gemaak word op die interne orde van die kerk nie.

Die Kirche lehne die Kompatibilität von Amt und Mandat ab. Sie werde in ihrem Grundrecht aus Art. 4 Abs. 2 GG verletzt, wenn ein staatliches Gericht in Erörterungen theologischer Natur eintrete, die kirchliche Regelung bewerte und aufgrund theologischer Überlegungen für unzulässig erkläre (BVerfGE, 42, 312 (316 e.v.).

In Duitsland word ook in beginsel aanvaar dat publiekregtelike regspersone nie draers van regte in terme van die Grondwet is nie. Met betrekking tot die kerk word 'n uitsondering gemaak omdat kerke wel draers van dié regte is (vgl. Robbers, 2001:649). Kerke word dus uitdruklik nie in die staatshiërargie ingelyf nie (Robbers, 2001:649). Sodoende is die posisie van die kerk in die staatsgeordende gemeenskap 'van 'n eie soort' (*sui generis*) (Robbers, 2001:649; Robbers, 1995:66). Hierdie uitgangspunt van eiesoortigheid kwalifiseer die selfstandigheid van die kerk ten opsigte van die staat – 'n selfstandigheid wat die kerk nie van die staat ontvang of van die staat aflei nie (BVerfGE 18, 385 (386)).

3.5.3.2.2 *Korporasiestatus gee die kerk die reg om kerklike beamptes te hê (Diensthermfähigkeit)*

Die belangrikste kenmerk wat kerke op grond van *Körperschaft*-status ontvang, is *Diensthermfähigkeit*. Die praktyk van *Diensthermfähigkeit* bepaal dat die kerk die reg het om beamptes te hê (Von Campenhausen, 1983:130). Die kerk se reg om die regsposisie van Woordbedienaars te reël word nie deur die staat by wyse van *Diensthermfähigkeit* aan die kerk gegee nie. Die kerklike amp het *ein rein kirchenrechtlicher Natur* (Von Campenhausen, 1983:130).

Op grond van die praktyk van *Diensthermfähigkeit* erken die staat dat die kerklike ampsreg 'n interne kerklike aangeleentheid is en bied die staat die kerk die geleentheid om die regsposisie van kerklike ampsdraers, soos byvoorbeeld dié van Woordbedienaars, selfstandig te reël (Von Campenhausen, 1983:130 e.v.). Vanweë die erkenning van die beginsel van *Diensthermfähigkeit* gee die staat die verskillende kerke die keuse om die regsposisie van Woordbedienaars aan die hand van hulle eie ordebepalings te reël. Dié bepalinge van die kerk kan selfs in ooreenstemming met die bepalinge van die arbeidsreg wees sonder dat die beginsels van die arbeidsreg 'n invloed op dié kerklike verbintenis uitoefen. Die deurlopende beginsel is dat die staat nie aan die kerk mag voorskryf hoe die reg om beamptes te hê uitgeoefen word nie. Op hierdie wyse is die kerklike ampsreg verbind aan die grondwetlike beginsel van kerklike selfbeskikkingsreg. Die kerk het die reg om self te bepaal hoe die reëlings aangaande Woordbedienaars se regsposisie getref moet word (BVerfGE 42, 312 (339)).

Indiensnemingshandelinge van die kerk 'na buite', waar dit om 'n suiwer arbeidsregtelike handeling gaan, is nie deel van die kerk se belydenis of taak nie. As die kerk byvoorbeeld 'n arbeider kontraktueel in diens neem, geld die bepalinge van die arbeidswetgewing wel. In alle gevalle waar dit oor interne kerklike dienste gaan, het die kerk egter die keuse om die regsvorm waarvolgens die amp gereël word, self te kies. Wanneer die kerk die praktyk van *Diensthermfähigkeit* toepas, het dit dieselfde konsekwensie as in die staatsfeer. Die diensverbintenis tussen die Woordbedenaar en die kerk kom dus nie op grond van 'n kontrak tot stand kom nie, maar word bepaal deur 'n kerklike *Hoheitsakt*.

Die enigste beperking op die kerk met betrekking tot die reëling van die Woordbedenaar se regsposisie is om sekere beginsels van die *Berufsbeamtentums* in ag te neem. Die bepalinge aangaande die *Berufsbeamtentums* geld nie direk vir die reëling van Woordbedienaars se regsposisie nie. Die veronderstelling is wel dat die versorging van Woordbedienaars die beginsels van die staat se beampteregtelike bepalinge reflekteer (Richardj, 2004:8):

.... seinem Gegenstand nach nicht Korporationsrecht in jenem Sinne [ist]. Es geht nicht um die Rechtsbeziehungen, die die Amtsträger in ihrer mitgliedschaftsrechtlichen Stellung oder als Verbandorgane betreffen, sondern um ihre Rechtstellung als für die Kirche in Dienst genommene Personen (Pirson, 1995:862).

3.5.3.3 Grondwetlik verskanste selfbeskikkingsreg waarborg die kerk se reëlingsbevoegdheid

3.5.3.3.1 Die verband tussen kerklike selfbeskikkingsreg en die Woordbedienaar se regsposisie

Die selfbeskikkingsreg van die kerk in Duitsland word begrend in Artikel 137 Abs. 3 WRV (Hesse, 1994:528 e.v.). Die BVerfGE het die kerk se reg om Woordbedienaars se regsposisie te reël direk verbind aan die selfbeskikkingsreg van die kerk wat grondwetlik gewaarborg word:

Die Verfassungsgarantie des kirchlichen Selbstbestimmungsrechts gewährleistet den Kirchen, darüber zu befinden, welche Dienste es in ihren Einrichtungen geben soll und in welchen Rechtsformen sie wahrzunehmen sind. Die Kirchen sind dabei nicht darauf beschränkt, für den kirchlichen Dienst besondere Gestaltungsformen zu entwickeln; sie können sich auch der jedermann offenstehenden Privatautonomie bedienen, um ein Dienstverhältnis zu begründen und zu regeln. Die im Selbstbestimmungsrecht der Kirchen enthaltene Ordnungsbefugnis gilt nicht nur für die kirchliche Ämterorganisation, sondern allgemein für die Ordnung des kirchlichen Dienstes (BVerfGE 70, 138 (164 e.v.)).

Die kerk se selfbeskikkingsreg wat deur die grondwet gewaarborg word, bied die volgende regte met betrekking tot die reëling van Woordbedienaars se regsposisie:

- Die kerk het die reg om te bepaal watter dienste die kerk het en in watter regsvorm die dienste gereël word. Hierdie bepaling van dienste sluit die reg in om regsvorme te kies waarvolgens 'n Woordbedienaar in die kerk dien en waarvolgens sy regsposisie beoordeel moet word.
- Die kerk het die reg om die keuse uit te oefen om Woordbedienaars se regsposisie te reël volgens die bepalings van die staat se arbeidsreg of ander regsvorme wat die staat toepas. Indien die kerk dié opsie uitoefen, is die staat se regsbepalings van toepassing op Woordbedienaars se regsposisie.

- Die grondwetlik gewaarborgde selfbeskikkingsreg is nie net van toepassing op Woordbedienaars se regsposisie nie, maar geld vir al die kerklike ampte (dienste).

3.5.3.3.2 *Selfbeskikkingsreg en kerklike selfstandigheid*

Die selfbeskikkingsreg wat in Duitsland vir kerke geld, mag nie met die selfbeskikkingsreg van volke verwar word nie. Gewoonlik word selfbeskikkingsreg deur die staat aan 'n groep in die gemeenskap gegee – volkerereg beding onder meer vir die reg van politieke selfstandigheid. Selfbeskikkingsreg in die Duitse Staatskerkreg moet in hierdie verband verstaan word as 'n uitvloeisel van die beginsel van godsdiensvryheid. Die kerk se posisie in die samelewing is derhalwe nie gelykwaardig aan die posisie van volke in die staat nie. Artikel 235 van die Suid-Afrikaanse Grondwet is dus nie in die konteks van hierdie studie van toepassing nie.

Die selfbeskikkingsreg van die kerk in Duitsland moenie verstaan word as gesag wat van die staat na die kerk herlei word nie. So 'n beskouing ontken dat die kerk 'n selfstandige instelling is. Die kerk ontvang nie sy gesag van die staat nie. Die kerk se gesag kan ook nie van die staat afgelei word nie (vgl. BVerfGE 18, 385 (386 e.v.)). In die Duitse kerk-staatkonteks moet die grondwetlik gewaarborgde reg van kerklike selfbeskikking verstaan word vanuit die siening dat die reg die oppergesag het. Die kerk funksioneer in die staat se regsorde en reël Woordbedienaars se regsposisie wat in ooreenstemming met die staat se orde ontvou (Richardi, 2004:1 e.v.). In dié orde gee die staat aan die kerk 'n plek om selfstandig te funksioneer – 'n plek wat weliswaar gedefinieer word op grond van die feit dat die kerk 'n belydenis het en 'n besondere taak in die gemeenskap verrig.

Deur selfbeskikkingsreg aan kerke te gee erken die Duitse staat (en die Europese Unie) die moontlikheid van die transendente en word staatsbeheer en kwasi-staatsbeheer van die kerk gerelativeer. Sodoende word die wesenlike eiesoortigheid van die kerk in die gemeenskap erken. Deur die kerk as 'n eiesoortige gemeenskap te erken handhaaf die staat ruimte vir sy eie ontwikkeling:

Dieser Raum ginge verloren, wollte sie die Art ihrer eigenen Existenz absolut setzen. Religiöse Bedürfnisse brauchen die Möglichkeit der Verwirklichung. Weder der Staat noch erst recht die Europäische Gemeinschaft können die Voraussetzungen hierfür schaffen ... Die vollständige Leugnung kirchlicher Selbstbestimmung würde die Europäische Union im Ergebnis entweder selbst sakralisieren oder aber die Entscheidung für den Atheismus bedeuten. Beides wäre ein Verstoß gegen die Verpflichtung zur Neutralität (Robbers, 1994:323).

Die erkenning dat die kerk die geleentheid moet hê om sy belydenis in die gemeenskap uit te leef, is 'n kernaspek van die beginsel van kerklike selfbeskikkingsreg. Volgens hierdie beginsel moet die selfbeskikkingsreg van die kerk verstaan word vanuit die onderskeie take van die kerk en die staat. In Duitsland word aanvaar dat die kerk en die staat mekaar in 'dieselfde mense ontmoet'. Dit sou tot nadeel van die staat en die kerk wees om in vyandigheid teenoor mekaar te leef. So 'n benadering kan nie tot voordeel van die gemeenskap dien nie:

... den politischen Prozess und das Tätigwerden der staatlichen Gewalten, in denen der 'Staat' Wirklichkeit gewinnt, der Aktualisierung von Glauben und Bekenntnis zuzuordnen, in der Gemeinschaft im Glauben und damit 'Kirche' entsteht und wirksam wird. Diese Zuordnung hat von der prinzipiellen Verschiedenheit der weltlichen Aufgaben des Staates und der geistlichen Aufgaben der Kirchen auszugehen (Hesse, 1994:529).

Die Duitse beskouing oor selfbeskikkingsreg beweeg dus tussen die pole van *Anerkennung* en *Zuordnung* (vgl. Hesse, 1994:528, 529). Die staat erken dat die kerk volgens sy wese 'n onafhanklike instelling is (BVerfGE 18, 385 (386 e.v.)). Die erkenning van die kerk se selfstandigheid verplig die godsdiensneutrale staat om te erken dat die kerkreg en die kerkregering, wat deur die geloof en die belydenis bepaal word, verstaan moet word as 'n 'ordering van 'n eie soort' (Hesse, 1994:528, 529). Die eiesoortige aard van die kerkreg maak dit vir die neutrale staat onmoontlik om die kerkregering in die staatsorde in te lyf (Hesse, 1994:528, 529). As 'n belydenisgerigte aangeleentheid word erken dat die regsposisie van Woordbedienaars noodwendig onder die reëlingsbevoegdheid van die kerk val (BVerfGE 42, 312 (316 e.v.)).

3.5.3.4 *Reëling van die Woordbedienaar se regsposisie binne die grense van geldende wette*

Die kerk het die reg om die Woordbedienaar se regsposisie te reël binne die grense van alle geldende wette (*innerhalb der Schranken des für alle geltenden Gesetzes*). Dié beperkingsklousule (*innerhalb der Schranken des für alle geltenden Gesetzes*) het in beginsel nie 'n invloed op die reëling van Woordbedienaars se regsposisie nie, want die kerk se reg om Woordbedienaars se regsposisie te reël, word deur grondwetlike bepalinge gewaarborg (Art. 140 GG i.V.m. Art. 137 Abs. 3 WRV en Art. 140 GG i.V.m. Art. 137 Abs. 5 WRV). Volgens die BVerfGE 32, 98 (107) mag die kerk se reg slegs beperk word deur 'n grondwetlike bepaling wat die openbare belang beskerm:

Zu den für alle geltenden Gesetzen können nur solche Gesetze rechnen, die für die Kirche dieselbe Bedeutung haben wie für den Jedermann. Trifft das Gesetz die Kirche nicht wie den Jedermann, sondern in ihrer Besonderheit als Kirche härter, ihr Selbstverständnis, insbesondere ihren geistig-religiösen Auftrag beschränkend, also anders als den normalen Adressaten, dann bildet es insoweit keine Schranke (BVerfGE, 42, 312 (334)).

'n Saak van die Jehovagetuies is 'n voorbeeld van hoe die Duitse Konstitusionele Hof die openbare belang in die verlede beskerm het. Die Jehovagetuies se aansoek om die status van 'n *Körperschaft des öffentlichen Rechts* te ontvang is deur die Konstitusionele Hof afgekeur. Die maatstaf wat deur dié Hof aangelê is, is dat kerke 'lojaal aan die staat' moet wees. Volgens die Konstitusionele Hof ontken Jehovagetuies op grond van hulle geloofsoortuiging hulle lede se aktiewe en passiewe reg om aan politieke verkiesings deel te neem. Hoewel daar nie 'n wet in Duitsland is wat staatsburgers verplig om te stem nie, word Jehovagetuies se beskouing gesien as 'n ondermyning van die basiese beginsels van 'n demokrasie. Die Konstitusionele Hof het die standpunt van die Jehowagetuies bestempel as 'n moontlike bedreiging van die staat se orde en derhalwe die openbare belang. Die status van 'n *Körperschaft des öffentlichen Rechts* en die regte wat daarmee gepaard gaan, is daarom nie aan hierdie godsdiensgroep toegestaan nie (Robbers, 2001:650).

In die studie is reeds aangetoon dat die regstatus van 'n geloofsgemeenskap nie bepalend is vir die reëling en beoordeling van Woordbedienaars en ander geestelikes se regsposisie nie. Die geloofsgemeenskap behou die reg om die regsposisie van sy bedienaars te reël (Jurina, 1994:705). Kerke se bevoegdheid om Woordbedienaars se regsposisie te reël, mag nie deur die staat geïnhibeer word nie (Richardi, 2004:8; vgl. Hesse, 1994:544 e.v.).

3.5.3.5 *Die beginsel van Drittwirkung en die reëling van die regsposisie*

3.5.3.5.1 *Begripsbepaling*

Wanneer gepraat word van die beginsel van *Drittwirkung* word gedui op die horisontale werking van die Grondwet. Aangesien die Duitse Grondwet die individu, of die groep se regte teenoor die staat waarborg, bring die beginsel van *Drittwirkung* die vraag na vore of dieselfde regte tussen regspersone onderling gewaarborg kan word. Ten opsigte van hierdie studie hou die toepassing van *Drittwirkung* die vraag in of, en indien wel in hoe 'n mate die regte wat uiteengesit word in die Handves van Regte (GW Hoofstuk 2), van toepassing is op die verhouding tussen die kerk en die Woordbedienaar. *Drittwirkung* ontlok die vraag of die Handves van Regte 'n horisontale werking het, dit wil sê of dit in 'n privaatregtelike sin geldend is (vgl. Katz, 2002:Rdn. 613; Weber, 1994:673; Von Campenhausen, 1994:78):

... ob, und ggf. in welcher Art und Weise auch Privatpersonen Grundrechtsadressaten sein können, Grundrechte also auch im Privatrechtsverhältnis bindend sind bzw. auf das Privatrecht einwirken (Katz, 2002:Rdn. 613).

3.5.3.5.2 *Unmittelbare Drittwirkung*

Unmittelbare Drittwirkung beteken dat die Grondwet 'n direkte 'stralings effek' (*Ausstrahlungswirkung*) op die verhouding tussen staatsburgers uitoefen (Katz, 2002:Rdn 616). *Unmittelbare Drittwirkung* impliseer dat fundamentele regte direk geld vir die verhouding tussen Woordbedienaars en die kerk. In Duitsland is daar enkele navorsers wat tans die standpunt van *unmittelbare Drittwirkung* handhaaf (vgl. Hager, 1994:373-383; Schwabe, 1973:229 e.v.; BVerfGE 1, 185 (190 e.v.); BVerfGE 4, 274 (276 e.v.); BVerfGE 13, 168 (174 e.v.)). Hager (1994:383) kom byvoorbeeld

tot die gevolgtrekking dat 'n voorstelling van blote *Ausstrahlungswirkung* verstellt den Blick für diese Zusammenhänge ebenso wie die Maxime von der nur mittelbaren Wirkung der Grundrechte.

Oor die algemeen word aanvaar dat die Grondwet nie 'n direkte (*unmittelbare*) werking in die kerklike sfeer het nie. Katz (2002:Rdn 616) wys daarop dat *unmittelbare Drittwirkung* hoogstens in die arbeidsreg van toepassing behoort te wees. Hy spreek kritiek uit op die direkte toepassing van fundamentele regte op ander sfere in die gemeenskap:

Insbesondere wird dagegen vorgebracht, dass eine Unmittelbare Grundrechtsbindung zu einer beträchtlichen Einengung selbstverantwortlicher Freiheit, aber auch zu einer prinzipiellen Veränderung von Eigenart und Bedeutung des Zivilrechts sowie zu Rechtsunsicherheit führen würde, dass das Verfassungsrecht, schon weil es inhaltlich dazu gar nicht in der Lage ist, keine Superrevisioninstanz des Privatrechts sein dürfe, und auch das Grundrechtsträger grundsätzlich eben nicht gleichzeitig Grundrechtsadressaten sein könnten (Katz, 2002:Rdn 615; vgl. Weber, 1994:573-587).

3.5.3.5.3 *Mittelbare Drittwirkung*

In Duitsland word aanvaar dat fundamentele regte indirek geld ten opsigte van die privaatreë:

Die ganz h.M. erkennt jedoch an, dass die Grundrechtsbestimmungen als Elemente objektiver Wertordnung einen mittelbaren Einfluss auf das Privatrecht haben ('begrenzte' Bindungswirkung). So betont das BVerfG. dass die Zivilgerichte die Ausstrahlungswirkung der in den Grundrechten enthaltenen Wertentscheidungen im Bereich des Zivilrechts hinreichend zu beachten haben. Das Privatrecht ist, soweit es Spielräume belässt ... 'im Lichte der Grundrechte' auszulegen ... Die Grundrechte sind bei der Anwendung der Generalklausel als 'Richtlinien' zu beachten. Die Verfassungsgerichtsbarkeit hat darüber zu wachen, dass die zivilrechtlichen Entscheidungen auf einer richtigen Auffassung von der Reichweite und Wirkkraft der Grundrechte beruhen und sie nicht verletzen (Katz, 2002:Rdn 616; BVerfGE 103, 89 (100 e.v.); BVerfGE 42, 163 (168, 169); BVerfGE 73, 261 (268 e.v.); BVerfGE 84, 192 (194 e.v.); BVerfGE 89, 214 (229 e.v.); BVerfGE 83, 83 (138); BVerfGE 49, 202 (203 e.v.); BVerfGE 69, 1 (54 e.v.).

Die BVerfGE (7, 198 (198)) wys daarop dat *Grundrechte* in die eerste plek burgers teen die staat beskerm. Staatsburgers word op grond van fundamentele regte beskerm teenoor moontlike vergrype en verontregting deur die staat. Dié beskerming beteken dat fundamentele regte nie direk van toepassing is op die verhouding tussen staatsburgers nie (BVerfGE 73, 261 (268 e.v.)); daarom word fundamentele regte nie direk toegepas op die verhouding tussen die kerk en die Woordbedienaar nie. Dié verhouding word in die lig van fundamentele regte beskryf (Katz, 2002:Rdn 615). Vanselfsprekend mag die kerk fundamentele regte nie heeltemal afwys nie (Frank, 1974:686 e.v.).

Volgens laasgenoemde standpunt is die kerk gebind aan sogenaamde staatsonafhanklike fundamentele regte, *soweit diese jedem öffentlichen Recht vorgegeben und somit im Kernbereich von jeder weltliche Regelung zu repektieren seien* (Frank, 1974:686). Deur fundamentele regte indirek toe te pas op die verhouding tussen die kerk en die Woordbedienaar, skep die staat 'n omgewing waarin die kerk sy belydenis binne die grense van 'alle geldende wette' mag uitleef. Hierdie vryheid beteken dat die staat 'n etos van menseregte tussen verskillende entiteite vestig, soos byvoorbeeld tussen die kerk en die Woordbedienaar, sonder om die kerk se terrein van selfverantwoording en vryheid deur wetgewing te domineer (vgl. Katz, 2002:Rdn 615).

Volgens Pirson (1995:867 e.v.) is fundamentele regte nie direk van toepassing op die regsposisie van Woordbedienaars (kerklike ampverhoudings) nie. Grondwetlike bepalings, wat per definisie 'n ander doel as kerklike bepalings dien, geld net in enkele gevalle as beperking vir kerklike ampsreëlings (vgl. Frank, 1974:688; Pirson, 1995:868). Die feit dat die kerk se reëling van Woordbedienaars se regsposisie net indirek gebind word deur fundamentele regte, is gegrond op die erkenning van Woordbedienaars se eiesoortige verbintenis met die kerk. Die Woordbedienaar se taak is om die opdrag wat die kerk aan hom gee uit te voer. Volgens hierdie siening van sy taak word die regte en pligte van die Woordbedienaar deur die Christelike ampsopdrag bepaal. In hierdie ampsopdrag kom die eiesoortige verhouding tussen Woordbedienaars en die kerk na vore – 'n verhouding wat nie direk deur fundamentele regte beïnvloed mag word nie (vgl. Frank, 1974:688 e.v.).

Met betrekking tot die regsposisie van Woordbedienaars en die feit dat dit onderhewig is aan fundamentele regte word enkele voorbeelde genoem:

- Die *Gleichheitssatz* (Art. 3 Abs. 1 GG) is van toepassing op die kerk se reëling van die kerklike diens en moet in ag geneem word met die daarstelling van diensvoorwaardes in die kerk. Die beginsel van *Gleichberechtigung* is egter nie op die kerk van toepassing nie. Die kerk het byvoorbeeld die vryheid om self te bepaal of vroue in die kerklike ampte mag dien.
- Die fundamentele reg van *freie Entfaltung der Persönlichkeit* word nie direk op die kerk toegepas nie. Twee voorbeelde is hier van toepassing: *Eerstens* het die Rooms-Katolieke Kerk die reg om te bepaal dat geestelikes aan die kerk se selibaatvoorskrifte moet voldoen. Dié verpligting wat die Rooms-Katolieke Kerk op geestelikes plaas, berus op 'n spesifieke teologiese beskouing oor die amp. Oor sodanige beskouing mag die neutrale staat nie beheer uitoefen nie. *Tweedens* het die Evangeliese kerke vryheid van beweging (*Freizügigkeit*) om vanweë hulle beskouing oor die huwelik 'n Woordbedenaar wat byvoorbeeld egbreuk pleeg te tug.
- Die fundamentele reg van *Glauben- und Gewissensfreiheit* is in beginsel nie op die kerk van toepassing nie. In Duitsland word aanvaar dat dié fundamentele reg burgers teen moontlike staatsvergrype beskerm. Die staat mag nie van die kerk verwag om soos die staat te wees of soos die staat op te tree nie. Die kerk moet volgens die Skrif en die belydenis uitdrukking aan sy geloof gee.
- Die fundamentele reg van *Meinungsfreiheit* fokus veral op die vraag of die Woordbedenaar, of enige ander ampsdraer van die kerk, die reg het om 'n ander beskouing wat in stryd met die leer en belydenis van die kerk is te verkondig. Volgens die Duitse beskouing is die fundamentele reg van meningsvryheid tot 'n groot mate 'n beperkte reg met betrekking tot die regsposisie van Woordbedienaars. Woordbedienaars tree op as ampsdraers van die kerk. In ooreenstemming met dié uitgangspunt is die Woordbedenaar ook die gemeentelike instansie wat die bevoegdheid het om namens die gemeente as woordvoerder op te tree. In die Duitse staatskerkreg word aanvaar dat die amp en die persoon nie van mekaar

geskei kan word nie. Hierdie beskouing bied die basis op grond waarvan die fundamentele reg van meningsvryheid in 'n beperkte mate op Woordbedienaars se regsposisie toegepas word.

- Die fundamentele reg van Woordbedienaars se *Rechtschutz* in die godsdienstneutrale staat is waarskynlik die moeilikste fundamentele reg om uit te voer. Die regte van kerklike selfstandigheid en regsbeskerming deur die staat word beskou as onversoenbaar met mekaar (vgl. 3.6.4 e.v.) (Frank, 1974:686 e.v.).

Volgens die teorie van *mittelbare Drittwirkung* pas howe 'n sogenaamde fundamentele regstoets toe waardeur vasgestel word of daar binding aan 'n fundamentele reg is, *weil nach Auffassung der Gerichte in den entschiedenen Fällen bei Zugrundelegung einer Grundrechtsbindung eine Grundrechtsverletzung stets zu verneinen war* (Weber, 1994:575; Weber se onderstreping):

Hierzu gilt: Ob der Bf., wie er meint, in seinen Grundrechten oder grundrechtsgleichen Rechten dadurch verletzt worden ist, daß die Kirche das Versetzungsverfahren statt eines Lehrbeanstandungsverfahrens durchgeführt hat entzieht sich ... einer Nachprüfung durch staatliche Gerichte, weil die Wahl der Verfahrensart durch die Kirche dem rein innerkirchliche Bereich zuzurechnen ist und ein Ausspruch eines staatlichen Gerichts hierüber zu einem Eingriff in das Recht der Kirche zur selbständigen Verwaltung ihrer eigenen Angelegenheiten führen müsste (BverfG vom 1.06.1983 – 2 BvR 453/83).

3.5.4 Merkers

Die volgende merkers kan op grond van die voorafgaande beredering en bespreking aangetoon word:

- Die reg van die kerk om die regsposisie van Woordbedienaars te reël is gegrond op die staat se erkenning dat die kerk 'n selfstandige geloofsgemeenskap is. Die kerk ontvang nie sy gesag van die staat of lei sy gesag van die staat af vir die reëling van Woordbedienaars se regsposisie nie.
- Die selfstandigheid van die kerk word in die Duitse Grondwet weerspieël deur die bepaling van *ordnen en verwalten*. Binne die 'grense van alle geldende

wette' het die kerk, as 'n selfstandige orde – in werklikheid 'n *Gleichordnung* met die staat – die reg om Woordbedienaars se regsposisie te reël.

- Deur die status van 'n *Körperschaft des öffentlichen Rechts* aan die kerk toe te ken, gee die staat prakties erkenning aan die kerk se selfstandige posisie in die staatshuishouding.
- Kerke se bevoegdheid om eie kerklike aangeleenthede te reël word geakkommodeer deurdat die kerk erken word as 'n regspersoon. Die feit dat erken word dat die kerk 'n regspersoon is, gee die kerk juis die geleentheid om interne kerklike aangeleenthede, soos die reëling van Woordbedienaars se regsposisie, selfstandig te reël.
- Deur *Diensthermnfähigkeit* wat kerke as *Körperschaft des öffentlichen Rechts* ontvang, kan die kerk die keuse uitoefen om die regsposisie van Woordbedienaars volgens die bepalende godsdiensuitgangspunte te reël. Die kerk het die keuse om die regsvorm, waarvolgens die regsposisie van Woordbedienaars gereël en beoordeel moet word, te kies.
- Die kerk se reg om Woordbedienaars se regsposisie te reël moet uiteraard verbind word aan die selfbeskikkingsreg van die kerk. Die kerk het die reg tot selfbeskikking in sy godsdiensbepaalde taak. Hierdeur word die reëling van Woordbedienaars se regsposisie bepaal.
- Die beperkingsklousule is nie van toepassing op die kerk se reg om Woordbedienaars se regsposisie te reël nie. Die Grondwet waarborg die kerk se reg om kerklike ampsdraers aan te stel. Op grond van hierdie reg word die reëling van Woordbedienaars se regsposisie per implikasie gedefinieer as 'n interne kerklike aangeleentheid.
- Die teorie van *Drittwirkung* (horisontale werking van die Grondwet) laat die vraag ontstaan of fundamentele regte ook 'n invloed op die privaatreg uitoefen.
- Die teorie van *unmittelbare Drittwirkung* maak fundamentele regte direk van toepassing op die verhouding tussen die kerk en die Woordbedienaar. In die lig van die beginsels van godsdiensvryheid en staatsneutraliteit behoort die teorie van *unmittelbare Drittwirkung* nie toegepas te word op die verhouding tussen die kerk en die Woordbedienaar nie. Indien howe fundamentele regte direk toepas op die verhouding tussen die Woordbedienaar en die kerk,

bestaan die moontlikheid dat die staat 'n sekulariserende invloed op die kerk kan uitoefen. In die lig van die beginsels van godsdienstvryheid en staatsneutraliteit is dit nie toelaatbaar dat die staat die kerk op hierdie wyse beïnvloed nie.

- Die teorie van *mittelbare Drittwirkung* maak fundamentele regte indirek van toepassing op die verhouding tussen die kerk en die Woordbedienaar. Op grond van *mittelbare Drittwirkung* skep die staat 'n omgewing waardeur die waardes van die godsdienstneutrale regstaat deurwerk op alle verhoudings. Die kerk behou egter die reg om dogmaties bepaalde kerklike bepalings, wat nie noodwendig met die staatsregtelike beskouing ooreenstem nie, te handhaaf.
- Deur die teorie van *mittelbare Drittwirkung* op interne kerklike verhoudings toe te pas, word die eiesoortige posisie van die kerk in die staat erken en word die kerk nie deur die staat gedwing om interne kerklike verhoudings aan 'n sekulariseringsproses te onderwerp nie.

3.6 *Woordbedienaars se regsposisie in Duitsland en probleemareas in die Suid-Afrikaanse konteks*

3.6.1 *Oorsigtelik: probleemareas in Suid-Afrika*

Die spesifieke probleemareas aangaande die reëling van predikante se regsposisie in Suid-Afrika is in Hoofstuk 2 aangedui (vgl. 2.3.3; 2.2.3.5). In hierdie hoofstuk is aangetoon dat hoewel twee radikaal teenstrydige uitsprake gemaak het oor predikante se regsposisie. Uit die voorafgaande navorsing in dié hoofstuk is sekere probleemareas belig. In die studie is reeds uit verskeie hoeke vasgestel dat die staat in Duitsland uitdruklik erkenning gee aan die selfstandige bevoegdheid van die kerk om predikante se regsposisie te reël. Dié erkenning lei noodwendig daartoe dat die reg van die kerk nie onder staatsbevoegdheid geïnkorporeer word nie, maar as 'n eiesoortige reg beskou moet word.

In hierdie onderafdeling word 'n kort snit gemaak met inagneming van die voorafgaande navorsing om na te gaan hoe die Duitse staatskerkreg bestaande probleme, soortgelyk aan dié in die Suid-Afrikaanse konteks, hanteer. Die navorsing in dié deel van die studie word deur die volgende vrae gerig:

- Watter instansie of verteenwoordiger van die kerk of die staat het die bevoegdheid om die regsposisie van Woordbedienaars te definieer?
- Hoe word die regsposisie van die Woordbedenaar, op grond van die sy/haar verbintenis aan die kerk, gereël?
- Op watter wyse kan Woordbedienaars beskerm word vanuit raamwerk van die Duitse kerk-staatkonteks?

3.6.2 *Kerklike of staatsbevoegdheid: drie teorieë*

'n Kerk-staatteorie in die moderne regstaat poog om die beginsels van kerklike selfstandigheid en grondwetlike beperking op die kerk in balans te bring. Volgens hierdie poging tot balans moet die kerk die reg hê om sy belydenis selfstandig uit te leef binne die grense van dit wat deur die Grondwet gestel word. In Duitsland word aanvaar dat die reg van die kerk nie deur enige wet beperk kan word nie, maar slegs indien so 'n beperking in belang van die breër gemeenskap is (vgl. Robbers, 2001:655). Binne die raamwerk van hierdie uitgangspunt funksioneer twee beginsels, te wete die beginsel dat die kerk selfstandig is en die beginsel dat die staat verplig is om regsbeskerming aan alle burgers te gee – ook dié wat 'n godsdiensooreenkomstige opdrag en taak verrig (vgl. Kästner, 1991:74). In 'n poging om aan albei dié beginsels te laat reg geskied, naamlik die handhawing van die selfstandigheid van die kerk en die regsbeskerming van alle staatsburgers – ook van kerkdienaars – is gebruik gemaak van die sogenaamde sfeerteorie.

3.6.2.1 *Sfeerteorie*

Volgens die sfeerteorie erken die staat 'n interne kerklike sfeer wat nie onder die regeringsbevoegdheid van die staat val nie. Die kerk en die staat word as't ware as twee institusionele groothede teenoor mekaar gestel: elkeen het soewereine gesag oor aangeleenthede waarvoor hy bevoegdheid het. Die sfeer van die kerk hou byvoorbeeld in dat die kerk soewereine reg het om die kerklike belydenis te formuleer; die staat mag nie daarmee inmeng nie. So is daar uiteraard ook burgerlike aangeleenthede in die sfeer van die staat waarvoor die kerk geen seggenskap het nie. Daar is wel ook 'n tussensfeer as kerklike aangeleenthede deur interaksie met die burgerlike regsfeer gehanteer word. Indien die kerk sake-transaksies sluit, sou dit

byvoorbeeld in dié tussensfeer val. Ten opsigte van die regsbepalings van die tussensfeer het die staat die uitsluitlike seggenskap op grond van wetgewing en regulasies (Robbers, 2001:655).

Die vraag of vroue byvoorbeeld tot die kerklike ampte toegelaat mag word, is in verskeie kerke en godsdienstige en ideologiese groepe 'n teologiese probleem. Vanweë die teologiese aard van die probleem het die kerk die bevoegdheid om te besluit of vroue tot die kerklike ampte toegelaat word al dan nie. Met betrekking tot die reëling van Woordbedienaars se regsposisie word aanvaar dat dit 'n *core question for the church* is (Robbers, 2001:655). Indien 'n Woordbedenaar byvoorbeeld uit die kerklike diens afgesit word, is dit ook 'n erkende interne kerklike aangeleentheid. Die kerk het die bevoegdheid om oor so 'n dissiplinêre aangeleentheid te beslis.

Die probleem is egter dat die staat in so 'n geval ook 'n belang by die Woordbedenaar as staatsburger het. Die staat het die verantwoordelikheid om Woordbedienaars teen onbillike ontslag te beskerm (Robbers, 2001:655). Sodanige beskerming hou in dat die kerk sy erkende interne kerklike prosedure op 'n korrekte wyse moet uitvoer (vgl. voetnoot 1). Volgens die sfeerteorie mag die staat nie sy bevoegdheid gebruik om teen iemand se moontlike onbillike ontslag op te tree nie, omdat die staat dan op die terrein van die kerk oortree.

3.6.2.2 *Everyone clause*

Die sogenaamde *everyone clause* is ook deur Duitse howe toegepas op die verhouding tussen kerk en staat. Volgens dié klousule mag die staat nie ander bepalings vir kerke laat geld as bepalings wat op enige ander persoon van toepassing is nie: ... *affect ... in no other way than anyone else*. Hierdie teorie is onprakties, omdat verskeie wetlike bepalings slegs betrekking het op die kerk en godsdienstige en ideologiese groepe. Die grondwetlikheid van hierdie bepalings is bo enige twyfel vasgestel; daarom het dié teorie nie die toets van die tyd deurstaan nie (Robbers, 2001:655).

3.6.2.3 *Funksionele koördinerings*

'n Derde teorie is die teorie van funksionele koördinerings (*balancing theory*). Schlaich (1972:191) wys daarop dat die teorie van funksionele koördinerings 'n *kerkregtelik begronde staatskerkregtelike* teorie is (kyk Hollerbach, 1994:253 e.v. oor die verhouding tussen kontrakte en konkordate tussen die kerk en die staat en die koördinerings-teorie). Hierdie teorie word teenswoordig toegepas op die kerk-staatverhouding (Robbers, 2001:655) en verteenwoordig 'n breuk met die Duitse benadering om regsteorieë, soos byvoorbeeld die *Territorial*-sisteem en die latere *Kollegial*-sisteem van die agtiende en negentiende eeu op die kerk van toepassing te maak (Heckel, 1994(a):187). Die teorie van funksionele koördinerings gaan nie van 'n gesagsvraag uit nie. Die institusionele denke (*positionalen Denken*) van die sfeer-teorie word volgens die teorie van funksionele koördinerings vervang met 'n *koordinativer Rechtsgestaltung* en 'n *funktionellen Zuordnung* (Schlaich, 1972:191):

Nicht eine in Voraus gesicherte Koordinationsordnung, sondern die in der konkreten Verständigung geschaffene und erreichte Koordination zeichnet das Bild richtig. Die Koordination bestimmt sich nicht sosehr von Problemen einer institutionellen Abgrenzung ... sondern von der Frage nach der funktionellen Zuordnung in der gemeinsamen Verantwortung für den Menschen (Schlaich, 1972:191).

In dié teorie dien die wese en opdrag van die kerk as maatstaf om te bepaal wat as interne aangeleentheid beskou moet word. Die voordeel van 'n benadering waarin 'funksionele toekenning' gebruik word om te bepaal dat Woordbedienaars se regsposisie as 'n interne kerklike aangeleentheid beoordeel moet word, is dat die gesagsvraag nie 'n probleem skep nie. Volgens dié benadering word die gesagsvraag as't ware 'uitgefilter'. Die bepalende vraag is nie of die kerk of die staat die gesag het om Woordbedienaars se regsposisie te reël nie, maar wie van die kerk of die staat volgens sy aard en wese die bevoegdheid het om die aangeleentheid te reël (vgl. Kästner, 1991:93). Die regsposisie van Woordbedienaars is in ooreenstemming met die Duitse staatskerkreg dus noodwendig 'n interne kerklike aangeleentheid, omdat Woordbedienaars die opdrag en taak van die kerk uitvoer (vgl. Kästner, 1991:93).

Volgens die teorie van funksionele koördinerings word aanvaar dat die sogenaamde algemene wette van die staat die kerk se selfstandigheid slegs mag beperk as dit noodsaaklik en noodwendig is vir die vereiste dat vrede in die samelewing gehandhaaf word. In sake waar die kerk en die staat 'n gemeenskaplike belang het, moet die belange van albei instellings versigtig teen mekaar opgeweeg word. Sodoende moet hulle probeer om 'n beslissing tot voordeel van sowel die kerk as die staat te maak (BVerfGE 53, 366 (401); BVerfGE 66, 1 (22); BVerfGE 70, 138 (167); BVerfGE 72, 278 (289); vgl. Robbers, 2001:655). Vanweë die godsdiensooreenkomende aard van Woordbedienaars se regsposisie het die staat nie 'n belang by die reëling van hierdie aangeleentheid nie. Volgens die beginsel van funksionele toekenning word die reëling van Woordbedienaars se regsposisie uitsluitlik beskou as 'n interne kerklike aangeleentheid.

Al drie genoemde teorieë wat in Duitsland op die verhouding tussen kerk en staat toegepas word, gee erkenning aan die feit dat die kerk die reg het om die Woordbedienaar se regsposisie te reël. Die probleme wat volgens hierdie uitgangspunt ontstaan, is nie soseer *of* die Woordbedienaar se regsposisie deur die kerk gereël moet word nie, maar *hoe* die staat die Woordbedienaar regsbeskerming moet bied in die uitvoering van sy godsdiensooreenkomende taak.

3.6.2.4 Staatsdiskresie as beoordelingsmaatstaf?

Die uitgangspunt dat die staat die reg het om te bepaal watter sake onder die reëlingsbevoegdheid van die kerk val, is onder meer onderskryf deur Gerhard Anschütz in *Die Verfassungsurkunde für den preußischen Staat vom 31. Januar 1850* (Anschütz, 1974:307). Dié standpunt dateer uit die era van die staatskerk in Duitsland en volgens dié siening het die staat die bevoegdheid om te bepaal volgens watter regsvorm interne kerklike dienste gereël word. Die keuse het effektief by die staat berus op *Hoheitsgewalt* (soewereiniteitsgesag) teenoor die kerk uit te oefen. Volgens dié beskouing het die staat die reg om die aard van interne kerklike dienste te omskryf, omdat die kerk nie as wetgewer of as regter in sy eie saak mag optree nie (vgl. Anschütz, 1974:307). Die afleiding kan gemaak word dat Anschütz die kerk beoordeel het as 'n *Unterordnung* ('n posisie van ondergeskiktheid) ten opsigte van

die staat. Die kerk heers nie oor die staat nie én mag ook nie beskou word as 'n 'staat in die staat' nie (vgl. Anschütz, 1974:307).

Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat die reëling van Woordbedienaars se regsposisie selfs nie in die era van die Duitse staatskerkreg volkome deur die staat oorgeneem is nie. Dié benadering het nie ontken dat die kerklike dienste of ampte onvervreembaar deel van die kerk se reëlingsbevoegdheid is nie (vgl. Hesse, 1994:538), al is kerklike reëlings aangaande kerklike dienste effektief deur die staat bekragtig (vgl. 3.3). Die standpunt dat die interne kerklike sfeer deur die staat bepaal en omskryf word, neem sekere belangrike verskille tussen die kerk en die staat se definiërings- en regeringsbevoegdheid nie in ag nie. Die belangrikste verskille en die vraag wat daaruit ontstaan, word soos volg deur Van't Spijker verwoord:

Kerklike doctrine is een kwestie van belijdenis. Juridische doctrine een kwestie van literatuur. Kerklike tucht is een genademiddel ... Tuchtrect voor de burgerlijke balie is van een ander gehalte. En het begrip analogie is theologisch te zeer geladen dan dat het gebruikt kan worden om een toetscriterium aan te leggen dat geldt binnen het koninkrijk der hemelen.

... de burgerlijke rechter [kan] niet oordelen naar de Bergrede. Maar waar blijft het recht van Christus, ik bedoel de recht van de genade en der verzoening ... wanneer slechts de 'civilitas' van het rijk van deze wereld beoordelingsnorm wordt in een geding tussen hen die zeggen dat zij tot de heiligen behoren? (Van't Spijker 2003:23)

3.6.2.5 *Objektiewe maatstaf?*

Godehard Josef Ebers onderskei in *Staat und Kirche im neuen Deutschland* (Ebers, 1930:258) tussen die aard van die saak (*Natur der Sache*) en die doelbestemming van die saak (*Zweckbestimmung* of *Zweckbeziehung*) as beoordelingskriteria vir wat as interne kerklike aangeleenthede bepaal moet word (vgl. Jurina, 1979:20 e.v.). Dié invloedryke standpunt van Ebers berus daarop dat die bepaling van interne kerklike aangeleenthede nie aan die diskresie van die staat oorgelaat mag word, of aan 'n subjektiewe kerklike definisie nie, maar dat dié aangeleenthede deur 'n objektiewe maatstaf bepaal moet word. Vir so 'n bepaling word die interne aangeleenthede van die kerk deur die materie van die saak bepaal. Die maatstaf vir die beoordeling van interne kerklike aangeleenthede word derhalwe bepaal deur die *Natur der Sache* en die *Zweckbeziehung* of *Zweckbestimmung*:

... so gehört zu den eigenen Angelegenheiten alles, was seinem Wesen nach in diese Sphäre fällt, diesem Zweck dient. Darunter fallen nicht nur rein religiösen Handlungen, sondern auch solche Akte, die, wie Erwerb und Verwaltung der hierzu erforderlichen finanziellen Mittel, nur die äußeren Voraussetzungen hierfür schaffen. Aber noch mehr: auch wenn die betreffende Handlung oder das Rechtsverhältnis mittelbar als zufällige oder auch notwendige äußere Folge, nicht als selbständige, sondern nur als Nebenwirkung, auch staatliche Interessen berührt, ... so hören sie doch ob ihrer primären Zweckbestimmung nicht auf, eigene Angelegenheit zu sein (Ebers, 1930:258/259).

Volgens hierdie teorie behoort die bepaling van Woordbedienaars se regsposisie, vanweë sowel die aard van die aangeleentheid as die 'doelbestemming' daarvan, beskou te word as 'n interne kerklike aangeleentheid. Sowel die aard as die doelbestemming van Woordbedienaars se regsposisie word immers bepaal deur die belydenis van die kerk. Volgens hierdie wyse van bepaling is daar geen twyfel dat die reëling van Woordbedienaars se regsposisie volgens Ebers se teorie beskou moet word as 'n interne kerklike aangeleentheid nie. Vir die eksegeties en belydenisbepaalde gereformeerde kerkreg bied Ebers se teorie waardevolle aanknopingspunte. Die konsekwensie van dié teorie is dat die onus op die kerk is om aan te toon dat 'n saak soos die regsposisie van die Woordbedienaar 'n uitdrukking van die kerk se opdrag en taakvervulling in die samelewing is.

Die kernprobleem van Ebers se teorie lê daarin dat dié teorie nie 'n antwoord bied op die hart van die probleem nie. Die probleem is juis wie die reëlingsbevoegdheid oor 'n aangeleentheid het, indien daar nie konsensus oor die beoordeling van 'n saak is nie (Hesse, 1994:541). Wie bepaal dus die objektiewe maatstaf, die kerk of die staat? In die Suid-Afrikaanse konteks, waar kerke van dieselfde belydenis nie met mekaar ooreenstem oor die vraag of die kerk of die staat die reëlingsbevoegdheid oor die regsposisie van predikante het nie, sal 'n objektiewe maatstaf vir die beoordeling van predikante se regsposisie moeilik gevind word indien hierdie teorie die deurslag sou moes gee.

3.6.2.6 *Kerklike selfdefiniëring as 'n antwoord*

3.6.2.6.1 *Beslissing van die Konstitusionele Hof oor kerklike selfdefiniëring*

In resente regspraak in Duitsland het die Konstitusionele Hof beslis dat die selfdefiniëring van die kerk deurslaggewend is om interne kerklike aangeleenthede te bepaal (vgl. BVerfGE 70, 138, (165)). Die kerk se reg om Woordbedienaars se regsposisie te definieer, word direk aan hierdie uitgangspunt verbind (BVerfGE 70, 138, (165)). In ooreenstemming met hierdie uitgangspunt het die godsdiensneutrale staat nie die bevoegdheid om hoegenaamd in te speel op die inhoud van die grondwetlik gewaarborgde selfbeskikkingsreg van die kerk nie (v Mangoldt Klein v Von Campenhausen, 1991(bd 14):113). Waar die Grondwet self nie tussen kerklike en staatsake onderskei nie, mag die wetgewer en die howe ook nie 'n onderskeid maak nie (Hesse, 1994:541):

Es ist ihm [der Staat] bekanntlich verwehrt, den Glauben oder Unglauben seiner Bürger zu bewerten (v Mangoldt, Klein, Von Campenhausen, 1991(bd 14):113).

Die kerk se reg tot selfdefiniëring lê daarin dat die staat se

... säkularen Rahmenbegriff, der – als Ausfluß nicht zuletzt der staatlichen Religionsneutralität – so weit gefaßt sein muß, daß der eine inhaltliche, alle denkbaren Religionen (und, soweit die Weltanschauungsfreiheit in Frage steht, durch alle denkbaren Weltanschauungen) ermöglicht (Weber, 2000:123).

Die kerk se selfstandigheid en kerklike diensmotief, ook in die reëling van die kerklike ampte, derhalwe die kerk se geloofwaardigheid, moet deur die reg tot selfdefiniëring beskerm word:

... zusammen ermöglicht es den Kirchen erst ... den kirchlichen Dienst nach ihrem Selbstverständnis zu regeln und die spezifischen Obliegenheiten kirchlicher Arbeitnehmer zu umschreiben und verbindlich zu machen. Das schließt ein, daß die Kirchen der Gestaltung des kirchlichen Dienstes auch dann, wenn sie ihn auf der Grundlage von Arbeitsverträgen regeln, das besondere Leitbild einer christlichen Dienstgemeinschaft aller Mitarbeiter zugrunde legen können (BVerfGE 70, 138 (165)).

Denn für die Kirchen kann ihre Glaubwürdigkeit davon abhängen, daß ihre Mitglieder, die in ein Arbeitsverhältnis zu ihnen treten, die kirchliche Ordnung – auch in ihrer Lebensführung – respektieren (BVerfGE 70, 138 (166)).

Die kerk se reg om die regsposisie van die Woordbedienaar te definieer gee erkenning daaraan dat die godsdienstneutrale staat in werklikheid 'kleurblind' (Hollerbach) moet wees om tussen godsdienst-dogmatiese sake en niegods-bepaalde aangeleenthede te onderskei. Die selfdefiniëring van die kerk gee vir die staat 'n aanduiding van hoe die kerk homself as 'n geloofsgemeenskap verstaan. Met betrekking tot die reëling van Woordbedienaars se regsposisie is die ampsbegrip deur die kerk gehandhaaf en dus bepalend om vas te stel of 'n predikant as werknemer van 'n kerkraad beskou moet word:

Wo ziehe ich die Grenze für die Arbeit im Kirchlichem Dienst – weil wir ja auch ein Portier haben. Da meine ich eben, daß diese Grenze doch über den Amtsbegriff gezogen werden muß; daß das, was sozusagen den Kirchenbeamten ausmacht, zur Durchnormierung dem Staat verschlossen ist ... (Mayer-Maly (b), 1976:159).

3.6.2.6.2 *Hof se taak met betrekking tot kerklike selfdefiniëring*

In alle gevalle van selfbeskikking en selfdefiniëring van die kerk en die kerklike ampte behou howe die bevoegdheid om die selfdefiniëring van die kerk te toets (vgl. Hesse, 1994:541, 542 e.v.). In ooreenstemming met hierdie toetsingsreg lê die verantwoordelikheid by die howe om finaal uitslag te gee of die reëling van Woordbedienaars se regsposisie 'n interne kerklike aangeleentheid is of nie. Om te verseker dat howe die uitspraak streng objektief sal gee, moet van twee rigtinggewende vrae gebruik gemaak word:

- *Verstaan die kerk self die reëling van Woordbedienaars se regsposisie as 'n uitlewing van die kerk se belydenis?* Die kerk gee sy geloofsoortuigings deur die belydenisskrifte te kenne. Indien die kerk die reëling van Woordbedienaars se regsposisie deur die belydenis van die kerk rig, is dit 'n duidelike aanduiding dat dié reëling 'n uitlewingswyse is van die manier waarop die kerk homself kragtens sy belydenis verstaan. Predikante se regsposisie moet

derhalwe as 'n kerklike belydenisaangeleentheid beskou word (vgl. BVerf G, 6.4 1979 – 2 BvR 356/79).

- *Is die prosedures waarvolgens predikante en ander ampsdraers in die dienste bevestig word, prosedures waardeur op 'n kerkregtelike wyse uitdrukking gegee word aan Woordbedienaars se regsposisie? Volgens die onderskeie kerke word regte en verpligtinge in hulle bevestigingsprosedures aan ampsdraers opgelê. Hiervolgens moet Woordbedienaars se regsposisie gedefinieer word as 'n interne kerklike aangeleentheid (vgl. Erler, 1983:183).*

Hierdie grondliggende vrae waarvolgens howe toets of 'n bepaalde saak 'n interne kerklike aangeleentheid is, beklemtoon dat die kerk se ordebepalings (*die äusere Ordnung*) nie van die belydenis geskei mag word nie (MKSGGK, Art. 140 ivm. Art. 137 par. 3 WRV Rn. 71). Die ordebepalings van die kerk, waarvolgens ook predikante se regsposisie gereël word, moet fundamenteel deur die kerk se belydenis bepaal word om as deel van die kerk se selfdefiniëring te geld.

3.6.2.6.3 *Kerklike selfdefiniëring, die Woordbedienaar en die vakbondwese*

Die vraag of Woordbedienaars aan vakbonde mag behoort, bied 'n voorbeeld van die kerk se selfdefiniëring as maatstaf vir die reëling van Woordbedienaars se regsposisie. In Duitsland definieer die hoofstroomkerke (die Rooms-Katolieke Kerk en kerke in die Evangeliese tradisie) hulleself in ooreenstemming met die beginsel dat die kerk 'n 'Christelik begronde diensgemeenskap' is.

Volgens hierdie beskouing word die fokus geplaas op *diens* onder die heerskappy van Christus. Die Woordbedienaar se diens is derhalwe die maatstaf vir die beoordeling van sy regsposisie. Die belang van die individu en/of die groep word in beginsel deur die diensmotief bepaal. Volgens hierdie beskouing word konfrontasie en stryd nie as 'n wyse van konflikoplossing aanvaar nie (Robbers, 1994:330, 331). Die kerk se selfbeskikkings- en selfdefiniëringsreg is in hierdie opsig 'n aanduiding dat die kerk die reg het om self te besluit of Woordbedienaars aan 'n vakbond mag behoort of nie (Richardi, 2004:1 e.v.). Indien dié reg van die kerk nie erken word nie, word die betekenis van godsdiensvryheid wesenlik verskraal (Robbers, 1994:331).

3.6.3 Die Woordbedienaar se regsposisie op grond van sy verbintenis aan die kerk

3.6.3.1 Eenheid tussen die kerk, die gemeente en die amp

In die Evangeliese tradisie word onderskei tussen die kerk en die gemeente. Die kerk vorm 'n oorkoepelende organisatoriese struktuur waarvan die verskillende gemeentes deel is (vgl. Stein, 1992:76, 77). Kerk en gemeente vorm dus 'n eenheidstruktuur; 'n *Kirchengemeinde*, waarin die gemeente funksioneer as *organisatorische Grundzelle der Kirche* (vgl. Von Campenhausen, 1994:384; Von Campenhausen, 1997:114).

Die amp van die Woordbedienaar is deel van die organisatoriese eenheid wat tussen die kerk en gemeente bestaan (vgl. Maurer, 1976:207; Hoppe, 1989:97). Die Woordbedienaarsamp is die gespesifiseerde basisamp (*Grundamt*) van die gemeente (Koch, 1992:22). Die Woordbedienaar tree dus op as *organisatorisches Minimum* van die gemeente (Von Campenhausen, 1997:114). Die kerk se bevoegdheid om die Woordbedienaar se regsposisie te reël, word beklemtoon deur die feit dat die diens of amp van die Woordbedienaar nie los van die kerk staan nie. Die amp van die Woordbedienaar is immers die amp van die *ganzen Kirche* (Dombois, 1969:563).

Die kerk se bevoegdheid in verband met die reëling van die amp van die Woordbedienaar se regsposisie behels volgens Solte (1994:562) die volgende:

- die vestiging van die amp binne die raamwerk van die kerk se bevoegdheid;
- die reëling van die amp aan die hand van 'n regsvorm wat deur die kerk gekies is;
- die verantwoordelikheid om Woordbedienaars op te lei en die bevoegdheid om te besluit hoe die opleiding moet plaasvind;
- die reg om te besluit wie tot die kerklike amp toegelaat word;
- die reg om selfstandig oor die reëling en tug van die amp te beslis.

Vanuit die Evangeliese teologie word aanvaar dat die Woordbedienaar as 'n gawe en diens aan die kerk gegee word (Moltmann, 1975:329-330; vgl. Kühn 1989:1218). In

dié teologie word die eenheid tussen die kerk en die diens van die Woordbedienaar allerweë beklemtoon. Die diens of amp kom nie van buite die kerk nie, maar kom vanuit die kerk na vore, funksioneer in die kerk en moet deur die kerk gereël word (vgl. Moltmann, 1975:329 e.v.). Teenoor die Evangeliese teologie word predikante se regsposisie vanuit die staatskerkreg as 'n kerklike amp beskou. Volgens die Duitse staatskerkreg moet Woordbedienaars se regsposisie beoordeel word as dié van amp, status, orgaan van die kerk. Hoewel die genoemde beskouings vanuit 'n kerkregtelike beskouing prinsipieel onversoenbaar is, erken albei beskouings dat die diens van die Woordbedienaar inherent deel van die kerk is. Die Woordbedienaar kan dus nie beoordeel word as 'n buitestander wat soos 'n werknemer vir 'n werk aansoek doen nie. Woordbedienaars se regsposisie moet gereël word vanuit die aanvaarding dat die Woordbedienaar organies deel van die kerk is.

3.6.3.2 *Opdrag en taak van die Woordbedienaar*

Volgens die beskouing van die Duitse kerkreg én staatskerkreg is die Woordbedienaar 'in diens van die kerk'. Hierdie diens bestaan onder meer uit die Woordbedienaar se opdrag om die Woord en sakramente te bedien (vgl. Herbert, 1967:59; Brunstäd, 1935:26). Die bepalende vraag vir die regsposisie van die Woordbedienaar is nie of die Woordbedienaar in diens van die kerk is nie. Die bepalende vraag is of die Woordbedienaar se godsdienstbepaalde taak in die sekulêre reëlingsfeer van die staat ingepas kan word. Die godsdienstbepaalde opdrag en taak van Woordbedienaars stel die reëling van Woordbedienaars se regsposisie buite die reëlingsbevoegdheid van die godsdienstneutrale staat (vgl. ZGUO, 1967:55).

3.6.3.3 *Die ordening van die Woordbedienaar as begronding van sy opdrag*

Deur sy ordening stel die Woordbedienaar sy lewe in diens van die Woordverkondiging én ontvang hy/sy die reg om die Woord te verkondig en die sakramente te bedien (Richardi, 2000:6). Dié opdrag om die Woord te verkondig kom van die Here (Burgsmüller & Frieling, 1974:21) en is nie 'n staatsregtelik bepaalde opdrag nie. Deur sy ordening word die Woordbedienaar in staat gestel om as 'n bedienaar van die Woord leiding in die kerk te gee, die eenheid van die kerk te

bevorder en as woordvoerder van 'n gemeente op te tree (vgl. Kühn, 1987:44 e.v.). Die bevestiging van Woordbedienaars het 'n godsdiensoepaalde (kerkregtelike) én 'n juridiese betekenis. Omdat Woordverkondiging tot die wese van die kerk behoort, moet Woordbedienaars se regsoosisie deur die kerk gereël word (Stein, 1994:87; vgl. Erler, 1983:60; Stein, 1992:111; BVerfGE, 42, 312 (334, 335)).

3.6.3.3.1 *Die kerkregtelike betekenis van ordening*

Deur die ordening van die Woordbedenaar word hy in 'n godsdiensoepaalde diens gestel (Iris, 1995:93) – 'n diens waardeur die Woordbedenaar en die kerk hulle wedersyds verbind om Christus te gehoorsaam (GAO, 1970:58). Die inhoud van die orderingsbelofte dui oteenseglik daarop dat die Woordbedenaar hom verbind aan die uitvoering van 'n godsdiensoepaalde taak:

Soweit ersichtlich, sehen alle gliedkirchlichen Ordnungen vor, der Ordinand solle im Zusammenhang mit der Ordination bezeugen, daß er seinen Dienst im Gehorsam gegen Gottes Wort, in Bindung an das Bekenntnis der Kirche, in Achtung der Kirchenordnung und Wahrung der seelsorgerlichen Schweigepflicht ausrichten wolle ... (ZRO, Rechtswirkung der Ordination. Entstehung und Bedeutung. 1972:46-47).

Deur ordening of bevestiging word aan die Woordbedenaar 'n lewenslange taak in diens van die kerk opgedra (vgl. Erler, 1983, 184; Dombois, 1969:528 e.v.; Lieberg, 1962:132 e.v.). Op grond van die ordening gee die kerk op 'n spesifieke wyse uitdrukking aan die uitvoering van die Woordbedenaar se taak in die samelewing (vgl. Herbert, 1967:59). Die kerkregtelike betekenis van ordening bied dus 'n basis op grond waarvan Woordbedienaars se regsoosisie nie beoordeel moet word as 'n juridies bepaalde diensverhouding nie (vgl. Erler, 1983:183):

Die Ordination als reinen Rechtsakt verstehen zu wollen, bedeutete die Vergezettslichung des Auftrags der Kirche und ihre Entleerung zur bloßen gesellschaftlichen Institution (ÜzOh, 1970:43).

3.6.3.3.2 *Die juridiese betekenis van ordening*

Die ordening van Woordbedienaars moet saam met die godsdienstig-kerklike betekenis daarvan ook beoordeel word as juridiese handeling (Stein, 1994:95):

Die Ordination auf einen rein geistlichen Vorgang zu beschränken, käme einer spiritualisierenden Preisgabe der sichtbaren Kirche gleich (ÜzOh, 1970:43).

Volgens dié benadering moet die regte en pligte wat die Woordbedienaar ontvang, verbind word aan die handeling van ordening. Die juridiese betekenis van ordening hou in dat Woordbedienaars die bevoegdheid ontvang om op alle gebiede die verantwoordelikhede wat die kerk aan hulle opdra in die openbaar uit te voer (ZRO, Rechtswirkung der Ordination. Entstehung und Bedeutung.1972:46-47). Hierdie openbare optredes hou uiteraard ook regsverantwoordelikheid en regs aanspreeklikheid in. Genoemde bevoegdheid word begronde deur die ordening en orderingsbelofte van die Woordbedienaar:

Der Pfarrer ist in seiner 'geistlichen' Amtsführung ... von Weisungen sowohl der Gemeinde als auch der Kirchenleitung unabhängig und nur an sein Ordinationsgelübde gebunden (Wolf, 1961:612).

3.6.3.3.3 *Die intensie van die partye (die kerk en die Woordbedienaar) tydens die ordening*

Die ordening van die Woordbedienaar bring geensins 'n juridies bepaalde diensverbintenis tot stand nie. As ooreengekom sou word op 'n juridies bepaalde diensverbintenis, sou die uitdruklike doel wees om 'n juridies bepaalde regsverbintenis daar te stel. Die ordening van Woordbedienaars het ten doel om 'n godsdiensoor bepaalde verbintenis met die oog op die uitvoering van 'n godsdiensoor bepaalde taak te begronde. Die doelonderskeid tussen die begronde van 'n arbeidsregtelike verbintenis en 'n godsdiensoor bepaalde verbintenis is dus belangrik vir die insig dat Woordbedienaars se regsposisie 'n interne kerklike aangeleentheid is:

Die Ordination allein kann jenes Dienstverhältnis nicht bewirken. Sie ist zwar mit rechtlichen Konsequenzen versehen, es handelt sich bei ihr aber um eine im Kern geistliche Beauftragung. Die Begründung eines Dienstverhältnisses ist demgegenüber ein rechtlicher Vorgang, der nur dadurch, daß diesem die gottesdienstliche Einführung in einen konkreten Dienst folgt, ein geistliches Element erhält (Iris, 1995:21).

Die ordening onderlê 'n wedersydse godsdiensbepaalde verbintenis tussen kerk en Woordbedienaar (ZRO, Rechtswirkung der Ordination. Entstehung und Bedeutung. 1972:46-47). Hiervolgens is die ampsoordag (vgl. Kühn, 1989:1223) wat plaasvind tydens die ordening tot die *Pfarr-, Predigt- oder Hirtenamt*, nie die begronding van 'n arbeidsregtelike diensverhouding nie, maar is dit die *Legitimation zum Dienst der öffentlichen Wortverkündigung und Sakramentsverwaltung* (ZRO, Rechtswirkung der Ordination. Entstehung und Bedeutung. 1972:46-47). Die doelonderskeid tussen die begronding van 'n arbeidsregtelike verbintenis en 'n godsdiensbepaalde verbintenis is dus deurslaggewend vir die erkenning dat Woordbedienaars se regsposisie 'n interne kerklike aangeleentheid is.

3.6.3.3.4 *Regte en pligte van die Woordbedienaar*

Die Woordbedienaar se ordeningsbelofte is derhalwe nie slegs 'n aanduiding dat sy amp onder die reëlingsbevoegdheid van die kerk val nie, maar dit is ook die basis waarop die Woordbedienaar verbind word aan sekere regte en pligte. Die regte en pligte van Woordbedienaars kan onderskei word in sogenaamde leer- en ampspligte (Besier & Lohse, 1989:12; Iris, 1995:101, 106 e.v.). Die leerpligte van 'n Woordbedienaar word bevestig in 'n gesprek tussen 'n Woordbedienaar en 'n kerk (Von Campenhausen, 1989:34). Die ampspligte van Woordbedienaars word begrond in die ampsoordrag tydens die ordening. Von Campenhausen onderskei verder tussen ampspligte in engere verband en ampspligte in breër verband. Dié onderskeid is ingebed in die Evangeliese kerke se beskouing oor amp en diens:

Solange jedoch ein Dienstverhältnis besteht, werden diese Amtspflichten im engeren Sinne überlagert und erweitert vom den weltlich-richtlichen Dienspflichten des Rechtsverhältnisses, mit dem das geistliche Amtsverhältnis umgeben wird (Von Campenhausen, 1989:35).

Genoemde regte en pligte van die Woordbedienaar ontvou in die reg en plig om die Woord en sakramente in ooreenstemming met die belydenis te bedien, die reg en plig om ampshandelinge uit te voer, die reg en plig om pastoraal te versorg, die reg en plig om onderrig te gee, die reg en plig om 'n leidinggewende taak in die gemeente te vervul, die plig om hom aan kerklike reëlins te onderwerp, die reg en plig tot die ampsbeskrywing, die reg en plig om ampsdrag te dra (vgl. Erler, 1983:183, 184). Die Woordbedienaar het ook die reg om tot kommissies verkies te word en aan kerklike verkiesings deel te neem, en die reg om vergoeding van die kerk te ontvang (Iris, 1995:118 e.v.).

Nêrens val hierdie regte en pligte van die Woordbedienaar buite die reikwydte van sy kerklike ampsopdrag nie. Daar kan dus nie onderskei word tussen die reëlinsfeer van die kerk en die staat met betrekking tot Woordbedienaars se regsposisie nie. Gesien vanuit die raamwerk van die Woordbedienaar se ampsregte en ampspligte, is sy regsposisie ten volle 'n interne kerklike aangeleentheid waaroor die kerk die reëlinsbevoegdheid het. Beoordeel vanuit die konteks van Woordbedienaars se ordening, behels die wedersydse verbintenis tussen 'n kerk en 'n Woordbedienaar geensins 'n juridies bepaalde arbeidsregtelike beskouing nie.

3.6.3.4 *Aard van die verbintenis tussen Woordbedienaar en kerk*

Tydens die ordening onderneem die Woordbedienaar om hom aan die kerklike wette en ordebepalings te onderwerp (vgl. byvoorbeeld *Ordination zum Dienst der öffentlichen Verkündigung*, 1972:10; *Ergänzung für die Gliedkirchen der EKU Regionalbereich West*, 1972:18, 28; *Ordination zum Dienst der öffentlichen Verkündigung, verbunden mit Einführung in die erste Pfarstelle*, 1972:20; *Einführung in eine Pfarrstelle*, 1972:33). Die godsdiensoorende aard van die verbintenis tussen die kerk en die Woordbedienaar kom in die Evangeliese tradisie tot stand by wyse van die aanvaarding van en onderwerping aan kerklike ordereëlins of kerklike wette (Richardi, 1992:394; vgl. Scharbau, 1989:42 e.v.).

Die onderwerping aan kerklike ordebepalings en kerklike wette is 'n aanduiding dat daar nie 'n juridies bepaalde kontrak tussen die kerk en die Woordbedienaar tot stand kom nie. 'n Tipiese kenmerk van kerklike of godsdiensoorende verbintenisse

is dat dié verbintenisse *nicht durch Vertragschluß entstehen, sondern durch einen Akt der Bestellung oder durch Anerkennung charismatischer Sendung* (Pirson, 1995:865 voetnoot 64). Sodoende word uitdrukking gegee aan 'n diensverhouding onder die reëlingsbevoegdheid van die kerk (Stein, 1992:109). Genoemde diensverhouding word op grond van die ordening beklemtoon as 'n diensverhouding met 'n eie aard en selfstandigheid:

Die Ordination ... begründet die Eigenart und Eigenständigkeit dieses Dienstverhältnisses gegenüber anderen öffentlich-rechtlichen oder privatrechtlichen Diensverhältnissen der Kirche ... (ZRO, Rechtswirkung der Ordination. Entstehung und Bedeutung.1972:46-47).

In Duitsland word die regsposisie van Woordbedienaars op grond van 'n kategorie-onderskeid tussen die kerkreg en die staatsreg beskou as 'n interne kerklike aangeleentheid.

3.6.4 Regsbeskerming vir die Woordbedienaar

Deur die erkenning dat die kerkreg en kerkregering *sui generis* (van 'n eie soort) is, gee die staat sy oppergesag oor interne kerklike sake prys. Die staat het dus nie die reg om *Hoheitsgewalt* teenoor die kerk uit te oefen in soverre dit die reëling van Woordbedienaars se regsposisie aangaan nie (Pirson, 1995:864 e.v.). Die staat mag nie uit eie oorweging bepalings van die arbeidswetgewing op die regsposisie van Woordbedienaars van toepassing maak en interne kerklike aangeleentheid sodoende in die staatsorde inlyf nie (Pirson, 1995:857). Hierdie verbod impliseer ook dat die godsdiensneutrale staat nie seggenskap oor die kerk se reëling aangaande Woordbedienaars se regsposisie het nie (Rüfner, 1995:1081). Die kerk beskik oor die selfstandige bevoegdheid om Woordbedienaars se regsposisie te reël. Tog mag die staat nie sy verpligting om Woordbedienaars te beskerm prysgee nie. Die staat se fokus val spesifiek daarop dat die Woordbedienaar in 'n posisie van sosiale afhanklikheid teenoor die kerk staan (Pirson, 1995:864 e.v.).

In 'n moontlike dispuut tussen die Woordbedienaar en die kerk moet howe die volgende twee beginsels in ag neem:

- die grondwetlik beskermde selfstandigheidsreg van die kerk moet erken en beskerm word (vgl. Rűfner, 1995:1082), en
- die regstaatbeginsel, naamlik dat die staat verplig is om regsbeskerming aan die Woordbedienaar te bied, moet deur die hof toegepas word (Rűfner, 1995:1082):

So hat man das Prinzip Eigenständigkeit und das Prinzip Rechtsschutz – jeweils vollständigentfaltet – als grundsätzlich ‘miteinander unvereinbar’ beurteilt; und es wurde darauf hingewiesen, daß eine staatsgerichtliche Kontrolle innerkirchlicher Dienstverhältnisse ‘in nicht auszugleichendem Widerspruch zum kirchlichen Selbstbestimmungsrecht’ stehe und daß ‘antagonistischen’ Prinzipien der Verfassung – nämlich die Rechtsschutzgarantie anderseits, das Selbstbestimmungsrecht der Kirchen und Religionsgemeinschaften anderseits – ‘nicht gleichzeitig verwirklicht werden’ könnten (Kästner, 1991:74).

In die Duitse staatskerkreg word aanvaar dat die kerk die regsposisie van die Woordbedienaar in goeie trou reël. Hiervolgens word nie ontken dat daar dispute kan ontstaan wat deur die howe beslis moet word nie. Sodoende word erkenning daaraan gegee dat die kerk as 'n liefdesgemeenskap eerder tot voordeel van die Woordbedienaar sal optree ten einde die voortgang van die evangelieverkondiging te verseker (vgl. Pirson, 1995:875).

3.6.4.1 *Spesifieke probleemareas insake die juridiese beskerming van die Woordbedienaar se regsposisie*

Pirson (1995:872, 873) wys daarop dat die kerk nie die Woordbedienaar se reg om hom op die hof te beroep, mag beperk nie. Indien kerke so 'n reëling sou tref, sou dit nie regsgeldig wees met betrekking tot die regsposisie van die Woordbedienaar nie. Die vraag of die hof 'n klag wat ontstaan na aanleiding van die ampsverbintenis van die Woordbedienaar, behoort toe te laat, behoort in beginsel soos volg beantwoord te word (Pirson, 1995:873):

- Indien 'n dispuut oorwegend op grond van die regsverbintenis ontstaan, behoort die howe daaroor te beslis.

- As die dispuut net op grond van kerkregtelike bepalings ontstaan, behoort die saak nie deur die hof te word nie, maar deur die tersaaklike kerklike instansies en/of vergaderings (Pirson, 1995:873).

Volgens die beskouing in die Duitse staatskerkreg word Woordbedienaars se regsposisie beskou as 'n openbare amp (publiekregtelike regsverbintenis). Alle publiekregtelike dispute word in die hof toegelaat om daarvoor uitsluitel te gee. Indien 'n dispuut tussen 'n Woordbedienaar en 'n kerkraad weens pligversaking van die kerkraad ontstaan, moet dit as 'n publiekregtelike aangeleentheid geskou word. Hierdie uitgangspunt beteken dat die Woordbedienaar hom altyd op die hof kan beroep in gevalle waar die kerk hulle verpligting teenoor hom/haar nie nakom nie (Pirson, 1995:873). Die probleem, naamlik om te onderskei tussen 'n dispuut op grond van spesifieke kerklike bepalings oor die kerklike ampsverhouding en die juridiese gevolge wat daaruit kan voortspruit, word nie deur hierdie benadering opgelos nie. In die eerste geval, waaronder die Woordbedienaar se regsposisie, moet hof in ag neem dat hulle nie die bevoegdheid het om die kerklike belydenis, dogma en kerkregtelike bepalings en gebruike te interpreteer nie. In die tweede geval, waar dit gaan oor voortspruitende regsgevolge, behou die hof die bevoegdheid van beregtiging.

3.6.4.2 *Hof se benadering van die beskerming van die Woordbedienaar se regsposisie*

In die konstitusionele era het Duitse hof verskillende benaderings gevolg aangaande die toelaatbaarheid van kerklike klagtes in burgerlike hof. Die eerste benadering berus waarskynlik op 'n oorreaksie teen die staatskerk-era, toe die hof beslis het dat die weg van die burgerlike reg nie oopgelaat word vir die kerk of die Woordbedienaar nie. Die *Bundesgerichtshof* het beslis dat die selfstandigheid van die kerk die deurslaggewende beginsel is vir die beoordeling van 'n dispuut tussen 'n kerk en 'n Woordbedienaar. Hiervolgens het die hof nie toegelaat dat dispute tussen 'n kerk en 'n Woordbedienaar deur die burgerlike hof verhoor word nie.

Latere ontwikkelings dui daarop dat howe op grond van die koördineringssteorie slegs klagtes van Woordbedienaars toegelaat het as die kerk en die staat albei van oordeel was dat die burgerlike hof die saak moes verhoor:

Er sieht das Einverständnis des Staates in par. 135 S. BRRG, den er im Sinne eines Angebotes an die Kirche deutet (Rüfner, 1995:1098).

Die *Bundesverwaltungsgericht* het aangesluit by die benadering van die *Bundesgerichtshof*. Tog het dié hof nie sy benadering net beperk tot die 'aanbodteorie' nie:

Vielmehr ließ es dahinstehen, wie die Fälle ohne kirchliche Zuweisung zu beurteilen wären, die es im konkreten Fall jeweils als gegeben ansah (Rüfner, 1995:1099).

Toe het die *Bundesverwaltungsgericht* slegs sake toegelaat wat deur die kerk na die burgerlike hof verwys is. Dié benadering deur die *Bundesverwaltungsgericht* is algemeen deur navorsers afgewys. In 'n verdere poging om howe meer toeganklik vir kerklike ampsdraers te maak, is onderskei tussen *Statusklagen und Geltendmachung vermögensrechtlicher Ansprüche oder zwischen Dienst- und Amtrecht* (Rüfner, 1995:1102). Hierdie onderskeid moet gekoppel word aan ontwikkelinge in die beamptereg van die staat. Vroeër kon staatsbeamptes hulle net op die hof beroep indien hulle vermoënsregtelike regte aangetas is *gleichgültig, ob sie seine Dienstbezüge, seine Versetzung oder seinen Status als beamter betrifft* (Rüfner, 1995:1102).

Op grond van die grondwetlik gewaarborgde selfbeskikkingsreg van die kerk kan dié ontwikkeling in die staatsbeamptereg nie ten volle op die kerk toegepas word nie. Teenswoordig word aanvaar dat die handhawing van die selfstandigheid van die kerk – soms ten koste van die Woordbedenaar – nie 'n werklike oplossing bied nie (vgl. Rüfner, 1995:1104). Die howe se beskerming van die Woordbedenaar moet in elke geval hanteer word op grond van die meriete van elke saak.

3.6.4.3 *Probleemareas insake die beskerming van die Woordbedienaar se regsposisie*

Die bepaling van die Woordbedienaar se regsposisie aan die hand van die staat se beamptereg bied 'n basis vir die beskerming van die Woordbedienaar. Ten opsigte van hierdie aspek is reeds aangedui dat die beamptereg van die staat slegs as maatstaf vir die beoordeling van Woordbedienaars se regsposisie kan dien in soverre dit nie inbreuk maak op die selfstandige posisie van die kerk nie. 'n Vindingryke toepassing, op grond waarvan die staat regsbeskerming aan Woordbedienaars bied, is om die verbintenis tussen kerk en Woordbedienaar te beoordeel as 'n sogenaamde skuldverbintenis (*Schuldverhältnis*). Hierdie posisie is nie noodwendig afhanklik van die bestaan van 'n kontrak of 'n arbeidsooreenkoms nie. Die totstandkoming van 'n skuldverbintenis kan ook geld ten opsigte van selfstandige, godsdiensooreenkomste aangeleenthede (Pirson, 1995:864 e.v.).

In die Duitse stelsel word die skuldverbintenis spesifiek gebaseer op die bestaan van 'n ampsverhouding. Volgens die Duitse staatskerkreg kom 'n skuldverbintenis dus tot stand op grond van 'n ampsverhouding tussen 'n Woordbedienaar en 'n kerk. Hierdie uitgangspunt beteken dat die staat ten alle tye die bevoegheid het om 'n Woordbedienaar te beskerm indien 'n kerk nie sy verpligting teenoor die Woordbedienaar nakom nie. Veral in gevalle waar 'n Woordbedienaar finansiële verontreg word, kan die skuldverbintenis 'n basis aan die hande bied om 'n Woordbedienaar te beskerm (Pirson, 1995:864 e.v.). Indien die skuldverbintenis uitdruklik begrond word op die ordening van die Woordbedienaar, hoef die interne kerklike reg en derhalwe die kerk se bevoegdheid oor kerklike sake nie in gedrang te kom nie. Die ordening bied immers die basis waarop Woordbedienaars sekere regte en pligte verkry (vgl. Hoofstuk 4).

3.6.5 *Merkers*

Die volgende merkers kan op grond van die voorafgaande beredenering en bespreking aangetoon word:

- Daar is drie moontlikhede waarvolgens die Woordbedienaar se regsposisie bepaal kan word: óf die staat het die bevoegdheid daartoe, óf 'n objektiewe maatstaf moet geskep word, óf die kerk het die bevoegdheid daartoe.
- Verskillende kerk-staatteorieë in Duitsland bied, ondanks verskeie verskilpunte, tog die ooreenstemmende perspektief dat die Woordbedienaar se regsposisie as 'n interne kerklike aangeleentheid beoordeel moet word. Nie een van dié teorieë bied egter 'n finale antwoord op die vraag hoe die staat regsbeskerming aan die Woordbedienaar moet bied sonder om inbreuk te maak op die interne kerklike sfeer nie.
- Die kerk se reg tot selfdefiniëring bied 'n belangrike basis op grond waarvan predikante se regsposisie bepaal moet word. Indien erken word dat die kerk die alleenbevoegdheid het om te onderskei watter kerklike sake as belydenisgerigte aangeleenthede beoordeel moet word, moet die kerk se reg ook erken word om Woordbedienaars se regsposisie te bepaal.
- Om te bepaal wat die kerk se regsposisie is, is dit vir die kerk van belang om oor twee aspekte duidelikheid te hê: beskou die kerk Woordbedienaars se regsposisie as 'n belydenisbepaalde aangeleentheid én gee die prosedure wat gebruik word vir die bevestiging van Woordbedienaars op 'n kerkregtelike wyse uitdrukking aan Woordbedienaars se regsposisie?
- Die eenheid tussen die kerk en die amp van die Woordbedienaar beklemtoon dat dié diens inherent deel is van die organiese eenheid van die kerk wat op die belydenis rus en waarvolgens die Woordbedienaar se regsposisie beoordeel moet word.
- Die godsdiensbepaalde opdrag en taak Woordbedienaars vorm die deurslaggewende beginsel dat die staat nie uit eie oorweging beheer oor die reëling van Woordbedienaars se regsposisie mag uitoefen nie. Volgens hierdie beginsel is die kernaspekte vir die beoordeling van Woordbedienaars se regsposisie die godsdiensbepaalde aard van die opdrag wat aan Woordbedienaars gegee word.
- Die bevestiging van Woordbedienaars is as kerklike handeling 'n deurslaggewende aanduiding dat die reëling van Woordbedienaars se regsposisie, as integrale deel van die interne kerklike reg, onder die reëlingsbevoegdheid van die kerk val.

- Die kerkregtelike aard van Woordbedienaars se bevestiging hou in dat die kerk uitdrukking gee aan 'n spesifieke wyse waarop hy sy godsdiensoepaalde taak in die wêreld uitvoer. Deur die handeling van ordening ontvang 'n Woordbedienaar die reg om sy godsdiensoepaalde taak in die samelewing uit te voer. Dié taak sentreer in die verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente.
- Die juridiese aard van die bevestiging (ordening) hou in dat die regte en pligte van die Woordbedienaar, in sy hoedanigheid as 'n kerkdienaar, hieruit voortspruit. Hiervolgens is dit nie nodig om 'n kontraktuele verbintenis op die Woordbedienaar se verbintenis van toepassing te maak nie. In die lig hiervan moet die handeling van bevestiging of ordening beskryf word as die grond van die verbintenis tussen die kerk en die Woordbedienaar.
- Die verbintenis tussen die kerk en die Woordbedienaar is 'n eiesoortige verbintenis. Die eiesoortigheid van die verbintenis word spesifiek deur die godsdiensoepaalde aard daarvan bepaal.
- Die juridiese beskerming van die Woordbedienaar kan botsende elemente inhou ten opsigte van die kerk se selfbeskikkingsreg. Die metode van 'n sogenaamde skuldverbintenis wat die staat teenoor die kerk aanvaar, bied 'n moontlike oplossing waarvolgens die kerk se bevoegdheid oor sy eie sake nie in gedrang hoef te kom nie.

3.7 *Gevolgtrekkings*

Die volgende gevolgtrekkings word op grond van die beredenering van navorsingsgegevens in dié hoofstuk gemaak:

- Die beginsels van godsdiensoevryheid en staatsneutraliteit bied die sekerheid dat die kerk die reg het om die regsposisie van Woordbedienaars selfstandig te reël. Volgens dié beginsels behoort die staat die kerk 'n keuse te bied om self te bepaal op watter wyse Woordbedienaars se regsposisie gereël word.
- Die beginsels van godsdiensoevryheid en staatsneutraliteit hou in dat die staat slegs die reëlingsbevoegdheid het vir aangeleenthede wat onder die sekulêre begrensde doel van die staat val. Belydenisgerigte aangeleenthede, soos die

reëling van Woordbedienaars se regsposisie, val hivolgens binne die reëlingsfeer van die kerk en nie binne dié van die staat nie.

- In ooreenstemming met die beginsel van godsdienstvryheid is die kernvraag nie of Woordbedienaars in diens van die kerk staan nie, maar of die staat die godsdienstbepaalde opdrag en taak van Woordbedienaars mag reël. Die opdrag en taak wat die Woordbedienaar uitvoer, bied deurslaggewende gegewens waarvolgens die kerk die bevoegdheid het om die verhouding tussen die Woordbedienaar en die kerk waaraan hy verbind is, in sy geheel te reël. Sodoende word die regsposisie van predikante kerkregtelik bepaal en gereël.
- Die fokus op die verskillende taakomsrywings van die kerk en dié van die staat bied 'n duidelike skeidslyn om die reëlingsbevoegdheid van die kerk en die staat te bepaal – ook met betrekking tot die Woordbedienaar se regsposisie. Indien 'n kerklike aangeleentheid deur die belydenis en deur kerklike prosedures gerig word, soos byvoorbeeld die bevestiging (ordening) as 'n interne kerklike aangeleentheid, behoort die staat dit as 'n interne kerklike aangeleentheid te erken.
- Die beginsel van neutraliteit hou in dat die staat hom nie met die uitlewing van die kerk se belydenis mag bemoei nie. Die feit dat die staat hom nie bemoei met godsdienstbepaalde aangeleenthede nie, byvoorbeeld met die regsposisie van die Woordbedienaar, verplig die staat om 'n afstand teenoor die kerk te handhaaf. In ooreenstemming met hierdie uitgangspunt word die staat verplig om 'n *Freiheitsraum* in die staat se orde te skep. In hierdie vryheidsruimte het die kerk die geleentheid om die regsposisie van Woordbedienaars selfstandig te reël.
- Die Duitse staatskerkregtelike benadering van die verhouding tussen kerk en staat bied verskeie aanknopingspunte vir die Suid-Afrikaanse konteks. Dit kan tot voordeel van die kerk en die staat wees indien Suid-Afrikaanse howe aansluiting sou vind by relevante aspekte aangaande die Woordbedienaar se regsposisie in Duitsland.
- Die kerk se reg om die Woordbedienaar se regsposisie te reël, kan in werklikheid slegs verstaan word vanuit die feit dat erken word dat die kerk 'n selfstandige geloofsgemeenskap is wat nie sy gesag van die staat ontvang of

aflei nie. Die erkenning van die kerk se selfstandige posisie in die staat bied die basis op grond waarvan die eiesoortige posisie van die kerk in die staatshuishouding erken moet word. Vanweë die belydenisgerigte aard van die kerk se reëlins van die Woordbedienaar se posisie, is die reëlins daaroor eweneens kerklik eiesoortig.

- Die Duitse staatskerkreg het 'n omvattende stelsel ontwikkel om uitdrukking te gee aan die kerk se selfstandigheid in die staat. Die *Körperschaft*-status wat aan kerke en geloofsgemeenskappe toegeken word, verleen sekere regte aan die kerk. Van hierdie regte is die reg om beamptes te hê – per definisie ook die reg om Woordbedienaars se regsposisie selfstandig te reël – die belangrikste.
- Volgens die teorie van *Drittwirkung* kan die staat die kerk in 'n posisie plaas waarvolgens die staat moontlik 'n sekulariserende invloed op die kerk kan uitoefen (*unmittelbare Drittwirkung*). Die staat kan egter ook die eiesoortige posisie van die kerk erken en die kerk die geleentheid bied om sy belydenis in vryheid uit te leef (*mittelbare Drittwirkung*). Volgens laasgenoemde beginsel wat in die Duitse staatskerkreg aanvaar word, het fundamentele regte 'n indirekte invloed op die verhouding tussen die kerk en die Woordbedienaar.
- In die lig van die beginsels van godsdienstvryheid en staatsneutraliteit bied die teorie van funksionele koördinering 'n praktiese oplossing om te bepaal of die reëling van Woordbedienaars se regsposisie 'n interne kerklike aangeleentheid is. Die wedersydse onderskeid tussen die opdrag en taak van die kerk en dié van die staat is hiervoor van deurslaggewende belang.
- In die lig van die beginsels van godsdienstvryheid en staatsneutraliteit het die kerk die reg om die regsvorm waarvolgens Woordbedienaars se regsposisie gereël word te kies. Dit staan die kerk dus vry om op grond van die eksegeties-dogmatiese begroning van kerklike ampte enige regsvorm te gebruik vir die reëling van Woordbedienaars se regsposisie. Indien die kerk die regsposisie van die predikant as eiesoortig definieer, rus die verantwoordelikheid op die staat om 'n regsvorm te skep waardeur dié posisie in die regsfeer van die staat geakkommodeer kan word.
- Die bevestiging van die Woordbedienaar bied die basis waarvolgens die Woordbedienaar sy godsdienstbepaalde opdrag en taak ontvang. Die regte en

pligte wat hieruit voortspruit, val binne die raamwerk van die godsdiensoopdrag wat die kerk aan Woordbedienaars gee. Die kerk het dus die bevoegdheid om die regte en pligte van Woordbedienaars te reël en om dit deur dissiplinêre handeling op te kort.

- Die belangrikste verpligting van die staat is om die Woordbedenaar in sy posisie van sosiale afhanklikheid teenoor die kerk te beskerm. Hiervoor moet die staat die selfstandigheid van die kerk erken en terselfdertyd 'n stelsel ontwikkel waarvolgens die Woordbedenaar juridies beskerm kan word sonder om die kerk se selfstandigheid in gedrang te bring.

Hoofstuk 4

DIE PREDIKANT SE REGSPOSISIE VOLGENS DIE GEREFORMEERDE KERKORDE

4.1 *Inleiding*

In hierdie studie is reeds vasgestel dat die kerk in ooreenstemming met die beginsels van godsdiensvryheid en staatsneutraliteit die bevoegdheid het om die predikant se regsposisie te reël. Aangesien eksegeties-dogmatiese beskouings van kerke in dieselfde kerklike tradisie van mekaar verskil, én omdat dié kerke verskillende kerkordes gebruik, is die reëling van die predikant se regsposisie deur die verskillende kerke nie *mutatis mutandis* geldig vir mekaar nie. Die regsgevolge, dit wil sê die spesifieke regte en pligte van die predikant, wat uit die verbintenis van die predikant met die plaaslike kerk voortspruit, kom derhalwe ook nie noodwendig ooreen tussen kerkgemeenskappe onderling nie. In hierdie hoofstuk word gefokus op die reëling van die predikant se regsposisie volgens die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die kerkorde wat vir dié navorsing gebruik word, is die Kerkorde van Dordrecht 1619, soos gewysig deur verskillende sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika¹².

As uitgangspunt vir hierdie navorsing word geneem die reg en orde wat vir die kerklike lewe moet geld (Van't Spijker, 1999:363) en soos dit deur die bepalings van die kerkorde omlyn word. Die Kerkorde wat deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gebruik word, reël die regsposisie van predikante op die volgende maniere: deur bepalings oor die toelating tot die predikantsdiens (KO, Artt. 2-5), die reëling van dié diens (KO, Artt. 6-9, 11-17) en die (moontlike) beëindiging van dié diens (KO, Artt. 11-12, 79-81). Soos algemeen in verskillende kerkregtradisies aanvaar word, het die kerkordelike reëling van die predikantsdiens 'n eiesoortige, oftewel 'n spesifiek kerkregtelike aard (vgl. Pel e.a., 1991:10 e.v.; vgl. Hoofstuk 3). Die aanvaarding van die eiesoortige aard van predikante se regsposisie berus op die uitgangspunt dat die verbintenis tussen predikant en kerkraad nie 'n juridiese verbintenis is nie, maar 'n geloofsverbintenis (vgl. Smit, 2004:88-98).

¹² Kyk: *Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* (1998).

In hierdie hoofstuk gaan dit oor die predikant se regsposisie soos dit in die Gereformeerde kerkreg ondersoek en bepaal is¹³. Binne dié raamwerk word in die hoofstuk nagegaan wat die regte en pligte van die predikant volgens die Gereformeerde Kerkorde inhou (vgl. Pel e.a., 1991:10).

In die *eerste* instansie word nagevors wat die Gereformeerde kerkregbegrip, soos dit in die Gereformeerde Kerkorde ontplooi word, vir die predikant se regsposisie inhou.

Tweedens word ondersoek hoe die regsposisie van die predikant gekonstrueer word op grond van sy verbintenis met die plaaslike kerk. *Derdens* word die reëling van die predikant se regsposisie in die Kerkorde nagegaan. Die navorsingsvraag waarop dié hoofstuk gebou word, is die volgende:

- *Watter betekenis het die Gereformeerde Kerkreg vir die predikant se regsposisie soos dit ten opsigte van die aspek van kerkregering deur die Kerkorde bepaal word?*

Dié navorsingsvraag word wyer uitgewerk aan die hand van die volgende kernvrae:

- Wat is geldende orde vir die predikant se regsposisie volgens die Gereformeerde kerkreg en soos dit in die Kerkorde tot uitdrukking kom?
- Watter betekenis het die predikant se verbintenis in die plaaslike kerk vir sy regsposisie?
- Hoe word die predikant se regsposisie as 'n eiesoortige regsposisie deur relevante kerkordelike bepalings gereël?

4.2 Oorsigtelike vooruitskouing

In hierdie vooruitskouing word die navorsing oor die beginsels waarvolgens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die predikant se regsposisie beoordeel, geplaas binne die konteks van die kerkbegrip wat gehuldig word deur die Gereformeerde

¹³ Soos reeds vroeër gestel is, word die volgende skryfwyse in hierdie proefskrif gebruik: "gereformeerde" (met 'n kleinletter) wanneer bedoel word "binne die breë Reformatoriese tradisie" en "Gereformeerde" (met 'n hoofletter) wanneer spesifiek verwys word na die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA).

Kerke in Suid-Afrika. 'n Gemeenskaplike kenmerk van die Gereformeerde kerkbegrip en die kerkbegrip van ander kerklike tradisies is dat die kerk as 'n *corpus* gedefinieer word. Verskillende betekenisse word egter binne die verskillende tradisies aan die *corpus*-begrip geheg.

In Duitsland is die kerk byvoorbeeld vir die eerste keer as 'n *corpus* gedefinieer tydens die Sinode van Heilbron (1633). Tydens hierdie geleentheid het die Evangeliese kerke hulleself omskryf as die *Corpus Evangelicorum* in teenstelling met die Rooms-Katolieke beskouing van die kerk as die *Corpus Catholicorum* (Kirchhof, 1994:659). Die kerke (verskillende tradisies) is volgens hierdie omskrywings gedefinieer as twee afsonderlike institusionele 'grootthede' wat teenoor mekaar staan. Latere ontwikkelings in Duitsland het die institusionele aard van die kerk beklemtoon. Hierdie institusionele beskouing van die kerk, wat as abstrak en a-histories getipeer kan word (vgl. Pirson, 1994:10 e.v.), het die volgende beskouing ten grondslag: die kerk is 'n vrywillige vereniging waardeur regsbeginsels wat vreemd is aan die eie en unieke aard van die kerk op dié geloofsgemeenskap toegepas word. Hoewel hierdie beskouing nie meer bepalend is vir die verhouding tussen kerk en staat in Duitsland nie, is die oorbeklemtoning van die institusionele aard van die kerk steeds deel van die Evangeliese kerke se kerkbegrip. Volgens hierdie beskouing is die kerk 'n oorkoepelende struktuur waarvan die onderskeie gemeentes deel is (vgl. Hoofstuk 3).

Soos Augustinus het Calvyn die kerk nie as 'n institusionele grootheid beskou nie (vgl. Richel, 1942:53); Calvyn het die kerk beskou as die *Corpus Christi*; 'n organiese eenheid wat op grond van die dinamika van sy onderskeie lidmate bestaan (vgl. Bohatec, 1961:267). Die *Corpus Christi* is volgens Calvyn 'n geheeluitdrukking van die kerk wat uit gelowiges sowel as uit skyngelowiges bestaan (Richel, 1942:63 e.v.).

Die konteks van die Gereformeerde kerkbegrip wat vir die ontwikkeling van hierdie hoofstuk van belang is, behels kernagtig die volgende:

- Die kerk is 'n heilige vergadering van almal wat in Christus glo, hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees (NGB Art. 27). Volgens hierdie omskrywing is

die kerk 'n geloofsgemeenskap wat in die wêreld gedefinieer word as onder andere die 'volk van God' die 'liggaam van Christus', die 'tempel van die Heilige Gees', 'die bruid van Christus', die 'gebou van God' en die 'kudde van God met Christus as die ware Herder'. Ander samelewingsverbande word nêrens in dieselfde terme as die kerk beskryf nie én het ook nie dieselfde kenmerke as die geloofsgemeenskap wat pas genoem is nie. In ooreenstemming met die omskrywings van *kerk* wat reeds genoem is, definieer die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die kerk as 'n eiesoortige gemeenskap in die samelewing. In hierdie hoofstuk word aangetoon dat die reëling van predikante se regsposisie in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in ooreenstemming is met die eiesoortige aard van die kerk (vgl. Du Plooy, 2001:38, 39; Van't Spijker, 1990(a):138 e.v.; KO-boekie, 1980:7; Smit, 2001(a):13 e.v.; Smit, 2004:88-98).

- Die plaaslike kerk is die universele kerk ter plaatse (vgl. Snyman, 1977:35, 78 e.v.). Dié fokus op die selfstandigheid van die plaaslike kerk binne die Gereformeerde kerkregtelike siening bied die fundamentele vertrekpunt van dié kerke se selfdefiniëring. Plaaslike kerke (gemeentes) gaan nie op in 'n *corpus* van kerke nie, maar word deur 'n geestelike band aan ander selfstandige plaaslike kerke verbind. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika moet nie beskou word as 'n enkele *corpus*, die Gereformeerde *Kerk* in Suid-Afrika nie. Die onderskeie selfstandige plaaslike kerke funksioneer meervoudig in 'n geestelike band (kerkverband) met mekaar¹⁴. 'n Predikant se regsposisie word dus binne 'n plaaslike kerk gereël en nie binne 'n *corpus* van kerke, soos in die kollegialistiese kerkregeringstelsel nie. In hierdie verband is daar talryke Skrif- en ander bronneverwysings om hierdie standpunt te steun.¹⁵
- Die kerk is 'n gemeenskap van gelowiges wat deur die verkondiging van die Woord en die werking van die Heilige Gees op 'n spesifieke plek in die wêreld gevestig word (vgl. NGB Art. 28). Die kerk word in die wêreld gevestig vanweë

¹⁴ Die begrip *gemeente* word in hierdie studie uitsluitlik gebruik in die betekenis van *plaaslike kerk* (vgl. Du Plooy, 1979:12, 22).

¹⁵ Ter staving van die siening dat die predikant se posisie binne 'n plaaslike kerk gereël word, vergelyk onder andere die volgende: Romeine 16:4, 16; 1 Korintiërs 11:16; 14:33; 2 Korintiërs 8:18; 11:8; 12:12; Galasiërs 1:2; 22; 1 Tessalonissense 2:14; Bouwman, 1970 (b):10 e.v.; Smit, 1988:133, 134; Du Plooy, 1979:13 e.v. 24; vgl. Du Plooy, 1982:127-184; Coetzee, 1965:282 e.v.; Van Wyk, 1968:13; Kruger e.a., 1966:75; Hovius, 1972:14; Van der Linde, 1965:122, 123; Acta, 1985:463 e.v.; Smit, 2001:78 e.v.

die verkondiging van die evangelie deur bedienaars van die Woord. Volgens die Gereformeerde kerkbegrip is die diens van die predikant derhalwe nie die gevolg van die vestiging van die kerk nie én kom die diens van die predikant nie op 'n demokratiese wyse uit die kerk na vore nie. Die diens van die predikant gaan die vestiging van die kerk vooraf. Hierdie prinsipiële uitgangspunt is reeds 'n aanduiding dat die Gereformeerde predikant nie in diens van die kerk staan nie (vgl. Kuyper, 1883:49 en Kuyper, 1900:8 oor die beskouing dat die amp demokraties uit die kerk na vore kom. Vergelyk ook Van der Linde, 1980:46; Bavinck, 1930(4):2, 4 e.v., 359; Van't Spijker, 1990(b):157, 158; Smit, 2004:88-98).

- Die kerk se selfdefiniëring berus op 'n interpretasie van die kerk se veelvuldige kenmerke as 'n geloofsgemeenskap (Du Plooy, 1982). Die kerk mag byvoorbeeld nie op grond van een van sy kenmerke, soos byvoorbeeld die institusionele aard daarvan, gereduseer word tot daardie bepaalde faset nie. Die kerk is op grond van sy oorsprong en wese ook 'n organiese eenheid wat as die liggaam van Christus funksioneer. In die organiese eenheid van die kerk neem die predikantsdiens 'n plek tussen die ander dienste in as 'n gawe wat deur Christus aan sy kerk gegee word (Ef. 4:11; Kor. 12:12-31).
- Die kerk word deur Jesus Christus as die enigste Hoof regeer (Van der Walt, 1976). Volgens hierdie uitgangspunt berus die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag in die kerk wesenlik slegs by Hom; die Here self regeer dus die kerk deur sy Gees en Woord. In die lig van die Gereformeerde kerkbegrip het die Gereformeerde kerkregeringstelsel dus 'n uitsluitlik monargale aard (vgl. NGB Art. 31; Van der Linde, 1965:77; Bavinck, 1930(4):371; Van't Spijker, 1990(b):145; Smit, 1985; Smit, 2004:93, 94).

Bogenoemde grondslae van die Gereformeerde kerkbegrip bied 'n basis vir die beoordeling van 'n Gereformeerde beskouing oor die predikant se regsposisie. Hierdie grondslae het, vanuit verskillende beklemtoningshoeke in die Gereformeerde kerkreg, gelyke geldingskrag in verband met die predikant se regsposisie. In hierdie hoofstuk word na dié grondslae verwys as noodwendige ankerpunte van die Gereformeerde beskouing oor die definiëring van die predikant se regsposisie.

4.3 Die Gereformeerde kerkregbegrip volgens die Gereformeerde Kerkorde

4.3.1 Oorsigtelike beskouing van die regsposisie in die lig van die Kerkorde

Die predikant se regsposisie word vervolgens oorsigtelik en in die lig van die Kerkorde behandel. Die uitgangspunt van Artikel 1 van die Kerkorde wat in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika toegepas word, bied die konteks waarbinne die kerkordelike bepalings oor die predikant se regsposisie verstaan moet word. In Artikel 1 van die Kerkorde word die volgende bepaal:

Om goeie orde in die kerk van Christus te onderhou, is daarin nodig: die dienste, samekomste, toesig oor die leer, sakramente en seremonies en die kerklike tug, waaroor hierna agtereenvolgens gehandel word.

Hierdie uitgangspunt benadruk dat dit die uitsluitlike doel van die Gereformeerde Kerkorde is om reëlins vir die instandhouding en opbou van die kerk te tref (Calvyn *Inst.* 4.10.27; 4.11.1). Die reëlins met betrekking tot die predikant se regsposisie moet binne hierdie konteks verstaan word. Volgens die Kerkorde word die reëling van predikante se regsposisie noodwendig as 'n interne kerklike aangeleentheid beskou, omdat die predikantsdiens deel is van die orde wat die Here vir die opbou en instandhouding van sy kerk gee (vgl. Calvyn, *Inst.* 4.3.1.1-10):

He calls forth ministers to be fellow-labourers, by means of whom He alone works; but at the same time in such a way, that they at their turn labour in common with him (Calvin, 1848:131, 132).

Die eiesoortige reëlins van die predikant se regsposisie in die Kerkorde verteenwoordig die kerk se selfstandige geloofsorte waarin die Hoofskap van Jesus Christus oor die kerk na vore kom (vgl. Smit, 1984(d):120). Die Kerkorde verbind die predikant in die eerste plek nie aan die kerk nie, maar aan die Hoofskap van Jesus Christus in die kerk, en sodoende is hierdie verbintenis van die predikant binne die raamwerk van die kerk deel van die harmonieuse orde: die ... *evenwichtig coördinatensysteem, waarin ambt en gemeente niet met elkaar op gespannen voet staan, maar waarin beide de plaats innemen, die God hun binnen het geheel toeweest* (Van't Spijker, 1990(b):157). Die kerkordelike reëlins vir die predikant se

regsposisie, waardeur sy diens kerkordelik omlyn word, is integraal deel van die ordelike bestaanswyse van die kerk in die wêreld (vgl. Van't Spijker, 1990(b):157).

Hoewel die beginsels van orde wat die staat nastreef, sekere ooreenkomste met die kerklike beskouing van orde kan hê, is daar ook 'n wesenlike onderskeid. Dié onderskeid lê byvoorbeeld in die bepalinge van die arbeidsreg wat poog om 'n verhouding van noodwendige ongelykheid tussen werkgewer en werknemer te bestuur (vgl. Jordaan & Rycroft, 1994:21). Hierteenoor funksioneer die kerklike orde op grond van die beginsel van die gelykheid tussen 'n kerkraad en die dienste, waaronder die predikantsdiens (KO Art. 84; vgl. 23). Die fundamentele onderskeid tussen die orde van die staat en die orde van die kerk dui op 'n onderskeid tussen die regsposisie van 'n werknemer en dié van 'n predikant. Dié onderskeid berus daarop dat die orde van die staat gerig is op die handhawing van reg en vrede in die burgerlike gemeenskap (Pirson, 1995:846 e.v.).

Vir die uitvoering van dié taak hoef die staat nie eens te erken dat God bestaan nie. Hierteenoor is die orde van die kerk, waarvan die diens van die predikant inherent deel is, 'n uitdrukking van Christus se regering vir sy kerk. Op hierdie geestelike orde én ordeningswyse (Van't Spijker, 1990(b):162) mag die staat nie beheer uitoefen nie – nie deur die bepalinge van sy arbeidswetgewing nie en ook nie deur die regspraak nie (vgl. Van't Spijker, 1990(a):130).

4.3.2 Regsposisie in die lig van die aard en doel van 'n kerkorde

4.3.2.1 Formele omlyning van die konsep 'kerkorde'

Met betrekking tot die predikant se regsposisie word eerstens gefokus op die formele omlyning van die konsep *kerkorde* wat die volgende inhoud (Smit, 1984(d):83 e.v.):

- die kerkorde is gegrond op die Skrif en die belydenis;
- die kerkorde is reëlend van aard;
- kerke wat in beginsel dieselfde kerkregering onderskryf, is aan die kerkorde gebonde; en
- die kerkorde is van toepassing op kerke van dieselfde kerkgemeenskap met die doel om goeie orde tot eer van God te handhaaf (Smit, 1984(d):84).

Volgens bogenoemde omlyning is die kerkorde van toepassing op alle kerke wat in kerkverband met mekaar staan. Kerke in verskillende lande, wat mekaar as kerk van die Here in die wêreld erken én derhalwe dieselfde belydenis, liturgie en kerkregering handhaaf, beskou hulleself dus as in kerkverband met mekaar (vgl. Du Plooy, 1982:182, 183). Volgens die Gereformeerde kerkreg veronderstel hierdie eenheid tussen die verskillende kerke die reëling van predikante se regsposisie as 'n interne kerklike aangeleentheid. Geografiese skeiding hef nie die eenheid van die kerk op nie, soos dit in die kerkregering bepaal word (vgl. HK Son. 21; NGB Art. 27, 28). Indien die staat die bevoegdheid sou hê om predikante se regsposisie te bepaal, sou alle regshandelinge en regeringsoptrede in die kerk as sodanig onder die staatsowerheid se gesag val (vgl. KO Artt. 71-80).

Die maatstaf vir die reëling van die predikant se regsposisie én die toepassing van alle ander regshandelinge is die Woord van God (vgl. KO Art. 31). Indien die staat die kerk se bevoegdheid om die predikant se regsposisie te reël nie erken nie, word die geestelike regeringswyse van die kerk vervang deur die burgerlike regeringswyse van die staat (vgl. Rutgers, 1894:37, 38). Sodoende verloor die kerklike tug, wat per definisie geestelik is, wesenlik sy betekenis én vervang die burgerlike regshandeling die geestelike tughandeling ongeag die onderskeid tussen kerkreg en staatsreg (vgl. Smit, 2002:16, 25). Alle regshandelinge en regeringsoptrede in die kerk val dan as sodanig onder die bevoegdheid van die staatsowerheid (vgl. Smit, 1985:52). Op hierdie wyse kan die kerk-staatverhouding in Suid-Afrika in 'n Erastiaanse staatskerkstelsel versink indien die staat die reëling van predikante se regsposisie sou behartig (vgl. Smit, 1985:45-52).

Verder sou so 'n benadering 'n kerkregtelike krisisvraag skep, naamlik hoe die staat die regsposisie van predikante in een kerk, maar in verskillende lande, op dieselfde wyse gaan reël. Die regering van Christus word immers nie bepaal deur óf staatowerhede óf geografiese grense nie, maar deur die gehoorsame luister na die Woord van die Here (Du Plooy, 1982:182-183). Vanuit die kerkreg beoordeel, is die praktiese oplossing dat die staat die reëlingsbevoegdheid van die kerk met betrekking tot predikante se regsposisie erken. Die regsbeginsels van godsdiensvryheid en staatsneutraliteit skep die ruimte vir staatsowerhede om hierdie bevoegdheid van die kerk te erken (kyk Hoofstuk 3). Dié beginsels bied ook 'n basis

op grond waarvan hoë in terme van bepalings van die arbeidswetgewing alternatiewe maniere behoort te ontwikkel om regsbeskerming aan predikante te bied sonder dat die kerk se orde daardeur versteur word.

4.3.2.2 *Die Skriftuurlike betekenis van orde*

Die Skriftuurlike betekenis van orde binne die raamwerk van die predikant se regsposisie beteken dat die kerkorde 'n geestelike orde daarstel wat uitdruklik op die Woord van God gegrond word (Smit, 1984(d):83-86, 86). Die Skriftuurlike betekenis van hierdie geestelike orde kan soos volg saamgevat word:

- die Woord word in heiligheid bedien;
- die verderflike invloed van wanorde en vervalsing word uit die kerk geweier;
- die sakramente word nie deur onordelikheid en eiewilligheid ontheilig nie; en
- die bedienaars van die Woord en die ander dienaars word op 'n bepaalde wyse geroep en bevestig om hulle opdrag uit te voer (Smit, 1984(d):86).

Volgens bostaande omskrywing van geestelike ordereëlins het die Skriftuurlike ordebegrip 'n bedienende en kerkregtelik-konstitutiewe betekenis ten opsigte van die predikant se regsposisie. Die orde in die kerk kom tot stand op grond van die bediening van die Woord en sakramente én die teenwerking van dwaalleer en wanorde. Die predikant het die spesifieke taak om hierdie Skrifbepaalde orde in die kerk van die Here te bedien (vgl. Smit, 1997:99-109). In die lig van die Skriftuurlike ordebegrip is die uitvoering van die predikant se taak 'n wyse van Christusregering in die kerk. Christusregering mag dus nie in die abstrakte betekenis van die woord gesien word as 'n koninkryk naas of teenoor die staatsowerheid nie. Die regering van Christus kom deur die bediening van die Woord in die harte van mense tot stand (vgl. Smit, 1997:99-109).

Die predikant se regsposisie word direk deur hierdie 'bedienende regering' bepaal, deurdat sy regte en pligte slegs deur die kerk bepaal word – en nie deur staatsreëlins nie (vgl. Smit, 1997:99-109). Die kerk, en nie die staat nie, skep die raamwerk waarbinne die regering van Christus vergestalt word. Om aan hierdie opdrag van Christus uitvoering te gee, moet die staat die kerk se bevoegdheid om

die predikant se regsposisie te reël erken. Die burgerlike regering het die verantwoordelikheid om die staatsorde, wat per definisie 'n uiterlike orde is, in stand te hou. Die regering van Christus, wat deur die bediening van die predikant tot stand kom en uitgebou word, is 'n orde van die hart waarvoor die kerk verantwoordelik is (vgl. Smit, 1997:99-109).

Die benadering in Duitsland, waarvolgens die staat nie seggenskap oor die predikant se regsposisie het vanweë sy kerkbepaalde taak nie, bied 'n praktiese oplossing om te bepaal of arbeidswetgewingbepalings op predikante se regsposisie van toepassing is of nie. Vanuit die Gereformeerde kerkreg beoordeel, ontvang die predikant sy opdrag van die Here en staan hy in diens van die Here. Die godsdienzbepaalde aard van die predikant se opdrag en taak is in Duitsland en in Suid-Afrika wesenlik dieselfde. Die onderskeid tussen die opdrag van 'n predikant en die opdrag van 'n werknemer bied dus 'n basis vir die bepaling dat predikante se diens nie deur arbeidswetgewing gereël moet word nie.

Die fokus op die taak van die predikant kom daarop neer dat predikante se bediening erken word as 'essensieel' deel van die kerk se orde. Hierdie orde word bepaal deur die Woord en die Gees en nie deur wetgewing van die staat nie. Indien die staat deur arbeidswetgewing seggenskap oor die reëling van predikante se regsposisie verkry, is dit 'n verskraling van die betekenis van godsdiensvryheid en staatsneutraliteit, wat spesifiek erkenning gee én ruimte aan die kerk bied om 'n selfstandige godsdienzbepaalde orde te handhaaf.

4.3.2.3 *Die kerkregtelik-konstitutiewe betekenis van die Kerkorde*

Die kerkregtelik-konstitutiewe betekenis van Skriftuurlike orde vir die predikant se regsposisie is gegrond op die handeling waardeur 'n predikant beroep en bevestig word. Die beroeping en bevestiging van 'n predikant kan nie vergelyk word met die aansoek van 'n werknemer vir 'n betrekking nie. Volgens die Kerkorde is hier in der waarheid nie sprake van 'n aansoek om 'n betrekking nie (KO Art. 4, 5). Deur die gebede wat die beroeping voorafgaan, erken 'n gemeente dat hulle instrumenteel in die hand van die Here optree (Van Dellen & Monsma, s.j.:23). Die vrymag om 'n predikant tot die diens na 'n spesifieke plek te beroep berus uitsluitlik by die Here van

die kerk (Hand. 20:28-30). Deur die bevestiging van die predikant erken die gemeente dat die predikant in diens van Christus gestel word sonder dat die gemeente die predikant in diens neem (vgl. Spoelstra, 1989:41, 58). Die kerk wat die predikant beroep, erken die predikant dus as dienaar van die Here en ontvang hom sonder om van hom 'n werknemer van die gemeente te maak (vgl. Spoelstra, 1989:58).

Die betekenis van die handeling van beroeping, soos dit deur die konstitutiewe orde van die kerk geformuleer word, is dat die beroeping deur 'n godsdiensovereenkomstige proses ingelei word – 'n proses waardeur die predikant in diens van Christus in die gemeente bevestig word. Die bevestiging van 'n predikant het dus nie 'n juridies bepaalde kontraktuele aard het nie. Twee aspekte moet in hierdie verband beklemtoon word:

- Die orde van die staat eis dat 'n kontrak aan sekere vereistes moet voldoen. Een van die belangrikste vereistes vir die skepping van 'n kontrak is dat albei partye die bedoeling (*iusta causa*) moet hê om 'n juridies afdwingbare verbintenis te skep. Vergelyk byvoorbeeld die volgende hofsake en bronverwysings:
 - *Collen v Rietfontein Engineering Works* 1948 (1) SA 413 (AD) op 435;
 - *Jonnes v Anglo-African Shipping Co (1936) Ltd* 1972 (2) SA 827 (AD) op 834 D;
 - Die volgende bronne benadruk ook hierdie bedoeling (*iusta causa*) om 'n juridies afdwingbare verbintenis te skep: Kerr 1(975:1, 2); vergelyk ook Fouché (1999:37); De Wet en Van Wyk (1992:4, 5).
 - In Suid-Afrika het die hof hierdie regsbeginnsel (*iusta causa*) toegepas op die verhouding tussen 'n priester en 'n kerk (vgl. Hoofstuk 2) in die volgende hofsake: *Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others* [2001] 11 BLLR 1213 (LC) par. 39

Hierdie regsbeginnsel om die bedoeling (*iusta causa*) om 'n juridies afdwingbare verbintenis tot stand te bring behoort eweneens toegepas te word op die regsposisie van Gereformeerde predikante. Volgens die betekenis van die konstitutiewe orde van

die kerk is die doel van die bevestiging nie om 'n *juridiese* verbintenis tot stand te bring nie, maar wel 'n *godsdienzbepaalde* verbintenis (vgl. KO Artt. 4, 5, 6-17; vgl. Van Dellen & Monsma, s.j.:30, 31). Dié verbintenis word gerig en gereël deur die bepalings van die Skrif, belydenis en Kerkorde, omdat die verbintenis van 'n predikant met 'n kerk bepaal word deur die verbintenis tussen Christus en die predikant, soos dit by wyse van die roeping omlynn word.

'n Kontrak kom eweneens eers tot stand wanneer albei partye wat die bevoegdheid het om 'n kontrak te sluit, doelbewus wilsooreenstemming (*consensus*) bereik het oor die uitdruklike en vanselfsprekende voorwaardes (deklarasies) daarvan. Daar moet dus, sonder enige vaagheid of misverstand, eenstemmigheid bestaan oor alle voorwaardes van die kontrak (Fouché, 1999:46; 57 e.v.). Hierdie voorwaardes moet noodwendig deur die partye aan mekaar gekommunikeer word (kyk Christie, 1996:21 e.v.; Kerr, 1975:3, 14 e.v.; Cheshire & Fifoot, 1976:26 e.v.). Die kommunikasie tussen die verskillende partye kom veral na vore in die aanvanklike onderhandelinge, die aanbod wat gemaak word en die aanvaarding van die aanbod. Vanweë die handeling van beroeping en bevestiging word die predikant in staat gestel om die Woord volgens die opdrag van die Here te bedien en om die orde wat die Here vir sy kerk verordineer, saam met die kerkraad in die regering van die kerk uit te voer (NGB Art. 30). Geen onderhandelinge vind egter plaas ten einde hierdie opdrag en taak uit te voer en om 'wilsooreenstemming' te bereik nie – soos daar wel met die sluiting van 'n kontrak vereis word. Die predikant mag sy taak slegs uitvoer deur die gelowige onderwerping en aanvaarding van die wil van die Here. Die 'wilsooreenstemming' tydens die bevestiging is dus nie 'n gevolg van onderhandelinge tussen die kerkraad en die predikant nie, maar dié twee partye se gesamentlike onderwerping aan die opdrag van die Here (vgl. NGB Art 28 i.v.m. NGB Artt. 30, 31).

Die bevestiging van die predikant is derhalwe die basis op grond waarvan hy sekere regte en pligte verkry. Hierdie niekontraktuele verbintenis tussen die predikant en die kerkraad het vanweë die inhoud en aard van die beroeping en bevestiging 'n uitsluitlik godsdienzbepaalde aard. Die bevestiging is dus die basis vir die reëling van die regte en pligte van die predikant. Hierdie regte en pligte het 'n godsdienzbepaalde inhoud en betekenis én word deur die Kerkorde vanuit die kerkreg (teologie) gereël. Volgens die beginsel van Skriftuurlike orde het die

Kerkorde die uitsluitlike doel om 'n godsdiensooreenstemmende verhouding tussen die predikant en die kerkraad te reël. Die predikant se beroeping en bevestiging in diens van die Here is volgens die beginsels van godsdiensooreenstemmendeheid en staatsneutraliteit vir die staat die aanduiding dat die kerk die reëling van predikante se regposisie as 'n interne kerklike aangeleentheid definieer.

4.3.3 *Regsbegrip van die Kerkorde*

4.3.3.1 *Bronne vir die Kerkorde en hulle betekenis*

Die bronne van die Kerkorde wat gebruik word om die regposisie van die predikant te bepaal is die Heilige Skrif, die belydenis en die kerkreg. Die fokus val in hierdie opsig op die verhouding tussen die Skrif, die belydenis en die kerkorde. Hierdie bronne is naamlik in beginsel ook die maatstaf vir die geldigheid van die kerkorde en uit hierdie bronne word aangetoon dat die Woord onafhanklik van staatsbepalings funksioneer (vgl. Smit, 1984(d):69-74).

4.3.3.1.1 *Betekenis van die Skrif vir die reëling van die regposisie*

In die gereformeerde kerkreg word aanvaar dat die Heilige Skrif die belangrikste bron vir die reëling van die kerklike orde is (Van der Walt, 1976:161; Bouwman, 1970(a):324, 325; vgl. Sillevius Smitt, 1910:114; Van Itterzon, 1974:52; Pont, 1981:9; Smelik, 1973:58, 59). In die Skrif word die beginsels gegee waarvolgens die kerkorde opgestel moet word (vgl. Calvyn, *Inst.* 4.10.30, 15-25). 'n Noodsaaklike deel van hierdie orde vir die kerk is die reëling van die kerklike dienste (vgl. 1 Kor. 9; 2 Tess. 3:6 e.v.; 1 Tim. 3:1-13; 2 Tim. 2:14 e.v.; e.a.; NGB Artt. 30-32; KO Artt. 3-19). Onder hierdie dienste neem die reëling van die predikant se regposisie 'n belangrike plek in. Dié diens word byvoorbeeld eerstens deur die kerkorde gereël (KO Artt. 4-17). Die vraag wat in hierdie opsig beantwoord moet word is watter gesag die kerkorde het om die regposisie van die predikant te reël, in teenstelling met die gesag van arbeidswetgewing.

Om hierdie vraag te beantwoord is dit noodsaaklik om eers te stel watter gesag die kerkorde *nie* het nie. Volgens die beskouing van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het die Kerkorde nie selfstandige gesag nie. Selfs die noodwendige menslike

insette in die opstel van die Kerkorde kan gesien word as geheel en al Goddelik in soverre dit aan die Heilige Skrif ontleen is (Calvyn, *Inst.* 4.10.30, 5-35). Volgens so 'n uitgangspunt is die kerkorde 'n spesifieke orde wat deur die leiding van die Heilige Gees tot stand kom (vgl. Milner, 1970:192). Die kerkorde is dus nie naas die Skrif 'n selfstandige regsposulering wat regsgeldigheid gee aan die Skrifbepalings oor predikante se regsposisie nie.

Die gesag van die kerkorde om predikante se regsposisie te reël, berus daarop dat die kerkorde uit die Skrif na vore kom en terugverwys na die Skrif as die eintlike setel van die gesag (Pont, 1978:24). Die gesag van die kerkorde om predikante se regsposisie weer te gee, berus primêr daarop dat die kerkorde *norma ministrans*, 'n bediening van die gesag van die Skrif is (Smit, 1984(d):83). Die kerkorde kom dus nooit naas die Skrif as gesagsbron te staan nie (Smit, 1984(d):83; vgl. Smit, 1984(b):39 e.v.; Smit, 1984(a):41 e.v.). Volgens hierdie vertrekpunt het die kerkorde nie 'n selfstandige, wetlike gesag nie. Die kerkorde skep nie die reg om die predikant se regsposisie te reël nie, maar gee slegs uitvoering aan die opdrag van die Here. Die Skrif stel byvoorbeeld sekere vereistes vir bedienaars in die kerk (1 Tim.3:5; 5:19) en gee sekere opdragte oor die onderhoud van bedienaars van die Woord (Matt. 10:10; Gal. 6:6; Fil. 4:15; 2 Tess. 3:9; vgl. HK Son. 38; Sillevs Smitt, 1910:180-181). Die verpligting van die kerk om die regsposisie van predikante te reël is gesetel in die opdrag wat die Here vir sy kerk gee. Die Skrif vervul in hierdie opsig dus vir die kerk die funksie wat die staat deur arbeidswetgewing vir die burgerlike gemeenskap beoog.

4.3.3.1.2 *Betekenis van die belydenis vir die predikant se regsposisie*

Die plek van die dienste én die wyse waarop die kerkregering gereël word, kom spesifiek in Artikels 28-31 van die Nederlandse Geloofsbelydenis na vore. Die kerkorde, en hiermee ook die reëling van die predikant se regsposisie deur die kerkorde, is struktureel en inhoudelik gegrond op die belydenis (Hovius, 1962:22). Veral in die belydenisskrifte van die kerk word die Skrifbeginsels van die kerk verwoord. Die reëling van predikante se regsposisie is deel van die kerk se belydenis, dit wil sê die kerk se reëlings oor dié aangeleentheid is deel van die *homologeïn* (om dieselfde te sê) van die Skrif (Polman, s.j:6,7; vgl. Smit, 1984(a):45).

Sodoende bied die belydenis die beginselbasis, die grondreël, waarop kerke in kerkverband die predikant se regsposisie in *doctrina* (leer) en *disciplina* (ordening) onderhou (vgl. Du Plooy, 1982:238).

Volgens die belydenis mag die predikant nie as 'n werknemer van 'n kerkraad beskou word nie:

- Die diens van die predikant word verbind aan die geestelike bestuurswyse van die kerk (NGB Art. 30). In ooreenstemming met hierdie siening is 'n predikant nie 'n werknemer van die 'huisgesin van God nie', maar 'n bestuurder in die gemeenskap van die gelowiges. 'n Predikant is, saam met die ouderlinge, *kubernéseis* (stuurmanne) en *hégoumenoi* (leiers) wie se taak dit is om leiding in die gemeente te gee (*proshistamenos*) (Du Plooy, 1979:54, 55).
- Die wyse waarop die bestuurstaak van die kerk uitgeoefen word, is eweneens 'n belangrike aanduiding dat die predikant se posisie nie beoordeel mag word as dié van 'n werknemer van die kerk nie. Die predikant is, saam met die ouderlinge, nie 'n heerser oor die erfdeel nie, maar 'n voorbeeld vir die gelowiges, 'n herder, 'n dienskneg wat aan die Opperherder rekenskap moet gee – dus 'n rentmeester van God (Du Plooy, 1979:56).

Verder stel die belydenis die fundamentele Skrifbeginsel van roeping tot die predikantsdiens as die maatstaf vir die reëling en beoordeling van predikante se regsposisie. Die belydenis sê dat 'n ampsdraer (predikant) moet wag totdat hy deur God geroep word, sodat hy van sy roeping oortuig kan wees en sekerheid kan hê dat dit van God kom (NGB Art. 31). Vanweë die verhouding tussen die kerkorde en die belydenis, waardeur die kerkorde die beginsels van die belydenis prakties in die Gereformeerde Kerkorde reël, het die kerkorde die doel om die roeping van die predikant te reël (vgl. KO Art. 4, 5). Dit beteken dat die belydenis (*doctrina*) en die regering (*disciplina*) van die kerk nie van mekaar geskei kan word nie, omdat dissipelskap juis die gevolg is van die verkondiging van die *doctrina* wat Christus aan ons geleer het (Du Plooy, 2002:4).

Die roeping van die predikant word geaktiveer deur die bevestiging in die plaaslike kerk (vgl. NGB Art. 30). In hierdie opsig moet die roeping en die bevestiging in

verhouding tot mekaar verstaan word, aangesien die bevestiging niks anders is as die bevestiging van die roeping nie. Daar is 'n verskil tussen die roeping van die predikant en die roeping van gelowiges (vgl. Veldkamp, 1990:165 e.v.). In die geval van 'n predikant is die intensiteit van die roeping groter as in die geval van ander gelowiges wat hulle roeping uitleef. Ander mense se roeping beperk hulle bevoegdheid tot hulle persoonlike lewe en die kringe waarin hulle beweeg. Hulle roeping omlyn nie die verantwoordelikheid vir die lewe van 'n hele gemeente, soos in die geval van 'n predikant nie (vgl. 2 Kor. 11:28).

Hierdie innige band tussen die predikant en die Here dra die stempel van 'n huwelik. Sodoende is die geloofsverbintenis wat deur die bevestiging tot stand kom 'n essensieel emosionele aangeleentheid wat in terme van 'n spesifieke geloofsorde, in dié geval die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke, gereël word. Die regsposisie van die Gereformeerde predikant, soos dit in die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gereël word, word dus bepaal deur die roeping wat van die Here kom én die feit dat die Kerkorde uitsluitlik die doel het om die roeping van die predikant te reël. In die arbeidsreg én in die staatsreg word nie voorsiening gemaak om so 'n geloofsband te reël nie (vgl. 4.3.3.2).

4.3.3.2 *Kerkorde en staatswet*

Die bepalinge van die Kerkorde, op grond waarvan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die predikant se regsposisie reël, mag nie in die wetlike betekenis as 'n staatswet of 'n kerkwet verstaan word nie. As die kerkorde tot 'n staatswet gereduseer word, word die betekenis daarvan beperk tot dié van 'n staatsregtelike bepaling. So 'n benadering is in stryd met die oorsprong, aard en doel van die kerkorde en kan nie regmatig uitdrukking gee aan die reëling van predikante se regsposisie nie (vgl. Smit, 1984(d):100-103). Die kerklike orde kan slegs funksioneer vanweë die vrede wat daar vir ons in Christus met God is: *Vanweë die vrede – deur Christus – kan die orde funksioneer – ook deur Christus* (Smit, 1984(b):39). Die orde is dus nie die hoogste doel van die kerk nie, maar die vrede met God in Christus. Die regsposisie van die predikant word sodoende ook nie gereël deur 'n kerklike 'ordologie' of 'n juridies bepaalde eie wetlikheid waaronder die kerk moet buig nie (Smit, 1984(b):39). Die kerkorde moet aan die Skrif gespieël word ter wille van die

onderhouding van die vrede met God. In die kerkorde is daarom ook sprake van 'die goeie orde' in teenstelling met wetlik bepaalde juridiese orde (Smit, 1984(b):39).

Die onderskeid tussen die kerkorde en 'n staatswet berus verder op die volgende tweeledige uitgangspunt: die kerkorde eis nie bloot op formele gronde gehoorsaamheid van die predikant nie; die kerkorde mag ook nie as 'n middel tot vergelding deur of teen die predikant toegepas word nie. In teenstelling met 'n wet, wat gehoorsaamheid aan die wet as sodanig afdwing, rig die kerkorde die predikant op gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif (vgl. Smit, 1984(d):100-103). Die kerkorde rig die predikant dus op die bediening van die geloof en die bekering, dit wil sê op gehoorsaamheid aan die Here van die kerk. Die allesbeheersende uitgangspunt van die kerkorde is dat Christus die Hoof van die kerk is én dat alleen sy bevele gewetensbindend is (Smit, 1984(d):100-103). 'n Kontraktuele basis vir kerklike verhoudings is dus nie nodig nie – soos wel die geval is met die stigting van 'n vrywillige vereniging (Pienaar, 1982:185). Wat wel nodig is, is die gelowige aanvaarding en onderwerping aan die gesag en orde wat die Here vir sy kerk gee (vgl. Ridderbos, 1966:529).

In hierdie dinamiese orde vind die herskepping van 'n nuwe mensheid plaas. Die diepste grond van die herskepping, soos dit in die ordebegrip van die kerk na vore kom, is die liefde van Christus. Hierdie vertikale lyn van Christus se liefde moet gestalte vind in die horisontale werking van die kerk, veral ook in die predikant se verbintenis met die kerk. Die kerkorde is in die lig van Christus se liefde opgestel en die eis van Christus dat mense mekaar moet liefhê, word dus aan die kerk en die predikant gestel. Arbeidswetgewing maak in beginsel nie daarvoor voorsiening om die dinamiek van die godsdiensbepaalde 'verhouding van liefde' tussen die predikant en die kerk te reël nie. Die teenoorgestelde is eerder waar. Die arbeidsreg maak daarvoor voorsiening om op grond van 'n strydpunt tussen 'n werkgewer en 'n werknemer die belange van albei te beskerm. Die arbeidsreg se uitgangspunt van stryd en dispuut is in wese onversoenbaar met die dinamiese werking van die gereformeerde ordebegrip, soos dit in die liefde van Christus vir die kerk én ook tussen die kerk en die predikant na vore kom (vgl. 1 Kor. 13 i.v.m. 1 Kor. 14:26 e.v.; Smit, 1984:6-8,7).

4.3.3.3 *Die kerkorde as ius constitutum*

In die Gereformeerde kerkreg is die kerkorde die *ius constitutum* (die reg soos dit is) (Van der Linde, 1965:123). Volgens hierdie uitgangspunt is die *ius constitutum* die vormgewing van reg deur beginsels uit die Woord af te lei soos dit deur tyd, plek en omstandighede beïnvloed word. Hierdie reg word uit die *ius constituendum* afgelei. Die *ius constituendum* is die ideële opvatting van die beginsels van die kerkreg, soos dit deur die kerkreg in die Skrif nagevors en steeds verder in die lig gestel word (Smit, 1984(d):73; vgl. Van der Linde, 1965:123). Die Gereformeerde kerkreg definieer die reg van die kerk dus as 'n selfstandige reg. Hierdie beskouing van die reg bied die perspektief dat die kerk die regsposisie van die predikant reël op grond van die selfstandige reg van die kerk. Dié selfstandige reg is inherent deel van die kerk se beskouing oor kerklike orde en die bediening van dié orde. Volgens hierdie vertrekpunt word die regsposisie van die predikant gereël deur die interne (privaat) reg van die kerk (vgl. Gildenhuys, 2001:226; Pienaar, 1982:215-216, 254-255).

Die beskouing dat die kerk 'n vrywillige vereniging is wat die predikant se regsposisie op grond van 'n kontraktuele basis reël, verskraal die kerkorde tot 'n willekeurige ordening van mense, terwyl die kerkorde wesenlik setel in Skrifbeginsels, soos dit in die belydenis verwoord word. Die 'grondwet' van die kerk is die Heilige Skrif. In die Skrif gee God self as die enigste Wetgewer die beginsels vir die regering van die nuwe orde (vgl. Calvyn, *Inst.* 4.10.1.10), en ook die beginsels vir die reëling van predikante se regsposisie (vgl. Calvyn, *Inst.* 4.3.1-4.3.16; 4.4.9-4.4.15). Binne die raamwerk wat die Skrif stel, het kerke die verantwoordelikheid om die *ius constituendum* in die *ius constitutum* te verwerklik ten opsigte van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk (Smit, 2001(a):84-85).

4.3.4 *Plek van die predikantsdiens in die kerkorde*

Die kerkorde is essensieel en struktureel op die belydenis gegrond (Smit, 1984(b):43-44). In essensie tref die kerkorde dus reëlins om die belydenis dat Jesus Christus die kerk deur die Woord en Gees regeer te bedien. Struktureel is die kerkorde op die belydenis gegrond deur die *essentialia* van die belydenis prakties te reël. Sodoende verwerklik die kerkorde die alleenheerskappy van Christus deur

reëlins oor die kerklike dienste, die kerklike vergaderings, die toesig oor die leer, die sakramente en seremonies en die kerklike tug (Smit, 1984(b):43). Die fokus val in hierdie opsig op die plek van die kerklike dienste in die kerkorde.

Die kerklike dienste is deel van die essensie van die kerkorde. Die kerkordelike reëling van die dienste is gegrond op die Nederlandse Geloofsbelydenis (Artt. 30-32). Volgens die belydenis word die predikant geroep om saam met die ouderlinge en die diakens die kerk te regeer ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat die Here ons in sy Woord geleer het (NGB Art. 30). Volgens die belydenis mag die predikant slegs aan die geestelike regering van die kerk deel hê as hy op 'n kerklike (geestelike) wyse tot die diens toegelaat en in die diens bevestig is (NGB Art. 31). Die noodsaaklikheid van die diens is gegrond op die Skrifopdrag dat alles in die kerk ordelik moet geskied (NGB Art. 30).

Op grond van die belydenisuitgangspunt beklemtoon die Gereformeerde Kerkorde die noodsaaklikheid van die diens van die predikant deur die regsposisie van die predikant eerste te reël (KO Artt. 3-19; vgl. Spoelstra, 1989:41). Die fundamentele uitgangspunt van die belydenis en die kerkorde is dat die geestelike diens op 'n geestelike wyse gereël moet word. Vir hierdie reëlins gee die Skrif die nodige opdragte en beginsels, soos dit deur die belydenis verwoord word (NGB Artt. 30-32).

Uit die geloofsbelydenis blyk dat die Skrif dieselfde funksie ten opsigte van die kerk vervul as die funksie wat die staat beoog met die bepalings van arbeidswetgewing vir die burgerlike samelewing. Die Skrif gee die nodige opdragte en beginsels op grond waarvan die regsposisie van die predikant billik en regverdig by wyse van die kerk se geestelike orde gereël word (vgl. 1 Kor. 9; 2 Tess. 3:6 e.v.; 1 Tim. 3:1-13; 2 Tim. 2:14 e.v.; e.a.; NGB Artt. 30-32; KO Artt. 3-19). Op grond van bogenoemde bewysplase is die noodwendige afleiding dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die regsposisie van die predikant selfstandig moet reël.

Die onderhouding van die geestelike orde by wyse van die Gees-bepaalde (kerk)-orde word deur die Here as 'n gawe aan die kerk gegee én moet deur die kerk as 'n Skrifopdrag onderhou word (vgl. Smit, 1984(d):20-51).

Indien die bepalings van die arbeidsreg op die regsposisie van predikante toegepas word, skep dit sekere praktiese probleme wat nie die bedoeling van die wetgewer kon wees nie (kyk Hoofstuk 2). Die prinsipiële probleem het 'n wyer omvang as die enkele praktiese vrae wat ontstaan indien die uitgangspunte van die arbeidsreg op die regsposisie van predikante toegepas word. Dié probleem is dat die kerk nie sy geestelike orde mag prysgee ter wille van die staatsorde, soos dit in die arbeidsreg na vore kom nie (vgl. Hand. 4:19-20).

4.3.5 Merkers

Die volgende merkers kan uit die voorafgaande beredenering en navorsingsgegewens aangetoon word:

- Die regsposisie van die Gereformeerde predikant word in die plaaslike kerk by wyse van die kerkreg gereël. Christusregering is die maatstaf waarvolgens die regsposisie van die predikant gereël en beoordeel word.
- Die orde van Christus se regering verskil fundamenteel van die orde van die staat. Die doel van Christus se regering, soos dit by wyse van die Kerkorde omlin word, is om die roeping van die predikant in sy diens aan Christus en sy verbondenheid aan die plaaslike kerk te reël.
- Christus se regeringswyse, waarvolgens die predikant se regsposisie gereël word, is 'n selfstandige orde waarin die staat nie inspraak het of waarvoor die staat nie die reëlingsbevoegdheid het nie.
- Die diens van die predikant word deur Christus aan en in die kerk gegee. Soos die diens van die ouderling en die diaken is die diens van die predikant deel van die orde van die kerk. Die reëlins met betrekking tot hierdie orde is uitsluitlik 'n kerklike aangeleentheid.

4.4 Bepalings oor die predikant se verbintnisse

4.4.1 Kerkordelike bepalings

Artikel 3 van die Kerkorde stel die beginsel waaruit die reëling van die predikant se regsposisie verder ontplooi. Volgens dié artikel mag predikante slegs in die kerk dien as hulle wettig daartoe beroep en toegelaat is:

Dit sal vir niemand geoorloof wees om die diens van die Woord en Sakramente uit te oefen sonder dat hy wettig daartoe beroep en toegelaat is nie (KO Art. 3).

Artikel 4 en 5 van die Kerkorde reël die beginsel wat in Artikel 3 gestel word. Artikel 4 is spesifiek van toepassing op proponente, dit wil sê afgestudeerde studente wat nog nie voorheen as predikante bevestig is nie, terwyl Artikel 5 die beroeping van predikante wat reeds bevestig is, reël. Artikel 4 van die Kerkorde bepaal die volgende:

Die wettige beroeping en toelating van iemand wat nie tevore in die diens van die Woord gestaan het nie en wat deur die klassis waarin hy woonagtig is, voorbereidend (preparatoir) geëksamineer is, bestaan uit:

ten eerste, die verkiesing na voorafgaande gebede, deur die kerkraad en die diakens volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of soos deur die kerkraad vasgestel is en verder in kerke met slegs een bedienaar van die Woord, ook met advies van die klassis of van die konsulent wat hiervoor deur die klassis aangewys is;

ten tweede, die ondersoek na die leer en lewe (peremptoir) van die beroepene deur die klassis (waar die beroeping ter goedkeuring voorgelê moet word) wat met advies van die deputate van die partikuliere sinode moet plaasvind;

ten derde, die approbasie en goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk wat daarin bestaan dat daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die kerk afgekondig is, geen wettige beswaar ingedien is nie;

ten laaste, die openlike bevestiging voor die gemeente in teenwoordigheid van die klassikale deputate, volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

Artikel 5 reël die beroeping en bevestiging van die predikant sonder dat die eksaminering herhaal hoef te word¹⁶. Die tyd van approbasie dien in hierdie opsig as prosedure om die predikant se roeping te toets.

Artikel 4 en 5 van die Kerkorde stel 'n algemene beginsel wat konsekwent deur die Kerkorde gehandhaaf word. Volgens hierdie algemene beginsel word die predikant se regsposisie konsekwent gereël vanuit sy verbintenis met die plaaslike kerk¹⁷ (vgl. KO Artt. 4-17). Afgesien van die feit dat daar voldoende getuienis is om op grond van die verbintenis tussen die predikant en die plaaslike kerk aan te toon dat die predikant nie in diens van die plaaslike kerk staan nie, sou so 'n benadering die kerkregtelike omvang en betekenis van die predikant se regsposisie verskraal (vgl. Pel e.a., 1991:13-14; Pel e.a., 1991:10-20). 'n Omvattende perspektief, soos inderdaad deur die bepalings van die Kerkorde gegee word, gee 'n beter begrip van die aard van hierdie geloofsverhouding as 'n interne kerklike aangeleentheid. Om die predikant se regsposisie in sy verbintenis aan die plaaslike kerk in perspektief te plaas, moet die drie verbintenisse wat in die Kerkorde-artikels na vore kom, geformuleer word (vgl. Van Ruler, 1952:61; Smit, 2001(a):27-49; Smit, 2004:89-92). Die drie verbintenisse is die volgende:

- die verbintenis tussen Christus en die predikant (vgl. KO Artt. 3-5);
- die verbintenis tussen Christus en die plaaslike kerk (vgl. KO Art. 1); en

¹⁶ Waar 'n bedienaar van die Woord van een kerk na 'n ander binne die kerkverband beroep word, geskied dit soos volg:

ten eerste, die verkiesing deur die kerkraad en die diakens na voorafgaande gebede, met onderhouding van die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is en van die algemene ordinansies vir die beroepbaarheid van diene wat buite die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gedien het en verder in kerke met slegs een bedienaar van die Woord, ook met advies van die klassis of van die konsulent wat hiervoor deur die klassis aangewys is;

ten tweede, die goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk, as daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die kerk afgekondig is, geen wettige besware ingedien is nie;

ten derde, die kontrolering deur die kerkraad saam met die klassikale deputate van die goeie kerklike getuienis ten opsigte van leer, lewe en ampsbediening en van die losmaking.

ten laaste, die openlike bevestiging voor die gemeente volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

¹⁷ Hierdie formulering van die Kerkorde verteenwoordig 'n prinsipiële afwysing van die kollegialistiese kerkbegrip, waarin die plaaslike kerk (gemeente) saam met ander plaaslike kerke (gemeentes) die kerk is (vgl. 4.2). Die kollegialistiese kerkbeskouing het oorspronklik in Duitsland ontwikkel. Hoewel dié beskouing nie meer 'n maatstaf vir die kerk-staatverhouding in Duitsland is nie, is dié beskouing nie deurbreek met betrekking tot die verhouding tussen die verskillende gemeentes en die reëling van die predikant se regsposisie nie. Volgens die Duitse kerkreg en staatskerkreg is die predikant in diens van die kerk, dit wil sê 'n dienaar van 'n oorkoepelende kerk(struktuur), wat uit die verskillende gemeentes bestaan (vgl. Hoofstuk 3.)

- die verbintenis tussen die predikant en die plaaslike kerk (vgl. KO Artt. 4-5, 10-17).

In die hieropvolgende afdeling word verder nagegaan wat die betekenis van hierdie verbintenisse vir die reëling van die predikant se regsposisie is.

4.4.1.1 *Die verbintenis tussen Christus en die predikant*

4.4.1.1.1 *Roeping, beroeping en bevestiging*

Die verbintenis tussen Christus en die predikant is die hoeksteen op grond waarvan die regsposisie van die predikant gedefinieer word. Hierdie verbintenis word in die Kerkorde gereël by wyse van bepalings oor die beroeping van die predikant (KO Artt. 4, 5). Die *beroeping* én die *roeping* van die predikant moet verstaan word as twee aspekte wat dieselfde gewig en belangrikheid het. Die *roeping* van die predikant kan bondig beskryf word as die begeerte om die evangelie van Christus lewenslank te verkondig (Van der Linde, 1983:13; Vorster, 1999:18), terwyl die *beroeping* van die predikant uitdrukking gee aan die wyse waarop dié roeping prakties in die kerk gereël word (KO Artt. 4, 5). Op grond van hierdie omskrywing kan reeds twee aspekte vir die reëling van die predikant se regsposisie deur die Kerkorde gestel word:

- Deur die roeping is die diens van die predikant 'n lewenslange diens. Die Kerkorde reël nie slegs een aspek, soos byvoorbeeld die diensverhouding, van 'n predikant se lewe nie (vgl. Pel e.a., 1991:13). In hierdie opsig verskil die bepalings van die Kerkorde wesenlik met dié van arbeidswetgewing. Die doel van arbeidswetgewing is om 'n werksverhouding tussen twee partye juridies te reël (vgl. *Die Wet op Gelyke Indiensneming*, Wet 55 van 1998 (1(1))). Op grond van die bepalings van die arbeidsreg het die werkgewer nie die reg om aanspraak op of inspraak in aspekte van die werknemer se lewe buite die juridies bepaalde arbeidsverhouding te maak nie. In die kerklike lewe het kerke die reg om aanspraak te maak op en inspraak te hê in die predikant se lewe. Hierdie reg is daarop gegrond dat die leer en die lewe van die predikant nie van mekaar geskei kan word nie (Jak. 2:14-26; vgl. 1 Tim. 3:1-13).

- Die bepalings van die Kerkorde oor die predikant se regsposisie vervang nie die staat se arbeidswetgewing nie, maar reël 'n godsdiensooreenkomstige verbintenis met 'n ander doel en inhoud as die bepalings van die arbeidsreg. Deur die roeping wat van die Here uitgaan, word die predikant in 'n direkte verhouding met die Here gestel (Van der Linde, 1980:31, 32). Die Een wat roep, bepaal nie slegs die diens wat deur die predikant verrig word nie (Van der Linde, 1987:19), maar neem die predikant in geheel vir die uitvoering van sy taak 'in diens'. In ooreenstemming met hierdie uitgangspunt behels die roeping van die predikant nie slegs 'n geestelike dimensie nie. Die roeping is omvattend – die geroepene word as volledige mens in diens van die Here van die kerk gestel (vgl. Coenen, 1986:274). *Die Here neem die wat Hom dien in sy vertroue en maak sy verbond aan hulle bekend (Ps. 25:14).*

4.4.1.1.2 *Roeping: Twee herders*

Die innige verhouding tussen die Christus en die predikant wat op grond van die roeping tot stand kom, word deur die Skrif beskryf as 'n verbintenis tussen twee herders. Die Here is self die goeie Herder, die eintlike Herder, die ware Herder. Dié wat deur Hom tot die predikantsdiens in die plaaslike kerk geroep word, is tegelyk as gesante van die Here ook herders (vgl. 1 Tim. 5:17; 1 Pet. 2:25; Hand. 20:28; vgl. Ridderbos, 1966:508).

Die onderskeidende kenmerk van die herder se diens is dat Hy bereid is om sy lewe vir die kudde af te lê (Bouma, 1964:21). Christus is die Herder wat sy lewe vir die kudde afgelê het, maar Hy het ook die volmag om sy lewe weer op te neem (Joh. 10:18). Hierdie volmag gee aan Christus die gesag om deur roeping herders in die gemeente aan te stel deur wie Hy werk. As herder staan die predikant in diens van Christus. Die predikant se diens in die plaaslike kerk het derhalwe die aard van die diens van 'n herder wat onder die gesag van die ware Herder staan (1 Pet. 5:4; Bouma, 1964:21).

In sy diens is die herder bereid om soos die ware Herder sy lewe ter wille van die kudde af te lê (Joh. 10:11; Bouma, 1964:22). Die onderskeid tussen die verhouding van 'n werkgewer en 'n werknemer en die herder-kuddebeeld lê dus daarin dat die

herder nie 'n *misthotos* (huurling; werknemer) is nie. 'n Werknemer is nie die eienaar van die kudde nie en sal derhalwe moeilik bereid wees om die uiterste stap te neem en sy eie lewe af te lê ter wille van die kudde (Joh. 10:11-13). Verder hou die onderskeid tussen die diens van die huurling en die diens van die herder in dat die herder wederkerig by die ware Herder en die kudde betrokke is:

Een huurling echter kan in de goede zin des woords de naam van herder niet dragen. Want de naam sluit wederkerige betrekking en aanhankelijkheid in. En dat geldt van de huurling niet. Het lot der schapen gaat hem niet ter harte (Bouma, 1964:21; my beklemtoning – J.S).

Die diens van die herder is dus ten diepste om 'n gesant van Christus te wees. Hy word uit die kudde tot diens geroep om ter wille van die kudde op te tree (vgl. Spoelstra, 1989:31). Die predikant moet immers eers kind van God wees, dit wil sê deel van die kudde, voordat die Here hom tot sy diens roep (Venter, 1988:97). Op grond van hierdie kindskap en roeping is die diens van die predikant ook 'n integrale en ordelike korrektief van die Here om die valse orde, wat deur dwaalleraars (wolwe) in die kerk verkondig word, te weerlê (vgl. Ef. 4:11-12; 1 Tim. 1:3-11; 1 Tim 2 e.v.). Die leer van die dwaalleraars werk kerkontbindend (vgl. 1 Tim. 1:3-11), terwyl die diens wat die Here gee en deur die roeping aktiveer, dien tot opbou en stigting van die kerk (vgl. Joh. 11:52). Die diens van die herder kom dus van die ware Herder en rig die herder op die ware Herder.

Volgens bogenoemde siening word die volgende beskouings afgewys: die beskouing dat die Here die gesag aan ampsdraers oordra om bedienaars van die Woord in diens te neem (soos in die Rooms-Katolieke Kerk) én die beskouing dat die kerk as werkgewer van die predikant optree (soos in die Evangeliese kerke in Duitsland). Oor die kerk heers net één Koning, wat nie sy gesag na mense of strukture delegeer nie. Die predikant staan derhalwe nie in diens van ander ampsdraers (byvoorbeeld die pous of biskoppe) of kerklike strukture (byvoorbeeld die sinode) nie; die predikant is slegs in diens van die Here van die kerk (NGB Art. 31).

4.4.1.1.3 *Beroeping*

Deur 'n predikant te beroep word die roeping op 'n ordelike wyse in die plaaslike kerk gereël. Omdat God sy Woord en Gees ook deur die dienste aan die gemeente gee, moet die roeping tot die dienste van God deur middel van die gemeente kom (Richel, 1942:199). Die dienste, waaronder dié van die predikant se regsposisie, word derhalwe aan die plaaslike kerk verbind (vgl. Goumaz, 1964:21; Smit, 1985:99).

Die beroeping deur die gemeente is die bevestiging van die predikant se innerlike roeping. Aangesien Christus nie meer sy diensknegte direk roep soos in die geval van die apostels nie, is die roeping slegs kenbaar in die ooreenstemming van die innerlike en uiterlike roeping. Deur die beroeping erken die kerk dat God die enigste *vocator primarius* is en bly (Vorster, s.j.:30). In die kerk van die Here is daar net Een wat roep. Volgens die beginsel van roeping mag daar nie aan die kerk meer gesag toegeken word as wat dit toekom nie. Die kerk mag dus nie verselfstandig word asof dit die kerk is wat die predikant roep en nie die Here nie. Vir die predikant is die *vocatio externa*, die middellike roeping deur die gemeente (Van der Linde, 1965:55), niks anders nie as die roepstem van God (Van't Spijker, 1987:368) én 'n bevestiging van die innerlike roeping (vgl. Paul, 1965:154, 156). Volgens hierdie vertrekpunt is die beroeping van die predikant deel van die orde in die gemeente én 'n instelling van die kerk se regering. Die kerk moet hierdie orde dus nougeset handhaaf (Calvyn *Inst.* 4.3.10.1-20).

Dit is belangrik om daarop te let dat die bevoegdheid wat die plaaslike kerk ontvang om die predikant te verkies, volledig in die Skrif setel (Calvyn, *Inst.* 4.3.15). God gee die gawe aan 'n gemeente om 'n bedienaar tot die diens te roep. Die verkiesing van 'n predikant deur 'n gemeente beteken dat dié gemeente die gawes wat Christus aan die bedienaar van die Woord gee, opmerk, en die persoon aanwys wat vir die diens geroep is (vgl. Philip, 1979:22). Deur dié opdrag na te kom, toon die gemeente dat hulle instrumenteel in die roeping van die predikant is. Die beroeping van die predikant deur die gemeente verskuif dus nie die fokus van die *Here wat roep* na die *gemeente wat beroep* nie.

Die beroeping van die predikant kan in werklikheid nie beskryf word as 'n mensbepaalde roeping nie, maar wel as 'n werking van die Gees in die hart van die predikant én in die midde van die gemeente (Calvyn, *Inst.* 4.3.14. par. 10-15). Só bevestig die beroeping van die predikant eerder die feit dat die predikant geroep word tot die diens van die Here *in* die gemeente van die Here.

4.4.1.1.4 *Bevestiging van die predikant*

In Artikel 4 van die Kerkorde word bepaal dat die predikant in die plaaslike kerk bevestig moet word. Artikel 5 gee die bepalings oor hoe 'n predikant, wat tevore in die diens bevestig was, in 'n plaaslike kerk bevestig moet word. In Artikel 5 word die openlike bevestiging van die predikant veronderstel in samehang met Artikel 4. In die gereformeerde kerkreg word die bevestiging van die predikant gesien as 'n kerkregtelike handeling, eie aan die kerk se wyse van bestaan. Hoewel in die gereformeerde kerkreg aanvaar word dat die gawes om in die kerk te dien, nie tydens die bevestiging aan die predikant oorgedra word nie, word die bevestiging as die 'sluitsteen' van die roeping beskou. Die bevestiging is na die roeping, eksaminering en beroeping die Here se finale aanwysing en 'bemagtiging' van die dienaar om die diens in die Naam van die Here te mag uitvoer (kyk Van't Spijker, 1970:101; Bouwman, 1970(a):408 e.v.). Sodoende word die roeping van die predikant bevestig en word die predikant in staat gestel om as dienaar van die Here in die kerk op te tree (kyk Bouwman, 1970(a):408 e.v.).

Volgens die beginsels van godsdiensvryheid en staatsneutraliteit het houe nie die bevoegdheid om 'n interne kerklike dokument, soos byvoorbeeld die "Formulier vir die bevestiging van bedienaars" van die Woord te interpreteer nie. Die bevestiging van die predikant volgens die Formulier is vir 'n godsdiensneutrale staat die aanduiding dat die kerk die diens van die predikant definieer as 'n interne kerklike aangeleentheid, waaroor die kerk die reëlingsbevoegdheid het (vgl. Hoofstuk 3). Die vraag wat vir hierdie studie van belang is, is of die Formulier predikante se regsposisie omskryf as 'n arbeidsverhouding tussen die predikant en die kerk en of dit gedefinieer word as 'n interne kerklike aangeleentheid.

4.4.1.1.4.1 *“Formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord”*

Hierdie formulier is ingedeel in 'n inleiding, 'n kort uiteensetting oor die instelling en taak van die predikant se diens, die vrae waarop die predikant bevestigend moet antwoord, 'n vermaning gerig tot die gemeente en 'n slotgebed. In die inleiding word die bevestiging van die predikant verbind aan die bepalings van die Kerkorde. In die uiteensetting oor die instelling en taak van die predikantsdiens word die beginsels gestel dat Christus mense tot besondere dienste roep en die dienste in en aan die kerk gee. Verder word gestel dat die predikant as herder en leraar van die gemeente *die kudde wat God aan [sy] sorg toevertrou, ...[moet] versorg, lei, en beskerm. [Hy] moet dit doen deur die verkondiging van die Woord, die bediening van die sakramente, die diens van die gebede en deur te help met die regering van die kerk* (Formulier, 2001:137-142). Met hierdie verbesondering van die aard van die predikantsdiens word Woordverkondiging aangedui as die sentrale taak van die predikant.

Die taak van die predikant word in ses punte uiteengesit: die verkondiging van die evangelie in die gemeente self, sook die evangelieverkondiging in die wêreld daarbuite, die bediening van die sakramente, leiding in die erediens, katechese, die regeertaak saam met die ouderlinge. Al hierdie aspekte trek saam in een fundamentele verpligting: Woordverkondiging. Uiteraard kan die aard en die inhoud van hierdie verpligting slegs deur die kerk bepaal word (vgl. Smit, 2001(b):136).

Ook die vrae waarop die predikant moet antwoord, bied belangrike perspektiewe vir die beoordeling van die regsposisie van die predikant in die plaaslike kerk. Hierdie vrae lui soos volg (Formulier, 2001:137-142):

- (a) *Is u in u hart daarvan oortuig dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self tot hierdie heilige diens geroep is?*
- (b) *Glo u dat die Heilige Skrif die Woord van God is en die volmaakte leer van die saligheid bevat, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?*
- (c) *Beloof u om u Goddelike opdrag getrou en met ywer ooreenkomstig hierdie leer uit te voer?*
- (d) *Beloof u om u lewe ooreenkomstig hierdie leer in te rig?*

(e) *Belof u om u aan die kerklike vermaning en tug te onderwerp as u miskien in leer of lewe afwyk?*

In die Formulier is daar geen aanduiding dat die predikant (as 'n werknemer) in diens van die plaaslike kerk bevestig word nie. Met die eerste vraag van die Formulier word eerder die teendeel bewys. Tydens die bevestiging word goddelike en menslike faktore geheimnisvol saamgevoeg om die predikant in diens van Christus te bevestig (vgl. Spoelstra, 1989:32). Spoelstra (1989:52) wys daarop dat die kerk by die handeling van beroep *iemand wat Christus aan hulle gee ... in diens van Christus stel sonder dat hulle hom in diens neem*. Wat dusver oor die bevestiging van die predikant en predikantsdiens gesê is, dui daarop dat Christus die predikant tydens die bevestiging 'in diens neem' en nie die plaaslike kerk waarin die predikant bevestig word nie.

4.4.1.1.4.2 Taak van die predikant volgens die Formulier

As dienskneg van Christus het die predikant die taak om die kudde wat God aan sy sorg toevertrou te versorg, te lei en te beskerm. Die regsposisie van die predikant verkry 'n geestelike of geloofsdimensie deurdat sy taak (verpligtinge) geheel en al in diens van die Here staan en by wyse van Skrifbepalings deur die Here verorden word. Sy 'verpligtinge' word beseël deur sy belofte aan God, terwyl sy 'regte' ook bepaal word op grond van die agting wat die gemeente aan hom verskuldig is (Formulier, 2001:137-142). Op grond van die genoemde geestelike of geloofsdimensie verkry die predikant se regsposisie deur sy verbintenis aan die plaaslike kerk geheel en al 'n ander aard as dié van 'n werknemer teenoor sy werkgever. Die gesagsverhouding word deur die bevestiging van die predikant ook nie gestel as dié van kerkraad oor predikant nie; die gesagsverhouding word eksplisiet aangedui as 'n gesagsverhouding van die Here teenoor sy dienaar en 'n verhouding wat verseël word deur die predikant se belofte aan die Here.

4.4.1.1.4.3 Die belofte van die Formulier waarop die predikant antwoord

Met die bevestigende antwoord op die eerste vraag in die Formulier onderskryf die predikant die essensiële aspek van die roepingsgedagte; naamlik die wyse waarop

die kerk homself verstaan. Die predikant gee op grond van sy bevestigende antwoord sy instemming met die wyse waarop die kerk homself definieer. Tegelyktydig onderneem hy ook om die roeping waartoe die Here hom geroep het getrou uit te voer. Die instemmende antwoord op dié vraag én die getroue uitvoering van die diens is bepalend vir die kerk se interne werking en vir sy werking na buite. Indien 'n bedienaar van die Woord 'n ander leer verkondig (vgl. vraag (c)), of sy lewe nie ooreenkomstig die leer inrig nie (vgl. vraag (d)), verloor die kerk sy bestaansintegriteit en kom sy roeping in die wêreld in gedrang.

Die tweede, derde en vierde vrae is van fundamentele belang by die bevestiging van die predikant in die diens. Op grond van sy antwoorde op hierdie vrae word die predikant se regsposisie geplaas in die kader van die predikant se leer en lewe wat in ooreenstemming met Skrifbepalings moet wees. Dié bepaling is eiesoortig aan die meeste kerke en selfs geloofstelsels. Die handhawing van die predikant se sogenaamde regte en verpligtinge word ten volle gebaseer op die ooreenstemming van sy leer en lewe met die gees en bepalinge van die Skrif. In ooreenstemming met die bepalinge van die burgerreg en in teenstelling met die funksioneringswyse van die kerk mag 'n werkgewer in die sekulêre wêreld nie aan 'n werknemer eise stel oor sy geloof en die uitlewing van dié geloof nie (vgl. GW Art. 15). Vir die kerk gaan dit egter oor die manier waarop hy homself verstaan én sy opdrag in die samelewing uitvoer; daarom is dit wesenlik deel van sy aard om 'n geloofsposisie ten opsigte van roeping en lewe in te neem.

Die regsposisie van die predikant word derhalwe bepaal deur sy instemming met hierdie geloofsposisie soos dit in die Gereformeerde kerkreg en die Gereformeerde kerkregering tot vergestaltung kom. Met die bevestigende antwoord op die vyfde vraag word die regsposisie van die predikant in beginsel bepaal as 'n interne kerklike aangeleentheid. Die predikant onderneem om hom aan die kerklike vermaning en tug te onderwerp indien hy in leer of lewe van die leer afwyk. Hierdie monopleuriese aard van die Formulier het nie die kenmerke van 'n kontraktuele ooreenkoms nie. (*Monopleuries* dui op 'n aktiwiteit wat van één party uitgaan.) In 'n kontraktuele ooreenkoms onderhandel twee gelyke vennote naamlik met mekaar totdat 'n gemeenskaplike ooreenkoms bereik word. Die Formulier wys eerder op die duidelike Skrifbepalings van die Here waaraan die dienaar kragtens sy roeping verbind word.

Verder word die regsposisie van die predikant daardeur bepaal dat hy tydens die bevestiging nie deur die kerk of kerke in diens geneem word nie, maar in staat gestel word om die opdrag, wat hy van die Here ontvang, in diens van die Here as Opdraggewer uit te voer.

Deur die ondertekening van die bevestigingsformulier onderwerp die predikant hom aan die geldende reg van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika soos dit in die Gereformeerde Kerkorde tot uitdrukking kom (vgl. KO Art. 53; Van der Linde, 1965:107; 123 oor die kerkreg as *ius constituendum* [die reg soos dit volgens die Skrif behoort te wees] en die *ius constitutum* [die reg soos dit is]). Die regsposisie van die predikant word dus daardeur bepaal word dat hy hom onderwerp aan die geldende reg van die kerk, soos dit in die Kerkorde uiteengesit word (vgl. Pienaar, 1986:34).

Deur die bevestiging word die roeping van 'n predikant nie alleen bekragtig nie, maar word hy ook in staat gestel om sy geloofsroeping uit te leef. Die kerkordelike bepalings is eweneens van toepassing op die reëling van die predikantsdiens vanweë die bevestiging in die diens. Die reëling van die eiesoortige posisie van die predikant en die regte en pligte wat die predikant in ooreenstemming met die Gereformeerde kerkregeringstelsel ontvang, is die gevolg van sy bevestiging as bedienaar van die Woord. Deur sy bevestiging in die plaaslike kerk word die eiesoortige posisie van die predikant bekragtig – 'n posisie wat eiesoortige regte en verpligtinge het, deur die Here in sy Woord bepaal is en in die Gereformeerde kerkreg ondersoek en nagevors is. Die bevestiging van 'n predikant moet derhalwe dien as die uitgangspunt vir die beoordeling van sy regsposisie – wat kerkregtelik bepaal word.

Die doel van die Formulier is nie om 'n arbeidsverhouding tussen die kerkraad en die predikant te skep nie. Die bevestiging volgens die Formulier konstitueer 'n geloofs- en 'n diensverhouding in die eksegeties-dogmatiese sfeer van die kerk. Die diens van die predikant word omvattend deur die geloof bepaal. Op hierdie wyse word die predikant vir die uitvoering van sy diens in diens van Christus bevestig. Die doel van hierdie diens is om die plaaslike kerk deur die verkondiging van die evangelie op te bou (vgl. Smit, 2001(a):25-27).

4.4.1.1.4.4 *Regte en pligte van die Gereformeerde predikant*

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat die regte van die predikant, soos dit in die belydenis en die Kerkorde uitdrukking vind, verbind moet word aan die bevestiging van die predikant as bedienaar van die Woord. Hierdie regte en pligte is die gevolg van die predikant se opdrag om as verkondiger van die Woord in die plaaslike kerk te dien én om saam met ander kerke mekaar te versorg en by te staan. Die noue band tussen die Skrif, belydenis en kerkorde het tot gevolg dat die regte en pligte van die predikant eksegeties-dogmaties bepaal is én dat die reëling en uitvoering daarvan deel is van die spesifieke orde wat Christus vir sy kerk gee. Die reëling van predikante se regte en pligte is dus aan kerklike prosedures onderhewig.

In hierdie opsig moet onderskei word tussen die regte en die pligte van die predikant. Enersyds moet die regte en pligte onderskei word soos dit op grond van die bevestiging in die diens van die plaaslike kerk vergestalt word. Andersyds moet die regte en pligte van die predikant onderskei word soos dit toegepas word in gemeenskap met ander plaaslike kerke. Op grond van die belydenis (vgl. NGB Artt. 30 en 31; HK Vr. & Ant. 75) en die Kerkorde (vgl. KO Artt. 11, 16) kom die regte van die predikant in die bevestigingsformulier en in die beroepsbrief na vore. Vanweë die band tussen die Skrif, belydenis en kerkorde is die regte en pligte van die predikant, wat in die bevestigingsformulier en die beroepsbrief genoem word, ooreenstemmend en/of 'n presisering van die predikant se taak om die Woord te bedien (kyk 2.3.4 oor die versorging van die predikant en 2.3.5.1 en 2.3.5.2).

Die ooreenstemming tussen die regte en pligte van die predikant moet verstaan word in die lig van die diensbegrip wat die Kerkorde gebruik. In die Latynse weergawe van die Kerkorde word die kerklike *ministerium* uitgedruk deur die begrippe *functio* (KO Art. 2), *officium* (KO Artt. 16, 23, 25) en *munus* (KO Art. 18). Volgens die betekenisladings van hierdie begrippe dui *functio* op 'n diensbetrekking of die bekleding van 'n amptelike posisie (*munus*). Die begrip *officium* omsluit die betekenisnuanses van die vervulling van 'n amp of 'n plig, of die werksaamheid wat aan 'n amp of werkkring verbind word. Die begrip *munus* hou verband met die betekenis van die waardigheid of die posisie, of die werkkring en die waardigheid wat aan die werk verbind word (Bouwman, 1970(a):366).

In Artikel 2 van die Kerkorde word *functio* gebruik om aan te dui dat die diens van die predikant (soos die ander dienste) nie die konnotasie van 'n *munera ecclesiastica* (amptelike waardigheid) het nie, maar dui op 'n wyse van bediening in die kerk. Die predikant ontvang nie regte en pligte op grond van die amp of die status of die posisie wat hy beklee nie, maar op grond van die bevestiging in 'n eiesoortige (kerklike) diens. Die predikant kan derhalwe nie 'ampshalwe' aanspraak maak op sekere regte en pligte nie (vgl. Smit, 1985:100), maar kan dit wel doen op grond van die Kerkorde wat hierdie eiesoortige diens reël.

Verder dui die begrippe *ministerium*, *functio*, *officium* en *munus* op roeping, taak, opdrag, funksie en diens (vgl. Bouwman, 1970(a):366 e.v.). Die gawe (diens) wat Christus by wyse van die predikantsdiens in en aan die kerk gee, sluit ook die opgawe (die roeping) in. Die implikasie van gawe en opgawe is dat Christus die predikant deur die toedeling van gawes bekwaam om in die diens te kan staan (Venter, 1988:87), terwyl die predikant die bevoegdheid om die diens uit te voer ontvang deur die roeping wat van die Here kom (Venter, 1988:100, 101). Die regte wat die predikant deur die bevestiging ontvang, kan derhalwe terselfdertyd die pligte van die predikant wees. Samevattend kan die regte – wat ook pligte kan wees – en die pligte van die predikant soos volg aangedui word:

- Die predikant moet die Woord van God grondig ondersoek en suiwer en eenvoudig aan die gemeente verkondig.
- As herder moet die predikant vashou aan die betroubare Woord wat volgens die leer is, en dit reg sny.
- In die eredienste en tydens huisbesoek moet die predikant die lidmate onderrig en vertroos, vermaan, tereg wys volgens die eis van elkeen se omstandighede.
- Die predikant moet die sakramente bedien.
- Die predikant moet die Naam van die Here in die erediens aanroep met skuldbelydenis, met lof en danksegging, en hy moet vir alle mense voorbidding doen.
- Die predikant moet die verbondskinders onderrig in die kennis van die Woord van God.

- Die predikant moet saam met die ouderlinge toesig hou en sorg dat alles reg verloop.
- Dit is ook die predikant se roeping om aan die wêreld die evangelie te verkondig.
- Die predikant moet afgedwaaldes opsoek om hulle in die gemeenskap van die kerk terug te bring (Formulier, 2001:137-142).

Verder moet daarop gewys word dat die regte en pligte van die predikant in die gemeenskap van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika soos volg uiteengesit word, naamlik om as voorsitter van kerklike vergaderings op te tree (KO Artt. 35, 37), om as konsulent te dien (KO Art. 5) en om visitasie in naburige kerke doen (KO Art. 44). Hierdie regte en pligte van die predikant het die doel om die kerke wat in gemeenskap met mekaar leef te ondersteun en deur die verkondiging van die Woord op te bou. Ook hierdie take is begrond in Skrifbeginsels en is in die Kerkorde opgeneem as deel van die predikant se eksegeties-dogmaties bepaalde taak om die orde in die kerk van Christus te onderhou (KO Art. 1).

Nêrens val hierdie regte en pligte van die predikant buite die reikwydte van sy kerklike ampsopdrag nie. Intendeel, die regte en pligte van die predikant is gerig op die toerusting van die gelowiges en die opbou van die kerk (vgl. Ef. 4:12). Sodoende is die regte en pligte van die predikant 'n volvoering van die *leitourgiai* van die priesterlike diens (Kittel, 1976:229). Gesien vanuit die hoek van die predikant se ampsregte en ampspligte, is sy regsposisie ten volle 'n interne kerklike aangeleentheid waaroor die kerk reëlingsbevoegdheid het. Beskou vanuit die hoek van die predikant se bevestiging, behels die wedersydse verbintenis tussen die kerk en die predikant geensins 'n juridies bepaalde arbeidsregtelike verhouding nie.

4.4.1.2 *Die verbintenis tussen Christus en die plaaslike kerk*

Die verbintenis tussen Christus en die plaaslike kerk moet eweneens verstaan word vanuit die beginsel van roeping. Hierdie beginsel stel dat die kerk 'n geloofsgemeenskap is en hierdie geloofsgemeenskap se bestaan word bepaal deur die roeping wat van die Here uitgaan. Die gemeenskap van gelowiges word byvoorbeeld die volgende genoem:

- *kletoi* (geroeptes) (Rom. 1:6 e.v., 8:28; 1 Kor. 1:2, 24);
- die *kletoi hagioi* (dié wat as heiliges geroep is) (Rom. 1:7; 1 Kor. 1:2) en
- die *ekklesia tou theou* (die kerk van God) (1 Kor. 1:2; 11:16, 22; 2 Kor. 1:1; Gal. 1:13; 1 Tess. 2:14; 2 Tess. 1:4).

Die Woord *ekklesia* (kerk) is saamgestel uit die Griekse woorde *ek* (uit) en *kaleo* (geroep). Die woord *kerk* het derhalwe die implisiete betekenis van 'dié wat (deur God) geroep is' (Coenen, 1986:291-305). Op grond van dié betekenis wat aan *ekklesia* verbind word, blyk dit dat nie slegs die *oorsprong* van die kerk by die Here berus nie, maar dat die kerk se *bestaan* deur sy verbintenis aan die Here bepaal word (Coenen, 1986:299).

Die noodwendige gevolg van die roeping is dat die gelowiges hulle by die kerk voeg, dit wil sê hulle voeg hulle by die mense wat dieselfde geloof bely (vgl. NGB Art. 28). Die Here roep mense dus as individue én hierdie roeping kom tot lede van dieselfde liggaam in gemeenskap met die Here na vore (NGB Art. 28). Op grond van die roeping as individu en as lede van dieselfde liggaam in gemeenskap met die Here onderwerp gelowiges hulle individueel en gesamentlik aan die regering van Jesus Christus (NGB Art 28). Sodoende word die kerk in die wêreld gevestig op grond van die volgende drie aspekte: die *roeping* wat van die Here kom, die *erkenning* van mekaar se geloof en die *onderwerping* aan die heerskappy van Jesus Christus. Die regsposisie van die predikant word dus nie deur 'n vrywillige vereniging gereël nie, maar deur die gemeenskap wat deur God geroep is om hierdie taak te vervul.

In hierdie opsig moet daarop gewys word dat die omskrywing van die kerk as die liggaam (*soma*) van Christus nie 'n regstegniese definisie is nie, maar dat dit uitdrukking gee aan die organiese eenheid van die kerk. Die verbintenis tussen Christus, die individu en die plaaslike kerk word genuanseer deur die feit dat die Here mense gee om mekaar te help en te ondersteun in die opbou van die geloof. Om deel van die kerk te wees beteken derhalwe om deel te word van die organiese werking van die kerk: ... *belonging to Christ means becoming like a limb, part of an organism in which each part has its own special function* (Coenen, 1986:300).

4.4.3 *Die verbintenis tussen die predikant en die plaaslike kerk*

Die dienste word nie bo, langs of onder die kerk as gemeenskap van gelowiges gestel nie, maar word deur Christus *in* die kerk gegee (1 Kor. 12:28). Dit beteken dat die predikantsdiens *gegee word* as 'n gawe van Christus *in* die kerk – en as 'n organiese deel daarvan. Ook word die predikantsdiens as diens (bediening) deur die *Heilige Gees in die gemeente geaktiveer* (vgl. Venter, 1988:96, 97). Op hierdie wyse word die predikantsdiens nie demokraties daargestel deur die algemene priesterdom, dit wil sê die gelowiges nie. Ook word die predikantsdiens as verteenwoordigend van die geloofsgemeenskap nie daargestel met die implisiete vereiste dat verteenwoordigersrekenskap aan die geloofsgemeenskap gegee moet word nie (vgl. Du Plooy, 1979:67-72). Die predikantsdiens word as gevolg van die werking van die Heilige Gees in die gemeente daargestel.

Die kerkordelike reëlins van die predikantsdiens word dus noodwendig deur die Skrif (eksegeties) en deur die belydenis (dogmaties) bepaal (vgl. Pont, 1978:24). Die kerkordelike reëlins waardeur die regsposisie van predikante bepaal word, moet daarom primêr beoordeel word as uitdrukking van die Skrifbepaalde orde vir die kerklike lewe, waaraan predikante en lidmate hulle onderwerp (vgl. Van't Spijker, 1999:363; Van't Spijker, 1990(b):157).

4.4.4 *Merkers*

Die volgende merkers kan op grond van die voorafgaande beredenering en navorsingsgegewens aangetoon word:

- Die regsposisie van die Gereformeerde predikant word deur drie verbintenisse bepaal, naamlik die verbintenis tussen Christus en die predikant, die verbintenis tussen Christus en die plaaslike kerk en die verbintenis tussen die predikant en die plaaslike kerk.
- Die verbintenis tussen Christus en die predikant bied die deurslaggewende beginsel vir die beoordeling van die predikant se regsposisie. Deur die roeping word die predikant in diens van Christus in die kerk gestel. Sodoende is die 'werkgever' van die predikant die Here van die kerk.

- Tydens die beroeping van die predikant toon die gemeente deur die voorafgaande gebede dat hulle instrumenteel in die hand van die Here optree. Die Here van die kerk dra nie sy gesag aan die kerk oor om as die werkgewer (*Dienstherr*) van die predikant op te tree nie.
- Die bevestiging is die sluitsteen van die roeping. Deur die bevestiging word die predikant in die diens van die Here bevestig. Tydens die bevestiging verkry die predikant sekere regte en pligte. Hierdie regte en pligte word deur die godsdiensoepende aard daarvan bepaal en trek saam in die verkondiging van die evangelie.
- Die regsposisie van die predikant word gereël in 'n gemeenskap van gelowiges, wat by wyse van die Woordverkondiging deur die Here van die kerk geroep word. Die kerk ontstaan dus nie op grond van 'n vrywillige keuse of by wyse van kontraksluiting nie. Die fundamentele beginsel vir die reëling van die predikant se regsposisie is die feit dat dié posisie in 'n gemeenskap van geroepenes deur die besondere roeping bepaal en gereël word.
- Die regsposisie van die predikant word bepaal deur die feit dat die predikant nie soos 'n werknemer van buite af tot 'n organisasie toetree om 'n lid daarvan te word nie. As lidmaat van die kerk ontvang die predikant van die Here 'n plek as bedienaar van die Woord in die gemeente. Die regsposisie van die predikant kan dus alleen verstaan word vanuit die organiese eenheid wat die kerk as *corpus*, dit is die liggaam van Christus, in die wêreld verteenwoordig¹⁸.

4.5 Eiesoortige posisie van die predikant

4.5.1 Begripsbepaling

Die eiesoortige posisie van die predikant is nie 'n amorfe begrip, wat daarop dui dat die predikant as bedienaar van die Woord tot 'n geestelike stand verhef word nie. Ook dui sy eiesoortige posisie nie daarop dat hy afstand doen van die regsbeskerming wat deur die staat gewaarborg word nie. In die gereformeerde tradisie word die uniekheid van die predikantsdiens beklemtoon sonder om die predikant as *clerus* bo die leke te verhef (vgl. Calvin, *Inst.* 4.3.3). Ook die Gereformeerde Kerkorde reël die predikantsdiens in die kerk, terwyl die kerk in die

¹⁸ Die regsposisie van die predikant kan slegs vanuit die korrekte kerkbegrip verstaan word. Om hierdie rede word die woord *kan* in plaas van *mag* gebruik (vgl. Van't Spijker, 1970:341).

wêreld binne spesifieke staatsgrense optree. Bowendien lê dit nie binne die bevoegdheidsfeer van die kerk om die gewetens van predikante óf lidmate te bind sodat hulle hul reg van beroep op staatshowe, vanweë hulle geloof, prysgee nie.

Die eiesoortige posisie van die predikant moet in die eerste plek verstaan word in verband met die selfstandigheid van die kerk. As 'n selfstandige gemeenskap in die staat, waarin die kerk nie sy gesag van die staat ontvang óf na die staat herlei nie, het die kerk die bevoegdheid om sy interne dienste volgens die reg van die kerk te reël (vgl. Bavinck, 1930(4):371). Verder beteken die eiesoortige posisie van die predikant dat die predikantsdiens op grond van die Skrif en die belydenis gereël word. Dié reëling van die predikant se regsposisie rus op roeping en in diens wees van die Here as die konkretisering van 'n spesifieke wyse waarop die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hulleself vir die uitvoering van hulle taak verstaan en definieer. Die perspektief op die eiesoortigheid van die predikantsdiens is bepalend om perspektief op die regsposisie van die predikant te bied (Pel e.a., 1991:10 e.v.).

4.5.2 Band tussen die predikant en die plaaslike kerk

Die eiesoortige aard van die predikant se verbintenis in die plaaslike kerk word soos volg in die Gereformeerde kerkreg gekonstrueer:

- In die Ou Testament oorvleuel die implisiete betekenis van volk (*am*) van God en die kerk (*ekklésia*) volkome. Wanneer die kerk vergader, kom die volk terselfdertyd byeen (Joël 2:16; vgl. Smit & Vorster, 2001:149). Hoewel die begrip *volk* en *kerk* mekaar in die Ou Testament oorvleuel, is daar 'n onderskeid in die oorkoepelende bedieningsgesag. Moses en Aäron se pligte word duidelik van mekaar onderskei (vgl. Eks. 3 e.v.; Eks. 28-29:37; Lev. 8-9; 10:8; Deut. 18:1-8).
- Die onderskeid in roeping, naamlik dat die priesters in hulle verbondenheid aan die tempeldiens verantwoordelik is vir die religieuse bediening van die volk, terwyl die koning die burgerlike regering hanteer, word vergestalt in die afsonderlike take wat albei partye verrig. Die priesters verrig die sakrale verbandhoudende ampshandeling aangaande die tempeldiens namens die volk, terwyl die koning die regeringstaak aangaande maatskaplike

aangeleenthede behartig. Vanweë die aard van die priesters se verbondenheid met die tempel het die koning nie die bevoegdheid gehad om as priester op te tree nie (vgl. Eks. 29:1-37; Lev. 8:1-36; 1 Sam. 13:5-22; vgl. Bavinck, 1930:352-354; 356 e.v.).

- Die reëling van die kerklike dienste as interne kerklike aangeleentheid, waaronder die predikant se verbintenis in en met die plaaslike kerk, is gebou op die Nuwe Testament. In die Nuwe Testament word die kerk se besondere aard bevestig tydens die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster (Hand. 2). Tydens hierdie geleentheid roep God sy Nuwe-Testamentiese kerk in die lewe as 'n *zelfstandige levensprinsiep* – iets totaal anders as staat en samelewing (Bavinck, 1930:352-354; 356 e.v.). Hierdie *zelfstandige levensprinsiep* beteken sonder meer dat die kerk leef deur die dienste wat die Here in die kerk gee.
- Die kerk is 'n gemeenskap, wat anders as enige ander samelewingsverband, deur God op sy besondere wyse vergader word om die *veritas ordo*, die ware orde, en derhalwe dié eintlike lewensgemeenskap in die wêreld te vergestalt (Smit, 1984(d):51). In dié andersoortige gemeenskap (*alius generis*) (kyk 2.3.1) word die predikant se verbintenis in die plaaslike kerk op 'n eiesoortige wyse (*sui generis*) gereël (vgl. Van der Walt, 1976:61 e.v.). Hierdie eiesoortige wyse beteken dat die predikant se verbintenis in die plaaslike kerk op grond van die Woord van God 'n ander aard het as die verbintenisse wat in die burgerlike samelewing gereël word. Die predikant se verbintenis in die plaaslike kerk word gereël in ooreenstemming met God se wil en op grond van sy Woord (vgl. Bavinck, 1930:352-354; 356 e.v.).

4.5.2.1 *Die kerk se bevoegdheid om die predikant se regsposisie te reël*

Die plaaslike kerk ontvang by wyse van die *spiritualis potestas* (geestelike gesag) die bevoegdheid om die predikant se verbintenis in die plaaslike kerk te reël. Die uitgangspunt wat die Nederlandse Geloofsbelydenis in Artikel 29 stel, is dat die kerk volgens die instelling van Christus regeer moet word:

Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse, wat Christus ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word.

Die verbintenis van die predikant in die plaaslike kerk kom tot stand onder die gesag van Christus. As dienskneg van Christus moet die predikant in die plaaslike kerk dien om die gelowiges op te bou (vgl. 1 Kor. 3:6). Die predikant se verbintenis in die plaaslike kerk kom tot stand *vanweë* 'n geestelike bestuurswyse en ook mede *deur* 'n geestelike bestuurswyse.

Die geestelike bestuurswyse waarvoor die predikant as bedienaar van die Woord medeverantwoordelik is, vind sy oorsprong in Matteus 16:17-19. By hierdie geleentheid ontvang Petrus die bevoegdheid om die sleutels van die koninkryk op die aarde te bedien. Hy ontvang dié gesag op grond van die belydenis dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is (Matt. 16:16). Petrus ontvang die regeermag oor die kerk egter nie in sy individuele hoedanigheid nie. Omdat hy as woordvoerder en verteenwoordiger van die apostels aangespreek word, is die gesag nie tot hom alleen beperk nie (Vorster, 1999:48, 49).

Die apostels, onder leiding van Petrus, ontvang die regeermag oor die kerk. Hierdie regeermag word algeheel gegrond op die belydenis dat Jesus Christus, die Messias en Verlosser is. Op grond van dié belydenis word die geestelike regeringswyse in die kerk voortgesit deur die besondere dienste wat in die plaaslike kerk ingestel word – waaronder ook dié van die predikant. Christus gee aan sy kerk besondere kerkregtelike gesag om op die aarde uit te oefen – gesag wat in die hemel bevestig word. Dié gesag herinner aan die gesag van 'n huisdienaar aan wie die sleutels van die huis deur die eienaar toevertrou word (Ridderbos, 1950:311).

4.5.2.2 Die bediening van die sleutels van die Koninkryk

Volgens Matteus 16:17-19 en 18:17 bou Christus self die kerk. Hy is die ware subjek wat die sleutels van die koninkryk dra en die sleutelmag bedien. Hierdie sleutels word deur Christus aan die kerk gegee. Die kerk het die verantwoordelikheid en die bevoegdheid om Christus en die kerk deur dié bediening te dien. Die bevoegdheid om die sleutels van die koninkryk te bedien, berus by die plaaslike kerk (Plomp, 1969:80-84). Die doel van hierdie bediening is die opbou van die kerk (Calvyn, *Inst.* IV.8.1; IV.11.1; IV.10.)

Volgens Calvyn se interpretasie van Matteus 16:17-19 en 18:17 moet die *potestas ecclesiae* drievoudig verstaan word. Die kerk het die bevoegdheid om die *potestas doctrinae*, die *postestas iurisdictionis* en die *potestas in legibus ferendis* te formuleer en te bedien. Die *disciplina ecclesiae* is hiervolgens deel van die *postestas iurisdictionis*. Die bediening van die sleutels van die koninkryk behels dus meer as die bediening van die kerklike tug, terwyl die kerklike tug altyd 'n bediening van die sleutels van die koninkryk is (Du Plooy, 1998:54, 55). Die *potestas* wat die predikant as deel van die kerkraad besit, is dus die bevoegdheid om die sleutels van die koninkryk te bedien (vgl. Van't Spijker, 2001(a):3).

Vorster (1999:49) wys daarop dat die *futurum* in Matteus 16:19 telkens opgevolg word deur 'n perfektum passief in 'n perifrastiese konstruksie. Hierdie konstruksie beteken dat wat Petrus op die aarde toesluit, sal in die hemel 'reeds gesluit gewees het', en wat hy op die aarde oopsluit, sal in die hemel 'reeds oopgesluit gewees het'. Die regeringsdaad van Christus se geroepe diensknegte in die kerk op aarde is dus reeds deur Homself in die hemel voltrek. In die uitoefening van die regeringsdaad word die apostels, en derhalwe die predikant en die kerkraad, nie vennote van Christus in die kerkregering nie. In sy verbintenis aan die plaaslike kerk is die predikant, wat geroep word tot diens in die plaaslike kerk, 'n werktuig van God (vgl. Van't Spijker, 1970:352).

Die inherente gesagstruktuur waarbinne die predikant funksioneer, is deur Christus aan die kerk in sy plaaslike gestaltegewing opgedra (Du Plooy, 1998:54, 55). Gedurende die Reformasie is die onderskeid tussen kerk en staat erken en is die *spiritualis potestas* in die kerk volgens die instelling van Christus behartig. Die bevoegdheid ten opsigte van die predikant se verbintenis in die plaaslike kerk berus derhalwe by die kerk, wat die geestelike regeermag ontvang het, en nie by die staat nie. Die predikant bly direk verbind aan die plaaslike kerk. Binne die raamwerk van die Woord word die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk deur die kerkregering op Skrifgronde bepaal.

4.5.2.3 *Die bedienaars van die sleutels van die koninkryk van die hemel*

Die Skrif stel sekere vereistes waaraan bedienaars van die Woord moet voldoen:

'n Ouderling moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou, nugter, verstandig, beskaaf, gasvry en bekwaam om te onderrig; hy moenie aan drank verslaaf of 'n rusiemaker wees nie, maar inskiklik, vredeliewend en nie geldgierig nie. Hy moet sy eie huisgesin goed kan beheer en in alle opsigte waardig gesag oor sy kinders kan uitoefen ... Hy moet ook nie iemand wees wat onlangs tot geloof gekom het nie ... Ook by mense buite die gemeente moet hy as 'n goeie man bekend staan ... (1 Tim. 3:1-7).

Dié vereistes wat die Skrif stel vir predikante om in die kerk te dien, fokus op die onderhouding van die tweede tafel van die wet. Die veronderstelling is dat 'n predikant die eerste tafel van die wet gelowig aanvaar, al word dit nie *expressis verbis* genoem nie (Bouma, 1942:130). Op grond van hierdie aanvaarding mag die leer en die lewe van die predikant op grond van die Skrif nie van mekaar geskei word nie. Die uitlewing van die Skrifopdrag moet die lewe van die predikant versier (Bouma, 1942:130). Die Skrifopdrag is derhalwe die toetssteen om te bepaal wie tot die diens toegelaat word. Die kerk, en nie die staat nie, het op grond van die aard van dié vereistes die bevoegdheid om te oordeel oor die voorwaardes vir toelating tot die predikantsdiens. Bowendien onderlê die sedelike aard van die vereistes waaraan die predikant moet voldoen nie 'n juridies bepaalde arbeidsverhouding nie, maar 'n heeltemal ander en eiesoortige verhouding.

4.5.3 *Het die kerkraad gesag oor die predikant?*

4.5.3.1 *Kerkordelike bepalings*

In Artikel 16 van die Kerkorde word die taakoms krywing van die predikant gegee. Die taak van die predikant word onder meer soos volg omskryf:

...om saam met die ouderlinge die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind (KO Art. 16; my beklemtoning – JS).

Ook in die taakaanduiding van ouderlinge word beklemtoon dat die ouderlinge en die predikant hulle diens gesamentlik verrig:

Die amp van die ouderlinge is, benewens dit wat hulle gemeenskaplik saam met die bedienaar van die Woord moet doen soos in artikel 16 neergelê, ... (KO Art. 23; my beklemtoning – JS).

4.5.3.2 Oorsprong van die kerklike dienste

Die *gereformeerde kerkregering* gaan van die standpunt uit dat die dienste in die kerk gegrond is op die verlossingswerk van Jesus Christus. In Hom, dié groot Dienskneg, die hoogste Profeet (en Leraar), die enigste Hoëpriester en Koning, vind die besondere dienste hul oorsprong en doel (HK Sondag 12; Van Genderen & Velema, 1993:664; Kleynhans, 1988:169; Rossouw, 1988:128).

Die oorsprong van die dienste in Christus hou wesenlik in dat dit herlei kan word na Christus se *diakonia* (diens) en *leitourgia* (die bring van die offer om die verhouding tussen God en die mens te herstel). Deur sy *diakonia* het Christus die Ou Testament vervul en die Nuwe-Testamentiese bedeling gevestig (vgl. Kittel, 1976:228). Sy *diakonia* was die volkome *leitourgia*. Christus is tegelyk die Offeraar en die Geofferde. Christus se *diakonia*, op grond waarvan Hy die Nuwe-Testamentiese kerk versamel, sluit die handeling van *leitourgia* in. Daar hoef nooit weer 'n offer gebring te word om voor God te kan verskyn nie. Deur sy *diakonia* is Christus die Dienskneg van God waarin die oorsprong en doel van die predikant se diens setel (Van der Linde, 1965:40; Brown, 1988:155).

In sy gemeente voer Christus sy *profetiese diens* uit deur die bedienaar van die Woord, dit wil sê die predikant. Ook voer die gemeente sy *koninklike diens* uit deur die ouderlinge en sy *priesterlike diens* deur die diakens (Feenstra, 1947:392). Deur die diens van die predikant en die ander dienste word die enigste *diakonia* verkondig, en tegelyk ook die volkome *leitourgia*. Op hierdie wyse setel die dienste in die kerk in Christus (Van der Linde, 1965:40, 41; vgl. Coertzen, 1991:100).

4.5.3.3 Eenheid en gelykheid van die dienste

Die verhouding tussen die predikant en die kerkraad mag slegs verstaan word vanuit die gelykheid van die dienste (Van't Spijker, 1982:84; vgl. Bos, 1950:93, 94; KO Art. 23; KO Art. 84). In die lig van die gelykheid van die dienste word die gesag van

Christus nie aan die predikant of die kerkraad oorgedra nie – Christus regeer alleen in sy kerk. In Artikel 81 van die Kerkorde word bepaal dat die kerkraad oor die predikant en oor mekaar toesig moet hou ten einde die goeie orde te kan handhaaf.

In Artikel 37 van die Kerkorde word ook bepaal dat daar in elke plaaslike kerk 'n kerkraad moet wees wat bestaan uit die predikante *en* die ouderlinge. Die predikant staan dus nie onder die gesag van die kerkraad nie. Die predikant is deel van die kerkraad én daarom moet die predikant ook ag gee op die medebroeders (Art. 16). In die kerkraad neem die predikant as bedienaar van die Woord wel 'n besondere posisie in. Die predikant het die taak om in die kerkraad leiding te gee sonder dat 'n hiërargiese struktuur in die kerkraad geskep word. Volgens die Kerkorde voer die predikant en die kerkraad 'n gemeenskaplike taak as gesagsbedienaars uit. Die verbintenis tussen die kerkraad en die predikant mag derhalwe nie beoordeel word as 'n gesagsverhouding, wat aan die vereistes vir 'n arbeidsverhouding voldoen nie (Van't Spijker, 2005:256).

4.5.3.4 *Betekenis van Artikel 31 van die Kerkorde vir die predikant se regsposisie*

Artikel 31(a) van die Kerkorde is bepalend om die interne gesag van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te verstaan. In dié artikel word bepaal dat ... *wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde*. Dié artikel stel die sentrale plek wat die Woord van God in die Gereformeerde kerkregering inneem, baie duidelik. Ook benadruk dié artikel dat die gesagsbron van die kerk die Woord van God is. Die Koning van die kerk regeer die kerk deur die Woord en die Gees (vgl. Calvin, *Inst* 4.2.4; HK Sondag 48). Hoewel Christus mense in sy diens gebruik, dra hy nie sy gesag aan hulle oor nie. Die kerklike instituut (byvoorbeeld die kollegialisme) of die 'morele persoon' (soos die pous in die Rooms-Katolieke tradisie) mag derhalwe nie die plek inneem van Christus as Hoof en Regeerder van die kerk nie. Die Kerkorde (KO Art. 31(a)) begrens alle gesag in die kerk, ook dié van die persoon en die vergaderings, deur hulle aan die Woord van die Here te bind (vgl. Pel e.a., 1991:10 e.v.).

4.5.4 Taakaanduiding en taakvervulling van die predikant

4.5.4.1 Kerkordelike bepalings

Die taakaanduiding van die predikant word in Artikel 16 van die Kerkorde soos volg omskryf:

Die amp van die bedienaars van die Woord is om in die gebede en bediening van die Woord te volhard, die sakramente te bedien, om goed ag te gee op hulle medebroeders, op die ouderlinge, op die diakens sowel as op die gemeente en eindelik om saam met die ouderlinge die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind.

Daar is reeds verskeie kere in hierdie studie daarop gewys dat die predikant se diens in wese die verkondiging van die evangelie is. In die volgende gedeelte van die studie word in meer besonderhede nagegaan wie die Opdraggewer van die predikant volgens die Kerkorde is.

4.5.4.2 Opdraggewer van die predikant

Wie tot diens in die kerk van die Here geroep word, ontvang ook sy opdrag wat hy moet uitvoer van die Here (vgl. NGB Art. 31). Die opdrag van die predikant om die evangelie te verkondig, word nie deur die kerkraad bepaal nie, met ander woorde, die kerkraad bepaal nie die diens wat deur die predikant gelewer moet word nie. Die predikant en die kerkraad is gesamentlik besig met die diens wat Christus deur die roeping aan hulle opdra (vgl. Visser, 1982:202). In sy diens beywer die predikant hom vir die verkondiging van die evangelie van Christus, en doen hy dit in ooreenstemming met die wyse wat Christus in sy Woord bepaal. Die kerkraad is eweneens besig om hulle vir die saak van Christus te beywer (Van't Spijker, 2001(b):2). Die predikant en die kerkraad is op grond van hulle roeping besig om die evangelie in die wêreld in diens van Christus te verkondig. As diensknegte van Christus is die predikant en die kerkraad aan Christus onderwerp:

Die dienaar wat sy (Christus se) gesag bedien, is slegs 'n werktuig in sy hand. En 'n werktuig kan niks anders doen nie as om hom te onderwerp aan wie hom hanteer (Smit, 1985:97).

Die eiesoortige posisie van die predikant kom tot stand op grond van die feit dat sy posisie bepaal word as dié van leer- en regeerouderlinge. As bedienaar van die Woord moet die predikant die leerdienst vervul. In die uitvoering van hierdie diens het die predikant die taak om voor te gaan in die diens van die gebede én in die bediening van die Woord en sakramente (KO Art. 16). Die predikant is egter saam met die ouderlinge ook regeerouderling – hierdie uitgangspunt impliseer dat hy saam met die kerkraad verantwoordelik is vir die toesig oor die leer en die lewe van die lidmate (KO Art. 23). Op grond van hierdie vertrekpunt word die eiesoortige reëling van die predikant se regsposisie aangedui as 'n niehiërargiese, maar wel 'n gemeenskaplike taakvervulling van die predikant én die ouderlinge (vgl. Pel e.a., 1991:12, 13).

Die staat mag nie invloed uitoefen op die reëlings met betrekking tot die predikant se regsposisie nie (vgl. Hoofstuk 3). Die taakaanduiding en taakvervulling van die predikant funksioneer dus as die kerk se deurslaggewende aanduiding dat die staat nie die reg het om die predikant se regsposisie by wyse van arbeidswetgewing te reël nie.

4.6 Versorging van die predikant

4.6.1 Kerkordelike bepalings

In Artikel 11 van die Kerkorde word bepaal dat die kerkraad verplig is om ... sy bedienaars van die Woord met behoorlike onderhoud te versorg en [...] hulle nie die onderhoud [mag] weerhou ... nie. Vanweë hierdie bepaling van die Kerkorde ontstaan sekere vrae, soos byvoorbeeld: Wat is die Skrifbeginsel op grond waarvan die behoorlike onderhoud van die predikant in die Kerkorde gereël word? Wat is die betekenis van 'behoorlike onderhoud' volgens die Kerkorde?

4.6.2 Skrifbepalings oor die versorging van die predikant

Verskeie Skrifgedeeltes bepaal dat bedienaars van die Woord eervol in hulle diens versorg moet word. In 1 Timoteus 5:17, 18 word die opdrag aan Timoteus gegee dat die ouderlinge wat goeie leiding gee, dubbele erkenning moet kry. 'n Bees wat dors se bek word immers nie toegebind nie. So is die arbeider eweneens op sy loon

geregtig (vgl. byvoorbeeld Luk. 10:7; Joh. 4:36; Rom. 4:4; Gal. 6:6-8; vgl. ook Pel e.a., 1991:15, 16). Op grond van 1 Timoteus 5:17, 18 word soms die afleiding gemaak dat die loon waarop die predikant geregtig is, 'n werkgewer-werknemerverhouding tussen die kerkraad en die predikant vestig (vgl. 2.4.1). Hierdie beskouing neem egter nie ander Skrifgedeeltes, soos byvoorbeeld 1 Korintiërs 9:1-18, in ag nie. Vanweë die omvang van hierdie gedeelte, waarin die reg op vergoeding van die bedienaars van die Woord gestel word, is dié Skrifgedeelte inderdaad die *locus classicus* vir versorging van die predikant.

In 1 Korintiërs 9:11 sê die apostel Paulus:

As ons vir julle die geestelike saad gesaai het, is dit dan van julle te veel gevra as ons die stoflike lewensonderhoud sou inoës?

Die vraag wat na aanleiding van hierdie teksgedeelte beantwoord moet word, is die volgende: Wat is die verhouding tussen die geestelike saad (*pneumatika*) wat die bedienaar van die Woord saai en die stoflike onderhoud (*sarkika*) wat die gemeente aan hom verskuldig is?

Die verhouding tussen die geestelike saad en die stoflike lewensonderhoud in 1 Korintiërs 9:11 moet verstaan word vanuit die konteks van 1 Korintiërs 9:9-11. In 1 Korintiërs 9:9 verwys Paulus na die bepaling in Deuteronomium 25:4 dat 'n bees waarmee gedors word, se bek nie toegebind mag word nie. Dié verwysing na die Ou Testament kom voor tussen 'n aantal bepalings oor die verhouding tussen mens en mens. Hierdie verwysing moet derhalwe vertolk word as beeldspraak om die verhouding tussen mense te verduidelik – hier spesifiek die verhouding tussen die bedienaar van die Woord en die gemeente (vgl. Grosheide, 1932:305). Die voorskrif is derhalwe ter wille van mense gemaak en nie ter wille van die diere nie. Die verpligting rus derhalwe op die gemeente aan wie die Woord verkondig word om die bedienaar van die Woord te versorg met stoflike lewensonderhoud (vgl. 1 Tim. 5:18). Die Griekse woord wat in hierdie teksvers gebruik word, is *opheilein* en het die volgende betekenisnuanse: skuld (aan iemand), of iets verskuldig wees (1 Kor. 9:10). Die gemeente is dus die stoflike onderhoud aan die predikant verskuldig. Hierdie verpligting word van Godswêë op die gemeente gelê.

In die Gereformeerde kerkreg is daar in beginsel nie 'n 'vrywillige bydrae' van lidmate met betrekking tot die opbou van die kerk en die uitbou van die evangelie nie. Die bydrae van gelowiges berus op 'n geloofsverpligting wat van Godswê op die gemeente geplaas word. Die verpligting tot versorging kom eweneens in die verbintenis tussen verskillende kerke na vore (Rom. 15:27). Paulus gee in Romeine 15:27 erkenning aan die gemeentes uit die heidendom wat bereid was om die gemeente in Jerusalem finansiëel te help. Hierdie hulp was nie gegrond op 'n vrywillige bydrae nie, maar het voortgespruit uit die verpligting van die ander kerke om toe te sien dat die verkondiging van die evangelie in Jerusalem moet voortgaan:

... maar hij laat toch ook uitkomen, dat hier een zedelijke plicht was: zij, nl. de gelovigen van Macedonië en Achaje, zijn hun schuldenaars ...; aan de Jeruzalemse gemeente, van welke de prediking van het evangelie is uitgegaan, in het algemeen aan de Joods-christelijke kerk hebben de heidenen hun kennis van de genade Gods te danken; het zijn de geestelijke goederen van hen, nl. van de heiligen te Jeruzalem. Waaraan zij hebben deelgekregen; daaruit volgt hun verplichting met stoflijke gaven hen op hun kosten te helpen ... (Van Leeuwen & Jacobs, 1966:299).

Die wedersydse verpligting van die predikant teenoor die gemeente en van die gemeente teenoor die predikant word in albei gevalle van Godswê bepaal. Hierdie verhouding moet verstaan word as die drie lyne van 'n driehoek:

Men zal hier nooit met één lijn uitkomen, maar op de wijze van de driehoek drie rechtstreekse verbindingslijnen moeten trekken; van Christus naar de gemeente; van Christus naar het ambt; en – een heen en weer gaande lijn! – tussen het ambt en de gemeente en het ambt (Van Ruler, 1952:61).

In ooreenstemming met die riglyne vir die wedersydse verhouding tussen predikant en gemeente versorg die Here van die kerk die predikant deur die gemeente én die predikant dien in diens van die Here in die gemeente. Vir die geestelike verryking wat die gemeente van die predikant ontvang, reageer die gemeente deur hulle verpligte materiële versorging van die predikant (vgl. Rom. 15:26, 27). Sodoende word die regsposisie van die predikant nie bepaal deur 'n kontraktuele werkswyse nie, maar deur 'n wedersydse verpligting wat op die predikant en die gemeente rus (vgl. KO Art. 11). 'n Kontrak kan immers alleen tot stand kom wanneer albei partye vrywillig instem tot die bepalings van die ooreenkoms. Vanweë die opdrag van die Skrif oor

die predikant se versorging, mag die verbintenis tussen die predikant en die gemeente nie beoordeel word as 'n vrywillige ooreenkoms nie. Tussen die predikant en die gemeente vind 'n ruiling van geestelike en materiële goedere plaas. Die basis vir hierdie ruiling tussen die geestelike en die materiële goedere is die opdragte wat hieroor in die Skrif gegee word (vgl. Luk. 10:7; Joh. 4:36; Rom. 4:4; Gal. 6:6-8; Pel e.a., 1991:15, 16; KO Art. 11).

Die bron van die verbintenis tussen 'n kerkraad en 'n predikant is derhalwe nie 'n kontrak nie (vgl. Van't Spijker, 2005:256, 257), maar 'n Godbepaalde opdrag aan die kerk om die bedienaars van die Woord te versorg. Die Kerkorde-bepaling aangaande die versorging van predikante sluit aan by hierdie opdrag wat van Godswêë gegee word. In Artikel 11 van die Kerkorde word die versorging van 'n predikant gereël as 'n verpligting wat op 'n kerkraad gelê word. Hierdie verpligting is gegrond op Skrifgegewens en nie op 'n kontraktuele grondslag nie.

4.6.3 Die aard van die predikant se versorging

'n Bedienaar van die Woord kan nouliks materieel vergoed word vir die taak wat hy in die gemeenskap van die gelowiges verrig. Sy hele lewe word gewy aan die uitvoering van die taak (vgl. 2 Tim. 2:4). Die plaaslike kerk het derhalwe die verantwoordelikheid om die predikant in staat te stel word om die diens te verrig. Dit is bepalend vir die regsposisie van die predikant dat hy nie gesien moet word as 'n werknemer wat 'n salaris ontvang nie. Die bepaling in die Kerkorde is 'n uitdrukkingswyse van die Skrifopdrag dat die predikant die reg het om van die evangelieverkondiging te lewe.

As allesomvattende uitdrukking van die liggaam van Christus het die plaaslike kerk die verantwoordelikheid om die traktement van die predikant te voorsien (Rutgers, 1961:68). Tog moet die volgende gevra word: Wat hou die billike versorging van 'n predikant in of wanneer word 'n predikant billik versorg? Die Latynse woord *stipendia*

iusta word in die Kerkorde vertaal met 'billike versorging'¹⁹. Vanweë die onderskeid tussen die ekonomiese eise, wat byvoorbeeld op die platteland en in stede aan 'n predikant gestel word, is dit dalk wenslik dat die sinode riglyne oor die versorging van predikante moet opstel. Dit is selfs moontlik om 'n minimum vereiste as voorstel te formuleer. Tog berus die versorging van die predikant in beginsel by die plaaslike kerk wat die besluitnemingsbevoegdheid het om oor die traktering van die predikant te beslis.

Volgens die Gereformeerde kerkreg ontvang die predikant 'n traktement vir sy versorging. Volgens Spoelstra (1989:89) is daar nie 'n wesenlike verskil tussen traktement en salaris nie, aangesien albei aan die eis van behoorlike onderhoud moet voldoen. Die konsep *salaris* dui byvoorbeeld op die volgende betekenis:

...betaling, soldy vir gelewerde dienste deur 'n werknemer, veral besoldiging wat 'n amptenaar volgens 'n vasgestelde skaal op gereelde tye, meestal maandeliks ontvang (HAT, 1994:892).

Hierdie definisie plaas die traktement van die predikant in die kategorie van vergoeding soos dit bedoel word deur die *Wet op Gelyke Indiensneming*, Wet 55 van 1998 (1(1)). Beoordeel volgens hierdie kategorie van vergoeding sou die predikant se oortydbetaling, verlofuitbetaling en werk in slegs afgebakende ure ter sprake moes kom. Die begrip *remuneration* (vergoeding) kan soos volg omskryf word:

Remuneration is the quid pro quo for services rendered: it is what the employee receives for his labour or, as it has been put, something the expense of which has to be borne by his employer in order to procure his labour. Since remuneration supposes an exchange of entitlements the term cannot cover ... payments that are discretionary or made out of considerations of charity; but depending on the context, earnings can still be regarded as remuneration if they take the form of tips or gratuities and so depend wholly on the generosity of third parties ... in the Basic Conditions of Employment Act, for instance 'remuneration' means any payment in money and in kind that arises out of employment (Brassey, 1998:E1:6, 7).

¹⁹ Dit is insiggewend dat die konsep van *stipendia iusta*, wat in die Kerkorde gebruik word, 'n begrip uit die militêre lewe is wat betrekking het op die vergoeding van 'n soldaat (vgl. Postma, 1989:304). Soos 'n soldaat nie die geleentheid het om in sy lewensonderhoud te voorsien nie en deur die veldheer in staat gestel word om die diens uit te voer, moet die predikant ook in staat gestel word om sy lewenstaak uit te voer (vgl. Bouma, 1953:137, 138).

Hierdie siening van vergoeding vorm 'n teenstelling met die bedoeling van *traktement*. Die traktement van die predikant word nie aan hom gegee 'vir dienste gelewer' nie (Visser, 1999:52), maar impliseer lewensonderhoud wat die predikant in staat stel om die diens waartoe Christus hom geroep het, uit te voer (vgl. Jansen, 1937:47).

4.6.4 Behoorlike onderhoud

Volgens Rutgers (1921:63-79) het die formulering 'behoorlike onderhoud' die volgende betekenislading:

... [om] haren predikant zooveel te geven, als hij daar ter plaatse voor een eenvoudig burgerlijk leven noodig heeft; waaraan dan, als hij een gezin heeft, is toe te voegen, wat hij noodig heeft voor het onderhoud zijner kinderen, zoolang deze nog niet voor zichzelf kunnen zorgen.

Behoorlike onderhoud hou in dat die predikant 'sonder sorge' moet kan werk in die gemeenskap waar hy dien. Op hierdie wyse kan 'n predikant sy aandag voltyds toespits op die diens van die Here (Kruger e.a., 1966:91). Die versorgingsbepalings het 'n privaatregtelike aard. Die korrekte toepassing van die tersaaklike Skrifbeginsels verseker die billike versorging (*stipendia iusta*) van die predikant. Insgelyk sal die toepassing van Skrifbeginsels 'n juiste verhouding tussen die kerkraad en die predikant vestig sonder dat dit die aard van die verbintenis beïnvloed.

Die traktement wat 'n predikant ontvang, word uit liefde en dankbaarheid deur gelowiges gegee (Fil. 4:17; HK Son. 38). Die bydraes van gelowiges is egter nie juridies afdwingbaar nie. Gelowiges se bydraes is 'n religieus-etiese dankbaarheidsplig wat nagekom moet word (Roeleveld, 1982:30). Die staat het immers nie die bevoegdheid om religieus-etiese sake af te dwing nie. 'n Predikant word deur 'n die gemeente versorg op grond van 'n religieus-etiese dimensie, die opdrag van Christus, en nie op grond van die huur of verhuring van dienste nie.

Die ooreenkoms tussen 'n kerkraad en 'n predikant berus derhalwe nie op 'n verpligting wat van staatsweë en op grond van arbeidswetgewingsbepalings opgelê word nie (kyk De Wet & Van Wyk 1992:3-9 – “Die verbintenis” en “Die kontrak as bron van die verbintenis”). Die ooreenkoms berus egter by die wyse van kerkregering, wat deur die kerk op grond van die Skrif vasgestel en uitgevoer word. Volgens die Skrif word die verbintenis tussen 'n predikant en 'n plaaslike kerk nie deur 'n arbeidskontrak bepaal nie (vgl. Van't Spijker, 2005:256, 257). Die roeping en opdrag van God berus, soos reeds aangetoon is, op Skrifgronde wat deur die kerk se bevoegde instansies op grond van die Kerkorde (KO Art. 11; Acta, 1991:367-369, punt 3.3) hanteer moet word (Acta, 1985:556).

Net soos 'n predikant die roeping van die Here ontvang om die evangelie te verkondig, ontvang 'n gemeente die roeping om 'n predikant eervol in die diens te versorg (Pel e.a., 1991:16). Die verpligting wat op 'n gemeente rus om 'n predikant se traktement te betaal, is dus nie minder as in die geval van 'n werknemer wat vir 'n salaris werk nie. Die verskil tussen 'n predikant en 'n werknemer se regsposisie is dat 'n predikant nie 'n salaris ontvang vir dienste wat gelewer is nie. 'n Predikant word op grond van Skrifbeginsels getrakteer, dit wil sê hy word in staat gestel om sy diens te verrig (Visser, 1999:59).

4.6.5 Beroepsbrief

4.6.5.1 Kerkorde en beroepsbrief

Volgens Pel e.a. (1991:17) is dit merkwaardig dat daar nie in die kerkorde spesifieke bepalings oor die beroepsbrief is nie. Die feit dat nie ruimte geskep word om die bepalings van 'n beroepsbrief binne die konteks van die Kerkorde te bespreek of te beoordeel nie, kom egter nie vreemd of verdag voor nie. Die Kerkorde bevat die bepalings wat nodig is om die orde in die kerk van Christus te onderhou (vgl. KO Art. 1). As vertrekpunt reël die Kerkorde eers die diens van die predikant soos dit deur die handeling van roeping (beroeping) en bevestiging daargestel word. Nadat die beroeping deur die gemeente plaasgevind het, word die beroepsbrief aan die predikant gestuur.

Die standpunt word onder meer gehuldig dat die beroepsooreenkoms (beroepsbrief?) kontraktuele implikasies het (Spoelstra, 1989:88). Hierdie beskouing hou inherente teenstrydighede in. Spoelstra (1989:95) wys byvoorbeeld op die volgende:

... enige predikant [mag] sy 'bedanking' vir die roeping by die kerkraad indien. Wanneer dit gebeur, moet dit dadelik voorlopig aanvaar word. In 'n sekulêre beroep kan iemand nog kontraktueel verplig word om 'n tyd van 'kennisgewing' uit te werk tot 'n plaasvervanger gevind word. Dit is egter in die kerk onmoontlik om iemand wat verklaar dat hy hom nie meer van Christus geroep voel tot die diens nie en 'n ander beroep wil gaan beoefen, selfs vir 'n enkele verdere diens as predikant te erken.

Hierdie opmerking van Spoelstra dui reeds daarop dat dit onmoontlik is om die verbintenis van die predikant in die plaaslike kerk te beskou as die daarstelling van 'n dienskontrak, wat noodwendig onderhewig is aan die land se arbeidswetgewing (vgl. Van't Spijker, 2005:256, 257).

Die beskouing dat 'n beroepsbrief kontraktuele implikasies het, gee aan dié dokument meer status as wat dit inherent het. Die beroepsbrief is die kerkregtelik verantwoorde mededeling van die beroep aan die beroepene. Die handeling van bevestiging weer is die kerkregtelike verbintenis van die beroepene in 'n bepaalde plaaslike kerk, sonder dat 'n regskontrak daardeur hoegenaamd tot stand kom (kyk Hoofstuk 3). Tydens beroeping deur 'n ander gemeente staan die predikant as't ware onder twee beroepe. Deur gebed en onder die leiding van die Heilige Gees moet die predikant besluit watter beroep hy opvolg. Die beroepsbrief is dus die mededeling aan die predikant dat hy wettig, onder aanroeping van die naam van Here soos die Kerkorde bepaal, deur 'n spesifieke plaaslike kerk beroep is. Die beroepsbrief is derhalwe nie 'n gemeente se 'werksaanbod' aan 'n predikant om in diens van die gemeente te werk nie. Die beroepsbrief gee uitdrukking aan die beginsel van roeping en versorging soos dit in Artikels 4, 5 en 11 van die Kerkorde bepaal word.

Met betrekking tot die versorging van die predikant is die beroepsbrief slegs die praktiese uitvoering van die beginsel wat in Artikel 11 van die Kerkorde gestel word. Indien 'n predikant van mening is dat hy deur 'n kerkraad veronreg word, is die basis waarop hy hom op die hof kan beroep die feit dat die kerk nie sy interne reg nakom,

soos dit bepaal word in Artikel 11 van die Kerkorde met verwysing na die beroepsbrief nie. 'n Hofbeslissing hieroor sal vanweë die aard van Artikel 11 van die Kerkorde nie berus op die staat se bepalings van arbeidswetgewing nie, maar op die hof se diskresie of aan die kerklike prosedure gevolg gegee is soos dit bepaal word deur die interne kerklike reg (vgl. Gildenhuys, 2001:242). Die binding van die beroepsbrief berus daarop dat dit die Skrifopdrag uitvoer, soos dit in Artikel 11 van die Kerkorde verwoord is. In die lig van Artikel 11 van die Kerkorde het die beroepsbrief nie 'n vrywillige inwilligingsbasis soos 'n kontrak nie, maar 'n dwingende aard. 'n Kerkraad is verplig om 'n predikant te onderhou en mag hom nie sy onderhoud weerhou nie (KO Art. 11).

In die Gereformeerde kerkreg is daar nie 'n uitsondering op die beginsel dat 'n predikant in 'n plaaslike kerk bevestig moet word om sy diens te verrig nie. So beïnvloed die kontraktuele ooreenkoms tussen byvoorbeeld die Gereformeerde Kerk Randburg en die Gereformeerde Kerk in Londen nie die predikant se regsposisie nie. Die predikant van Londen word byvoorbeeld in die Gereformeerde Kerk Randburg bevestig én deur dié gemeente na 'n ander kerk (kerkraad) gestuur (vgl. KO Art. 7). Verbandhoudende reëlins aangaande die versorging van die predikant, die tydperk wat hy in Londen dien, voorsiening vir moontlike mediese onkoste, sy verlof- en pensioenvoorwaardes word kontraktueel tussen dié kerke bepaal. Deur hierdie kontraktuele bepalings maak die kerk waarin die predikant bevestig is voorsiening vir die versorging van die predikant. Die kontrak raak nie die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk waarin hy bevestig is nie – dié verbintenis word bepaal deur die Skrif en die belydenis. Die predikant bly aan een kerk verbind soos dit deur Artikels 4, 5, 7, 10, 11 van die Kerkorde bepaal word. As 'n klag byvoorbeeld teen so 'n predikant ingedien sou word, hanteer die gemeente waarin die predikant bevestig is die klag in samehang met die getuienis van die gemeente waar hy werk. Ook met betrekking tot die versorging van sodanige predikant bly die Gereformeerde Kerk Randburg aanspreeklik.

Die verantwoordelikheid berus by regsgeleerdes om hierdie eiesoortige reëlinswyse van die kerk en derhalwe die eiesoortige aard en posisie van die kerk in die Suid-Afrikaanse privaatreë te akkommodeer. Sodanige akkommodering hou in dat in die privaatreë 'n plek vir die kerk ontwikkel moet word waardeur die privaatreëtelike

posisie van die kerk en die kerklike dienste as eiesoortig (*sui generis*) erken en beskryf word. Dié erkenning van die kerk se eiesoortige posisie bied die basis om die eiesoortige reëlinswyse van die predikant se regsposisie te beoordeel. Sodanige erkenning verskaf ook aan die kerk 'n eie plek in die staatshuishouding – 'n plek waarvolgens die kerk selfstandig kan funksioneer en vrygestel word van spesifieke staatswetgewing, soos byvoorbeeld die bepalings van die arbeidsreg (vgl. Hoofstuk 3).

4.6.5.2 Bylae by die beroepsbrief²⁰

Die beroepsbrief bevat normaalweg bylae waarin die predikant se traktement, huisvesting, motor-, reistoelae en so meer vervat word:

Die verpligtinge wat die kerkraad teenoor u onderneem betreffende traktement en ander vergoedings en voorsienings asook huisvesting en wat daarmee gepaard gaan, word in die bygaande opgawe vermeld.

Hierdie versorgingsbepalings word bygevoeg op grond van die Skrifbeginsel dat die predikant behoorlik versorg moet word (1 Kor. 9:6-14), en soos dit in die Kerkorde vervat is (KO Art. 11). Wat hierdie aspek betref, moet dit onomwonde duidelik gestel word dat die beroepsbrief en die bylae tot die beroepsbrief 'n konsepvorm is. 'n Kerkraad wat 'n beroep op 'n predikant uitbring, mag die bylae tot die beroepsbrief nie as 'n arbeidskontrak hanteer nie. Die predikant mag dus nie voor 'n 'beroepskeuse' gestel word waarvolgens hy ter wille van 'n beter traktement van standplaas kan verander nie (vgl. Visser, 1999:52).

²⁰ BEROEPSBRIEF

(Acta 1985:557-558)

Geagte Broeder / ds. / dr. _____

Dit is vir my 'n genoeë om u mee te deel dat die Gereformeerde Kerk _____ op _____ onder leiding van die kerkraad vergader het en dat u op hierdie vergadering as herder en leraar van hierdie kerk verkies is.

Hierop het die kerkraad besluit om u tot hierdie amp in die kerk te beroep, waarvan ek u hiermee in kennis stel. Die verpligtinge wat die kerkraad teenoor u onderneem betreffende traktement en ander vergoedings en voorsienings asook huisvesting en wat daarmee gepaard gaan, word in die bygaande opgawe vermeld.

Ons vertrou dat u hierdie beroep nadat die nodige kerklike goedkeuring verkry is, sal opvolg en ons bid u in die oorweging daarvan die leiding van die Heilige Gees toe. Mag u spoedig na die kerk oorkom om in leer en lewe, in die verkondiging van die Woord, bediening van die sakramente, onderrig van die jeug, gereelde huisbesoek en vertroosting van siekes die hele kudde te versorg.

Van ons kant belowe ons al die agting, liefde, medewerking en voorbidding wat aan 'n getroue evangeliedienaar verskuldig is.

Die beroepsbrief is dus nie 'n juridies bepaalde kontrak nie, maar 'n wyse waarvolgens die kerkraad die weg gereed maak vir die dienaar wat deur Christus geroep is en gestuur word om sy diens uit te voer in die gemeente as die liggaam van Christus (vgl. Visser, 1999:52, 33). Sodoende word die interne orde van die kerk binne 'n geloofskader vergestalt. Die beroepsbrief is dus nie die basisdokument waarop die regte en pligte van 'n predikant in die kerk of deur die hof afgedwing mag word nie. Predikante verkry sekere regte en pligte deur die bevestiging in die diens én nie deur die mededelings in die beroepsbrief nie. Tydens die bevestiging onderwerp 'n predikant hom aan die kerklike ordereëlins. Die kerkraad en die predikant wat beroep word, moet mekaar tegemoet kom sodat die predikant in staat gestel word om sy diens te verrig waar die Here hom wil gebruik (vgl. Kruger e.a., 1966:91). In hierdie opsig moet op die volgende gelet word:

- Volgens die beginsels van godsdienstvryheid en staatsneutraliteit mag die howe van die godsdienstrale staat nie interne kerklike dokumente soos die beroepsbrief interpreteer en evalueer nie. Hierdie dokument gee immers uitdruklik uitvoering aan die bepaling van Artikel 11 van die Kerkorde dat die predikant reg en billik in die diens versorg moet word. Daar is reeds in hierdie studie gewys op die Skrifbeginsels onderliggend aan Artikel 11 van die Kerkorde en die beroepsbrief.
- Ongeag die feit dat die beginsels van godsdienstvryheid en staatsneutraliteit beteken dat howe nie interne kerklike dokumente mag interpreteer nie, is hierdie beginsel tot dusver nie deur howe in ag geneem nie (vgl. Hoofstuk 2). In Suid-Afrika het howe tot dusver nie gehuiwer om interne kerklike dokumente, soos die beroepsbrief, te interpreteer nie (vgl. Hoofstuk 2). Aangesien die kerk nie 'n revolusionêre ingesteldheid teenoor die owerheid het nie en ten alle koste konflik met die staat wil vermy, behoort die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beroepsbriewe so op te stel dat howe dit sonder twyfel as 'n interne kerklike dokument moet kan beoordeel.
- Die huidige vorm van die konsepberoepsbrief bepaal dat die ... *verpligtinge wat die kerkraad teenoor u [die predikant] onderneem betreffende traktement en ander vergoedings en voorsienings asook huisvesting en wat daarmee gepaard gaan, ... in die bygaande opgawe vermeld [word]*. Op grond van hierdie mededelings word die indruk geskep dat die beroepsbrief eerder 'n

kontraktuele aanbod aan die predikant is as die mededeling van die roeping wat op hom uitgebring is. Hoewel hoewel hierdie dokument nie behoort te interpreteer nie, kan dit tot verwarring aanleiding gee.

- Volgens die beginsel van kerklike traktering word die predikant in staat gestel om sy diens te verrig. Die konsepberoepsbrief bepaal dat 'n kerkraad onderneem om 'n predikant 'n traktement en ander vergoedings en voorsienings asook huisvesting te gee. Hierdie formulering van die konsepberoepsbrief is inderwaarheid 'n anomalie, aangesien dit nie moontlik is om in iemand se behoeftes te voorsien as die behoeftes nie vooraf vasgestel is nie. Hierdie bewoording van die konsepberoepsbrief behoort vervang te word met 'n uitnodiging van die kerkraad aan die predikant om, indien die predikant dit sou oorweeg om die beroep op te volg, hy met die kerkraad in gesprek kan tree oor sy versorging. Op hierdie wyse kan 'n gemeenskaplike reëling getref word aangaande die predikant se versorging. 'n Moontlike herformulering van die toepaslike sin kan byvoorbeeld wees: "Die kerkraad nooi u vriendelik uit om, indien u oorweeg om die beroep op te volg, 'n afspraak met die kerkraad te maak waartydens ons u traktering sal bespreek". So 'n herformulering van die beroepsbrief bring die kerklike praktyk in ooreenstemming met die beginsel van kerklike traktering, terwyl kerke ook nie die indruk skep dat die beroepsbrief as 'n kontrak geïnterpreteer moet word nie.

4.6.6 Tugbepalings

4.6.6.1 Kerkordelike bepalinge

Die toepassing van die tug moet verstaan word vanuit die raamwerk van die gesamentlike take van die predikant en die kerkraad (vgl. KO Artt. 16, 23, 79; vgl. 76-80).

Beginnels wat ter sake is vir die bepaling van die regsposisie van die predikant tydens 'n tugprosedure is reeds genoem in die voorafgaande bespreking en navorsingsgewens. Hier word beklemtoon dat die predikant as medeouderling die verantwoordelikheid het om saam met die ouderlinge oor mekaar en oor die lidmate toesig te hou (Van't Spijker, 1999:366). Die predikant is dus nie die uitvoerder

(orgaan) van die plaaslike kerk nie, maar deel saam met die kerkraad in die leiding en toesig oor die gemeente. In die Gereformeerde kerkreg is daar nie 'n hiërargiese struktuur in die verhouding tussen predikant en ouderlinge, en ouderlinge en predikant nie (vgl. Pel e.a., 1991:18, 19).

4.6.6.2 Wedersydse toesig

Volgens Pienaar (1986:39) kan die toesighouding van die kerkraad oor die predikant 'beslis nie' gesien word as die toesig wat 'n werkgever oor 'n werknemer hou nie. Die predikant vorm deel van die kerkraad (vgl. Bouwman, 1912:203-207). Vir die uitvoering van hulle diens sluit die kerkraad, dit is die ouderlinge, nie 'n dienskontrak met die plaaslike kerk nie. Net so sluit die predikant nie 'n dienskontrak met die plaaslike kerk waarin hy diens verrig nie. Die toesig van die kerkraad oor die predikant moet in dieselfde lig gesien word as die toesig wat kerkraadslede oor mekaar uitoefen. Hierdie toesig moet verstaan word vanuit die beginsel van die eenheid en gelykheid van die predikants- en ouderlingediens. Hiervolgens reël Artikel 81 nie 'n gesagsverhouding tussen 'n kerkraad en 'n predikant nie en is die bedoeling ook nie om 'n werkgever-werknemerverhouding te reël nie (Pienaar, 1986:38, 39).

Die predikant is deel van die kerkraad en voer die taak wat deur Christus aan hulle opgedra is, gesamentlik uit (Van't Spijker, 1999:366). Die eiesoortigheid van die verhouding tussen die predikant en die kerkraad dui daarop dat die regsposisie van die predikant binne 'n godsdienzbepaalde kerkregeringstelsel gereël word. Binne so 'n regeringstelsel word die verhoudings nie na aanleiding van verhoudings in die burgerlike reg gereël nie. Vir die reëling van predikante se regsposisie geld die Kerkorde as die kerkregtelike samevatting en weergawe van die Skrifbeginsels van hoe God se orde in sy kerk vergestalt en gehandhaaf moet word (vgl. Du Plooy, 1988:9 e.v.).

4.6.7 Beskerming vir die predikant

4.6.7.1 Kerkordelike bepalings

Die Kerkorde maak in beginsel voorsiening daarvoor dat die predikantsdiens in die kerk op 'n billike en regverdige wyse gereël word. Daarom bepaal die Kerkorde dat

die volgende handeling met die medewerking van meer kerke in die plaaslike kerk gehanteer word:

- die predikantsdiens, wat die roeping en bevestiging van die predikant insluit (KO Artt. 4, 5);
- die reëling van die predikantsdiens (KO Artt. 10-15; vgl. Art. 17) en
- die ontslag van die predikant (KO Art. 11; 79-81; vgl. Art. 12).

Al die bepalings van die Kerkorde aangaande die regsposisie van die predikant reël dat meer kerke vir die beoordeling van dié posisie teenwoordig moet wees.

Indien 'n predikant van oordeel is dat hy deur 'n besluit van die plaaslike kerk of 'n meerdere vergadering veronreg is, mag hy hom/haar op 'n meerdere vergadering beroep²¹ (KO Art. 31(b)). Tydens die appèlprosedure geld die reëls van natuurlike geregtigheid as deel van die Skrifbeginsels van billikheid en geregtigheid in die toepassing van die kerklike prosedure (vgl. Smit, 1995:395 e.v.).

4.6.7.2 Tydens die beroeping

In die Gereformeerde Kerkorde word die predikant deur spesifieke bepalings beskerm. Die kerk is 'n sondige gemeenskap waarin foute gemaak word. Wat die reëling van die regsposisie van die predikant betref, is dit belangrik dat die kerkordelike bepalings oor die predikantsdiens die predikant nie uitlewer aan die willekeur van 'n plaaslike kerk of 'n groepering in die plaaslike kerk nie. Omdat kerke van dieselfde belydenis 'n gemeenskaplike belang by die beroeping van predikante het, het die kerke ook 'n gemeenskaplike belang by die wyse waarop die diens gereël word. Deur die medewerking van verskillende plaaslike kerke het die kerke juis ten doel om die predikantsdiens in die kerk billik te reël.

Die beginsels van billikheid en regverdigheid geld onverswak aangesien alle besluite in die kerk ooreenkomstig die Woord van God en onder leiding van die Gees geneem moet word. Kerke staan mekaar daarin by ten einde toe te sien dat die Koningsreg van Christus in die

²¹ Kyk Spoelstra (1986:97-114) oor die kerklike appèl.

eerste plek sal geld ... en as dit gebeur, behoort daar nie nog ander wette soos Arbeidswette ingespan te word om kerklike verhoudinge en verbintenisse te reël nie (Du Plooy, 2002:4).

4.6.7.3 Deurlopende beskerming

Die beginsel dat meer kerke by die diens van die predikant betrokke is, kom deurlopend voor in die beginsel van kerklike visitasie (KO Art. 44). Artikel 44 van die Kerkorde bepaal byvoorbeeld die volgende:

Die klassis moet minstens twee van die oudste, mees ervare en geskikte bedienaars van die Woord as visitatore benoem om in alle kerke van die klassis gereeld kerkvisitasie te hou, vas te stel of die ampsdraers hulle ampte getrou waarneem, by die suiwerheid van die leer bly, die Kerkorde in alles onderhou, die stigting van die gemeente en onderwys van die jeug behoorlik na hulle vermoë bevorder, sodat hulle diegene wat nalatig in een of ander bevind word, betyds broederlik kan vermaan en met raad en daad alles kan help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk.

Die doel van visitasie is om vas te stel of 'n plaaslike kerk nog die merktekens van die ware kerk dra (NGB Art. 29). Die sinode het die volgende riglyne gegee waarvolgens visitasie gedoen kan word:

- Vraag 1: Of daar in die reël op die dag van die Here twee maal gepreek word en of by afwesigheid van die predikant die leesdienste getrou waargeneem word en of die bywoning van die dienste deur die gemeente goed is?*
- Vraag 2: Of daar elke Sondag een maal volgens kategismus gepreek word en of die bywoning deur die gemeente goed is?*
- Vraag 3: Of Sondae en in die week ook met die jeug gekatkiseer word en of die kerkraad toesig hou oor die katekisasie en hom vergewis of die ouers gereeld huiskatekisasie hou?*
- Vraag 4: Of die predikasies eenvoudig volgens Gods Woord gedoen word?*
- Vraag 5: Of die kerkraad toesien dat die Doop so spoedig moontlik aan die kinders bedien word?*
- Vraag 6: Of daar gereeld huis- en krankebesoek gedoen word deur die lede van die kerkraad na die eis van elkeen se roeping?*
- Vraag 7: Of die kerkraad gereeld saamkom, veral voor die Nagmaal om onder mekaar die Christelike sensuur uit te oefen en mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik te vermaan?*

- Vraag 8: *Of die Heilige Nagmaal gereeld, op die bepaalde tye in die jaar gehou word met behoorlike voorbereiding en tugoefening?*
- Vraag 9: *Word die armes behoorlik versorg en hoe geskied dit?*
- Vraag 10: *Hoe gaan dit met die onderwys en die opvoeding van die jeug en wat word gedoen tot bevordering van Christelike Nasionale Onderwys?*
- Vraag 11: *Wat word in u gemeente, finansieel en andersins, gedoen vir die uitbreiding van Gods koninkryk op die gebied van sending en evangelisasie?*
- Vraag 12: *Of daar iets is waarin u gemeente die raad of die hulp van die klassis nodig het?* (Acta, 1955:185, pt. (4); vgl. ook Acta, 1945:175 en Acta, 1949:249-250).

In hooftrekke is hierdie vrae 'n ondersoek na die dienste, leer, kerklike samekomste en seremonies, sakramente en kerklike tug (vgl. KO Art. 1). Die visitatore het hiervolgens die verantwoordelikheid om vas te stel of die predikant sy diens uitvoer in die lig van die Skrif, die Kerkorde en die belydenis.

Deur slegs vas te stel of die predikant sy taak in die gemeente uitvoer, word 'n eensydige beeld van die wedersydse verpligting tussen die kerkraad en die predikant geskep. In hierdie opsig word voorgestel dat die sinode se riglyne oor visitasie uitgebrei word deur 'n spesifieke vraag in te voeg oor die versorging van die predikant. Die visitatore moet ook vasstel of die predikant in staat gestel word om sy diens sonder sorge in die gemeente te verrig. Die Skrifopdrag om die predikant te versorg, soos dit deur Artikel 11 van die Kerkorde gereël word, dien juis die opbou en uitbreiding van die koninkryk van God op die aarde.

4.6.7.4 *Ontslag van die predikant*

In Artikel 11(b) van die Kerkorde word bepaal dat die kerkraad van die plaaslike kerk die predikant nie uit sy diens mag ... *ontslaan sonder kennis en goedkeuring van die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode nie*. Volgens Artikel 79 van die Kerkorde moet 'n predikant wat 'n growwe openbare sonde bedryf deur ... *die kerkraad en deur die naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade net geskors word, waarna die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode oordeel of hulle heeltemal uit hulle diens afgesit moet word*. Die vraag wat in hierdie opsig gevra moet word, is wat die onderskeid tussen kerklike ontslag, skorsing en afsetting is.

Kerklike ontslag beteken dat 'n predikant óf vanweë die kerk se onvermoë om hom verder te onderhou óf as gevolg van 'n onversoenbare situasie wat tussen die predikant en die plaaslike kerk ontstaan het, nie meer met vrug op die spesifieke plek kan werk nie. Die mees algemene rede vir kerklike ontslag behoort die kerk se finansiële onvermoë te wees om die predikant verder te onderhou (Spoelstra, 1989:93). Dit kan gebeur dat 'n predikant vanweë omstandighede nie meer sinvol in 'n gemeente kan dien nie. In albei genoemde gevalle moet kerke saam oordeel of die predikant nog die roeping het om in die diens voort te gaan (vgl. Plomp, 1969:265-267). Wanneer bevind word dat die predikant nog geroepe is om as dienskneg van Christus in die kerk te dien, word die kerke in kerkverband in kennis gestel van die beroepbaarstelling. Die predikant wag dan op 'n beroep soos met die beroepbaarstelling van proponente (KO, Art. 4). Kerklike ontslag beteken dus nie dat 'n persoon uit die diens afgesit word of, soos in die burgerlike samelewing, sy 'werk' verloor nie (vgl. Kruger e.a., 1966:94).

4.6.7.5 Skorsing en afsetting van die predikant

Die skorsing en afsetting uit die diens moet in verband met mekaar verstaan word (KO Art. 79). In die Gereformeerde kerkreg dui skorsing altyd op 'n tydelike beëindiging van die diens (KO Art. 79). Skorsing mag alleen plaasvind op grond van 'n formele klag wat teen 'n predikant ingedien is. Die predikant mag dus vir die tyd van die skorsing nie met die predikantsdiens voortgaan nie. Vir die regsposisie van die predikant beteken dit dat die predikant tydens skorsing steeds aan die plaaslike kerk verbind bly en dat die plaaslike kerk in sy versorging moet voorsien.

Die afsetting uit die diens vind plaas wanneer daar bewys word dat die predikant hom skuldig gemaak het aan 'n growwe openbare sonde (vgl. KO, Artt. 79-81). Sodanige bevinding impliseer dan dat die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk en as bedienaar van die Woord beëindig word. Die predikant word nie hierdeur as lidmaat van die kerk van Christus geëkskommunikeer nie. Die predikant bly 'n gelowige en moet in en deur die liefde van Christus tydens die tyd ondersteun word. Met afsetting uit die predikantsdiens moet 'n reëling tussen die predikant en die plaaslike kerk getref word sodat die predikant vir 'n redelike tydperk in staat gestel

word om homself en sy afhanklikes te versorg. (vgl. Acta, 1985:740 e.v.). Die sinode het soos volg oor die versorging van afgesette predikante besluit:

Die nood van die betrokke gesin kan maklik veel groter as normale hulpbehoewendes wees, aangesien die gesin geen of weinig voorsorg kan tref om na die man se afsetting en oorlye selfversorgend te wees.

Die versorging bly die primêre verantwoordelikheid van die betrokke plaaslike diakonie, wat dit in oorleg met die plaaslike kerkraad moet hanteer (vgl. KO Art. 25 en 26)²².

Indien die versorgingslas te veel is vir die plaaslike diakonie, behoort die diakonie met en onder leiding van die kerkraad die nood onder die aandag van ander kerke in kerkverband [te bring] en 'n oproep om hulp ... [behoort]] gedoen ... [te] word. Indien die plaaslike diakonie ... op bepaalde probleme sou stuit, is KO art 41 en 44, die aangewese weë om advies by die naburige kerke (klassis) te ontvang (Acta, 1985:743- 745)²³.

Die sinode het ook besluit dat die deputate vanweë die partikuliere sinode die klassis, waarin die predikant afgesit is, met advies moet bystaan oor hoe die afgesette predikant se gesin in die toekoms, veral in moeilike tye, versorg kan word (Acta, 1985:744). Reëlins aangaande die versorging van die afgesette predikant is dus hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die diakonie omdat die predikant en sy gesin steeds lidmate van die kerk bly (vgl. Acta, 1985:743 e.v.; KO Artt. 25, 26). Volgens hierdie bepalings word die afgesette predikant nie die wêreld ingestuur

²² Artikel 25 van die Kerkorde bepaal die volgende: *Die amp van die diakens is om sorg te dra dat die gemeente hulle eenheid in Christus in daadwerklike onderlinge liefde beoefen. Hulle opdrag is om almal in die gemeente te besoek en uit die Skrif toe te rus en aan te spoor tot daadwerklike liefde teenoor almal, in besonder teenoor die medegelowiges; verder sien hulle toe dat niemand om watter rede ook al van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie. Die liefdesgawes moet sorgvuldig ingesamel, met wysheid bestee en met vertroosting uit die Skrif uitgedeel word. Die diakens doen in die kerkraad verslag van hulle werksaamhede en, indien verlang, ook voor die gemeente soos wat die kerkraad dit geskik ag.*

Artikel 26 van die Kerkorde bepaal soos volg: *Die diakens moet ander liggame of instellings wat aan behoeftiges hulp verleen, versoek om met hulle oorleg te pleeg sodat die gawes des te beter uitgedeel kan word onder die wat die meeste gebrek het.*

²³ Artikel 41 van die Kerkorde bepaal die volgende: *Die klassis is 'n vergadering van naburige kerke wat elkeen 'n bedienaar van die Woord en 'n ouderling of, waar nie 'n bedienaar is nie, twee ouderlinge afvaardig. Die plek en die tyd van die volgende vergadering word deur die vorige vergadering bepaal [en dit mag nie meer as drie maande uitgestel word nie]²³. Op hierdie vergadering moet die bedienaars van die Woord om die beurt presideer of anders die een wat deur die vergadering gekies word, maar dieselfde bedienaar mag nie op twee agtereenvolgende vergaderinge gekies word nie. Die praeses moet onder andere vra of die kerke kerkraadsvergaderings hou, of die kerklike tug uitgeoefen word, of die armes en die skole versorg word en of daar iets is waarin 'n kerk die oordeel en die hulp van die klassis vir sy regte bestuur nodig het. Op die laaste vergadering voor die partikuliere sinode moet die afgevaardigdes na hierdie sinode gekies word.*

Artikel 44 van die Kerkorde bepaal die volgende: *Die klassis moet minstens twee van die oudste, mees ervare en geskikte bedienaars van die Woord as visitatore benoem om in alle kerke van die klassis gereeld kerkvisitasie te hou, vas te stel of die ampsdraers hulle ampte getrou waameem, by die suiwerheid van die leer bly, die Kerkorde in alles onderhou, die stigting van die gemeente en onderwys van die jeug behoorlik na hulle vermoë bevorder, sodat hulle diegene wat nalatig in een of ander bevind word, betyds broederlik kan vermaan en met raad en daad alles kan help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk.*

sonder om vir die versorging van sy gesin voorsiening te maak nie. Die liefdesgebod wat vir die kerk geld, geld onverswak tydens en na die proses van afsetting (vgl. Joh. 9:9-17; KO Art. 25).

4.6.7.6 *Kerklike prosedure tydens ontslag of afsetting van 'n predikant*

Soos enige ander instansie het die kerk die reg om sy interne orde te reël. Vanweë die eiesoortige aard van die kerk funksioneer die orde van die kerk anders as dié van 'n vrywillige vereniging. Lidmate en predikante ontvang nie regte vanweë 'n kontraktuele ooreenkoms nie, maar onderwerp hulle aan die reg (*ius constitutum*) van die Here wat vir die kerk geld. Die beginsels van reg en billikheid wat deur die Woord gestel word, geld onveranderlik tydens die ontslag en/of die afsetting van 'n predikant. In albei gevalle word die predikant byvoorbeeld nie oorgelewer aan die willekeur van die kerkraad se oordeel nie, maar bepaal die Kerkorde dat meer kerke teenwoordig moet wees (vgl. KO Artt. 11, 12, 13, 14, 15, 79). Die kerkregtelike beginsel waarop hierdie reëlins berus, is dat die kerke saam moet bepaal of die predikant nog die roeping het om in die kerk van die Here te dien. Soos met die bevestiging in die diens (KO Artt. 4, 5), het meer kerke die bevoegdheid om oor die predikant se roeping te oordeel by die moontlike ontslag of afsetting van die predikant. Die beoordeling van die roeping van die predikant tydens ontslag en/of afsetting bevestig in werklikheid die eiesoortige godsdiensbepaalde aard van die kerk in die wêreld.

Verder is die kerk verplig om sekere regsreëls wat geld vir instansies van die burgerlike samelewing tydens tugprosedures toe te pas. Hierdie verpligting berus nie op 'n staatsregtelike voorskrif nie, maar op die beginsels wat die Skrif vir die hantering van ontslag en afsetting uit die diens gee (vgl. Smit, 1995:395 e.v.). So is die reëls van natuurlike geregtigheid byvoorbeeld vanweë die kerk se interne orde ook vir die kerk toepaslik (Smit, 1995:395 e.v.). Volgens hierdie reëls maak die kerkreg daarvoor voorsiening om die kerklike ontslag en afsetting van 'n predikant regverdig en billik te reël. Die vraag of howe die bevoegdheid het om administratiefregtelike bepalings uit te brei sodat hierdie bepalings ook op geloofsgemeenskappe van toepassing is (vgl. GW. Art. 33; 33 (3)b), behoort nie 'n probleem te skep met betrekking tot die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie. Die

kerkregtelike reëls is op grond van die Skrif deel van die kerk se interne orde (vgl. Hoofstuk 3 voetnoot 3). Indien 'n predikant hom op die hof sou beroep, behoort die hof slegs te bepaal of die kerk sy interne orde aan die hand van die kerkorde toegepas het (vgl. Broyde, 1996:225 e.v.). Die hof het nie die bevoegdheid om 'n kerklike ampsdraer in sy diens te herstel nie (Gildenhuys, 2001:242; vgl. *Regent v Chief Rabbi of the United Hebrew Congregations of Great Britain and the Commonwealth (Ex parte Wachmann)* [1993] 2 All ER 249 (QB); vgl. Broyde, 1996:225 e.v.).

4.6.8 Kerkregtelike verwoording van die predikant se eiesoortige verbinteniss

Bavinck (1930:371) bied 'n oplossing vir die vraag oor hoe die eiesoortige verbondenheid van die predikant aan die plaaslike kerk vanuit die gereformeerde kerkregering beskryf moet word. Hy gebruik die term *aristokraties-presbiteriaal*. Die formulering *aristokraties* dui nie op die regering van 'n 'minderheid op grond van eie reg nie', maar 'n regering wat bepaal word deur begaafdheid (*charismata*) (Grosheide & Van Itterzon, 1956:315).

Die formulering *aristokrasie* weerspieël die Skrifgefundeerde uitgangspunt vir die toepassing van presbiteriale kerkregeringsbepalings. Binne die presbiteriale kerkregeringsvorm vorm die soewereiniteit van God, wat beskik en wat volgens die Skrif gawes gee, die grondslag vir die predikant se aristokraties-presbiteriale verbintenis aan die plaaslike kerk (vgl. Bavinck, 1930:328, 329; 354). Die term *aristokraties-presbiteriaal* moet verstaan word as die beste wyse waarop die kerk deur Christus regeer word. Christus gee self hierdie bedieningswyse aan sy kerk:

Over de kerk is Christus alleen koning; hare regeering is in het onzichtbare strikt monargaal ... In het zichtbare is zijne regering niet democratisch noch monarchaal noch oligarchisch, maar aristocratisch-presbyteriaal. Het zijn de ho ristoï, de besten, niet in geld en goed doch in geestelijke gaven, die Hij zelf bekwaam en door de gemeente voor zijnen dienst aanwijzen laat. Door hen zorgt hij voor de geestelijke en stoffelijke belangen van zijne gemeente. Door het leeraarstambt onderwijst hij, door het ouderlingenambt leidt Hij, door het diakenambt verzorgt hij zijne kudde; en door alle drie bewijst Hij zicht te zijn onze hoogste profeet, onze eeuwige koning en onze barmhartige hoogepriester (Bavinck, 1930:371).

In die begrip *aristokraties* kom die volgende betekenisnuanses na vore: toerusting, die gawes wat Christus vir die uitoefening van die besondere dienste in sy kerk gee. Hierdie gawes is die *aristos* – die beste wat daar is. Christus gee aan dié wat Hy roep gawes en toerusting sodat hulle aristokraties – en nie demokraties nie – na vore tree vir die diens waartoe hulle geroep is. Dié wat Christus in die gemeente roep, word dus geroep op grond van hulle begaafdheid en nie op grond van populariteit nie. In die begrip *presbiteriaal* kom die aspek van die regeringsbevoegdheid van die regeerdiens na vore, waarby die diakensdiens van versorging nie buite rekening gelaat kan word nie. Die regeerdiens is 'n diens wat die Here self vanuit die diens van die apostels in sy kerk onderhou (Van Ruler, 1952:50, 51).

Christus roep sy diensknegte tot hierdie diens – en waar Hy tot 'n diens roep, maak Hy ook vir die diens bekwaam. In dié betekenis kan na die predikant se eiesoortige verbintenis in die plaaslike kerk verwys word as 'n aristokraties-presbiteriale verbintenis waarin Christus die beste bedieningswyse aan sy kerk gee.

In die Gereformeerde kerkregeringstelsel word 'n aristokraties-presbiteriale verbintenis tussen die predikant en die plaaslike kerk gevestig. Hierdie verbintenis berus op die uitgangspunt dat God sy diensknegte (ouderlinge én predikant), vanweë die gawes wat Hy gee, bekwaam maak om die predikantsdiens uit te voer. Die roeping wat van Christus kom, roep egter spesifiek die predikant tot dié diens.

4.7 Merkers

Die volgende merkers kan op grond van die voorafgaande beredenering en navorsingsgegewens aangetoon word:

- Die eiesoortige aard van die predikant se regsposisie berus daarop dat die predikant nie as werknemer aan die kerk verbind word nie, maar op grond van die geloofsvertroue dat die Here die tyd en die plek waar die predikant dien, bepaal.
- Die kerkraad het nie gesag oor die predikant nie en die predikant het eweneens nie gesag oor die kerkraad nie. Die kerkraad en predikant voer hulle opdrag gesamentlik uit onder die gesag van die Woord.

- Die eiesoortige aard van die predikant se regsposisie word daardeur bepaal dat die predikant in diens van Christus staan met die uitsluitlike doel om die evangelie op eiesoortige wyses en in verskillende omstandighede te verkondig.
- Die eiesoortige aard van die predikant se regsposisie word eweneens deur die versorging van die predikant bepaal. Die kerkraad is van Godswêë verplig om die predikant in staat te stel om die evangelie te verkondig. Andersyds is die predikant verplig om vanweë die roeping die evangelie te verkondig waar hy deur God geroep word.
- Die verpligting van die kerkraad om die predikant te versorg konstitueer nie 'n arbeidskontrak nie, maar 'n eiesoortige verbintenis waarin 'n ruilingsproses tussen die predikant en die kerkraad plaasvind. Die 'geestelike saad' wat die predikant saai, word as't ware geruil vir die stoflike lewensonderhoud. Op grond van hierdie 'ruiling' kom nie 'n arbeidskontrak tot stand nie, maar 'n eiesoortige verhouding tussen die kerkraad en die predikant.
- Die beroepsbrief is die mededeling van die beroeping wat deur 'n gemeente op die predikant uitgebring is. Die beroepsbrief is derhalwe nie 'n werksaanbod nie, maar stel die predikant voor die moontlikheid van 'n spesifieke plek waar die Here hom roep en wil gebruik.
- Die bylae by die konsepvorm van die beroepsbrief behoort hersien te word. Dié bylae skep die indruk dat die predikant by wyse van 'n kontrak aan die kerk verbind word. Die huidige bewoording in die beroepsbrief behoort aangevul te word met 'n uitnodiging aan die predikant om in gesprek te tree met die kerkraad wat hom beroep het. Tydens sodanige samesprekings aangaande die predikant se traktement kan vasgestel word hoe die predikant reg en billik versorg moet word.
- Die Gereformeerde kerkreg se interne orde maak voorsiening vir die beskerming van die predikant op die volgende maniere: deur die beginsel dat meer kerke oor die roeping van die predikant moet oordeel, deur die proses van visitasie en deur die kerklike weg van appèl indien 'n predikant meen dat sy reg deur die kerk gekrenk word.

4.8 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings word gemaak op grond van die beredenering van navorsingsgewens wat in dié hoofstuk betrek is:

- Die regsposisie van die predikant word gereël deur die kerk wat beskou word as 'n selfstandige gemeenskap onder die Hoofskap van Jesus Christus én 'n gemeenskap wat op eiesoortige wyse binne die staat funksioneer. Vir die reëling van die regsposisie gee die Skrif die kerkregtelike beginsels, soos dit in die belydenis verwoord en op grond van die Kerkorde prakties uitgevoer kan word.
- Die kerk het 'n selfstandige orde wat deur die Woord en die Gees bepaal word. Die diens van die predikant is wesenlik deel van hierdie geestelike orde. As geroepene in hierdie orde én as bedienaar van hierdie orde is die predikant se diens intrinsiek deel daarvan. Selfs indien die kerk se orde nie bots met die grondwetlike raamwerk van die staatsorde nie, mag die kerkorde desnieteenstaande nie prysgegee word ten gunste van die staat se orde nie, omdat die orde van die kerk uitgevoer word in verantwoording teenoor die Here van die kerk. Die verpligting rus derhalwe op die kerk om die predikant se diens te reël.
- Deur die roeping staan die predikant in diens van Christus. Die Here van die kerk dra nie sy gesag aan die kerk oor om die predikant in diens te neem nie. Op grond van die roeping kom 'n eiesoortige verhouding tussen die kerkraad en die predikant tot stand.
- Tydens die beroeping toon die gemeente deur hulle voorafgaande gebede dat hulle 'n instrument in die hand van die Here is om die predikant te beroep. Op grond van die handeling van beroeping eien die kerk hom nie die reg toe om die predikant as werknemer in diens te neem nie.
- Deur die bevestiging word die predikant in diens van Christus gestel, sonder dat die kerk die predikant in diens neem. Die "Formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord" neem as't ware die fokus weg van die verbintenis tussen die predikant en die kerk. Die fokus behoort primêr te val op die aspek dat die predikant in diens van Christus is en dat hy sy diens ter wille van die plaaslike kerk verrig.

- Die verbintenis tussen die plaaslike kerk en die predikant berus nie op 'n kontraktuele ooreenkoms nie. Die predikant ontvang sekere regte en pligte, maar nie op grond van 'n kontraktuele ooreenkoms nie – wel by wyse van sy bevestiging in die predikantsdiens.
- Die regte en pligte wat die predikant deur die bevestiging ontvang, is inherent gegrond op sy opdrag en taak om die evangelie van Christus in die wêreld te verkondig. Hierdie regte en pligte moet derhalwe deur die kerk en deur middel van die toepaslike kerkordelike bepalings gereël word.
- Die predikant verrig sy diens in 'n gemeenskap van geroepenes. Deur die besondere roeping word die predikant as bedienaar van die Woord in die gemeente gestel. Die doel van die kerkorde is om die roeping van die predikant te reël en nie om 'n burgerlike ooreenkoms deur middel van 'n kontrak te reël nie.
- In die kerk van die Here berus die gesag wesenlik alleen by die Here van die kerk. Die verbintenis tussen die kerkraad en die predikant kan slegs vanuit die eenheid en gelykheid van die diens verstaan word. Die kerkraad kan dus nie gesag oor die predikant uitoefen nie en die predikant kan eweneens nie gesag oor die kerkraad uitoefen nie.
- Die taakaanduiding van die predikant is deurslaggewend om vas te stel of sy regsposisie nie op grond van die bepalings van die arbeidswetgewing gereël mag word nie. Die staat mag nie invloed op die bediening van die Woord uitoefen nie en derhalwe ook nie op die reëling van predikante se regsposisie nie.
- Die beroepsbrief is die mededeling aan die predikant dat die Here hom tot diens in 'n ander plaaslike kerk roep. Die bewoording van die beroepsbrief behoort hersien te word aangesien die huidige bewoording die indruk kan skep dat die kerk wat beroep, 'n kontraktuele werksaanbod rig aan die predikant wat beroep word.
- Die predikant ontvang nie 'n salaris vir dienste wat gelewer is nie, maar ontvang 'n traktement wat hom in staat stel om sy diens in die kerk van die Here te verrig. Die predikant se diens om die evangelie te verkondig kan nie finansieel vergoed word nie.
- Die regsposisie van die predikant word deur die interne kerklike reg beskerm deur verskillende Kerkordebepalings. Die opdrag om visitasie te doen behoort eweneens die opdrag in te sluit om vas te stel of die gemeente hulle

verantwoordelijkheid teenoor die predikant nakom met betrekking tot die traktement van die predikant.

Hoofstuk 5

BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

Die probleemstelling van hierdie studie is in Hoofstuk 1 soos volg geformuleer:

Wat is die regsposisie van die Gereformeerde predikant in Suid-Afrika – 'n godsdienstneutrale staat – beoordeel vanuit die Gereformeerde kerkreg en teen die agtergrond van die kerk-staatkonteks in Suid-Afrika ná 1996?

5.1 Kontekstualisering en konkretisering

Die resultate van hierdie studie word aangebied in die vorm van 'n stel gevolgtrekkings wat fokus op spesifieke probleemareas wat verband hou met die predikant se regsposisie. Tegelykertyd word die kerk-staatkonteks bespreek binne die raamwerk van die Suid-Afrika situasie en aan die hand van konkrete voorbeelde.

In die hierop volgende paragrafe word aandag gegee aan die gevolgtrekkings wat gemaak is aangaande spesifieke probleemareas wat die predikant se regsposisie raak.

5.2 Bevindings en aanbevelings

5.2.1 Godsdienstvryheid en die predikant se regsposisie

In die regspraktik word 'n onderskeid gemaak tussen die reg van godsdienstvryheid en die reg om godsdienstvryheid uit te leef. Die reg van godsdienstvryheid is 'n absolute reg. Die staat durf dus nie aan staatsburgers voorskryf waarin hulle mag glo nie. Die reg om godsdienstsoortuigings uit te leef is egter nie 'n absolute reg nie. Volgens hierdie uitgangspunt mag die staat sekere beperkings op die uitlewing van godsdienst plaas. Die verhouding tussen die reg van godsdienstvryheid en die reg om godsdienst uit te leef, kan soos volg verduidelik word: Die staat mag nie aan mense voorskryf of hulle Satansaanbidders mag wees of nie. Die keuse om aan 'n spesifieke aanbiddingsgemeenskap te behoort, berus by die individu en word deur die Grondwet beskerm as die reg van godsdienstvryheid. Die staat mag wel sekere

praktyke, waarin die uitlewing van Satanisme voorkom, verbied indien dit in botsing sou kom met die algemene belang. Satanisme sou byvoorbeeld verbied word as dit gaan oor die gebruik van dwelms en die offer van mense.

In Suid-Afrika het hoewe die reg van godsdienstvryheid reeds by verskeie geleenthede verbind aan die reg op die uitlewing van godsdienste. Die uitlewing van godsdienstvryheid is implisiet ingesluit by die grondwetlike waarborg van godsdienstvryheid (vgl. *R v Big M Drug Mart Ltd* (1985) 13 CRR 64):

Of the right to freedom of religion the following was said in S v Lawrence; S v Negal; S v Solberg 1 1997 (4) SA 1176 (CC) at 1208 in the judgment of Chaskalson P (paragraph 92): "In the Big M Drug Mart case (R v Big M Drug Mart Ltd (1985) 13 CRR 64 at 97, a decision of the Supreme Court of Canada) Dickson CJC said:

'The essence of the concept of freedom of religion is the right to entertain such religious beliefs as a person chooses, the right to declare religious beliefs openly and without fear of hindrance or reprisal, and the right to manifest religious belief by worship and practice or by teaching and dissemination.'

I cannot offer a better definition than this of the main attributes of freedom of religion. But, as Dickson CJC went on to say, freedom of religion means more than this. In particular he stressed that freedom implies an absence of coercion or constraint and that freedom of religion may be impaired by measures that force people to act or refrain from acting in a manner contrary to their religious beliefs.' *Nkosi and Another v Bührmann* 2002 (6) BCLR 574 (SCA).

Die hoewe in Suid-Afrika het nog nie die beginsel van godsdienstvryheid toegepas op predikante se regsposisie nie (vgl. Hoofstuk 2). Indien hierdie beginsel nie op predikante se regsposisie toegepas word nie en die kerk derhalwe volgens sy eie kerkregtelike bepalings beoordeel word, kan die voor die hand liggende alternatief wees om predikante se regsposisie te beoordeel deur die staat se tersaaklike bepalings van die arbeidsreg toe te pas. In Duitsland word aanvaar dat die skopus van die arbeidsreg beperk is tot wêreldlike verbintenisse en nie tot godsdienstbepaalde verhoudinge nie. Ook in Suid-Afrika word dié standpunt deur regsgeleerdes gehuldig. Volgens Olivier (2002:232) plaas die beperkte skopus van die arbeidsreg juis die reëling van predikante se regsposisie buite die staat se reëlingsbevoegdheid. Arbeidswetgewing het dus nie ten doel om godsdienstbepaalde

aangeleenthede, soos die reëling van predikante se regsposisie, te onderneem nie (Olivier, 2002:232).

Kerke wat predikante se posisie definieer as dié van 'n dienaar in die betekenis van 'n werknemer van die kerk, stel hulleself sodoende onderhewig aan die staat se arbeidswetgewing. Hierteenoor word in die staatskerkreg in Duitsland byvoorbeeld geoordeel dat Woordbedienaars in die Evangeliese tradisie nie werknemers van die kerk is nie, maar op godsdienstronde hulle opdrag en taak van die kerk ontvang. Volgens dié beskouing is Woordbedienaars volledig in diens van die kerk, met die konsekwensie dat die arbeidsreg nie op dié verbintenis toegepas mag word nie (vgl. Pirson, 1995:848; Richardi, 2004:6; vgl. 3.6.2).

In die Rooms-Katolieke tradisie is die geestelikes, soos die *clerici* van bisdomme, verantwoording aan die biskop verskuldig. Die biskop is weer verplig om in die lewensonderhoud van *clerici* te voorsien. Volgens hierdie siening is die *clerici* in werklikheid in diens van die biskop (vgl. Richardi, 2004:6). Tog word die Woordbedenaar nie in een van dié tradisies beskou as 'n werknemer, wie se posisie onderhewig is aan die staat se arbeidswetgewing nie. Die verhouding tussen die Woordbedenaar en die kerk word in sowel die Evangeliese as die Rooms-Katolieke tradisies by wyse van kerklike prosedure as 'n interne kerklike aangeleentheid gereël (vgl. Richardi, 2004:6).

Ook in Suid-Afrika kan die predikant as 'n taakgelastigde of as 'n dienaar van die kerk gedefinieer word (vgl. Pienaar, 1986:38). Sodanige definisie hoef nie te beteken dat die kerk die bedoeling het om die regsposisie van predikante by wyse van die staat se arbeidswetgewing te reël nie (vgl. Niemand, 2001:1-9). Vanuit 'n kerkregtelike perspektief bied die Duitse benadering 'n riglyn om te bepaal of die staat die bevoegdheid het om invloed op predikante se regsposisie uit te oefen. In die lig van die beginsel van godsdienstvryheid word duidelik onderskei tussen die opdrag en taak van die kerk en dié van die staat. Die kerk het dus die bevoegdheid om sake te reël wat aan die uitvoering van die kerk se opdrag verbind word. Die staat het nie die bevoegdheid om hierdie take namens die kerk te reël of uit te voer nie.

5.2.2 Staatsneutraliteit en die predikant se regsposisie

In Hoofstuk 2 is daarop gewys dat hoewe in Suid-Afrika nie die staat se godsdienneutrale uitgangspunt in ag geneem het met die beoordeling van predikante se regsposisie nie. Die hoewe het wel daarop gewys dat die beginsel van godsdienneutraliteit in Suid-Afrika begroot word deur die grondwetlik gewaarborgde reg van godsdiennvryheid. Die hof wys daarop dat die bepaling van die reg tot ... *freedom of conscience, religion, thought, belief and opinion* die basis is vir die begrooting van die staat se neutraliteitsstandpunt (*Allsop v McCann* [2000] JOL 7147 (C) op 15). In Suid-Afrika word aanvaar dat die staat se neutraliteitsbeginsel hoofsaaklik twee dinge impliseer:

One is that the judge may never let his or her personal religious beliefs intrude upon the determination ...

*The second and predominant meaning of neutrality here is that the law is impartial in religious matters. There is no a priori legal preference. One branch of the same religion is not inherently superior to another, nor one religion over another, nor is religion generally to be preferred to non religion (vgl. *Allsop v McCann* [2000] JOL 7147 (C) op 15).*

Howe gaan van 'n neutrale standpunt uit in die beoordeling van godsdienneangeleenthede. Die implikasie van so 'n beskouing is dat die staat nie voorkeur mag gee aan die beskouings van enige groep of denominasie nie (*Allsop v McCann* [2000] JOL 7147 (C) op 15). Daar moet aanvaar word dat die reëling van die predikant se regsposisie in tradisionele kerkregeringstelsels (Evangeliese, Rooms-Katolieke en Gereformeerde stelsels) 'n uitdrukkingswyse van die kerk se belydenis en wese as 'n geloofsgemeenskap is. Die neutraliteitsbeginsel van die staat verplig hoewe om godsdienneangeleenthede onpartydig te beoordeel (Van der Vyver, 2000(a):3-6; vgl. Van der Vyver, 2000(b)).

Die staat se neutraliteitsbeginsel behoort ook die beginsel te erken dat die staat nie mag inmeng in die beoordeling van kerklike sake nie. Op grond van die beginsel dat die staat nie mag inmeng in godsdienneangeleenthede en derhalwe ook nie in die interne reëlings van kerke en geloofsgroepe nie, behoort Suid-Afrikaanse hoewe nie op eie inisiatief invloed op die reëling van die predikant se regsposisie uit te oefen nie (BverfG, BvR 1436/02 vom 3.6.2003 par 10; vgl. Hollerbach, 1998:34). In die lig van

die voorafgaande beredenering is die neutraliteitsbeginsel én die gevolglike beginsel van nie-inmenging deur die staat van deurslaggewende belang vir die reëling van predikant se regsposisie. Predikante se regsposisie is immers 'n aangeleentheid wat deur die kerk se belydenis bepaal word.

5.2.3 *Kerk-staatteorieë en die predikant se regsposisie*

Die Konstitusionele Hof van Suid-Afrika het reeds daarop gewys dat die teorie van soewereiniteit in eie kring, wat steeds deur verskeie regsgeleerdes en kerkregtelikes voorgestaan word, nie 'n oplossing vir die verhouding tussen kerk en staat bied nie:

While certain aspects may clearly be said to belong to the citizen's Caesar and others to the believer's God, there is a vast area of overlap and interpretation between the two. It is in this area that balancing becomes doubly difficult, first of the problems of weighing considerations of faith against those of reason, and secondly because of the problems of separating out what aspects of an activity are religious and protected by the Bill of Rights and what are secular and open to regulation in the ordinary way (Christian Education South Africa v Minister of Education (par. 33-35).

In Duitsland word die teorie van soewereiniteit in eie kring – die 'sfeer-teorie' – nie meer toegepas nie, vanweë die feit dat dit gewoon nie moontlik is om die sfeer van die kerk en die staat van mekaar te onderskei nie (Robbers, 2001:655). Suid-Afrikaanse howe sou by dié benadering in Duitsland kan aansluit deur die teorie van funksionele koördinerings toe te pas op die kerk-staatverhouding en derhalwe ook op die predikant se regsposisie. As die teorie van funksionele koördinerings op die kerk-staatverhouding in Suid-Afrika toegepas word, is die erkenning van die eie aard van die kerk én die unieke posisie wat die kerk in die gemeenskap het, 'n noodwendige vereiste.

In Duitsland word die teorie van soewereiniteit in eie kring, die sogenaamde sfeer-teorie nie meer toegepas nie, vanweë die feit dat dit gewoon nie moontlik is om die sfeer van die kerk en die sfeer van die staat van mekaar te onderskei nie (Robbers, 2001:655). Suid-Afrikaanse howe sou by die benadering in Duitsland kan aansluit deur die teorie van funksionele koördinerings toe te pas op die kerk-staatverhouding, en derhalwe ook op die predikant se regsposisie.

5.2.4 *Die kerk se reg om homself en sy ampte te definieer*

In die lig van die grondwetlik gewaarborgde reg van godsdienstvryheid het die kerk die reg om homself en sy ampte te definieer (Gildenhuys, 2001:242; vgl. Hoofstuk 3). Hierdie grondwetlik gewaarborgde reg van die kerk plaas die definiëring van die predikant se regsposisie buite die afhandelingsbevoegdheid van die godsdienstneutrale staat se howe (vgl. Gildenhuys, 2001:242).

In die howe se beoordeling van kerklike sake, én derhalwe in die beoordeling van die vraag of 'n predikant 'n werknemer van die kerkraad is, dien die kerkorde nog altyd as norm vir dié beoordeling. Gegronsd op die beskouing dat die kerk 'n vrywillige vereniging is, word die kerkorde beskou as die konstitusie of grondwet van die kerk, waarvolgens kerklike sake beoordeel word. Dit was ook die geval in die *Schreuder*-saak (*Schreuder v Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit & others* 1999 20 ILJ 1936 op 1938 e.v.).

Binne die kerk as andersoortige gemeenskap waarin die verbintenis tussen die predikant en die plaaslike kerk op 'n eiesoortige wyse plaasvind, sou dit 'n skending van die kerk se reg van selfdefiniëring, én derhalwe 'n skending van die reg van godsdienstvryheid wees indien howe die toets vir 'n werkgever-werknemerverbintenis op die verbintenis tussen die predikant en die kerkraad sou toepas (vgl. Grogan, 2000:17-24 vir die toets van 'n werkgever-werknemerverhouding).

5.2.5 *Die toepassing van fundamentele regte op die predikant se regsposisie*

In relevante hofsake oor die predikant se regsposisie (Hoofstuk 2) is Artikel 8 (2) van die Grondwet nie in ag geneem nie. Die toepassing van Artikel 8 kan deurslaggewend wees om te bepaal of die staat se bepalings ten opsigte van arbeidswetgewing van toepassing is op die predikant se regsposisie. Gildenhuys (2001:261) wys daarop dat die waarborg van godsdienstvryheid noodwendig die reg insluit om jou godsdienstige oortuigings uit te leef. Die godsdienstneutrale staat mag dus nie die toepassingsklousule van die Grondwet (Art. 8) gebruik om 'n sekulariserende invloed op die kerk uit te oefen nie. Artikel 8(2) bepaal bowendien

eerder 'n uitsondering as 'n reël vir die toepassing van fundamentele regte op natuurlike en regspersone:

A provision of the Bill of Rights binds a natural or juristic person if, and to the extent that, it is applicable, taking into account the nature of the right and the nature of any duty imposed by the right.

Met betrekking tot die reëling van predikante se regsposisie behoort die kerk se posisie as geloofsgemeenskap deurslaggewend te wees om te bepaal of fundamentele regte 'n direkte of indirekte horisontale binding het. In hierdie opsig behoort die Duitse benadering oorweeg te word. Die Duitse benadering berus naamlik op 'n uitdruklike erkenning van die kerk se posisie as 'n geloofsgemeenskap. As verteenwoordiger van die kerk is die predikant primêr verantwoordelik vir die uitvoering van die kerk se godsdienstige taak. Omdat die verhouding deur godsdienstige reëls bepaal word, het die staat nie die reg om 'n direkte invloed daarop uit te oefen nie. Die kerklike ampsreg is belydenisbepaald. Die toepassing van staatsregtelike beginsels is dus op grond van inhoud, sin en doel nie van toepassing op die kerklike ampsreg nie en dié verbintenisse kan nie vanuit die staatsreg beoordeel word nie (Pirson, 1995:864). Die staat het eerder die verantwoordelikheid om deur die indirekte toepassing van fundamentele regte 'n gemeenskap te skep waarbinne die kerk die predikant se regsposisie billik en regverdig op grond van sy eie bepalings kan reël.

5.2.6 *Die kerk se regspersoonlikheid en die predikant se regsposisie*

Die beskouing wat tans deur Suid-Afrikaanse howe gehandhaaf word, is aanvanklik in Duitsland ontwikkel (vgl. Pienaar, 1986:10 e.v.). Hierdie beskouing kom daarop neer dat die kerk as 'n sogenaamde vrywillige vereniging funksioneer. Teenswoordig word dié beskouing in Duitsland beskou as 'n a-historiese en abstrakte wyse om die kerk te beoordeel (Pirson, 1994:3-46).

Die verrasionaliseerde beeld van die kerk wat deur die *Aufklärung* voorgehou is, word egter steeds deur verskeie regsgeleerdes in Suid-Afrika voorgestaan (vgl. Raath & De Freitas, 2000:1 e.v.). Hoewel 'n versigtige benadering van kerklike sake

deur Suid-Afrikaanse howe gevolg word, word die selfstandigheid van die kerk nie voldoende erken nie. Die kerk funksioneer dus effektief onder die *Hoheitsgewalt* (soewereiniteit) van die staat.

Volgens sodanige uitgangspunt kan die posisie van die kerk in Suid-Afrika in werklikheid beskou word as 'n *Unterordnung* aan die staat. Indien die kerk gedefinieer word as 'n vrywillige vereniging waarin die staat die finale seggenskap oor die reëling van interne kerklike aangeleenthede het, veronderstel die staat 'n reëlingsbevoegdheid oor die transendente, die *König Herrschaft Christi*. Die moontlikheid bestaan derhalwe in Suid-Afrika dat 'n interne kerklike aangeleentheid, soos die predikant se regsposisie, onderwerp kan word aan die gesag van die staat by wyse van die staat se arbeidswetgewing.

Ten opsigte van die regspersoonlikheid van die kerk is daar 'n moontlike ooreenkoms tussen Suid-Afrika en Duitsland se sienings van regspersoonlikheid. In Suid-Afrika maak die Grondwet 'n onderskeid tussen privaatregtelike regspersone en staatsorgane (GW Artt. 8(1); 8(4)). Volgens die Grondwet word staatsorgane deur grondwetlike bepalings gebind (GW Art. 8(1)). Gildenhuys (2001:259 e.v.) toon aan dat die posisie in Duitsland en in Suid-Afrika basies ooreenstem aangesien Artikel 8(4) impliseer dat privaatregtelike regspersone die reg het om as draers van die Handves van Menseregte op te tree:

... [are] entitled to the rights in the Bill of Rights if the nature of the right permits and if it is accepted that juristic persons can be bearers of religious rights.

Op hierdie wyse word die moontlikheid geskep om in Suid-Afrika, soos in Duitsland, juridiese erkenning te gee aan die feit dat die kerk se posisie in die staat eiesoortig is (*sui generis*) (vgl. Robbers, 2001:649). Juridiese erkenning behels die erkenning dat die kerk binne die grense van die staat funksioneer *in a class of its own* (Robbers, 2001:649). In ooreenstemming met die standpunt dat die kerk op eiesoortige wyse funksioneer, moet die predikant se regsposisie in die eiesoortige posisie van die kerk beoordeel word. Die erkenning dat die predikant se regsposisie 'uitgesproke a-tipies' (godsdienstig bepaald) is, beteken dat sy regsposisie in beginsel 'n verbintenis van 'n eie soort (*sui generis*) is (vgl. Pirson, 1995:865 voetnoot 64). Die erkenning dat die

verbintenis eiesoortig is, beklemtoon eweneens dat die reëlingsbevoegdheid vir die hantering van die predikant se regsposisie die kerk se verantwoordelikheid is.

Myns insiens behoort kerke in Suid-Afrika op grond van die kerk se selfdefiniëring daarop aan te dring dat hoewel die kerk se posisie as 'n *Gleichordnung* met die staat moet beoordeel. Die *Gleichordnung* tussen die kerk (en ander godsdiensgroepe) en die staat word gekwalifiseer deur die staat se verbondenheid aan die Grondwet, ongeag geloofsgroepeerings se erkenning daarvan. Volgens hierdie kwalifisering moet die staat sy wetgewende en regsprekende gesag uitoefen, selfs wanneer sekere godsdiens- en ideologiese groepe nie die *Rechtstaat*-beginsel erken nie (vgl. Hesse, 1994:529 voetnoot 24). Die kerke van die Reformasie erken dat hulle aan die *Rechtstaatsprinzip* verbonde is, deur die staat as 'dienaar van God' te beskou. Hierdie uitgangspunt van die Reformatoriese kerke skep nie 'n bedreiging vir die staatsgesag nie (Nagmaalsformulier, 2001:122). Reformatoriese kerke bevind hulle derhalwe in die geleentheid om die vryheid wat die staat deur sy regsorde reël, ten volle te benut.

Die staat behoort op grond daarvan dat die kerk 'n eiesoortige gemeenskap in die samelewing is, 'n plek aan die kerk toe te ken waarin die kerk en die reëling van die kerklike dienste as eiesoortig erken word. Die erkenning van die kerk se eiesoortige aard en die eiesoortige reëlingswyse van die kerklike dienste is die basis vir die toekenning van die kerk se posisie in die reg.

5.2.7 Die selfdefiniëring van die kerk en die predikant se regsposisie

In Suid-Afrika word die regsposisie van die predikant deur die hoewel gedefinieer. Die definiëring vind hoofsaaklik plaas op grond van die hoewel se interpretasie van bepaalde kerklike dokumente, soos die kerkorde. Hierdie benadering word ook in Nederland gevolg (vgl. Pel e.a., 1991:23 e.v.; vgl. byvoorbeeld *Kruis v Geref. Kerk te 's Hertogenbosch* 1991. NJ 1992. 173 mn HJS; Van't Spijker, 2005:256, 257). Volgens sodanige definiëring oefen die hoewel in Suid-Afrika *Hoheitsgewalt* teenoor die kerk uit om die regsposisie van die predikant te definieer. Die beginsel dat die kerk die reg het om homself en sy ampte te definieer, word nie net in Duitsland aanvaar nie. Gildenhuys (2001:242) toon aan dat die kerk se reg om homself en sy

ampte op grond van sy selfbeskouing te definieer 'n algemene beginsel van die grondwetlik gewaarborgde reg van godsdienstvryheid is.

5.2.8 *Die regsbeskerming van die predikant se regsposisie*

Vanuit die reg beoordeel, is die beskerming van die predikant waarskynlik die mees omstrede vraagstuk aangaande predikante se regsposisie. Die staat is verplig om alle landsburgers, ook predikante, se regte te beskerm. Terselfdertyd moet die staat die beginsels van godsdienstvryheid en staatsneutraliteit respekteer. Hierdie beginsels hou in dat howe nie predikante se regsposisie mag definieer nie. Ook mag howe nie interne kerklike dokumente, waarvolgens dié regsposisie gereël word, interpreteer nie. Vir die beoordeling van predikante se regsposisie behoort howe in ag te neem dat die predikant hom onderwerp aan 'n kerkregeringstelsel wat onafhanklik van die staatsowerheid funksioneer. Hoewel hierdie stelsel op ander beginsels as die staat se regstelsel berus én in baie opsigte anders as die staat se regstelsel funksioneer, geld die beginsels van reg en billikheid eweneens.

In gevalle waar die predikant ten opsigte van sy traktement benadeel word, behoort die Duitse benadering oorweeg te word. In Duitsland word naamlik die mening gehuldig dat 'n 'skuldverbintenis' tussen 'n kerkraad en die predikant bestaan, en dat hierdie verbintenis dien as 'n moontlikheid om beskerming aan die predikant te bied. Op grond van die aanname van 'n skuldverbintenis word die moontlikheid geskep dat die kerk deur die hof verplig kan word om sy onderneming om traktement aan die predikant te verskaf gestand te doen, sonder om die kerkorde of die beroepsbrief te interpreteer én sonder om die regsposisie van die predikant in staatsregtelike terme te definieer.

5.2.9 *Die beroepsbrief en die predikant se regsposisie*

Die beroepsbrief mag nie as 'n kontraktuele ooreenkoms tussen die kerkraad en die predikant beskou word nie. Die beroepsbrief is die uitvoering van Artikel 11 van die Kerkorde. Die beroepsbrief reël dus nie 'n vrywillige ooreenkoms tussen kerkraad en predikant nie, maar omlyn wel die verpligte versorging van die predikant soos dit deur die Woord van God bepaal word. Die huidige vorm van die konsepberoepsbrief

bepaal dat die ... *verpligtinge wat die kerkraad teenoor u [die predikant] onderneem betreffende traktement en ander vergoedings en voorsienings asook huisvesting en wat daarmee gepaard gaan, word in die bygaande opgawe vermeld.* Hierdie wyse van formulering skep die indruk dat die beroepsbrief eerder 'n kontraktuele aanbod aan die predikant is as die mededeling van die roeping wat op hom uitgebring is. Hoewel hoewel hierdie dokument nie behoort te interpreteer nie, kan dit tot verwarring aanleiding gee.

Volgens die beginsel van kerklike traktering word die predikant in staat gestel om sy diens te verrig. Die konsepberoepsbrief impliseer dat die kerkraad onderneem om aan die predikant 'n traktement en ander vergoedings en voorsienings asook huisvesting te gee. Hierdie formulering van die konsepberoepsbrief is in der waarheid 'n anomalie, aangesien dit nie moontlik is om in iemand se behoeftes te voorsien as die behoeftes nie vooraf vasgestel is nie. Die huidige bewoording van die konsepberoepsbrief behoort vervang te word met 'n uitnodiging van die kerkraad aan die predikant om, indien hy oorweeg om die beroep op te volg, met die kerkraad in gesprek te tree oor sy versorging. Op hierdie wyse kan die versorging van die predikant gemeenskaplik gereël word.

'n Moontlike herformulering van die toepaslike sin kan byvoorbeeld die volgende wees: "Die kerkraad nooi u vriendelik uit om, indien u oorweeg om die beroep op te volg, 'n afspraak met die kerkraad te maak waartydens ons u traktering sal bespreek". So 'n herformulering van die beroepsbrief bring die kerklike praktyk in ooreenstemming met die beginsel van kerklike traktering, terwyl die kerke ook nie die indruk skep dat die beroepsbrief as 'n kontrak geïnterpreteer moet word nie.

5.2.10 *Kerklike visitasie en die predikant se regsposisie*

Die konsepvrae vir visitasie behoort uitgebrei te word sodat die verpligting van die kerkraad teenoor die predikant met betrekking tot versorging gekontroleer kan word. Die visitatore behoort by die kerkraad navraag te doen of die predikant in staat gestel word om sy diens sonder sorge in die gemeente te verrig.

Deur slegs vas te stel of die predikant sy taak in die gemeente uitvoer, word 'n eensydige beeld van die wedersydse verpligtinge tussen die kerkraad en die predikant geskep. Die visitatore moet vasstel of die predikant in staat gestel word om sy diens sonder sorg in die gemeente te verrig. Die Skrifopdrag om die predikant te versorg, soos dit deur in Artikel 11 van die Kerkorde gereël word, dien juis die opbou en uitbreiding van die koninkryk van God op die aarde. 'n Predikant wat hom voortdurend oor finansies moet bekommer, of selfs bykomende werk moet doen, se volkome toewyding aan sy taak as geroepene van die Here word gekortwiek. Visistatore het derhalwe die verpligting om vas te stel of die wedersydse verantwoordelikheid van die predikant en die kerkraad teenoor mekaar nagekom word.

5.3 *Kerngevolgtrekking aangaande die predikant se regsposisie*

Die kerngevolgtrekking van hierdie studie is dat die Gereformeerde predikant, volgens die selfdefiniëring van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, nie 'n werknemer van 'n kerkraad is nie. Die predikant se regsposisie word gereël en bepaal deur die geloofsgemeenskap (kerk) waarin die predikant dien, by wyse van eiesoortige bepalings, soos dit in die Gereformeerde Kerkorde omlin word.

5.3.1 *Gevolgtrekkings aangaande die predikant se regsposisie in Suid-Afrika – 'n godsdiensneutrale staat*

- Regsonsekerheid aangaande die predikant se regsposisie in Suid-Afrika het hoofsaaklik twee oorsake. *Eerstens* oefen die verskillende kerke nie die reg van selfdefiniëring met betrekking tot die kerk en die kerklike ampte genoegsaam uit nie. *Tweedens* behoort die howe die reg tot kerklike selfdefiniëring te respekteer. Die howe behoort nie interne kerklike dokumente, soos die "Formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord" en die "Beroepsbrief" te interpreteer nie.
- Die predikant se regsposisie word direk deur die skeiding tussen kerk en staat geraak. Dié skeidingsbeginsel beteken dat die staat geensins beheer oor die verkondiging van die evangelie mag uitoefen nie en derhalwe nie die predikant se regsposisie by wyse van arbeidswetgewing mag reël nie. Andersyds mag

die kerk nie daarop aanspraak maak om die staat se reëlingsfeer by wyse van kerklike bepalings te infiltreer nie.

- Die teorie van funksionele koördinerings bied 'n praktiese oplossing om te bepaal of predikante se regsposisie 'n interne kerklike aangeleentheid is al dan nie. Volgens dié teorie word die verskillende opdragte van die kerk en die staat as maatstaf gebruik om te bepaal of 'n spesifieke aangeleentheid, soos die regsposisie van predikante, 'n interne kerklike aangeleentheid is. Aangesien predikante die taak het om die evangelie te verkondig – 'n opdrag wat uitdruklik die taak van die kerk is en nie van die staat nie – behoort die regsposisie van predikante as 'n interne kerklike aangeleentheid beoordeel te word.
- Die erkenning dat die kerk 'n selfstandige gemeenskap is wat 'n intrinsieke gesagstruktuur het om predikante se regsposisie te reël, is gegrond op die erkenning dat die kerk 'n eiesoortige gemeenskap is wat funksioneer in onderworpenheid aan die regering van Christus.
- Die bepalings oor godsdienstvryheid en staatsneutraliteit in die Grondwet van Suid-Afrika het vir die predikant se regsposisie 'n dubbele betekenis. *Eerstens* bied die staat die kerk hiermee die geleentheid om die predikant se regsposisie op grond van eksegeties-dogmatiese gegewens te definieer. *Tweedens* plaas hierdie geleentheid die verantwoordelikheid op die kerk om binne die grense wat die Grondwet stel, kerklike sake selfstandig te definieer en te reël. Deur die geleentheid en verantwoordelikheid aan die kerk te gee om die kerklike ampte selfstandig te definieer en te reël, erken die godsdienstneutrale staat die moontlikheid van die transendente (binne die konteks van dié studie: die moontlikheid van die regering van Christus), én word voorkom dat die staat homself as 'n 'almagtige' heerser voordoet.
- So gesien, mag die staat hom nie die reëling van die predikant se regsposisie by wyse van die arbeidswetgewing toe-eien nie. Die kerk het die reg om self te besluit of die kerk of die staat die predikant se regsposisie reël. Indien die kerk nie sy verantwoordelikheid om die predikant se regsposisie te definieer nie, kan aanvaar word dat die staat op staatswyse, dit wil sê op grond van bepalings van die arbeidswetgewing, sal ingryp om die predikant se regsekerheid te beskerm.

- Die staat het die verantwoordelikheid om regsbeskerming aan die predikant te bied sonder om die interne orde van die kerk te versteur. Die Suid-Afrikaanse howe kan in hierdie opsig sinvol by die Duitse Staatskerkreg aansluit deur die verbintenis tussen die predikant en die kerkraad as 'n 'skuldverbintenis' (*Schuldverhältnis*) te omskryf. Die regsbeskerming van die predikant is dus nie gegrond op 'n veronderstelde kontrak nie, maar op 'n verbintenis van sosiale afhanklikheid van die predikant teenoor die kerkraad.

5.4 *Gevolgtrekkings aangaande die predikant se regsposisie volgens die selfdefiniëring van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*

- Die predikant se regsposisie word deur die kerkregbegrip van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika as 'n interne kerklike aangeleentheid aangedui. Die diens van die predikant is deel van die orde wat Christus vir sy kerk gee. In hierdie orde tree die predikant as bedienaar van die Woord van God op, en nie as 'n werknemer van die kerkraad nie.
- Die Kerkorde bevat nie selfstandige gesag of gesag wat uit die Skrif afgelei word nie, maar reël die Skrifopdragte met betrekking tot die predikant se regsposisie. Die kerkregbegrip van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika maak nie voorsiening vir 'n ander gesag as die gesag van Christus om die predikant se regsposisie te reël nie. Die gesag van die arbeidswetgewing van die staat kan derhalwe nie gebruik word om die regsposisie van die predikant te reël nie.
- Deur die roeping wat van die Here uitgaan, is die predikant 'n dienskneg van die Here van die kerk. Dié roeping word gereël in 'n gemeenskap van mense wat deur die Here geroep is. Die predikant se regsposisie in 'n geloofsgemeenskap word gereël op 'n wyse waarvolgens roeping geld as die maatstaf vir enige diens wat in die kerk gedoen word.
- Die Here dra nie sy gesag aan die kerk of 'n individu oor om die predikant in diens te neem nie. Op hierdie wyse word die regsposisie van die predikant gereël as 'n eiesoortige posisie wat heeltemal anders van aard is as dié van 'n werkgewer teenoor 'n werknemer.

- Die regsposisie van die predikant word bepaal deur geloofsbepalings wat eiesoortig aan die kerk is. Nieteenstaande die feit dat die staat nie vanuit 'n neutrale vertrekpunt seggenskap oor die regsposisie van die predikant het nie, bevestig die kerkordelike bepalings die eiesoortigheid van dié regsposisie.
- Die eiesoortige posisie van die predikant word veral beklemtoon deur die kerkordelike reëlins waardeur die regsposisie van die predikant as 'n geloofsverbintenis gereël word. Die volgende bepalings is deurslaggewend vir die beoordeling van die predikant se regsposisie: die bepalings oor die verhouding tussen die kerk en die predikant, die verhouding tussen die kerkraad en die predikant, die taakoms krywing van die predikant, die versorging van die predikant, die betekenis van die beroepsbrief, die kerkordelike bepalings oor die tug en die beginsel dat meer kerke die predikant se roeping en die uitlewing van sy roepingstaak moet beoordeel.
- Soos die roeping van die predikant 'n aanduiding is dat die predikant nie in diens van die kerk staan nie, maar in diens van Christus, is die traktement wat die predikant ontvang, 'n aanduiding dat die predikant nie in 'n kontraktuele verhouding met die kerk staan nie. Die aard en omvang van die traktement wat die predikant van die kerkraad ontvang, word nie bepaal deur 'n vrywillige ooreenkoms nie, maar rus op 'n Skrifbegronde verpligting van die gemeente. Die traktement wat die predikant ontvang, is derhalwe nie 'n vrywillige ooreenkoms tussen die kerkraad en die predikant nie, maar die uitvoering van die Skrifopdrag dat dié wat die evangelie verkondig, ook van die evangelie moet leef.
- So gesien, voldoen die predikant se regsposisie, soos dit deur die Kerkorde gereël word, nie aan sekere fundamentele vereistes om 'n kontrak tussen die kerkraad en die predikant tot stand te bring nie. Die doel van dié verbintenis is byvoorbeeld nie om 'n kontrak tussen die kerkraad en die predikant te sluit nie, maar om uitvoering aan die Skrifopdrag te gee deur die roeping van die predikant te reël. Op hierdie wyse kom 'n godsdiensooreenkoms tussen die predikant en die kerkraad tot stand. Eweneens onderwerp die kerkraad en die predikant hulle op grond van hulle gemeenskaplike belydenis aan die regering van Christus. In hierdie opsig geld 'n wilsooreenkoms nie – soos dit wel in die geval van 'n kontraktuele verhouding is.

- Indien 'n predikant in ooreenstemming met Artikel 11 van die Kerkorde deur die bevoegde kerklike vergadering herberoepbaar gestel word, behoort dit gedoen te kan word sonder inmenging van die staat ten opsigte van die materie van die saak.
- Indien 'n predikant onder kerklike sensuur geplaas word deur die bevoegde kerklike vergadering (KO Artt. 79 e.v.), behoort ook dit gedoen te kan word sonder inmenging van die staat ten opsigte van die materie van die saak.
- Die kerk behoort die alleenreg te hê om op grond van sy selfdefiniëring te besluit of predikante aan werknemersvakbonde of aan kerklike vakbonde mag behoort. Die inherente strydkwessies tussen werkgever en werknemer, waarvolgens die vakbondwese onder meer funksioneer, is nie versoenbaar met die liefdesgebod van die Skrif wat bepalend is vir die verbintenis tussen die kerk, die kerkraad en die predikant nie. Indien die kerk sy interne prosedure volg, wat beteken dat meer kerke altyd betrokke is by die beoordeling van die predikant se regsposisie behoort dit nie nodig te wees dat predikante aan enige vakbonde behoort nie. So ook is die lidmaatskap van vakbonde onnodig as kerke en predikante erns maak met die liefdesgebod, waarin die een altyd die ander se voordeel moet soek.

5.5 *Samevattende gevolgtrekking*

Die geheelindruk van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika se reëling van die predikant se regsposisie bied dié perspektief dat die Here die kerk en die predikant in 'n eiesoortige verbintenis stel. Hierdie verbintenis moet by wyse van die kerk se geloofsorte gereël word, omdat die kerkorde inherent voorsiening maak vir die reëling van hierdie eiesoortige verbintenis. Gesien binne die breë konteks van dié studie mag die staat nie beheer oor die predikant se regsposisie uitoefen nie, omdat die predikant 'n godsdiensooreenkomstige opdrag en taak vervul.

BIBLIOGRAFIE

ACTA

kyk

HANDELINGE VAN DIE SINODE

ANSCHÜTZ, G. 1937. Die Religionsfreiheit. Handbuch des Deutschen Staatsrecht. 2. Band. Tübingen : J.C.B. Mohr.

BADURA, P. 1994. Das Staatskirchenrecht als Gegenstand des Verfassungsrechts. Die verfassungsrechtlichen Grundlagen des Staatskirchenrechts. (*In* Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Duncker & Humblot : Berlin. p. 211-251.)

BARMEN ERKLÄRUNG. 1934. <http://www.heiligenlexikon.de/> [besoek op 13 September 2004.]

BASDEVANT-GAUDEMET, B. 1995. Staat und Kirche in Frankreich. (*In* Robbers, G., Hrsg. Staat und Kirche in der Europäischen Union. Baden-Baden : Nomos. p. 127-158.)

BAVINCK, H. 1930. Gereformeerde Dogmatiek. Vierde Deel. Vierde onveranderde druk. Kampen : Kok.

BERGER, A. 1953. Transactions of the American Philosophical Society. Encyclopedic Dictionary of Roman Law. Philadelphia : The American Philosophical Society.

BERKHOF, L. 1976. Systematic Theology. London : Cox & Wyman.

BESIER, G. & LOHSE, H. 1989. Einleitung. (*In* Besier, G. und Lohse, E. Glaube Bekenntnis Kirchenrecht. Festschrift für Vizepräsident Hans Philipp Meyer. p. 11-17.)

BOHATEC, J. 1961. Calvins Lehre von Staat und Kirche: mit besondere Berücksichtigung des Organismusgedankens. Aalen : Scienta.

BOS, F.L. 1950. De orde der kerk. 's-Gravenhage : Uitgeverij Guido de Bres.

BOUMA, C. 1942. Timoteus en Titus. (*In* Greijdanus, S., Grosheide, F.W. & Van Leeuwen, J.A.C. Kommentaar op het Nieuwe Testament. Amsterdam : Bottenburg.)

BOUMA, C. 1953. I, II Timotheus en Titus – Filémon. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Tweede Druk. Kampen : Kok.

BOUMA, C. 1964. Het Evangelie naar Johannes. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Vierde Druk. Kampen : Kok.

BOUWMAN, H. 1912. De kerklijke tucht na het Gereformeerde Kerkrecht. Kampen : Kok.

BOUWMAN, H. 1970(a). Gereformeerd Kerkrecht. Eerste Deel. Kampen : Kok.

BOUWMAN, H. 1970(b). Gereformeerd Kerkrecht. Tweede Deel. Kampen : Kok.

BRASSEY, M. 1998. Employment and Labour Law. Volume I. Kenwyn : Juta & Kie.

BRITZ, R.M. 1999. Predikante kontrakte is 'n fout. *Die Kerkbode*, 162(10):4.

BROWN, E. 1988. Amp en belydenis. (*In* Rossouw, P.J., red. Gereformeerde Ampsbediening. Pretoria : N.G. Kerk-boekhandel. p. 153-165.)

BROYDE, M.J. 1996. Forming religious communities and respecting dissenter's rights: A Jewish tradition for a modern society. (*In* Van der Vyver, J.D. and Witte, John (Jr.). Religious Human Rights in Global Perspective. London : Martinus Nijhoff. p. 203-233.)

BRUNSTÄD, F. 1935. Die Kirche und ihr Recht. Halle : M&N Verlag.

BURGSMÜLLER, A. & FRIELING, R. 1974. Einführung. (*In* Burgsmüller, A. und Frieling, R. *Hrsg.* Amt und Ordination im Verständnis evangelischer Kirchen und ökumenischer Gespräche. Gütersloher : Gerd Mohn. p. 11-35.)

CALVIN, J. 1848. Commentary on the Epistles of Paul the Apostle to the Corinthians. Volume First. Translated from the original Latin, and Collated with the author's French version, by the Rev. John Pringle. Edinburgh : Printed for the Calvin Translation Society.

CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike Godsdiens. Boek IV. Vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds.

CHESHIRE, G.C. & FIFOOT, C.H.S. 1976. Law of Contract. Ninth Edition. London : Butterworths.

CHRISTIE, R.H. 1996. The Law of Contract in South Africa. Third Edition. Durban : Butterworths.

CODEX IURIS CANONICI, s.j. Münsterischer Kommentar zum Codex iuris canonici unter besonderer Berücksichtigung der Rechtslage in Deutschland, Österreich und der Schweiz. Hrsg. von Klaus Lüdicke unter Mitarb. von Rudolf Henseler. Essen : Ludgerus Verl.

COENEN, 1986. Call. (*In* Dictionary of New Testament Theology. Volume 1. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. p. 271-276.)

COERTZEN, P. 1991. Gepas en ordelik. Pretoria : RGN-uitgewers.

COERTZEN, P. 1999. Predikante-kontrakte – g'n fout nie. *Die Kerkbode*, 162(12):6.

COERTZEN, P. 2001. Die regsposisie van kerke in Suid-Afrika. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 42(1 & 2):115-122.

COETZEE, C.F.C. 2002. Die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika en die verhouding tot die owerheid: geleentheid en knelpunte. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 43(1 & 2):197-206.

COETZEE, J.C. 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament. Potchefstroom : Pro Rege.

COETZEE, J.C. 1988. Gedagtestruktuurontleding en die eksegeese van die Heilige Skrif. (In Coetzee, J.C., red. Koninkryk, Gees en Woord: huldegingsbundel aangebied aan professor Lambertus Floor. Pretoria : N.G. Kerk-boekhandel. p. 19-38.)

DE BRES, G. 1561. Die Nederlandse geloofsbelydenis. (In Die berymde Psalms. Kaapstad : N.G. Kerk-uitgewers. p. 488-516.)

DE VILLIERS, J.L. 1997. Kulturele, ekonomiese en sosiale omstandighede in die Grieks-Romeinse wêreld. (In Du Toit, A.B., red. Handleiding by die Nuwe Testament II. Die leefwêreld van die Nuwe Testament. Halfway House : Orion Uitgewers. p. 137-172.)

DE WET, E. 1995. The positive aspects of certain negative rights in the interim bill of rights: identifying certain parallels with Teilhaberechte in German constitutional law. *Suid-Afrikaanse Privaatreg*, 10(1):73-106.

DE WET, E. 1996. A German Perspective on the constitutional enforceability of children's and Labour Rights in the interim bill of rights with special reference to Drittwirkung. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins Hollandse Reg*, (59):577-596.

DE WET, J.C. & Van Wyk, A.H. 1992. Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg. Vyfde Uitgawe. Durban : Butterworths.

DOMBOIS, H. 1969. Das Recht der Gnade. Witten : Luther-Verlag.

DREIER, R. 1997. Der Rechtsbegriff des Kirchenrechts in juristisch-rechtstheoretische Sicht. (*In* Rau, G., Reuter, H.R. & Schlaich, K., *Hrsg.* Das Recht der Kirche. Band I. Gütersloh : Kaiser. p. 171-198.)

DU PLESSIS, L.M. 1996. The Bill of Rights in the Working Draft of the New Constitution: An Evaluation of Aspects of a Text *sui generis*. *Stellenbosch Law Review*, 7(1):3-24.

DU PLESSIS, L.M. 1997. Menseregte in die skadu's en skanse van die ivoortoring. *Stellenbosch Law Review*, (2):181-191.

DU PLOOY, A. le R. 1979. Ekklesia en meerdere vergaderinge. Potchefstroom : PU vir CHO. (M.A.-verhandeling.)

DU PLOOY, A. le R. 1982. Kerkverband. 'n Gereformeerde kerkregtelike studie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

DU PLOOY, A. le R. 1988. Die verband tussen die Skrif, Konfessie en Kerkorde volgens die Gereformeerde Kerkreg. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks H: nr. 113.)

DU PLOOY, A. le R. 1998. The keys of the Kingdom as paradigm for building up the church in reformed church government. *In die Skriflig*, 32(1):53-68.

DU PLOOY, A. le R. 2001. Koninkryk, kerk en universiteit. (*In* Van Wyk, J.H., *red.* Kerk en Christenwees vandag. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. p. 35-44.)

DU PLOOY, A. le R. 2002. Kerke se interne verbandsreg en die arbeidswetgewing. Advies aan die Konvent van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. p. 1-6. Ongepubliseerd.

DURHAM, W. 1996. Perspectives on Religious Liberty: A Comparative Framework. (In Van der Vyver, J.D. and Witte, John (Jr.). Religious Human Rights in Global Perspective. Legal Perspectives. London : Martinus Nijhoff. p. 1-44.)

EBERS, G.J. 1930. Staat und Kirche im neuen Deutschland. München : Max Hüber.

EINFÜHRUNG IN EINE PFARSTELLE. 1972. (In Ordination. Güttersloh : Güttersloher Verlagshaus. p. 30-36.)

ERGÄNZUNG FÜR DIE GLIEDKIRCHEN DER EKU. 1972. (In Ordination. Güttersloh : Güttersloher Verlagshaus. p. 18-19.)

ERLER, A. 1983. Kirchenrecht. München : C.H. Beck'sche Verlagsbuchhandlung.

EUROPÄISCHE MENSCHENRECHTSKONVENTION. 1950. 4. November 1950, geändert durch Protokoll Nr. 11 vom 11.5.1994.

http://de.wikisource.org/wiki/Europäische_Menschenrechtskonvention [besoek op 13 Januarie 2005.]

FEENSTRA, J.G. 1947. Onze Geloofsbelijdenis. Tweede druk. Kampen : Kok.

FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD. 2001. (In Die Psalmboek. Wellington : N.G. Kerk-uitgewers. p. 137-142.)

FOUCHÉ, M.A. 1999. Requirements for a Valid Contract: Concensus. Fourth edition. Durban : Butterworths.

FOURIE, D.C.G. 1973. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk as regspersoon in die Suid-Afrikaanse privaatrecht. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif.)

FOURIE, P.J.A. 2002. Die implikasies van grondwetlik-gewaarborgde godsdiensvryheid vir die arbeidsregtelike posisie van predikante en ander geestelikes. (MBA-skripsie. Stellenbosch.)

FRANK, J. 1974. Das Dienstrecht der Kirchen und Religionsgemeinschaften. (*In* Ernst Friesenhahn und Ulrich Scheuner in Verbindung mit Joseph List. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. p. 669-725.)

FRANK, J. 1976. Dienst und Arbeitsrecht in der evangelische Kirche. Essener Gespräche zum Thema Staat und Kirche. Münster : Aschendorf. p. 9-33.

GILDENHUYS, J. 2001. An Assessment of Constitutional Guarantees of Religious Rights and Freedoms in South Africa. (LL.D. Stellenbosch.)

GOUMAZ, L. 1964. Het ambt bij Calvijn. Een samenvatting naar zijn commentaren op het Nieuwe Testament. Vertaald en ingeleid door K. Deddens. Franeker : Wever.

GRAND, B. 2003. Is a Priest an Employee for the Purposes of our Labour Legislation? *Obiter*, 24(1):157-162.

GROGAN, J. 2000. Workplace law. Fifth Edition. Kenwyn : Juta.

GROGAN, J. 2003. Workplace law. Sixth Edition. Kenwyn : Juta.

GROSHEIDE, F.W. & VAN ITTERZON, G.P. 1956. Christelijke Encyclopedie. Deel 1. Kampen : Kok.

GROSHEIDE, F.W. 1932. De Eerste Brief van den Apostel Paulus aan de Kerk te Korinte. Amsterdam : Van Bottenburg.

HAGER, J. 1994. Grundrechte im Privatrecht. *Juristenzeitung*, 49(22):373-383.

HANDELINGE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1998. www.ngkerk.org.za [besoek op 15 September 2004.]

HANDELINGE VAN DIE AGT-EN-TWINTIGSTE NASIONALE SINODALE VERGADERING VAN DIE GEREFORMEERDE GEMEENTES IN SUID-AFRIKA. 1945. Pretoria : Caxton.

HANDELINGE VAN DIE DERTIGSTE NASIONALE SINODALE VERGADERING VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1949. Pretoria : V & R Drukkery.

HANDELINGE VAN DIE TWEE-EN-DERTIGSTE NASIONALE SINODALE VERGADERING VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1955. Pretoria : V & R Drukkery.

HANDELINGE VAN DIE EEN-EN-VEERTIGSTE NASIONALE SINODE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1982. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.

HANDELINGE VAN DIE TWEE-EN-VEERTIGSTE NASIONALE SINODE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1985. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.

HANDELINGE VAN DIE VIER-EN-VEERTIGSTE NASIONALE SINODE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1991. Potchefstroom : Potchefstroom Herald.

HAT

kyk

ODENDAAL

HECKEL, M. 1968. Die kirchen unter dem Grundgesetz. *Veröffentlichungen der Vereinigung der Deutschen Staatslehre*. Heft 26. Berlin : Walter de Gruyter. p. 5-48.

HECKEL, M. 1994(a). Die Verhältnis von Kirche und Staat nach Evangelischem Verständnis. (*In* Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrecht der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Berlin : Dunckler & Humblot. p. 157-208.)

HECKEL, M. 1994(b). Die religionsrechtliche Parität. (*In* Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrecht der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Berlin : Dunckler & Humblot. p. 589-622.)

HERBERT, K. 1967. Zu Grundartikel und Ordination – über Entscheidung und Abscith der Dokuments. *Grundartikel und Ordination in der Evangelischen Kirche in Hessen und Nasau. Schriften der Evangelischen Akademie in Hessen und Nassau.* Heft 70. p. 55-58.)

HESSE, K. 1994. Das Selbstbestimmungsrecht der Kirchen und Religionsgemeinschaften. (*In* Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Dunckler & Humblot : Berlin. p. 521-559.)

HOLLERBACH, A. 1968. Die Kirchen unter dem Grundgesetz. *Veröffentlichungen der Vereinigung der Deutschen Staatsrechtslehrer.* Heft 26. Berlin : Walter de Gruyter. p. 57-101.

HOLLERBACH, A. 1994. Die vertragrechtlichen Grundlagen des Staatskirchenrechts. (*In* Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrecht der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Berlin : Dunckler & Humblot. p. 253-287.)

HOLLERBACH, A. 1998. Religion und Kirche im freiheitlichen Verfassungsstaat. *Schriftenreihe der Juristischen Gesellschaft zu Berlin.* Heft 156. Berlin : W de G.

HOLSTEIN, G. 1927. Die beamtenliche Normen der Reichsverfassung und die Stellung der Geistlichen und Kirchenbeamten. *Archiv des Öffentlichen Rechts.* 52. Band (13. Dand der Neuen Folge) p. 153-208.

HOPPE, H. 1989: Kirchenbegriff und Vervassung. Hans Philipp Meyer und die honnoversche Kirchenvervassung. (*In* Besier, G. und Lohse, B. Glaube Bekenntnis Kirchenrecht. Festschrift für Vizepräsident Hans Phillipp Meyer. p. 96-103.)

HOVIUS, J. 1962. Het verband tussen onze belijdenis en onze kerkorde. Smeek : Weissenbach.

HOVIUS, J. 1972. Notities betreffende de Synode te Emden, 1571, en haar artikelen. Apeldoornse Studies nr. 4. Kampen : Kok.

IRIS, S. 1995. Ordination. Die Rechtslage in den Landeskirchen im Bereich der EKD. (Inaugural-Dissertation – Rheinischen Friedrich-Wilhelms. Universität Bonn.)

JANSEN, J. 1937. Korte verklaring van de kerkenordening. Tweede druk. Kampen : Kok.

JORDAAN, B. & Rycroft, A. 1994. Handleiding tot die Suid-Afrikaanse Arbeidsreg. Kenwyn : Juta en Kie.

JOUBERT, HENDRIKSE, e.a., 2002. Bestuursgids vir diensverhoudinge in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. www.ngkerk.org.za [besoek op 15 September 2004.]

JOUBERT, J. 2002. Die kerk as werkgewer binne die konteks van 'n veranderde arbeidsbedeling in Suid-Afrika (1994-2001). *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 43(1 & 2):230-236.

JURINA, J. 1972. Der Rechtsstatus der Kirchen und Religionsgemeinschaften im Bereich ihrer eigenen Angelegenheiten. *Schriften zum Öffentlichen Recht*. Band 180. Berlin : Dunckler & Humblot.

JURINA, J. 1979. Das Dienst und Arbeitsrecht im Bereich der Kirchen in der Bundesrepublik Deutschland. Berlin : Dunckler & Humblot.

JURINA, J. 1994. Die religionsgemeinschaften mit privatrechtlichem Rechtstatus. (In Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrecht der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Berlin : Dunckler & Humblot. p. 689-713.)

KAISER, W.C. & SILVA, M. 1994. An introduction to Biblical Hermeneutics. Grand Rapids : Zondervan.

KÄSTNER, K.H. 1991. Staatliche Justizhoheit und religiöse Freiheit. *Jus Ecclesiasticum*. Band 41. Tübingen : Mohr.

KATZ, A. 2002. Staatsrecht. Grundkurs im öffentlichen Recht. 15., neu bearbeitete Auflage. Heidelberg : Müller.

KERKORDE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. Soos gewysig deur verskillende sinodes. 1980. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Fonds.

KERKORDE, BEPALINGE EN REGLEMENTE VAN DIE NEDERDUITS-GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1999. Kaapstad : Lux Verbi.

KERKORDEBOEKIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1998. Potchefstroom : Admin. Buro van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika.

KERR, A. J. 1975. The Principles of the Law of Contract. Second Edition. Durban : Butterworths.

KIRCHHOF, P. 1994. Die Kirchen und Religionsgemeinschaften als Körperschaften des öffentlichen Rechts. (*In* Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrecht der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Berlin : Dunckler & Humblot. p. 651-687.)

KITTEL, G., *ed.*. 1976. Theological Dictionary of the New Testament. Vol. IV. Grand Rapids : Eerdmans.

KLEYNHANS, E.P.J. 1988. Die kerkregtelike posisie van die amp. (*In* Rossouw, P.J., *red.* Gereformeerde Ampsbediening. Pretoria : N.G. Kerk-boekhandel. p. 166-176.)

KLOPPER, E. 2002. Die godsdienstige regte van predikante in kerke van gereformeerde belydenis. Referaat gelewer te Stellenbosch. Ongepubliseerd.

KOCH, E. 1992. Die Beauftragten in der Kirche unter besonderer Berücksichtigung der Evangelischen Kirche in Deutschland und ihrer Gliedkirchen. (Dissertation zur Erlangung des Doktorsgrades der Juristischen Fakultät der Georg – August – Universität zu Göttingen.)

KONVENTION ZUM SCHUTZE DER MENSCHENRECHTE UND GRUNDFREIHEITEN VOM 4. NOVEMBER 1950 (EUROPÄISCHE MENSCHENRECHTSKONVENTION'). 1950. <http://www.admin.ch/ch/d/sr/> [besoek op 14 April 2004.]

KRÜGER, H. 1994. Kirchliches Archivwesen. (In Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Berlin : Duncker & Humblot. p. 743-753.)

KRUGER, L.S. e.a. 1966. Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Pro Rege.

KÜHN, U. 1987. Amt (in der Kirche). *Evangelisches Staatslexicon*. Band I. 3. Neu bearbeitete Auflage. Stuttgart : Kreutz-verlag.

KUYPER, A. 1883. Tractaat van de reformatie der kerken aan de zonen der reformatie hier te lande: op Luthers's vierde eeuwfeest. Amsterdam : H'oveker en Zoon.

KUYPER, H.H. 1900. De Verkiezing voor het Ambt. Leiden : Donner.

LIEBERG, H. 1962. Amt und Ordination bei Luther und Melanchton. Göttingen.

MAINUSCH, R. 2002. Aktuelle kirchenrechtliche und kirchenpolitische Fragestellungen im Pfarrerdienstrecht. *Zeitschrift für evangelisches Kirchenrecht*. Band. 47. p. 1-55.

MAURER, W. 1976. Historischer Kommentar zur Confessio Augustana. Band 1. Gütersloh : Gütersloher Verlagshaus.

MAYER-MALY, T. 1976(a). Das staatliche Arbeitsrecht und die Kirchen. *Essener Gespräche zum Thema Staat und Kirche*. Münster : Aschendorf. p. 153-179.

MAYER-MALY, T. 1976(b). Das staatliche Arbeitsrecht und die Kirchen. Diskussion über den Vortrag van Prof. Mayer-Maly, Salzburg. *Essener Gespräche zum Thema Staat und Kirche*. Münster : Aschendorf. p. 153-179.

MEHLHAUSEN, J. 1997. Schrift und Bekenntnis. (*In* Rau, G., Reuter, H.R. & Schlaich, K., *Hg. Das Recht der Kirche*. Band I. Gütersloh : Kaiser. p. 418-447.)

MILNER, B.C. 1970. Calvin's doctrine of the church. Leiden : Brill.

MOLTMANN, J. 1975. Kirche in der Kraft des Geistes. München : Chr. Kaiser Verlag.

NAGMAALSFORMULIER. 2001. (*In* Psalmboek. Die berymde en omgedigte Psalms en ander Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Wellington : N.G. Kerk-uitgewers. p. 121-128.)

NGB

kyk

DE BRES, G.

O'BRIEN GELDENHUYS, F.E. 1945. Die regsposisie van kerkraad, ring en sinode onder die Gereformeerde stelsel van kerkregering soos toegepas in die gefedereerde Nederduits-Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. (Proefskrif. Stellenbosch.)

ODENDAAL, F.F. 1994. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Midrand : Perskor.

OLIVIER, D. 1995. Vertikale en horisontale terugwerking van die Grondwet steeds onder die loep. *De Rebus*, Feb. 83.

OLIVIER, M. 2002. The South African Constitution and freedom of religion: some labour law imperatives and implications. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 43(3 & 4):531-542.

OLIVIER, M. 2003. The application of the bill of rights to juristic persons: Some observations. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins Hollandse Reg*, (66):486-494.

ORDINATION ZUM DIENST DER ÖFFENTLICHE VERKÜNDIGUNG. 1972. (*In* Ordination. Güttersloh : Güttersloher Verlagshaus. p. 10-17.)

ORDINATION ZUM DIENST DER ÖFFENTLICHE VERKÜNDIGUNG; VERBUNDEN MIT EINFÜHRUNG IN DIE ERSTE PFARRSTELLE. 1972. (*In* Ordination. Güttersloh : Güttersloher Verlagshaus. p. 20-27.)

PAUL, R.S. 1965. Ministry. Grand Rapids : Eerdmans.

PEL, P.T., e.a. 1991. Rechtspositie en tractement van de predikant. Zwolle : GMV.

PHILIP, J. 1979. The call to the ministry. (*In* Stein, J., red. Ministers for the 1980's. Edinburgh : Handsel. p. 22-31.)

PIENAAR, G. 1982. Die gemeenregtelike regspersoon in die Suid-Afrikaanse Privaatreg. (Proefskrif Doctor Legum - PU vir CHO.)

PIENAAR, G. 1986. Die Regsposisie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : EFJS.

PIENAAR, G. 2003. The effect of equality and human dignity on religious freedom. *Tydskrif vir hedendaagse Romeins Hollandse reg*, 66 (4):579-590.

PIRSON, D. 1994. Die geschichtlichen Wurzeln des deutschen Staatskirchenrechts. (*In* Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschlands. Erster Band. Zweite, grundlegend neubearbeitete Auflage. Berlin : Dunckler & Humblot. p. 3-46.)

PIRSON, D. 1995. Das Kircheneigene Diensrecht der Geistlichen und Kirchenbeamten. (*In* List, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Zweiter Band. Dunckler & Humblot : Berlin. p. 845-875.)

PLOMP, J. 1969. De kerklijke tucht bij Calvin. Kampen : Kok.

POLMAN, A.D.R. s.j. Onze Nederlandse Geloofsbelijdenis: verklaard uit het verleden gekonfronteerd met de heden. Deel 4. Franeker : Wever.

PONT, A.D. 1978. Skrif en kerkorde – enkele opmerkings. *Studia historiae ecclesiasticae III*. Kerkhistoriese werkgemeenskap van Suid-Afrika.

PONT, A.D. 1981. Die Historiese agtergronde van ons kerklike reg. Deel 1. Pretoria : HAUM.

POSTMA, F. 1989. Beknopte woordeboek. Latyn-Afrikaans. Sesde druk. Kaapstad : HAUM.

RAATH, A.W.G. & DE FREITAS, S.A. 2001. Church tribunal, doctrinal sanction and the South African Constitution. Ongepubliseerde lesing. Kerk en staat Kongres. Stellenbosch.

RAUTENBACH, I.M. 2001. The limitation of rights in terms of the bill of rights other than the general limitation clause. *Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg*, (4):617-642.

RICHARDI, R. 1992. Besonderes Gestaltungsformen eines Arbeitsverhältnisses. (*In* Ricardi, R. und Wlotzke, O. Münchener Handbuch Arbeitsrecht. Band 1. Individualarbeitsrecht I. München : C.H. Beck'sche Verlagsbuchhandlung. p. 390-397.)

RICHARDI, R. 2000. Arbeitsrecht in der Kirche. Staatliches Arbeitsrecht und kirchliches Dienstrecht. 3., neu bearbeitete Auflage. München : Beck.

RICHARDI, R. 2004. Arbeidsrecht in der Kirche. Staatliches Arbeitsrecht und kirchliches Dienstrecht. 4., neu bearbeitete Auflage. München : Beck.

RICHEL, P.J. 1942. Het kerkbegrip van Calvijn. Franeker : Wever.

RIDDERBOS, H. 1950. De Komst van het Koninkrijk. Kampen : Kok.

RIDDERBOS, H. 1966. Paulus. Ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok.

ROBBERS, G. 1994. Förderung der Kirchen durch den Staat. (In Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschlands. Erster Band. Zweite, grundlegend neubearbeitete Auflage. Berlin : Dunckler & Humblot. p. 867-890.)

ROBBERS, G. 1995. Staat und Kirche in der Bundesrepublik Deutschland. (In Robbers, G. Staat und Kirche in der Europäischen Union. Baden-Baden : Nomos. p. 61-78.)

ROBBERS, G. 1997. Staatliches Recht und Kirchenrecht. (In Rau, G., Reuter, H.R. und Schlaich, K., Hg. Das Recht der Kirche. Band I. Gütersloh : Kaiser. p. 474-496.)

ROBBERS, G. 2001. Religious Freedom in Germany. *Brigham Young University Law Review*. <http://lawreview.byu.edu/archives/2001/2.htm> [bezoek op 12 April 2004.]

ROBBERS, G. s.j. (Sonderdruck.) Menschenrechte aus der Sicht des Protestantismus. (In Merten/Papier (Hg.) Handbuch der Grundrechte in Deutschland und Europa. Band I. C.F. Müller. p. 387-411.)

ROELEVELD, L. 1958. Gereformeerde kerken in het privaatrecht. Zierikzee : Drukkerij Steenberg.

ROELEVELD, L. 1982. Die overheidssinmenging met betrekking tot kerkelijke tughandelingen. *In die Skriflig*, 16(64):17-45.

ROSSOUW, P.J. 1988. Aspekte van die ampsbeskouing van Calvyn. (*In* Rossouw, P.J., red. Gereformeerde Ampsbediening. Pretoria : N.G. Kerk-boekhandel. p. 128-149.)

RÜFNER, 1995. Individualrechtliche Aspekte des kirchlichen Dienst- und Arbeitsrechts. Die besondere Loyalitätspflicht im kirchlichen Dienst. (*In* Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Duncker & Humblot : Berlin. p. 901-925.)

RUTGERS, F.L. 1894. Het Kerkrecht in zoover het de Kerk met het Recht in Verband Brengt. Amsterdam : Wormser.

RUTGERS, F.L. 1921. Kerklijke Adviezen. Deel 1. Kampen : Kok.

SCHARBAU, F.O. 1989. Erwägungen zum Disziplinarrecht in der Kirche. (*In* Besier, G. und Lohse, B. Glaube Bekenntnis Kirchenrecht. Festschrift für Vizepräsident Hans Phillipp Meyer. p. 39-55).

SCHLAICH, K. 1972. "Neutralität" als Verfassungsrechtliches Prinzip. Tübingen : Mohr.

SCHLIEF, K.E. 1994. Die organisationsstruktur der katholischen Kirche. (*In* Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Berlin : Duncker & Humblot. p. 347-382.)

SCHOLTZ, A. 2000. Die kerk en die regbank – 'n nabetracting na aanleiding van die Schreuder-saak. Referaat gelewer voor die Kongres oor Kerk en Staat. Ongepubliseer. Stellenbosch. Gepubliseer as: Die kerk en die regbank – 'n nabetracting na aanleiding van die Schreuder-saak. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 42(1 & 2):184-191.

SCHWABE, J. 1973. "Drittwirkung" und kein Ende. *Neue Juristische Wochenschrift*, 26(6):229-230.

SILLEVIS SMITT, P.A.E. 1910. De organiastie van de Christelijke kerk in den apostolischen tijd. Rotterdam : De Vries.

SMELIK, E.L. 1973. De Brieven van Paulus aan Timotheus, Titus en Filemon. De wegn der kerk. (*In* Klijn, A.F.J., *red.* De prediking van het Nieuwe Testament. Nijkerk : Callenbach.)

SMEND, R. 1951. Staat und Kirche nach dem Bonner Grundgesetz. *Zeitschrift für evangelisches Kirchenrecht*. 1. Band. p. 4-14.

SMIT, C.J. & VORSTER, J.M. 2001. Dae van verootmoediging, verskillende kerkgemeenskappe, en die verhouding van die kerk en staatsowerheid. *Studia Historiae Ecclesiasticae*, XXVII(I):143-162.

SMIT, C.J. 1984(a). Kerkorde en belydenis. *In die Skriflig*, 18(70):41-46.

SMIT, C.J. 1984(b). Tot lof van die kerkorde... in sy dienskneggewaad. *In die Skriflig*, 18(71):37-44.

SMIT, C.J. 1984(c). Tot lof van die kerkorde... in sy dienskneggewaad. *In die Skriflig*, 18(72):21-28.

SMIT, C.J. 1984(d). God se orde vir sy kerk. Pretoria : N.G. Kerk-boekhandel.

SMIT, C.J. 1985. Kerkreg en kerkorde in die lig van God se reg vir sy kerk. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

SMIT, C.J. 1988. Weerwoord: Die grense van die kerk. (*In* Du Toit, H. & Kruger, P., *red.* Geroep tot eenheid. Halfway House : N.G. Kerk-boekhandel. p. 126-142.)

SMIT, C.J. 1995. Die kerkregtelike toepassing van die reëls van "natuurlike geregtigheid" op grond van die Skrif. *In die Skriflig*, 29(3):395-412, Sept.

SMIT, C.J. 1997. A Governing of the heart. Mainly as seen by John Calvin. (*In* Neuser, W. & Selderhuis, H.J., *red.* Leiden : Uitgeverij J.J. Groen en Zoon. p. 99-110.)

SMIT, J. 2001(a). 'n Gereformeerd-kerkregtelike beoordeling van die predikant se verbintenis aan die plaaslike kerk. Potchefstroom : PU vir CHO (Th.M.-verhandeling.)

SMIT, J. 2001(b). Kerklike inspraak in teologiese opleiding en in die beoefening van teologie? *In die Skriflig*, 35(1):129-140.

SMIT, J. 2002. Kerkreg en staatsreg – is daar 'n verskil? *Die Kerkblad*, 105(3143):16, 25.

SMIT, J. 2004. Die predikant – 'n werknemer van die kerkraad? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 45(1/2):88-98.

SNYMAN, W.J. 1977. Nuwe en Ou Dinge. Uit die skat van die koninkryk. (*In* Snyman, P.C., *red.* Potchefstroom : Pro Rege.)

SOHM, R. 1970. Kirchenrecht. Band I. Berlin : Duncker & Humblot.

SOLTE, E.L. 1994. Die Ämterhoheit der Kirchen. (*In* Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Berlin : Dunckler & Humblot. p. 561-572.)

SPOELSTRA, B. 1977. Die gesag van die sinode. *In die Skriflig*, 11(43):45-63.

SPOELSTRA, B. 1986. Die kerklike appèl. (*In* Smit, C.J., *red.* *In* Gehoorzaamheid. p. 97-114.)

SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering. 'n Handboek by die Kerkorde. Hammanskraal : Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

STEIN, A. 1992. Evangelisches Kirchenrecht. 3. Auflage. Berlin : Luchterland.

STEIN, A. 1994. Ordination. (*In* Rau, G., Reuter, H.R. & Schlaich, K., *Hg.* Das Recht der Kirche. Band III. Zur Praxis des Kirchenrechts. p. 73-117.)

URSINUS, Z. & OLEVIANUS, C. 1563. Die Heidelbergse Kategismus of onderwysing in die Christelike leer. (*In* Die berymde Psalms. 1976. Kaapstad : N.G. Kerkuitgewers. p. 521-566.)

V. MANGOLDT, H., KLEIN, F. & STARCK, C. 2001. Das Bonner Grundgesetz. München: Franz Vahlen.

V. MANGOLDT, H.; KLEIN, F. & V. CAMPENHAUSEN A. Frhr., 1991. Das Bonner Grundgesetz. Band 14. 3. Auflage. München : Franz Fahlen.

VAN DELLEN, I. & MONSMA, M. s.j. The Church Order Commentary. Michigan : Zondervan.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1965. Grondbeginsels van die Presbiteriale kerkregeringstelsel. Potchefstroom : Pro Rege.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1980. Die Kerkregeringstelsel. Diktaat: Kerkreg II. Potchefstroom : PU vir CHO.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1983. Die Kerkorde – 'n verklaring van die Gereformeerde kerkorde. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1987. Die diens van die Woord in die kerk. *In die Skriflig*, 21(83):19-27.

VAN DER VYVER, J.D. 1994. The private sphere in constitutional litigation. *Tydskrif vir hedendaagse Romeins Hollandse reg*, (57):378-395.

VAN DER VYVER, J.D. 1999. Constitutional Perspective of Church-State Relations in South Africa. *Brigham Young University Law Review* (Rev. 635). <http://web.lexis-nexis.com> [besoek op 12 April 2004.]

VAN DER VYVER, J.D. 2000(a). Godsdiensvryheid: sekularisasie of politieke neutraliteit? *Woord en Daad*, 3-6.

VAN DER VYVER, J.D. 2000(b). State-sponsored proselytization: a South African experience. *Emory International Law Review*, (14):779-848.

VAN DER WALT, J.J. 1976. Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom : Pro Rege.

VAN DER WESTHUIZEN, H.G. 1994. Aanvaarding van 'n neutrale owerheid by die kerkhervormers 'n onmoontlikheid. *Die Hervormer*, 87(15):5.

VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1993. Beknopte gereformeerde dogmatiek. Tweede druk. Kampen : Kok.

VAN GINKEL, A. 1975. De Ouderling. Amsterdam : Tonbolland.

VAN ITTERZON, G.P. 1974. Het kerklijke amp in geding. (*In* Van Dyk, M.P., red. *Theologie en Gemeente*, nr. 10. Kampen : Kok.)

VAN LEEUWEN, J.A.C. & JACOBS, D. 1966. Romeinen. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kampen : Kok.

VAN ROOY, H.F. 2001. Per bonam consequentiam: Die status van eksegetiese afleidings. *In die Skriflig*, 35(1):45-60.

VAN RULER, A.A. 1952. Bijzonder en algemeen Ambt. Nijkerk : Callenbach Uitgever.

VAN WYK, J.H. 1968. Hoeveel kerkbegrippe is by ons in swang? *In die Skriflig*, 2(7):12-26.

VAN'T SPIJKER, W. 1970. De ambten bij Martin Bucer. Kampen : Kok.

VAN'T SPIJKER, W. 1982. De ouderling en zijn werk in het licht van de kerkorde. (*In* Koole, D. en Velema, W.H., *red.* *Uit Liefde tot Christus en zijn Gemeente*. Tweede druk. Kampen : Kok. p. 71-100.)

VAN'T SPIJKER, W. 1987. De kerkorde van 1578. (*In* Nauta, D. en Van Dooren, J.P., *red.* *De Nationale Synode van Dordrecht 1578*. Amsterdam : Buijten & Schippenheijn. p. 126-141.)

VAN'T SPIJKER, W. 1990(a). De kerk bij Bucer: Het rijk van Christus. (*In* Van't Spijker, W., *e.a.* *De Kerk. Wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting*. Kampen : Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 126-142.)

VAN'T SPIJKER, W. 1990(b). De kerk bij Calvin: theocratie. (*In* Van't Spijker, W., *e.a.* *De Kerk. Wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting*. Kampen : Uitgeverij De Groot Goudriaan. p. 143-162.)

VAN'T SPIJKER, W. 1999. Het klassieke avondsmaalformulier. (*In* Van't Spijker, W., *red.* *Bij Brood en Beker*. Tweede druk. Kampen : Goudriaan : De Groot.)

VAN'T SPIJKER, W. 2001(a). Calvin. Referaat gelewer te Potchefstroom. TSP. Ongepubliceer.

VAN'T SPIJKER, W. 2001(b). Luther. Referaat gelewer te Potchefstroom. TSP. Ongepubliceer.

VAN'T SPIJKER, W. 2003. Proefschrift dr. Santing-Wubs behandelt twee uit elkaar gegroeide juridische werelden. *Kerklid voor de burgerlijke rechter*. Reformatorisch Dagblad. 19 Maart. p. 23.

VAN'T SPIJKER, W. 2005. Heeft een predikant een arbeidsovereenkomst? *De Wekker*, 114(17):256-257.

VELDKAMP, H. 1990. Zondagskinderen. Deel I. Achste Druk. Franeker : Van Wijnen.

VENTER, C.J.H. 1988. Amp en ampsdraer – Gesigspunte uit die Nuwe Testament. (In Rossouw, P.J., red. Gereformeerde Ampsbediening. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. p. 95-106.)

VISSER, J. 1982. Die tug oor ampsdraers. (Th.D.-proefskrif – PU vir CHO.)

VISSER, J. 1999. Die Kerkorde in Praktyk. Roodepoort : EFJS Drukkers.

VISSER, L.L.J. 1978. Die charismata. Pretoria : N.G. Kerk-boekhandel.

VISSER, P.J. 1997. Enkele gedagtes oor die horisontale werking van die nuwe grondwet. *Tydskrif vir hedendaagse Romeins Hollandse reg*, (60):296-302.

VON CAMPENHAUSEN, A. Freiherr. 1983. Staatskirchenrecht. München : C.H. Beck.

VON CAMPENHAUSEN, A. Frhr. 1989. Kirchliches Selbstbestimmungsrecht und Arbeitsrecht. (In Faller, H.J., Kirchhof, P. & Träger, E., Hg. Verantwortlichkeit und Freiheit. Die Verfassung als wertbestimmte Ordnung. Festschrift für Willi Geiger zum 80. Geburtstag. Tübingen : Mohr. p. 539-579.)

VON CAMPENHAUSEN, A. Frhr. 1994. Der heutige Verfassungsstaat und die Religion. (In Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Berlin : Dunckler & Humblot. p. 47-84.)

VON CAMPENHAUSEN, O. 1997. Günther Holstein. Staatsrechtslehrer und Kirchenrechtler in der Weimarer Republik. Pfaffenweiler : Centaurus-Verlagsgesellschaft.

VON MANGHOLDT, KLEIN & VON CAMPENHAUSEN. 1991. Das Bonner Grundgesetz: Artikel 136 bis 146 . 3., vollst. neubearb. Aufl. [das Gesamwerk erscheint in 14 Bd.] / begr. von Hermann v. Mangoldt. Fortgef. von Friedrich Klein. – München: Vahlen.

VORSTER, J.D. s.j. Die beroepstelsel. Pretoria : N.G. Kerk-uitgewers.

VORSTER, J.M. 1997. Teologies-etiese perpektiewe op die 1996 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. *In die Skriflig*, 31(1/2):79-91.

VORSTER, J.M. 1999. An Introduction to Reformed Church Polity. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VORSTER, N. 1999. Kerk en Owerheid binne 'n Regstaat. Die roeping van die kerk met betrekking tot die Suid-Afrikaanse Owerheid. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.M.-verhandeling.)

VORSTER, N. 2000. Kerk en owerheid binne 'n regstaat: die profetiese roeping van die kerk met betrekking tot die Suid-Afrikaanse owerheid. *In die Skriflig*, 34(1):109-134.

WEBER, H. 1966. Die Religionsgemeinschaften als Körperschaften des öffentlichen Rechts im System des Grundgesetzes. Schriften zum Öffentlichen Recht. Band 32. Berlin : Dunckler & Humblot.

WEBER, H. 1994. Grundrechtsbindung der Kirchen und Religionsgemeinschaften. (*In* Listl, J. und Pirson, D. Handbuch des Staatskirchenrechts der Bundesrepublik Deutschland. Erster Band. Dunckler & Humblot : Berlin. p. 573-587.)

WEBER, H. 2000. Religionsfreiheit im nationalen und internationalen Verständnis. *Zeitschrift für evangelisches Kirchenrecht*. 45. Band. p. 110-156.

WENDT, G. 1994. Rechtstellung des Gemeinteglieds. (*In* Rau, G., Reuter, H.R. und Schlaich, K., *Hg.* Das Recht der Kirche. Band III. Gütersloh : Kaiser. p. 21-48.)

WIECHERS, M. 1998. Grondslae van die moderne *Rechtstaat*/Foundation of the modern *Rechtstaat*. *Tydskrif vir hedendaagse Romeins Hollandse reg*, (61):624-634.

WOLF, E. 1961. *Ordnung der Kirche*. Frankfurt am Main : Vittorio Klostermann.

ZU GRUNDARTIKEL UND ORDINATION – TEXT DER HANDREICHUNG. 1967. *Grundartikel und Ordination in der Evangelischen Kirche in Hessen und Nasau. Schriften der Evangelischen Akademie in Hessen und Nassau*. Heft 70. p. 55-58.

Hofsake

Allsop v McCann [2000] JOL 7147 (C) op 15

Christian Education South Africa v Minister of Education 2000 (10) BCLR 1051 (CC)

Church of the Province of Southern Africa (Diocese of Cape Town) v CCMA & others [2001] 11 BLLR 1213 (LC)

Collen v Rietfontein Engineering Works 1948 (1) SA 413 (AD)

Davies v Presbyterian Church of Wales [1986] 1 All ER 705 (HL)

De Vos v Die Ringskommissie van die Ring van die NGK, Bloemfontein 1952 2 SA 83 (O)

Diocese of Southwark v Coker [1998] 1CR 140 (CA)

Du Plessis and Others v De Klerk and Anathor 1996 (5) BCLR 658 (CC)

Du Plessis v The Synod of the DR Church 1930 CPD 403

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht (BverfG vom 1.06.1983 – 2 BvR453/83)

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht (BverfG, 6.4 1979 – 2 BvR 356/79)

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht (BverfG, BvR 1436/02 vom 3.6.2003)

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 1, 185

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 4, 274

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 7, 198

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 13, 168

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 18, 385

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 32, 98

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 42, 31

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 42, 163

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 42, 312

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 49, 202

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 53, 366

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 66, 1

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 69, 1

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 70, 138

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 72, 278

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 73, 261

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 83, 83

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 84, 192

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 89, 214

Entscheidungen des Bundesverfassungsgericht 103, 89

GG Paxton v The Church of the Province of Southern Africa, Diocese of Port Elizabeth (unreported case NH11/2/1985 (PE))

Greek Orthodox Community of SA Inc v Ermougenus SCGRC 99-653 (2000) SASC 329

Jonnes v Anglo-African Shipping Co (1936) Ltd 1972 (2) SA 827 (AD)

Knowles v The Anglican Church Property Trust, Diocese of Bathurst (1999) 89 IR 47

Kruis v Geref. Kerk te's Hertogenbosch 1991 NJ 1992 173 mn HJS

Long v Bishop of Cape Town 1963 4 Searle 162

Louvis e.a. v Oikonomos e.a. 1917 TPA 465

Mabon v Conference of the Methodist Church of New Zealand [1998] 3 NZLR 513

Nkosi and Another v Bührmann 2002 (6) BCLR 574 (SCA)

Odendaal v Van Loggerenberg en andere 1961 1 SA 712 (0)

Opperman v Research Survey (Pty) Ltd 1997 6 BLLR 807 (CCMA) 810A

Peach and Co v The Jewish Congregation of Johannesburg 1894 1 OFF Rep 345

Potgieter en 'n Ander v Kilian 1995 (11) BCLR 1498 (N)

President of Methodist Conference v Parfitt [1984] 1CR 176

Prinsloo and others v Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Church 1889-1890
3 Barber 220

R v Big M Drug Mart Ltd (1985) 13 CRR 64

Ryland v Edross 1997 (1) SA 690 (C) 702 G

S v Lawrence; S v Negal; S v Solberg 1 1997 (4) SA 1176 (CC)

Schreuder v Die Nederduitse Gereformeerde Kerk Wilgespruit e.a. 1999 20 ILJ 1936
(LC)

South African National Defence Union v Minister of Defence 1999 BCLR 713 (LC)

Theron v Ring van Wellington, N.G. Sendingkerk in S.A. 1976 2 SA 1 (A)

Van Vuuren v Kerkraad Morelig Gemeente, NG Kerk 1979 4 SA 548 (O)

Venter e.a. v Den Kerkeraad der Gereformeerde Kerk te Bethulie 1879 OV 4

Kerkwette

KG der Ev. Kirche in Hessen und Nassau über die Dienstverhältnisse der Pfarrer (Pfarrergesetz) i.d.F.d Bkm. v. 1.11.1976, KABL. S153, zul. geänd. d. KG v.5.12.1997, KABL. 1998.

KG über das Dienstverhältnis der Pfarrer der *Ev. Landeskirche in Württemberg*:
Württembergisches Landesgesetz: i.d.F.d. Bkm. V. 2.3.1989, Abl. BD. 54 S. 38, zul.
Geänd. d. KG v. 25.10.2001., Abl. BD. 59.

KG über die dienstrechtlichen Verhältnisse der Pfarrerinnen und Pfarrer in der Ev.
Kirche der Union (Parrerdienstgesetz – PFDG) v. 15.6.1996, ABL. EKD S. 470, zul.
geänd. d. VO vom 5.4.2001, ABL. EKD.

KG zur Regelung der Rechtstellung der Pfarrer und Pfarrerinnen der Ev.-ref. Kirche
(Synode ev.-ref. Kirchen in Bayern und Nortwestdeutschland) (Pfarrerdiensgesetz)
i.d.F.d. Bkm. v. 4.5.2000, GVBL. Bd. 19.

KG zur Regelung des Dienstes der Pfarrer und Pfarrerinnen in der Vereinigten Ev.-
Luth. Kirche Deutschlands (Pfarrergesetz –PfG) v. 17.10.1995, ABL. VELKD Bd. VI
S. 274, ber. Bd. VII S. 12, zul. geänd. D. KG v. 17.11.2000, ABL. EKD.

Lippischen Landeskriche: v. 5.6.1973, GVBl. Bd. VI S. 65 zul. geänd. d. KG v.
28.11.2000., GVBl. BD. 12.

Wette

Basic Conditions of Employment Act 75 of 1997

Bonner Grundgesetz, 1949. <http://www.google.com/u/unitrier/>

Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 van 1996

Employment Equity Act 55 of 1998

Labour Relations Act 66 of 1995